

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



GEWAARBORGDE OORWINNING

Hulp by die Bybelstudie van die boek Daniël

Ds. Wouter ten Haaf

5de Hersiene en verkorte uitgawe

INHOUD

| | |
|--|----|
| Voorwoord by die 5de uitgawe | 6 |
| Inleiding | 8 |
| Daniël 1 - GOD PLAAS DANIËL IN DIE PALEIS IN BABEL | 10 |
| : 1,2 God gee Juda oor aan Babel | 10 |
| : 3-16 Die oorwinning van God se kleintjies oor die magtige grotes van die wêreld | |
| 11 | |
| : 17 Bid en werk | 15 |
| : 18-20 Geen oorlogsetiek nie maar gelowige werk in die heilsgeskiedenis | |
| 17 | |
| : 21 Verliggaamlikte profesie | 18 |
| | |
| Daniël 2 - DIE OORWINNING VAN DIE GESKIEDENISMAKER OOR HEIDENSE BYGELOOF | 19 |
| Duidelike onmag van heidense 'geleerdheid' | |
| : 13-19 Waar om die waaragtige wysheid te soek én te vind | 21 |
| : 20-23 Gelowige ant-waard op God se Woord | 24 |
| : 24-30 Belydenis van menslike onmag en Goddelike almag | 25 |
| : 31-35 Opsomming van die droom | 27 |
| : 36-45 Uitleg van die droom : Die verdeeldheid en kortstondigheid van die goddelose | |
| imperialisme teenoor die Godsryk | 28 |
| : 46-49 Eer aan wie dit toekom | 35 |
| | |
| Daniël 3 - "DIE HEER SAL IN GEVAAR SY LEËRS OM ONS SKAAR..."37 | |
| : 1-7 Buig of bars of....? | 37 |
| : 8-30 Geloofsvertroue word nie beskaam in lewe of in sterwe nie | 41 |
| | |
| Daniël 4 - GOD TOON DIE ONMAG EN DIERLIKHEID VAN BRULLENDE WÊRELDMAG | 45 |
| : 1-3 'n Koninklike bevel en uittreksel uit die Babelse staatskoerant | 45 |
| : 4-28 Die koninklike droom as God se oordeelsaankondiging en oproep tot bekering | 45 |
| : 29-33 God se oordeelsvotrekking - hoogmoed kom tot 'n val | 49 |

| | | |
|---|---|-----|
| : 34-37 | God se barmhartigheid | 51 |
| Daniël 5 - BELSASAR SE FEES IS DIE LAASTE DRUPPEL 55 | | |
| : 1-4 | Die fees van Belsasar | 55 |
| : 5-12 | Die skrif aan die muur | 56 |
| : 13-23 | Die aanklag in die geheimskrif | 57 |
| : 24-30 | Die vonnis in die geheimskrif | 58 |
| Daniël 6 - GOD EIS SY EER OP 62 | | |
| : 1-10 | Geheiligde lewenswandel veroorsaak onheilige haat | 63 |
| | Die loon van eie liefde | 63 |
| : 11,12 | Oop vensters | 64 |
| : 13-23 | 'n Oop hemel maar toe leeubekke | 65 |
| : 24-29 | Openlike lof aan die lewende God wat ewig Koning is | 67 |
| Daniël 7 - DIE PAD VAN DIE Wêreldgeskiedenis IS NOOIT LOS VAN DIE KERKESKIEDENIS NIE 69 | | |
| | Inleiding | 69 |
| : 1-8 | Gesig van die vier diere en die horing met oë en 'n mond | 70 |
| : 9-14 | Die regspraak van die Oue van dae | 73 |
| : 15-28 | Uitlegging van die visioen | 75 |
| | Vraag en antwoord insake die vierde dier | 77 |
| | Weer eens : die vierde dier | 80 |
| Daniël 8 - DIE GESIG VAN DIE SKAAPRAM EN DIE BOKRAM 85 | | |
| | Inleiding | |
| : 1-4 | Die ram | 85 |
| : 5-8 | Die bokram | 89 |
| : 9-14 | Verklaring van die gesig : Die klein horing wat groot geword het | 90 |
| : 15-18 | Die engel Gabriël word beveel om die gesig vir Daniël te verklaar | 95 |
| : 19 | Die 'einde' van hierdie profesie | 97 |
| : 20-26 | Nadere verklaring deur die engel | 100 |
| : 27 | Daniël se siekte | 102 |

| | |
|--|-------------|
| Daniël 9 - PERSPEKTIEF OP DIE KOMS VAN CHRISTUS | 105 |
| Inleiding | |
| : 1-3 Die agtergrond | 105 |
| : 4-14 Daniël se gebed as sondebelydenis en beroep op God se verbondstrou | 109 |
| Reken ons die ongeregtighede van ons voorvaders nie toe nie | |
| 110 | |
| Pleitgrond vir Daniël se gebed | 119 |
| Skuldbelydenis vs 5 - 14 | 119 |
| : 15-19 Beklemtoning van pleitgrond in die boetegebed | 121 |
| : 20-23 Gebedsverhoring | 125 |
| : 24-27 Die openbaring van die sewentig sewetalle as antwoord op Daniël se gebed | 125 |
| Die sewentig sewetalle - vs 24 | 129 |
| Die sewentig sewetalle opgedeel in drie tydperke | vs 25 - 27 |
| 133 | |
| Die toekoms van Israel en Romeine 9 - 11 | 137 |
| Opsommend | 138 |
| Die gebed van Daniël vir vandag - A. Janse | 141 |
| Daniël 10 - DIE LUGGEVEG OOR JUDA | 144 |
| : 1 - 3 God se profeet rou | 144 |
| : 4 - 9 Die verskyning van die engel | 147 |
| : 10-11:1 Die doel van die koms van die engel | 150 |
| Die boek van die waarheid | 153 |
| Daniël 11 - DIE AARDSE GEVEG OOR JUDA | 157 |
| Inleiding | 157 |
| : 2 - 4 Geskiedkundige agtergrond | 160 |
| : 5 - 20 Die konings van die Suide en van die Noorde | 161 |
| :21- 12:4 Die verdrukking deur Antiochus Epifanes en die bevryding van Daniël se volk | 165 |
| Die opkoms en magshonger van Antiochus Epifanes | vs 21 - 30a |
| 165 | |

| | | |
|---|------------|-----|
| Die wrede stryd van Antiochus Epifanes teen die volk van God vs 30b - 35 | 168 | |
| Antiochus Epifanes se selfvergoddeliking vs 35-39 | 172 | |
| Die laaste optrede en lewenseind van Antiochus | vs 40 - 45 | 174 |
| Die 'klein hulp' word gevolg deur 'n Groot Hulp | | 175 |
| | | |
| Daniël 12 : 5 - 13 GEWAARBORGDE OORWINNING | | 180 |
| : 5 , 6 Voorspel op 'n laaste openbaring | | 180 |
| : 7 Die breker word gebreek | | 180 |
| : 8-12 'n Gelukwens as antwoord op die vraag vir 'n herkenningsteken as aanduiding van die einde | | 184 |
| : 13 Die doodsklokgelui word oordonder opstandingsdag | | 189 |
| Gebed van Calvyn | | 191 |
| Teksregister | | |
| Illustrasies | | |

VOORWOORD BY DIE 5de UITGAWE.

Dit is al ruim 25 jaar gelede dat die eerste poging vir hierdie Bybelverklaring in tydskrifvorm begin verskyn het. Ondertussen het geweldig baie in ons land en op die kerklike erf wêreldwyd gebeur - goed en sleg. Op aandrang het ek graag hierdie hulp by die Bybelstudie weer 'persklaar' gemaak veral omdat daar blykbaar behoefte aan is. "Persklaar" om voorlopig eers beskikbaar te wees oor die elektroniese wonders en bietjie later weer in gedrukte vorm.

Uiteraard het ek die kritiek wat teen die eerste uitgawe ingebring is deeglik in rekening gebring maar veral ten opsigte van die kritiek dat ek 'n Messiaanse verklaring gee kon ek geen ander standpunt inneem nie. Die verklaring is deur sommiges beskou as , wat vandag 'fundamentalisties' genoem word . Dit is inderdaad so dat my uitgangspunt is dat die Bybel werklik die Woord van God is en dat ek byvoorbeeld alle wonders wat daarin genoem word werklik kinderlik gelowig as wonders aanvaar . Soos ook duidelik is in my werkie "Wonders per dosyn - dagstukke oor die Boek Jona". Ek vra geen verskoning daarvoor nie. Om die etiket van 'fundamentalisties' daarop te plak is vir rekening van hulle wat dit doen. Al mag dit vandag as 'n soort skeldwoord gebruik word dan troos dit my dat die ere naam 'Geuse' ook in die begin as 'n skeldwoord gebruik is en dieselfde geld die naam 'Dopper', ens.

Waar daar inhoudelik van die NV verskil word is waar nodig aangedui. Wat die verklaring betref kon ek geen kettery in die oorspronklike vind nie en is dit slegs verander waar daar sprake was van te sterk gedateerdheid soos verwysings na gebeure wat 25 jaar gelede aktueel was. Terwille van ruimte is o.a. die Bybelteks en aantekeninge daarby asook van die illustrasies uitgelaat.

Laat ons nou dan 'n paar dele uit die oorspronklike voorwoord aanhaal :

'Met groot dankbaarheid is veelvuldig gebruik gemaak van kommentare en so biddend gesteun op die werk van geseënde en begaafde voorgangers wat die HERE vir Sy Kerk deur die eeue gegee het - sien ook die "Inleiding". Intensief is gebruik gemaak van I. de Wolff : Krachten van het komende Koninkrijk (Goes 1959). Verder is o.a. veral geleun op die werke van G. Ch. Aalders , T. Boersma , J. Calvyn , A.H. Edelkoort , D.J. de Groot, N. Hartman, C.F. Keil, E.J.H.van Leeuwen, H.C. Leupold, M.Luther, H.W. Obbink, R.J. Rushdoony, H. Veldkamp, W.C. Visser, C. van der Waal, D.K. Wielenga en E.J. Young." Laat ek egter weer benadruk , soos gestel in latere pennevrugte, dat ek geen uiterlike wetenskaplikheid nagestreef het nie - ek het geen gawes ontvang om hoë moeilike woorde te kan uitspreek en nog minder te kan onthou , nie dat ek dit as 'n gemis ervaar nie.

"Van die begin af was die gedagte om ook in te gaan teen die vloedgolf valse profesie o.a. insake die toekoms van veral die Afrikaner en Suid Afrika. Tog is verkies om die vorm van die ware Skriftuurlike profesie, spesifiek in die Daniëlboek, te beklemtoon. Anders sou baie uitsprake in ander Bybelboeke baie breedvoerig bespreek moes word en die gevaar geloop word dat deur die bome die bos nie meer raakgesien sou word nie."

Opvallend was vir my dat in die oorspronklike, meer uitgebreide uitgawe se teksregister verwysings was na nagenoeg alle ander Bybelboeke wat die eenheid van die Heilige Skrif weer onderstreep het.

Verskillende persone wat in die eerste uitgawe bedank is het ons reeds vooruitgegaan in die hemelse heerlijkheid om te rus van hulle arbeid , ek is daarvan oortuig dat ook daardie werk hulle gevolg het vgl Op 14:13.

Ruyterwacht (Kaapstad)

Advent 2002

INLEIDING.

In dae van benoudheid word baie eerder gevra na die sin en betekenis van die geskiedenis vir ons eie lewe as in dae van voorspoed. In dae van voorspoed leef selfs die gelowige so maklik van die een dol-uitdagende dag na die ander. Elke dag het dan genoeg aan sy eie plesier en gejaagdheid. Daar is dan nie veel lus om 'n Bybelboek soos Daniël in sy geheel te lees nie - dit is te neerdrakkend en somber.

Maar wanneer daar onrus in ons gemoed en land heers dan sien ons die profesieë van Daniël deur 'n ander bril. Dan spreek dit ons direk aan.

In die Ou Testament is daar geen boek wat die wêreld sien ontwikkel onder so'n donker dreigende hemel met windslierte, weerligflitse en onstuimig kolkende wolke soos die Daniëlboek nie. Ons kom diep onder die beklemmende indruk van die koue magswellus van die voorlopers van die Antichris wie se wrede God-onterende kloue al die eeue deur beplek is met die bloed van gelowiges.

Tog is daardie skildering nie volledig nie want die blinkheldere straal van Goddelike lig deurklief die angsaanjaende helse duisternis en wys die pad wat van Babel na Betlehem lei.

Die Daniëlboek is Woordverkondiging, dit handel oor die Koninkryk van God wat , ondanks alles, oorwin. Daarom is dit 'n troosboek waarna die Kerk van alle eeue gegryp het veral wanneer die profesieë so duidelik tot haar kinders gesprek het in die feitlike omstandighede van 'n bepaalde benouende tyd. Dit is 'n troosboek wanneer dit vir die Kerk bitter nodig is om die bemoediging te hoor : bly in die geloof staan en laat u tog nooit gelykskakel met die Babel van u tyd nie.

Om die Daniëlboek te probeer uitlê is nie maklik nie . Dit bly altyd net 'n poging. Die profesie het sy eie karakter en ons moet voor die onvervulde profesie 'n baie duidelike stopteken sien staan en eerbiedig.

Soos in die 'voorwoord' gesê het ek dankbaar gebruik gemaak van voortreflike kommentare waaronder Calvyn se werke. Hierdie Calvyn het oor die Skrifverklaarders van die ou christelike Kerk se werk geskryf : ' hulle het so'n gesag dat ons niks van wat hulle geskryf het mag verag nie' . Hierdie reus van 'n Bybelverklaarder het in dieselfde brief geskryf dat alle menslike werk gebrekkig is en sê " ons moet onthou dat selfs hulle wat baie vroom is en noukeurig en sober by die bestudering van die Goddelike geheimenisse , nie altyd onder mekaar dieselfde mening het nie. So'n weldaad het God Sy diensknegte nooit waardig gekeur dat Hy een man in alle opsigte met 'n volledige en volkome insig geseën het nie.

Dit is ongetwyfeld so om ons in die eerste plek deemoedig en ook begerig na broederlike eensgesindheid te hou'. (Uit 'n brief aan Grynaeus - vry vertaal)

In dieselfde gesindheid as Calvyn bied ons hierdie hulpmiddel vir die verstaan van die Daniëlboek aan. Ootmoedig sal ons soms van ander verskil maar fel wanneer faalbare menslike wysede as die onteenseglike waarheid opgedis word . Deur die eeue is die gelowiges verwar deur mense wat op sondige wyse peuter met die onvervulde profesieë. Hierdie mense jaag nog altyd eenvoudige gelowiges se harte en siele op hol met allerlei wilde bewerings wat spruit uit 'n soort legkaart-Bybeluitleg. Opvallend is egter altyd die slordige gemaklikheid waarmee die versnipperde legkaartstukke weer herrangskik word en as 'n 'goddelike openbaring' verkwansel word sodra die deur hulle voorspelde gebeure nie plaasgevind het nie. In die Heilige Skrif kry ons geen blokkiesraaisels wat met allerlei bringimnastiek oplosbaar sou wees nie. Wanneer iets vir ons nie duidelik is nie sal ons ootmoedig bely/erken dat ons nie 'n antwoord het nie in die sekere wete dat dit later vir ons volkome duidelik gemaak sal word .

GOD PLAAS DANIËL IN DIE PALEIS IN BABEL.

DANIËL 1

GOD GEE JUDA OOR AAN BABEL . DAN. 1 : 1,2

In 'n paar woorde word geweldige dinge gesê. Ongeveer die jaar 605 v.C. moes die huis van Dawid die eerste keer die knie buig voor Babel. Daardie tipies anti-christelike mag ! Dit was die vervolging op Israel en die begin van Juda se verstrooiing oor die wêreld - maar daardeur sou vonkies openbaringslig versprei word in die duisternis van die heidendom om die "volheid van die tyd" voor te berei (vgl. o.a. Gal. 4:4).

Wat ons nooit kan sê van die verowering van ons land deur die imperialistiese Engelse magte nie - nog maar 'n bietjie langer as 'n mens se leeftyd gelede - geld van die val van Jerusalem : die Here het Hom in daardie val geopenbaar ! Die Heilige Gees verklaar dit in 2 Konings 23:36 - 24:3 en

2 Kronieke 36:5 e.v. as straf-uitoefening deur die Verbondsgod wat die verbondsverbreking

met Sy verbondsvloek straf . Maar in die boek Daniël laat die Heilige Gees die nadruk anders val . Hier word oor God gespreek as Heerser oor alle aardse magte en magtiges . Ons sien dit in die gebruik van die naam Here met net een hoofletter in die "ou" Bybelvertaling. Dit is dan die vertaling van die naam "Adonai" wat beteken: God die Allerhoogste , wat woon bo die hoogste wolke en wat die hemel en aarde en alles wat daarop of daarin woon , besit. Die Here het alle heerskappy en Sy koninkryk wat ewig is, sal Hy op Sy tyd vir Sy volk gee.

In die hele Daniëlboek word slegs een keer die naam HERE - dit is die vertaling van Jahwe - vir God gebruik . Dit gebeur wanneer Daniël in sy roerende gebed voorbede vir die verbondsvolk doen (9 : 4).Dwarsdeur sy boek benadruk die profeet dat God die hemelse Koning is , wat oor alles en almal regeer . Hemel en aarde met alles daarin en daarop , is ondergeskik aan Hom. Hy het die mag om die politieke magte van die aarde te bou en te versplinter ; om oor alles sy absolute gesag uit te roep.

Die koningskap van God word ook geopenbaar in die uitoefening van Sy mag wat altyd sal bestaan. Aardse

magte is tydsgebonde. Hulle kom op , blink en versink. Maar God se Koningskap is ewig en kan nie vergaan nie (vgl. 2:44 ; 4:3,34,35). Daar is 'n onvergelyklike teenstelling tussen die Koningskap van God en die mag van die aardse magtiges. 'n Botsing tussen die twee magte beteken 'n vermorseling van die aardse magte . In die Daniëlboek word die Koningskap van God geopenbaar as 'n mag wat selfs NOU nog deurwerk na die voleinding toe .

Terwyl alle mense verskeie wêreldmagte sien kom en gaan het, bly God se mag voortbestaan en is dit te sien vir hulle wat geroep is om die dinge te glo wat (nog) nie gesien word nie.

Vir elkeen wat met menslike "nugterwetenskaplike" oë gekyk het , was dit logies dat dit met God se volk klaarpraat was na die oorwinnings van Babel. Blykbaar was dit nou uiteindelik gedaan met God wat in Genesis 11:1-9 oor dieselfde Babel in die land Sinear nog gewen het. Jerusalem -die-stad-van-God was nou magteloos teen Babel-die-stad-van-die-mens. Mardoek die afgod van Babel ontvang alle eer.

Maar ons, wat genadiglik deur die bril van die Skrif mag kyk, weet met onwankelbare sekerheid dat God se straf oor Sy volk terselfdertyd die pad van die komende Verlosser was. Die tempelgereedskap is deur die heidene ontheilig , maar nie gebruik nie. Die Allerhoogste bewaar dit vir latere gebruik in sy diens (vgl.Esra 6:5).

**DIE OORWINNING VAN GOD SE
KLEINTJIES OOR DIE MAGTIGE
GROTES VAN DIE WÊRELD .
DAN. 1 : 3 - 16**

Die 21 ste eeu is geweldig behep met menseregte - wanneer dit iemand te pas kom - maar juis vandag met sy terrorisme en kappings is die begrip "gyseelaar" 'n baie bekende begrip. Die magtige Nebukadnesar het die waarde van gyselaars al goed besef en daarom 'n aantal vooraanstaande mense se seuns weggeneem . Die oorwinnaars was nie tevrede met die gewyde tempelgereedskap nie , maar neem ook die aan God gewyde verbondsjeug na Babel om daar die koning te dien .

Die gelowige sien daarin dat die Here hulle stuur om daar die Koning te dien , om in die leer van die Godsregering hulle roeping uit te leef. Netsoos Nebukadnesar besef die anti- christelike magte van ons tyd ook dat met wapengeweld geen harte oorwin kan word nie . Harte moet met geestelike oorwin word . Daarom die breinspoeling op alle terreine, daarom die 'heropvoedingskampe' in baie lande - al word dit vermom deur 'n ander naam. Mag ons tog daarteen bewaar word om met 'n valse gerustheid hierdie magte net buitekant ons landsgrense , volksgrense en kerkgrense te sien ! Hoeveel van "ons" mense het al 'omgedraai' na een

van die twee kante. Hoeveel is al gebreinspoel deur die "teologie" van die rewolusie aan te hang en wat van Christus 'n rewolusionêr maak. Aan die ander kant word van Christus 'n Nazi gemaak - vir die gelowige is daar eintlik geen verskil wat die uiteinde betref nie . Christus word misbruik en die Woord verkrag om die mens se sondige begeertes te bevredig . Een van die grondfoute is dat die boodskap van Daniël nie verstaan word of wil word nie . Die Here word nie as die Allerhoogste Regeerder en Onderhouer en nog veel minder as HERE , as Getroue Verbondsgod , gesien nie. Hulle wil nie sien dat Hy die God van die geskiedenis is , wat alles ontwyfelbaar seker na sy doel toe voer . Die moderne "gelowige" wil sy god help om die hemel volgens eie smaak hier op aarde te bring - sy god is op die beste 'n baie gehoorsame vennoot.

Onder die ballinge is ook Daniël, Hananja, Misael en Asarja om as hofdiensmaats opgelei te word. Vir daardie doel is gewoonlik seuns van ongeveer 14 jaar oud geneem.

Met die wegneem van die seuns wat koninklike bloed in hulle gehad het, lyk dit asof van Dawid se huis niks oorbly nie. Die heidene tas Juda in sy priesterskap aan deur met verloop van tyd die hele tempel leeg te roof en met die grond gelyk te maak . Maar die heidene tas Juda ook in sy koningskap

aan deur die koninklike jeug wat die draers van die toekoms is , weg te voer . In die Skrif word net vier seuns genoem . Natuurlik was daar baie ander wat ook uit Jerusalem geneem is, maar net hierdie vier vorm die gemeenskap van die heiliges in Babel. Alleen in hulle is Juda as Godsvolk in Babel se paleis aanwesig. Die ander seuns oes lof en roem in deur hulle aanvaarding van en wonderlike samewerking met die gelykmakingsproses. Deur slim Joodse diplomatie sorg hulle dat daar 'n 'versekerde' toekoms vir hulle wag. Maar hulle name word nie in die Boek van die Lewe gevind nie. Hulle lekker lewe het saam met die Babiloniese Ryk 'n einde in die afgryslike ewige dood gevind.

Die Judese seuns moes 'n drie-jarige kursus in staatsopvoeding volg. Die bedoeling was heel eenvoudig om hulle los te maak van hulle kultuur, gewoontes en natuurlik veral van hulle geloof, want alles word tog daardeur bepaal en beïnvloed. Die eerste stap was om hulle nuwe name te gee. Met die verlede mag daar geen band meer wees nie. Tot vandag toe sien ons dit nog veral in 'n rewolusionêre klimaat .

Die naam Daniël beteken : "my God is Regter" , maar dit word vervang met Beltsasar wat beteken dat die afgod Bel die koning se lewe moet beskerm. Die afgod se naam moet gehoor word, vir die Naam van God is daar geen plek nie. In 'n totalitêre wereld is dit vandag nog so. Hananja beteken "die Here het gewys

dat Hy genadig is" dit is verander in Sadrag wat beteken "dienaar van Mardoek" die hoofgod van Babel.

Misael is "Wie is wat God is?" maar Mesag "wie is soos die god Agu?"

Asarja is "die Here help" maar Abednego beteken "dienaar van Nego".

Elkeen is dus na 'n afgod vernoem. Maar opvallend is dat die Skrif hulle voortdurend by hulle verbondsname noem.

Hoe magtig die wêreldheerser ook al mag wees , die werklike naam kan nie kragteloos gemaak word nie , want die verbondsseël is deur God Self geskenk. Die mens van alle tye staan voor die verpligte keuse om óf die verbondseise gelowig na te kom óf om die kant van Babel te kies. Hierdie volkome teëstelling tussen Jerusalem en Babel bly in al sy vlymskerp felheid staan tot op die Jongste Dag. Daar is hoegenaamd nooit sprake van 'n kompromis nie.

Die Heilige Gees laat die kind Daniël die konsekwensie besef van die stryd tussen Jerusalem en Babel en gee hom moed en wysheid om op te tree. Ons dink gewoonlik aan Daniël se geloofsmoed tydens sy ondervinding in die leeu kuil , maar dit word reeds gesien met sy eerste kennismaking met die paleislewe van die oosterse despoot. Die gevange slavies van 'n onbeduidende klein ou verslane volkie kom in die paleis van die magtigste wêreldheerser waar alle prag en praal sy mag uitbasuin en elke mens

klein laat voel. Daar loop die satan soos 'n briesende leeu rond om die verbondskinders wat hy kan kry te verslind. Die aanval van satan lyk werklik onbelangrik , want dit gaan blykbaar net oor eet en drink. Inteendeel , sy doel was veel meer as dit ! Hy uitoorlê die mens voortdurend , nie alleen deur geweld en vervolging , maar nog baie makliker deur welvaart , voorspoed en die klink van glasies.

Vir die heidene was die geloof nie iets wat slegs vir 'n bepaalde deel van die lewe bedoel was nie, maar dit raak die hele lewe van die mens. Daarom is alle voedsel eers aan die afgode gewy , om daarna as 'n heilige ete geneem te word. Die heidense geloof was dus totalitêr, netsoos die Kommunisme en Nazisme vandag totalitêr is en...die Calvinisme ook ! Die gevolg is dat daar altyd 'n trompop botsing tussen Calvinisme en Kommunisme of Nazisme sal plaasvind - al probeer mense nog so hard om dit met mekaar te versoen. Dit is absoluut onmoontlik dat daar ooit van 'n kompromis sprake kan wees. Die gelowige se hele lewe word deur sy geloof oorheers. Dit roep hom altyd op om in alles God die eer te bring en tot sy eer te leef en te laat leef. Alles is godsdiens - diens aan God - of dit nou Bybellees, skottelgoedwas, motor herstel of watter werk onder die son is.

God het die gelowiges onder die Ou Verbond ten strengste verbied om voedsel te eet wat aan die afgode gewy

was. Die vier Judese slafies is deur die heidense staatsmag gedwing om volgens die voorgeskrewe spyskaart te eet . Maar al is hulle name verander, die besnydenis self word deur hulle onveranderd gehandhaaf. Met kinderlike openhartigheid en moed wat spruit uit hulle Godsvertroue, dien hulle 'n beskaafde eerbiedige versoek in om verskoon te word van die koning se bevel om volgens die paleis se spyskaart te eet. Watter geweldige belediging van die magtige god Mardoek wat dan so duidelik die God van Juda verslaan het ! Sou Mardoek se kos die eters dan verontreinig ? Dit is mos die ergste graad van hoogverraad ! So'n reaksie van die hoofpaleisbeampte sou "natuurlik" wees, maar God werk in hom , sodat hy met nadruk sê: Daniël is is nie bang vir die koning nie , maar ek is baie lugtig vir hom. 'n Verstandige amptenaar sal 'n wispelturige diktator geen kans vir woede gee nie. Maar geloof bring vindingrykheid mee. Daniël slaag met sy versoek aan die tafelbediende om vir tien dae alleen groente en water te ontvang. Na daardie proef tydperk het die gelowige kinders beter en gesonder as die ander gelyk en kon hulle vir drie jaar lank die gesonde kos van die armes ontvang.

Deur hierdie wonder het die God van die wonder Homself bekend gemaak as Regeerder wie se mag nooit vergaan nie en wie se trou onveranderd en ewig bly. Aan ons is dit soveel ryker geopenbaar in Jesus Christus , die Koning van alle

konings van wie se liefde niks ons kan skei nie. Selfs die sterkste mag van die Antichris sal sy Kerk nooit kan oorweldig nie. Die getuienis sal voortgaan, al is dit ook in die mohammedaanse of Nazistiese kampe van die dood. Christus sal sy kinders bewaar selfs in die dood - die dood wat deur Hom verander is in die deurgang na die ewige lewe ! As die profetiese getuienis be-eindig word , kom Christus om die hele herskape aarde die gebied van God se magsopenbaring te laat wees. Dan sal almal dit erken !

BID en WERK DAN. 1 : 17

Die oorwinning van God se koninkryk het al in die eetsaal begin -

elke oggend : groente en water

elke middag : groente en water elke aand : groente en water. 365 keer per jaar, drie jaar lank in monotone sielododende reëlmaat !

Ondertussen moes hard gewerk word om die geweldig ingewikkelde Babiloniese spykerskrif met sy 600 tal tekens aan te leer en om die rekenkunde van die 60-tallige stelsel te bemeester. Die vier seuns het nie gesaboteer nie , maar het hulle bes gedoen. Hulle kon dit doen omdat God hulle die nodige kennis gegee het , in teenstelling met die ander 'slim' Joodjies wat dit nie ontvang het nie.

God het die getroue verbondskinders die gawe geskenk om dwarsdeur die mis van heidense onsekerheid te kan dring en te bepaal wat die waaragtige

waarheid was. Hy het hulle ook nog die gawe gegee om daardie kennis gelowig en reg te gebruik. Na liggaam en gees is hulle deur God versterk sodat hulle immuun was teen die gif van die heidense wetenskap (vgl. met Moses in Hand.7:22) Hulle het nie geleer om na te volg nie , maar om te beoordeel en reg te maak. So is hulle opgelei om later as God se knegte te kon regeer.

Ons staan vandag in die kultuur van Babel met al sy mag en kennis , skitterende prag en praal, verbysterende ontwikkeling. Dit laat ons so maklik verblind raak , sodat ons die goed en die kwaad nie kan onderskei nie. Dit raak so bitter moeilik om met alle studie getrou te bly aan God se Woord en Christus se gemeente . Die leuen word op die ou end ook deur ons so maklik aanvaar as die waarheid. Om net een voorbeeld te noem : op die meeste skole word die ewolusie-teorie openlik aan die kinders verkondig as 'n wetenskaplike feit. Die televisie vergiftig ons ook stelselmatig met die leuen van die ontwikkeling van die mens uit 'n hele reeks diere. Ons moet deeglik kennis neem van ewolusionisme , humanisme, heidendom , marxisme, naziïsme, sosialisme en baie ander moderne en gewoonlik maar net gemoderniseerde stromings- en dan moet ons gelowig bid om van besmetting bewaar te bly. Soos van Daniël en sy vriende word van ons ook harde werk en 'n sterk geloof gevra.

God het Daniël ook deur besondere openbarings gelei. As profeet het hy 'n unieke plek van God ontvang. Hy moes nie net God se lig op sy eie tyd laat val nie , maar ook op die worsteling van die volke en die oorwinnende mag van die Godsryk in die eindtyd.

Daniël se boodskap is bedoel om die heiliges van die laaste dae te leer en te troos in die donker lydensnag. Op hierdie grondslag sou die laaste Bybelboek verder bou.

**GEEN OORLOGSETIEK NIE MAAR
GELOWIGE WERK IN DIE
HEILSGESKIEDENIS. DAN.1 :
18-20.**

Die vier onbekeerbare gelowige ballinge kry 'n ereplek in die troonsaal en word gereëld geraadpleeg. Maar nou kan die vraag opkom of dit geen egoïstiese verraad teenoor hulle eie verdrukke volk is nie? Tog is dit glad nie die geval nie want hulle het vir drie jaar lank God se hand gesien en gevoel. Ons kan aanneem dat Daniël en sy drie vriende deel was van die reformatoriese groep gelowiges wat Jeremia as hulle profeet geken het. Hulle was bekend met die profesie dat God die volke sewentig jaar lank

deur Nebukadnesar sou laat oorheers (Jer.25 en 36). Die vier het gesien dat God se Woord vervul word en het daardie Woord as vaste fondament aanvaar. Hoe moeilik dit ook al was , hulle

het die keiser gegee wat van die keiser was. Hulle het die keiser nie gegee waarop hy van God geen reg gekry het nie, deur die lekker koninklike en smaaklik voorbereide kos te weier. Hulle het die offer van 'n toegewyde lewe gebring, al was hulle kinders van 'n volk wat terwille van die Messias nog 'n toekoms gehad het. Hulle het die keiser gegee wat van die keiser was, omdat hulle geleer het om God te gee wat van God is.

In hierdie verse vind ons dus geen oorlogsetiek nie. Geen handleiding of gids oor hoe om op te tree onder vyandelike oorheersing nie. Ons kry hier 'n tekening van God se werk soos Hy op pad is deur Babel na die volheid van die tyd toe . Die Skrif gee geen geskiedenis van mense nie - daarom word die vier by hulle besnydenisname genoem. Hulle bly God se knegte - daarom bly alle aandag val op die Here van die knegte. Hy laat die vier Joodjies as raadgevers van die magtige koning optree en Hy sorg dat hulle die room van die wêreld se geleerdes en professionele besweerders en kenners van demone in die stof laat byt deur hulle tien keer te oortref. Hoeveel meer oortref hulle die 'slim' seuns wat saam met hulle aan die hof gekom het maar 'eiers vir hulle geld gekies het'!

Hoe ironies is dit dat die hemelse Geskiedenis-maker die koning se mag inmekaar laat stort voor die oog van die eertydse slaaf! Watter wonder is dit dat Daniël die geweldige lang tyd van 65 jaar gelowig kon bly staan , ondanks die intriges aan die despotiese oosterse hof; ondanks al die haat teenoor 'n geminagte uitlander-gevangene wat raadgewer geword het ; ondanks die chaos toe die koning kranksinnig geword het en twee opvolgers vermoor is. Daniël het sy lewenstaak in ellendige ballingskap uitgeleef. Sy diensbaarheid aan 'n aardse koning is gedoen in die vryheid tot profetiese ampsvervulling vir die Koning van alle konings. Daar is ellende en gejubel deur God saamgevoeg. Die donker pad is verander in 'n geloofspad wat deur God se genade verlig is. Die profeet van die Here is self ook profeet van Hom wat alle mag in hemel en op aarde het en Sy volk in hulle vreemdelingskap, verdrukking en stryd altyd vasgehou het tot uitvoering van Sy raadsbesluit.

VERLIGGAAMLIKTE PROFESIE

DAN. 1 : 21

Wat 'n benadrukking van ons roeping ,
 ons wat na Christus genoem word! Ons
 is deur die Gees van Christus ingeneem
 en moet as profete, priesters en konings
 ons roeping uitleef as lewende getuies.

DIE OORWINNING VAN DIE GESKIEDENISMAKER OOR HEIDENSE BYGELOOF

-Daniël 2 -

DUIDELIKE ONMAG VAN HEIDENSE "GELEERDHEID" Dan. 2:1-12

In hierdie hoofstuk lees ons die voorspel
 op die wêrelddrama soos deur die
 profeet opgeteken. Die Geskiedenis-
 maker gee 'n blik in sy verborge raad
 deur 'n kort saamvatting van die
 geskiedenisverloop.

Die kontras tussen hierdie hoofstuk en
 die vorige val onmiddellik op : elkeen kon
 in die vorige verse die mag en grootheid
 van Babel, dus eintlik van sy god
 Mardoek, sien. Selfs die heiden moet

egter uit die feite van hoofstuk 2 erken
 dat Babel se god 'n dooie afgod is. Sy
 dienaars is magtelose mense , en al die
 mag van Babel se magtiges verander in
 bewende onmag as God net 'n enkele
 droom laat kom .

Nebukadnesar het sy roeping as heerser
 trou probeer uitleef. Hy het hom deur 'n
 skare kenners oor allerlei sake laat
 bystaan. Nadat hy waarskynlik so'n
 twaalf jaar geregeer het, het hy hom een
 aand blykbaar weer gekwel oor die
 toekoms en al sy onsekerhede. Juis

daarom verskyn 'n droombeeld wat hom laat koud word.

God het gepraat. Die koning bring onmiddellik die hele paleis in rep en roer en laat in die vroeë oggend al die kenners van gode en sterre en wetenskap uit hulle beddens haal. Dié mense was trots daarop dat hulle drome kon uitleg en voortekens kon verklaar. Nog lomerig van die slaap het hulle in die somber troonsaal aangekom om dadelik gekonfronteer te word met die senuweeagtige koning. Die koning het op sy ryklik versierde troon gesit, omring deur kosbaar versierde felkleurige beelde van leus. Die nou nugter-wakker-geskrikte geleerdes was nie soos ons moderne mense nie. Hulle het wetenskap en godsdiens nie geskei nie. Hulle het geweet dat mense nie sonder gode kan leef nie. Hulle sluide was egter groter as hulle kennis van hulle gode.

Die koning verbreek die angstige afwagting wat agter maskers-van-gesigte verberg word, met 'n kort mededeling : "ek het 'n droom gehad en my gees is onrustig om die droom te verstaan".

Dit gaan dus allereers oor wat die droom self was en daarna eers oor die betekenis van die droom. Die koning wil eers presies hoor wat hy gedroom het. As die kenners dit korrek kan vertel dan kan hy seker wees dat die uitleg ook die waarheid is. Die verskrikte koning wil die regte betekenis van die skrikwekkende naggesig kry.

Met al hulle diplomatieke vernuf om die verontruste koning nie nog grimmiger te maak nie, probeer die wyses om die droom te wete te kom, maar dis pure verniet. Die wysheid van hierdie wêreld is slegs leë dwaasheid en..die wyses van Babel moes dit doodsbevrees erken. Op 'n bedekte manier beskuldig hulle die koning van onredelikheid. Niemand kon die droom self aan die koning vertel nie, behalwe gode wie se woning nie by die vlees is nie - wat dus nie by menslike sterweling woon nie. Watter erkenning om te maak om net te kan bly lewe : ons het geen kontak met die gode nie ! Onder die druk van die koning se eis verloor hulle kop, om later letterlik hulle koppe te moes verloor weens die woede van die doodsbenoude koning.

Ons leef ongeveer 2500 jaar later en sien om ons heen dat al hoe meer mense, waarvan baie hulleself gelowige christene noem, hulle toekoms uit die sterre wil hoor of van towenaars en waarseërs. Die Waarheid word ingeruil vir Babelse "wysheid". Israel het dit ook gedoen en dit was een van die redes vir die ballingskap(o.a. Jer. 44:18). Hoe dwaas was die destydse mens en is die moderne mens tog om te glo in afgodery waarvan sy eie priesters, met die mes op die keel, moes erken dat dit net leuens en bedrog was (vgl.Ps. 115 e.a.).

By Babel was en is geen openbaring nie. Nêrens kan openbaringswysheid gevind

word nie, behalwe in die geopenbaarde Woord van God (vgl. Jes. 44: 25 e.a.).

Babel erken by monde van al die vakbonde van alle wyses en geleerdes : die gode woon nie by die mense nie.

Israel bely en erken : die Here ons God woon by en in ons en gee ons alle nodige kennis van Sy openbaring. Ons God leer ons deur die sterre en alles wat bestaan dat Hy alles geskep het en onderhou (vgl. Sondag 10, Heidelbergse Kategismus). Oor God se werk in die lewe van sy kinders en daardeur in die wêreldgeskiedenis , leer Hy ons net en alleen in sy Woord wat alles openbaar wat vir ons nodig is.

Die god van die wêreld is die wetenskap, die magtige tegniek wat uit amper niks, wonderlike dinge kan maak ; wat deur strale en kragte wat die oog nie kan sien nie , die wêreld kan maak of breek ; wat die lewe kan uitwis maar boustrukture kan behou . Die wysheid van die wêreld verbaas en verstom en verblind baie van ons. Maar as dit gaan oor die laaste vrae waarmee 'n mens gekonfronteer word, dan kan die wêreld geen antwoord gee nie. Ook die gode van óns tyd woon nie by die sterflike mense nie . Hulle swyg en beklem die menslike hart met hulle angsaanjaende-dreigende stilswye.

Dreigend het die kolossale tegniese, ekonomiese, militêr-politieke en godlose magte uit die aarde opgekrom, om die wat droom oor hulle menslike kennis en wysheid te verskrik en arm te laat voel.

Opvallend is dat van vers 4 tot 7:28 nie meer in die "kerktaal" Hebreeus geskryf is nie maar in die volkstaal

Aramees. Moontlik is dit omdat die boek Daniël skaars geword het tydens die vervolgings onder Antiochus Epifanes toe die heilige geskifte vernietig is. 'n Gedeelte van die oorspronklike Hebreeuse teks was dan nie meer beskikbaar nie en daarom is noodgedwonge van hierdie stuk in die volkstaal gebruik gemaak (vgl. Esra 4:7). Die magte van die hel met helse verskrikkings kan selfs nie voorkom dat die ware wysheid van eeu tot eeu bewaar word nie. Ons roeping vandag bly ook kant en klaar duidelik : Daar is 'n God in die hemel ...en Hy bestuur en regeer alles (vs.28).

WAAR OM DIE WAARAGTIGE WYSHEID TE SOEK EN TE VIND DAN.2:13-19

Voordat die oggendrus nog uit die stad gewyk het, word die inwoners gewek deur driftige, vinnige voetstappe van groe- pies mans wat deel is van die geheime staatspolisie. Hulle deursoek die hele stad vir mans wat by die een of ander groep van die wyses behoort. Omdat die koning in sy blinde woede selfs beveel het dat letterlik à die wyse manne doodgemaak moes word - en dus nie net die lede van die vier "vakbonde" nie - is ook Daniël en sy vier vriende gesoek.

Deur die Heilige Gees gelei, raak Daniël nie paniekerig by die verneem van die doodsvonnis sonder verhoor nie. Sonder om opstandig te argumenteer, gebruik hy sy Godgegewe verstand en beleefdheid. Hy bly rustig en waardig, terwyl die koning deur 'n droom al van sy voete af geslaan word. Daniël se geheim is dat hy deur die geloof 'n toevlug het wat die magtige Nebukadnesar moes ontbeer. Jakobus sou eeue later skryf wat Daniël al geweet het: "as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word"(Jak.1:5).

Nadat Daniël gehoor het wat die rede vir die koning se bevel was -hy durf selfs eerlik reguit maar beskaaf sê dat die bevel streng is - vra hy om die koning te spreek. Opsigself is dit al 'n geweldige waagstuk om ongevraagd voor die koning te kom soos ons duidelik in die boek Ester sien. Watter geweldige verskil is daar tog tussen die houding van die afgodediensars voor die troon van die aardse despoot en dié van die profeet van die Here. Vol geloofsversekerheid vra Daniël rustig uitstel sodat die uitleg van die droom sonder twyfel aan die koning bekendgemaak kan word.

Daniël vertrou geen oomblik op sy eie kennis nie al is van hom en sy vriende gesê dat hulle al die geleerdes ook in kennis tien keer oorskadu het. Die profeet begin met geloof en daarom kan hy begin deur te bid. Hy vertrou

onvoorwaardelik op "die God van die hemel" wat ook God is oor al die sterregewemel. Sy God het by die mense kom woon en is altyd bereikbaar vir elkeen wat op Hom vertrou.

Die brandende onrus in die hart van die koning word deur God geblus sodat Daniël tyd toegestaan word. Watter geloof en vertrou van die jongman wat so'n 21 jaar oud is maar bou op God se beloftes wat deur die eeue vir sy vaders gegee is en wat hy ook van Jeremia gehoor het. So kom hy tot die vaste oortuiging dat God hom sal help.

Maar nou sal dit van ons verkeerd wees om te vra na die Skriftuurlike reg van so'n geloof wat verwag dat die beloftes op hierdie spesifieke geval toegepas sal word. Dit is nie 'n saak wat beredeneer kan word nie. Die geloof lê nou eenmaal nie op die gebied van die eksakte wetenskap waar alles gemeet en geweeg kan word nie. Deur die werking van die Gees wat sy eie Woord toepas word die gelowige die wysheid gegee om Woord en belofte te verstaan en toe te pas.

As hy weer tuis is, vertel hy sy drie broeders-in-die-geloof wat gebeur het. Teen die moderne gewoonte in, word geen vergadering deur die wyse manne gehou nie. Daar word nie oor die saak gedebatteer nie en daar word ook geen vlugplanne beraam om hulle lewens te probeer red nie. Die toevlug word tot God geneem, sodat hulle lewens en die van die Babelse wyses gespaar mag word. Wat vir ál die wyses van Babel onmoont-

lik was, word gelê voor die Here wat by die sterweling woon en by Wie alles moontlik is.

Ons woon in 'n wêreld wat met alle mag die onmoontlikheid van die bestaan van God probeer bewys, maar ons het nog 'n ryker openbaring oor die nabyheid van God ontvang as wat Daniël gekry het. God het in sy Seun onder ons kom woon en deur Hom wat ons ware tempel is, het ons toegang tot die Vader. Deur Jesus Christus tree ons deur ons gebede elke keer in regstreekse verbinding met God.

Deur die geloof was Daniël seker van God se hulp. Deur die gelowige gebed ontvang hy daardie hulp. In geloofsrus het die vier kinders van God rustig gaan slaap en die barmhartigheid van God waarop gepleit is, is ryklik betoon. In 'n naggestig - dus nie 'n droom nie - maak die Here sy geheime bekend. Die verborgenheid van die Here is vir dié wat Hom vrees sê die Psalmis in 25:14.

Vandag word in verskillende godsdienstige groepe baie gespog met allerlei openbarings. As hulle geglo sou moet word vind daar nou elke naweek meer openbarings plaas as in die hele tydperk wat deur die Skrif gedek en in die geopenbaarde Woord opgeteken is. Maar dit is 'n geweldige groot wonder dat God die verborge dinge aan Daniël bekend maak. God is en bly soewerein in die openbaring van Sy wysheid. Hy gee nie vir elkeen die profetiese woord en

beeld nie. Daniël se drie gelowige vriende ontvang niks nie. Hulle het nogal vir drie jaar lank onwrikbaar vas bly staan in geloofsgehoorsaamheid, terwyl die ander Judese seuns die genot van die wêreld verkies het. Daarom het hulle God bly dien en nou saam met Daniël in die gebed geworstel. Maar hoe gelowig ook al, hulle ontvang nie eers die kleinste openbarinkie as vergoeding vir die geloof nie. Geen gesig of droom nie- absoluut niks nie.

Dit leer ons om met die grootste versigtigheid en Skrifgefundeerde argwaan te staan teenoor elkeen wat beweert dat hulle drome droom of gesigte sien waarin God se wil geopenbaar sou word. God se wil is volledig in sy Woord geopenbaar en enige openbaringsaanspraak sal absoluut gebonde wees aan die Woord. Op grond van sy Woord is hulle wat daarop roem dat hulle insig het in God se verborge planne, niks anders nie as valse profete.

GELOWIGE ANTWOORD OP GOD SE WOORD DAN. 2:20-23

Nadat God gespreek het, kan Daniël nie stilbly nie. Ja ons sou verwag dat hy nie kon stilbly teenoor die koning nie, maar allereers is dit teenoor God! Sou ons nie verwag dat hy eers so vinnig soos sy bene hom kon dra na die koning sou hardloop nie? Hier het hy dan nou die nuusberig wat sy lewe en die lewe van sy

vriende en van al die wyses kan red. Maar die belangrikste kom eerste.

Daniël se dankgebed is in die vorm van 'n dankpsalm en wys ons hoe groot die jongman se Bybelkennis was omdat hy vol oorspronklikheid 'n magdom Skrifwoorde gebruik.

By vs.20a vgl. Ps.103:1,2 ; Ps. 113:1-2. By vs.20 vgl. I Kron. 29:11,12; Job 12:13; 16:22 asook Joh.8:49. By vs.21a vgl. Ps.31:16 asook Hand.17:26. By vs. 21b vgl Job 12:18;Ps. 75:6,7. By vs 21c vgl I Kon 3:9,10 en 4:29. By vs. 22a vgl. Job 12:22 , op vs.22b vgl Job 26:6; Ps. 139:12; Jes. 45:7 asook Hebr. 4:13. Op vs. 22c vgl Ps. 36:10 asook I Tim. 6:16 en I Joh.1:5. Op vs. 23a vgl Gen.31:42 en Eks. 3:15.

Die grondslag van die psalm is God se almagtige openbaring , wat God se mag en krag beklemtoon en Hom toon as die Bron van alle wysheid. Alle eer word gegee aan die Naam van God wat tot in alle ewigheid geprys moet word en selfs dit is nog maar 'n klein deeltjie van die eer en lof wat Hy moet ontvang.

Nadruklik word gejuig omdat die wysheid van Hom is : dit is die kennis om die skynbare chaos van die wêreld te beheer en dat Hy die mag het om te doen wat Sy wysheid goeddink. Daarby kom nog dat God die tye ook beheer. Hy besluit hoelank 'n bepaalde invloed sal geld en wanneer 'n volgende sal begin. Wat 'n verskil met die fatalisme van die Babelse astrologie wat geglo het dat alles onontkombaar vaslê in die gang van die

sterre! Die waarheid is egter dat niemand anders nie as God konings aanstel en hulle regerings be-eindig. In vs. 31 e.v. is dit duidelik : God lei die nasies op aarde vgl. Ps. 67:5. Dit is God wat wysheid gee - ook nou so duidelik vir Daniël aan wie Hy verborge dinge openbaar. Die ongelowige wyses wat na die lig van die sterre kyk , bly in die duisternis. Die gelowige wat in die lig van die openbaring staan , sien egter die waaragtige lig en word so gelei na die Lig wat van die hemel neergedaal het (vgl. I Joh. 1:5). Die Jode wys dan ook in vs. 22 spesifiek op die Messias as die Lig.

Daniël sluit sy danklied af op 'n persoonlike noot. Ook hier is dit weer die Soli Deo Gloria (alleen aan God die eer), omdat Hy aan sy knegte die koning se saak bekend gemaak het.

Die wysheid van die wêreld wat op 'n geraffineerde manier met al die moontlike mag van die gode van die antenne en die drukpers oor ons uitgestort word, kan ons verbyster en ons ore laat toeslaan. Tog kom hulle nooit verder as die "hier en nou" nie. Hulle verstom as dit oor iets meer as die sienlike wêreld gaan. Ons sien dit in ons tyd in Korea waar derduisende mense hulle afgode verlaat om in angs en smarte hulle sekerheid en toevlug by die ware God te soek. Op die vraag van Job:"die waarheid, waar word dit gevind? En waar is die plek van verstand ?" 28:12 ontvang ons 'n duidelike antwoord in Daniël se danklied.

**BELYDENIS VAN MENSLIKE ONMAG
EN GODDELIKE ALMAG. DAN. 2:24-
30.**

Met die woordjie "daarom" is daar 'n groot wending in die verhaal. Omdat God die saak van die koning bekendgemaak het, gaan Daniël na Ariog. Die droom en die betekenis daarvan was die koning se saak- hy was openbaringsmedium en openbaringsadres. God het spesifiek op dáárdie tydstop vir dáárdie koning iets te sê gehad. Om die boodskap oor te dra , is Daniël deur God geroep om dit as profeet oor te dra. Hy is hier nie die verslaafde balling van die koning nie, hy is die dienskneg van die Allerhoogste - van Hom gaan al die aksie uit.

Nadat Daniël die sinnelose moord op die wyses stopgesit het, vra hy in dieselfde asem om die koning die uitleg van sy droom bekend te maak. Dit hoef hy nie tweekeer te sê nie. Halsoorkop storm Ariog in die vroeë oggend na die koning, om daar ook iets van die kalklig te vang en moontlik selfs 'n beloning of bevordering: Ek het die man onder die ballinge van Juda gevind wat die koning die uitlegging bekend sal maak. As God se profeet die Woord van die Allerhoogste gaan spreek , dan hardloop die leuen al voor hom uit. Tog benadruk die heiden in elk geval dat die openbaringslig nie van die Babelse wyses kom nie maar uit die hoek van die skaars bekende Judese ballinge.

Die verbaasde koning, wat die profeet by sy heidense naam noem en ken , vra hier spesifiek of hy werklik die DROOM kan bekendmaak. Dit is tog juis waar die ander gefaal het en wat die toets is vir die betroubaarheid van die uitleg.

Dan is die woord aan Daniël wat deur die Skrif weer met sy besnydenisnaam genoem word. As verbondskind staan hy daar om die lig van God se openbaring te bring , waar die vorige dag die wysheid van die wêreld in sy honderdtalle die boeie van die duisternis nie kon stukkend breek nie. Sonder 'n omhaal van woorde , amper ietwat onsistematies - wat vir ons die waarheid van die Skrif beklemtoon- begin Daniël en gee hy alle eer aan God. Wat 'n kontras tussen die onmag van die hele versameling Babelse wyses en "God in die hemel wat geheime openbaar" (vgl. vs.18). Wat 'n kontras tussen die tipies menslike sondige optrede van Ariog , wat self onverdiende eer wil ontvang , en Daniël wat alle eer aan God gee (vgl. Gen. 41:16). Hy sê dat God die koning laat sien het " wat aan die einde van die dae" sal gebeur. Dit beteken nie dat die einde van die wêreld daarmee bedoel word nie (vgl. Gen. 49:1). In die koning se droom is tog verskillende gebeurtenisse wat lank voor die wêreld einde sou gebeur én gebeur hét , daarom is die Nuwe Vertaling "wat in die toekoms gaan gebeur " beter. Vir die koning moes dit asemrowend wees dat Daniël vooraf vertel dat die

koning nie aan die slaap kon raak nie weens sy bekommernis oor die toekoms van sy wêreldryk. Maar die God wat alle geheime duidelik maak, is ook die God van die geskiedenis en het die koning 'n blik daarin gegee. Om daardie blik duidelik te maak, het God dit aan Daniël geopenbaar met die roeping om dit aan die koning te vertel.

OPSOMMING VAN DIE DROOM

DAN. 2 : 31 - 35.

Die koning wie se onsekerheid oor die toekoms deur die dreigende droom vermeerder is, hang aan die lippe van die profeet. Dit is jou-werklik-waar hy het op sy bed gelê en hom oor die toekoms van sy ryk bekommer. Om 'n wêreldryk te stig is een ding maar om dit in voorspoed in stand te hou is totaal iets anders. Sou dit met Babel gaan soos met sy voorganger Assur? Natuurlik wou hy graag 'n wêreldhoof van suiwer goud wees, maar wie kan die toekoms in sy eie hande vorm?

Op sy onrustige gedagtes het die slaap gevolg, wat egter verontrus is deur die angswekkende droom. Daar was 'n kolossale beeld wat met 'n buitengewone glans die oë verblind het. Vreesaanjaend, huiweringwekkend was dit. Die uitdrukking wat uit die hele kolos gestraal het, was dié van wraaklus. Dit was 'n toonbeeld van onbeteuelde aggressiwiteit en het Nebukadnesar van angs laat beef. Tog hou die beeld die

koning in sy ban, fassineer dit die wêreldgrote. Dit is moeilik om ons in te dink wat die koning tydens die droom presies gesien het: 'n hoof van suiwer goud gemaak, bors en arms van silwer, maag en heupe van brons, bene van yster en voete van klei. Maar uit die geheel het 'n betowerende, skrikwekkende - angsaanjaende atmosfeer gestraal.

Eers het daardie onbeweeglike monsteragtige figuur die koning se aandag volkome in besit geneem, maar dan kom daar skielik 'n verandering. Dit lyk so klein, so nietig: 'n klip wat losbreek van die berg op die agtergrond. Dit het sonder dat enige mens iets daaraan gedoen het losgeraak en in woeste vaart op die beeld afgerol. Dit slaan die voete onder die beeld uit en, wat 'n wonder!: die beeld val nie in duisende stukke uitmekaar nie maar word van verbryselde voete tot die kop toe fyngehaal tot stof, om dan deur die wind weggeblaas te word, sodat selfs van die stof geen spoor te vinde was nie. Maar die veragte onaansienlike klip word 'n groot rots wat die hele aarde gevul het.

Met kalme sekerheid verklaar Daniël dat dit die droom was. Die koning weet dat dit so is en brand van verlange om te weet watter mag gewerk het om die droom so'n slegte einde te laat kry. Dit is vir hom seker dat daar 'n mag in die droom gewerk het; dat hierdie droom 'n boodskap wil bring wat ver bo sy eie gedagtes uitstyg.

UITLEG VAN DIE DROOM.
DIE VERDEELDHEID EN KORTSTON-
DIGHEID VAN DIE GODDELOSE IM-
PERIALISME TEENOR DIE GODS-
RYK. DAN. 2 : 36 - 45.

Die koning was reg om so geweldig ontsteld te wees oor die droom want dit was tog nie 'n beeld van sy eie gedagtes nie maar Hy wat die geheime openbaar het daarin bekendgemaak dit wat nog sal gebeur. Deur hierdie droom haal Hy die koning uit die droom van "almagtigheid van 'n mens" deur hom die toekoms te laat sien.

Die profeet van die Allerhoogste onthul nou wat daardie monsteragtige aggressiewe beeld wil sê. Hy spreek oor die koninkryke van hierdie wêreld as faktore in die geskiedenis van 'n wêreld wat vyandig teenoor God staan. Onder "koninkryk" moet ons dan nie as Westerlinge 'n bepaalde landgebied, dus geografiese streek, verstaan nie. Die Oosterling wys daarmee slegs op die faktore wat 'n koning juis 'n koning maak, dus sy mag, waardigheid, heerskappy - in kort: sy koningskap. Met koninkryke bedoel Daniël die heerskappye en die persone wat met heerskappy bekleed is. Hulle word deur metale voorgestel.

Die eerste koningskap is die van Nebukadnesar self. In sy koningshoedanigheid is hy die hoof van suiwer goud. Al sal die volgende

koninkryke oor baie groter landgebied beskik, het geeneen daardie geweldige drywende gees van verzet teen die Allerhoogste so sterk soos Babilon nie. Dit begin al in die vlakte van Sinear (Gen. 10:10). Verder sal geen ryk so lank bestaan nie, want Babel se mag bly 'n 2000 jaar bestaan terwyl sy gees van ontombare magswellus vandag nog netso welig tier. Die gees van Babel wat in die goue kop setel, beïnvloed die hele beeld van kop tot tone en is juis die bestanddeel wat eenheid bewerk tussen al die verskillende metale. Hierdie dreigende, allesoorweldigende eenheidsstrewende van die beeld, wat ons vandag so dodelik verskrik, is die Babiloniese gees van imperialisme, die droom van die gryp na wêreldmag. "Wat dring en dryf die wilde heidendom, dat volke raas in opgewondenheid? Gedugte konings staan gereed alom en wêreldgrottes raadslaag vir die stryd, om God-almagtig na die kroon te steek en saam teen sy Gesalfde op te staan...."(Ps.2:1 berymd) Die mens van die wêreld verlang na een wêreldwye magtige imperium. Die hele lewe word daardeur beheers: politiek, wetenskap, moraliteit. Letterlik alles word gemonster om God na die kroon te steek en Sy kinders hier op aarde op die bajonet te steek.

Daniël erken die grootheid van Nebukadnesar, maar net en alleen omdat die Allerhoogste Koning hom die heerskappy, krag, sterkte en eer gegee

het. Maar die Allerhoogste sit konings af en stel konings aan (vs.21), ook Nebukadnesar sal slegs koning wees solank dit Hom behaag en daarna kom 'n ander ryk.

In teenstelling met die meeste profesieë kan hier met 'n groot mate van sekerheid die verskillende ryke geïdentifiseer word. Tog is dit werklik nie die belangrikste nie. Ondanks alle drome oor wêreldheerskappy, bly die menslike bouwerk net 'n kolos op moddervoete. Die ewige ryk van vrede en welvaart sal kom, maar sonder dat 'n mens 'n vinger sal verroer. Dit lê al klaargemaak as erfenis in die hemel deur die versoeningswerk van Jesus Christus ons Koning (vgl. I Petr. 1:4). Daardie Koninkryk sal soos die klip alle menslike werk volkome vernietig. Al wat bly is die goeie werke wat die gelowiges deur die Gees gedoen het (vgl. Op. 14 : 13).

Die tweede koninkryk is minder aansienlik, net soos silwer minder werd is as goud. Die graad van mag, aansien en heerlikheid sal minder wees as dié van Babel. In die geskiedenis sien ons dat dit die groot ryk van die Mede en Perse is.

Daarna kom die derde ryk, daardie groot wêreldryk van Alexander die Grote. Die ryk "van brons wat oor die hele wêreld heerskappy sal voer". Hierdie Grieks-Macedoniese ryk het van Mesopotamië tot die Indus-rivier in Indië geheers en so

die hele bekende wêreld van daardie tyd aan sy voete gehad.

Die vierde ryk sou hard wees soos yster en alles fynstamp en vergruis. Tekenend van die Romeinse legioene wat alle weerstand met 'n ystervuis neergeslaan het en die karakter van vernietigende mag gedra het, ondanks sy regspleging en vervoersisteme waardeur die Grieks-geërfde beskawing verbrei is. Dit is die tyd van die Nuwe Testament.

Die vyfde ryk is die tyd tussen die eerste koms van Christus en Sy wederkoms. Die tyd waarin ons leef. Dit is die tyd van die koninkryke - dus meer as een - wat aangedui word met pottebakkersklei en yster wat gemeng word. Dit moet ons opval dat so uitgebreid gespreek word oor die yster en klei wat gemeng is. Dit wys op 'n verdeelde koninkryk met iets van die hardheid van yster en die brosbreekbaarheid van erdewerk. Tog is daar 'n onderskeid tussen voete en tone. Die voete as geheel bestaan deels uit klei en deels uit yster - eers word dus op die swakheid gewys deur die klei en daarna op die hardheid van yster wat in die swakheid gevind sal word. Maar in vers 42 word weer spesifiek die tone beskryf. Hierdie uiterste deel van die liggaam bestaan ook uit yster en klei maar hier word eers die yster genoem en eers benadruk dat 'n gedeelte van die koninkryk hard sal wees en daarna word op die swakheid gewys.

Om nou te gaan spekuleer oor watter koninkryke in die vyfde ryk is - en as ons vs. 41 en 42 wil verdeel ook in die sesde ryk - dien geen doel nie en is ook onmoontlik. Die laaste dekades was die populêre uitleg om die tien tone toe te pas op die tien lede van die Europese Gemeenskapsmark . Die lede het egter vermeerder en dit kan nie van die tone gesê word nie... Dergelyke goêlery met die profesie is nooit toelaatbaar nie en altyd gegrond op 'n eie ontwerpte skema. Die Skrif word dan in eie gedagteskema's ingeforseer , terwyl die simboliese getallewaarde van die Skrif in 'n geval soos hierdie maklik vergeet word. Die getal tien word in ons teks in elk geval nie genoem nie en as dit wel genoem was sou dit simbolies die totaal van alle koningskappe wat sou kom aandui en niks meer of minder of anders nie.

Die Skrif benadruk die verdeeldheid van die koningskappe van yster en klei. 'n Verdeeldheid wat veroorsaak word omdat daar "ondertrouery tussen die mense sal wees" (N.V.). In die vorige uitgawes van hierdie "verklaring" is op twee plekke oor hierdie teks geskryf maar net daardie deel wat sommige lesers aangespreek het is aan die groot klok gehang... Omdat ek nie 'n politieke standpunt verkondig het nie en my siening dus nog dieselfde is voeg ek die twee dele onveranderd saam. "In ons rassesituasie van vandag sal ons met die allergrootste versigtigheid hierdie teks bekyk om nie deur 'n voorafbepaalde

standpunt of gesindheid beïnvloed te word nie. In die verlede is by hierdie woorde gewoonlik gedink aan huwelikke onder die verskillende koninklike families waardeur geprobeer is om politieke mag te verkry of te behou. Dit is egter 'n baie groot beperking van die teks en laat ook nie genoeg klem daarop val nie naamlik dat dit gaan oor 'n poging tot vermenging van eienskappe soos in yster en klei. Die teks bedoel tog duidelik huweliksgemeenskap van ongelyksoortige (heterogene) partye waardeur in huwelik en gesin geen werklike eenheid kan bestaan nie. Vermenging deur die huwelik van verskil van godsdiens en dus verskil van ideologie en dus van siening op sosiale en politieke sake , vermenging van nasionaliteit en van ras. Hierdie vermenging ondermyn eenheid en gee geen hegte grondslag vir 'n kragtige regeringsoptrede nie. In die kerk sien ons al dat gemengde huwelikke - waar die twee partye uit verskillende kerke kom - die geestelike lewe kan laat verslap, die kerkregering moeiliker maak en die tug laat verslap. Hoeveel erger gebeur dit nie in die staat nie. Dit is opvallend dat Engelse, Amerikaanse, Nederlandse en Duitse verklaarders hier wys op die versmelting van rasse wat die eenheidsideaal juis sal teëwerk. Hier word nie deur die Skrif geleer dat ras-gemengde huwelikke sonde is nie, net dat daar geen eenheid deur gebou word nie. Selfs die gewone vyande van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling sal

gelowig buig voor die Skrifwoord en die vervulling daarvan rondom hulle bespeur."

Die swakheid van die wêreldpolitiek vandag lê in die moderne rasseprobleem, wat al hoe groter gemaak word deur die verafgoding van die mens, gekoppel aan die verafgoding van die eenheidsideaal en dit loop uit op verafgoding van die staatsmag met die doel om die hemel op aarde te bereik.

Die kolos van Hitler se anti-christelike Derde Ryk het op kleivoete gestaan weens sy verfoeilike rasseteorie, ondanks die moorddadige ysterklou waarmee die Duitsers miljoene Jode én Christene se bloed vergiet het. (Die lyding van Jode en die afgryse uitwissing van hulle kan nooit oorbeklemtoon word nie **maar** dit mag nie daartoe lei dat dieselfde lyding van die vervolgte Christene wat uit beginsel teen die Nazi's gekant was en die Jode gehelp het - dat hulle lyding onderbelig word nie - natuurlik het die Christene nie Hollywood agter hulle nie.) Waar lê die swakheid van Engeland met sy opstande en afskeidingsbewegings en rasse onluste? In 'n verdeelde Noord Ierland met godsdienstwiste, 'n Skotland met 'n brandende nasionalisme, 'n Statebond waarin geen eenheid te vinde is nie. Frankryk se magteloosheid lê in sy poging om Franse en Algeryne tot een volk te vermeng, saam met die room uit die eertydse Afrika-kolonies. Die magtige

Amerika is nog altyd na die bloedige burgeroorlog verdeeld en verskeur weens sy rasseprobleem tussen neger en blanke, terwyl die Indiaanse probleem in bloed gesmoor is. Die swakheid van die vorige eeu se Rusland was o.a. 'n bont versameling van volke en rasse wat tot 'n skynbare eenheid gedwing was met die dreigende geweerloop van geheime staatspolisie en die kanonloop van magtige leërs. Die onvermengbaarheid het skrymend duidelik sigbaar geword toe die kolos in baie dele uitmekaargespat het. Suid-Afrika se swakheid lê nog altyd in die plofbare rassetoestand. Al verskil ons van die wêreld daarin dat ons so'n bietjie weet waar ons swakheid lê.

Ondertussen word die "eenheidsideaal" deur leiers van die volke nagestreef-elkeen om self daardeur verryk te word. Die Verenigde Nasies met sy spinnerak van agentskappe en 'n legioen ander organisasies en ondernemings en kongresse probeer 'n klimaat skep vir goeie verstandhoudinge en wêreldeenheid. Die seuns en dogters van elke ontwikkelde land word onder die nasies van die wêreld versprei om daar te werk aan die koms van "een hemelse aarde".

Tog is dit 'n hopelose gejaag na wind, dié sinnelose droom van één wêreld, één geloof. Daar is hoogstens uiterlike eenheid -as dit ooit te sien sal wees - innerlik is daar altyd verdeeldheid. Met niks ontsiende wrede hardheid sal die ideaal nagejaag word - tog kom daar nooit weer een magtige wêreldryk onder

een wêreldheerser nie. Ook is die dae van die verdeelde mag van die wêreld-grotes getel. Al hulle mag en praal is slegs tydelik.

In vers 44 lees ons van 'n koninkryk wat as eenheid ewig sal bestaan. Hierdie koninkryk bevat al die ideale van die mens: ewige eenheid, geluksaligheid, volmaakte harmoniese vrede en blydskap. Wat beskryf dit beter as God se Woord o.a. Jes. 11, Op. 21 : 3e.v. Dan sal ons ons roeping volmaak kan uitleef.

Die koninkryk van God sal al die menslike koningskappe verbrysel net soos die klip die beeld. Die mens wat homself met goddelike mag beklee - of hy nou in die Wit Huis sit of in die Kremlin of Beijing of in watter wêreldstad wat nog mag kom -het die toekoms nie in sy hand nie, al rus sy vinger ook op die ontstekingsmeganisme van die kragtigste atoombom. God is God van die geskiedenis. Op sy tyd laat Hy die klip van die berg afrol wat die beeld sal verbrysel , wat alle mense mag van die aarde so volkome sal vermorsel dat niks meer daaraan sal herinner nie. Al die spore van die heerlijkheid van die antieke volke wat nog onder ons leef , die kultuurskatte van toe tot nou, sal weg wees.

Die ondergang van Babel - die oorwinning van die Godsryk.

Die klip wat God laat kom , verbrysel volgens vs.45 die beeld wie se dele in 'n eienaardige volgorde genoem word .

Eers word die yster, brons, klei genoem wat hardheid betref dus 'n vermindering. Sou dit wys op die geweldpleging van die Weste ? Daarna word die silwer en die goud genoem wat dus wat heerlijkheid betref 'n opwaartse neiging toon en volgens 'n verklaarder op die skatte van die Ooste wys.

Goud, silwer, brons, yster, yster met klei : oëverblindende mag en skitterende heidense kultuurprag, wapengeweld, onderdrukking, verbryseling... kyk, daar staan die beeld van die koningskappe - angsaanjaend, huiweringwekkend !

Ondanks sy ryk glans van goud en skitterblink silwer was die beeld van die aardse magte vir die wêreldheerser Nebukadnesar skrikaanjaend. Hoeveel erger is die beleving van die werklikheid nie ?

Die pad van die geskiedenis word al hoe donkerder. Goud en silwer se glans moes plek maak vir die onedeler brons, wat harder as goud is maar weer op sy beurt moes plek maak vir harde yster wat nie mooi is nie, slegs nuttig kan wees. Maar selfs die yster se hardheid en nut verdwyn. Dit verbrokkel en word vergruis, vermaal en vermeng met die pottebakkerskleibrokkies , totdat dit geword het soos nuttelose kaf van die dorsvloer wat deur die wind verwaai word totdat dit verdwyn. En in daardie verstikkende kafstof versmoor talle mense wat na God se beeld geskep is. Dink aan die uitgeleerde en mishandelde ontmenslikte

slawe onder meedoënlose staatsmagte soos in die Duitse en Japanese konsentrasiekampe van gister en die Russiese, Sjinese, Viëtnamese, Kambodjaanse, Ugandese, Mosambiekse, Angolese "heropvoedingskampe" - om nie eers al die Latyns-Amerikaanse lande en Iran, Afganistan en ander Moslemlande te noem nie.

So sal die einde wees: 'n verswakte nuttelose staatslewe, vol verstikkende geweld in 'n gemeganiseerde wêreld. Die vrug van hartelose tegniese bekwaamheid met sy lompe klip- en staalmassas. 'n Wêreld met kuns en wetenskap wat in sy Godontering sy gelyke nie vind nie. Wat 'n skrilte kontras met die eeuelange invloed wat van die Oosterse maghebbers en kultuur uitgegaan het. Die invloed wat, al is die ware God nie gedien nie, tog sy menslike nietigheid en afhanklikheid van gode geken het en dus in 'n mate meer menslik was.

Die hardheid van die yster sal in die wêreldgeskiedenis sy groue helse rol van brute geweld speel en die kanonne laat bulder, verradelike landmyne laat ontplof en terrorisme laat seëvier. Die ware vreugde sal verdwyn onder die kille helseheid wat die liefde in die vrieskas laat kom. Die wêreld sal roemloos sy einde vind as sy afgode verbrysel word deur God se klip: Jesus Christus.

Daardie klip se taak is nie net vernietiging en verbryseling nie. In die Koninkryk van God is met die koms van

Jesus Christus juis 'n geweldige groeikrag. Die Evangelie vul die hele aarde. Die klip maak juis vir die benoude, verdrukte Godsvolk ruimte.

Die wêreld wil Christus en sy gemeente geen plek gun nie, maar sal volkome skoongemaak word, sodat God se kinders uit elke volk die ware eenheid van die Godsvolk in Jesus Christus mag uitleef. Dit gebeur eers aan die einde van die geskiedenis. Die Wêreldredder het reeds gekom en ons het sy Woord ontvang: die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Elkeen wat op die steen val, sal verpletter word, en dié waar die steen op val sal vermorsel word (Matt. 21:44)-dit is deur die Koning van alle konings gesê. In Hom word alle oordeels- en heilsaankondigings vervul omdat die God van die geskiedenis aan Hom die koningskap, mag, sterkte en eer gegee het.

EER AAN WIE DIT TOEKOM

DAN. 2 : 46 - 49

'n Voorspel op die profesie van die klip wat die beeld verbrysel is reeds te sien as die magtige Babelse heerser op sy knieë gaan en vir die profeet van God goddelike eer wil gee. Dat Daniël die offers geweier het, is wel te sien in vs. 47 waarin die koning God grootmaak as hoogste van alle gode. Dit is dus geen belydenis dat God die enigste God is nie. Hoogstens bely die koning dat God magtiger is as sy stuk of 300 hemelgode,

600 aardgode en 6500 beskermgode en bodes, terwyl die ontsaglike menigte demone of duiwels ook nog aan Hom onderworpe is. Al is dit nog ver weg van bekering is hierdie erkenning al 'n stap in die regte rigting. Wat 'n ontsaglike teenstelling teenoor vandag. Daar is geen volk naastenby so magtig en groots soos wat Babel was nie, en tog word so'n amptelike erkenning nêrens gehoor nie. By 'n onlangse opname onder Britse volksraadslede het slegs vier persent gesê dat die Bybel tel onder die boeke wat hulle beïnvloed het. Tog sê omtrent die helfte dat godsdienst 'n betekenisvolle rol gespeel het in hulle politieke oortuigings en optrede. Waarskynlik is daardie persentasie in ander Europese lande nog heelwat laer. Hoe gelukkig is ons land om nog so'n groot getal volksvertegenwoordigers te hê wat belydende gelowiges is, al skei sommige van hulle geloof en politieke lewe op 'n onverantwoordelike wyse.

Die koning se belofte van vs. 6 word aan Daniël vervul. Boonop moet hy die provinsie Babel vir die koning regeer en kry hy die ere-titel van hoof oor al die vakbonde van die koning se wyses en raadgewers. Op sy versoek word sy drie mede-broeders aangestel as sy mederegeerders oor die provinsie Babel. Op hulle kon hy bou want hulle basis was dieselfde geloof en geloofsvertroue. Wat het egter van die ander Judese seuns geword, hulle wat baie meer vertroue in

die mag en toekoms van die Babiloniese wêreld gehad het as die heidense koning self? Hulle verdwyn heeltemal uit die prentjie. Selfs vandag nog twyfel menige ongelowige in eie mag en wysheid terwyl so dikwels menige "gedoopte christene" in dwase verblindheid die Kerk verlaat, om hulle heil by die toekomslose wêreld te soek. Dit breek die hart van gelowige ouers van sulke verbondskinders, maar skryf Calvyn êrens, dit is om hulle so te beproef dat hulle nie te vas aan die aarde groei nie. Dit hou die verlange na die ewige lewe wakker.

" DIE HEER SAL IN GEVAAR, SY LEëRS OM ONS SKAAR . . . "

:

DANIël 3 -

BUIG OF BARS OF?

DAN. 3 : 1 - 7

Dit het met die magtige koning Nebukadnesar nie te goed gegaan nie. Nie dat daar iets van te sien was nie, want die wêreldheerskappy was stewig in sy hande. Die magtige skares priesters het goed reggekome met die koning wat nuwe tempels laat bou en oues laat restoureer het. Maar tog .. die koning het reeds twee keer 'n neerlaag gely teen die God van daardie verslaafde volkies Juda en Israel. Hy het die stryd om die MAG verloor deurdat die jong Judese seuns trou gebly het aan die God van Israel. Hy het die stryd om die WAARHEID verloor toe daar by die veelgeroemde Babelse wyses geen openbaringslig geskyn het nie. Volgens die droom se uitleg sou hy ook die stryd om die ewige koninkryk verloor - maar dit aanvaar hy eenvoudig nie. Die wêreldgrote raadslaag vir die stryd (Ps. 2:1 berymd).

Sy droombeeld het slegs 'n hoof van goud - die simbool van sy eie ryk. Nou probeer hy sy aansien verbeter deur 'n kolossale beeld op te rig wat van kop tot tone van goud was. Alles wat Nebukadnesar gedoen het, het hy oordryf. So moes die beeld met inbegrip van die voetstuk 'n geweldige dertig

meter hoog wees en skitterend blink in die sonstrale. Die met goud oortrekte beeld moes aan die hele wêreld verkondig en almal laat bely dat Babel die goue eeu bring, die ewige ryk van die magtige mens. So verbeter die koning God se droom en toon hy sy opstand teen die boodskap van die Allerhoogste, soos aan hom verkondig in sy droombeeld.

Die beeld van goud wys na die Eeu van Goud wat in 'n eeue-oue heidense mite (godsdienslike sprokie) verkondig word en 'n herinnering is aan die verlore paradys. Nebukadnesar plaas sy evangelie teenoor God se Evangelie, sy sprokie teenoor God se openbaring. Hy is die man wat die Eeu van Goud werklikheid laat word: hy bring die nuwe wêreld, die welvaartstaat, die heilstaat. Babel sal die geseënde heilsentrum van die hele bewoonde wêreld word en hy die hoof daarvan, die koning en god.

Of die beeld nou dié van 'n afgod was of die simbool van die wêreldmag soos verpersoonlik in Nebukadnesar, maak in elk geval nie veel verskil nie. Die beeld moes goddelike eer ontvang en in die aanbidding van die beeld laat die koning homself as god aanbid. Sy hele plan is

ook godsdienstig en polities gemotiveerd. Die hele wêreld lê aan sy voete maar om dit daar te hou is moeiliker as om dit daar te kry. Selfs wapengeweld kan geen werklike eenheid skep nie. Alleen geestelike faktore kan 'n innerlike eenheid skep en daarom is eenheid in godsdiens noodsaaklik: een staat, een volk en een godsdiens onder Nebukadnesar die een en ewige koning !

Hierdie godsdiens van selfverlossing beheers die wêreldmagte en wêreldheersers van alle tye. Die Romeinse keisers is as goddelike verlossers vereer. In ons tyd is in die keiserkultus van Japan die keiser as die seun van die songodin Amaterasu gesien. Japan het dan die messiaanse roeping gehad om die Eeu van Goud vir Asië te bring en daarom was Japan se oorlog teen die Weste 'n godsdiensoorlog. Maar ook in die Weste was dit te sien in die religie van die Germaanse ras. Daar was 'n erediens in Neurenberg met sy eie Wagneriaanse liturgie. Aanbidding van die beeld van goud, goddelike verering vir die "goddelike" Führer wat Duitsland se Eeu van Goud gebring het en die Duisendjarige Germaanse Ryk gestig het. Dieselfde Babiloniese gees wat glo dat die mens homself kan verlos, vind ons in die sosialisme, kommunisme, Stalinisme, Swart Mag en Swart Teologie, Wit Teologie en Neo-Nazisme. Die nuwe religie met die allesverterende religieuse fanatisme van

die nuwe gelowiges. Die klimaks kom as Johannes vir ons beskryf wat hy gesien het in Openbaring 13 waar die Beeld van die Dier aanbid word.

Nadat die beeld van Nebukadnesar gemaak en in die Dal Dura opgerig is - waarskynlik sowat tien kilometer suid van Babel- het die koning 'n inwydingsdiens gereël. Bevel is aan al die hoë amptenare dwarsdeur die ryk gegee om die inwyding by te woon, sodat elke volksgroep en volk behoorlik verteenwoordig was. Om die indrukwekkende grootse karakter van die plegtigheid te benadruk, word die hele lys van hoogwaardigheidsbeksleërs twee keer na mekaar genoem.

Omdat in Daniël 3 van die gode in meervoud gesprek word, is dit waarskynlik dat die inwydingsplegtigheid saamgeval het met die viering van die nuwejaarsfees, want dan was al die gode veronderstel om in 'n godevergadering saam te wees. Die hele kleurvolle versameling magtiges uit die wêreldryk, met hulle talryke gevolge wat aangedui word as "volke, nasies en taalgroepe" word deur 'n aankondiger met die hoofmoment van die liturgie op die hoogte gebring. Ons kan veilig aanneem dat rondom die goue beeld 'n magdom beelde van die Babiloniese gode opgestel was en dat die priesters op 'n oneindige ry altare tallose offers aan die gode opgedra het. Terwyl strome bloed van die altare loop, roep die aankondiger hard uit dat al die

hoë amptenare op die teken van die musiek aanbiddend in die stof moet neerbuig om die skitterblink goue beeld goddelike eer te betoon. Alleen die beeld sal dan bly staan sodat duidelik gesien kan word dat van verbryseling deur 'n klip geen sprake is nie.

Deur die beeld te eer word afgode vereer. Die apostel Paulus leer ons baie duidelik in I Kor. 10 : 20 dat om aan afgode te offer , beteken om aan bese geeste te offer. Afgode is niks anders nie as nuttelose en ydele mensewerk , maar bese geeste en demoniese magte is 'n afskrikwekkende werklikheid. Elkeen wat die goue beeld knielend aanbid, kom in die vaste duiwelse greep van die demone. Johannes spreek in Openbaring 13 daaroor dat die beeld wat almal moet aanbid, die Beeld van die Dier is wat sy mag ontvang het van die Draak.

Goue beelde soos hierdie is die kenmerk van alle tye, en alle eeue deur kom die bevel om daarvoor te kniel. Die goue beelde van ons tyd is nie spesifiek afgodsbeelde of dinge wat as sodanig herkenbaar is nie. Dit neem baie verskillende vorme aan , soos 'n godlose kultuur, 'n vergoddelike staatsmag, 'n vermenslike godsdiens of 'n magtige tegniek. Maar omdat die lewe 'n eenheid is, word dit onmiddellik in sy wese geraak as net één deeltjie van 'n kenmerk van die goue beeld invloed op die lewe uitoefen. Die lewe bestaan nie uit 'n

klomp waterdigte hokkies of kompartemente nie. Dit is een geheel en die geringste kniebuiging vir die tydsgees raak die hele bestaan.

Behalwe die bevel van die mens-god is daar ook 'n dreigement. Al laat hy hom as god vereer, bly die koning tog 'n mens wat nie almagtig is nie. Hy kan alleen met dwang probeer om die mens se gees te oorheers. Met 'n dreigement word die bevel onderstreep: hy wat nie knielend aanbid nie, sal in die vuuroond gegooi word.

Daardie oond brand vandag nog altyd soos dit al die eeue nog bly brand het. Dit word op sy beste gemoderniseer, maar is daardeur juis wreedaardiger. Eintlik klink dit ongelooflik dat dieselfde oond in ons tyd - skaars 'n geslag gelede - deur die Duitse mens-gode as dreigement gebruik is by die eis om te kniel voor die goddelike Führer. Die mense is wel nie lewend daarin gegooi nie - die gaskamer was praktieser en goedkoper en uithongering nog goedkoper - maar die oond het gewag vir elkeen wat geoffer is op die altaar vir die Derde Ryk. Maar daardie oonde is ook vandag onder ons nog te sien, al is dit nie so herkenbaar nie. Elkeen wat nie buig vir die God-vyandige gees van die tyd nie, kom in die oond van die openbare veragting. Wee die een wat op sy beginsels durf te staan, wat die sonde nie eer nie deur te drink, vloek, vuil grappe te vertel - reguit in die oond van belastering, spot, isolasie !

Tog lê juis in die dreigement van die oond die swakte van Nebukadnesar se sisteem. Die magtige koning gebruik al die middels om elkeen te laat saamwerk. In die eerste plek die musiek, wat tot vandag toe 'n magtige middel is om mense saam te sleep en in 'n eenheid te omskep. Die eentonige reëlmaat waarmee die musiekinstrumente vier keer genoem word, lyk op 'n nabootsing van Ps. 150. Die keuse is dan ook eenvoudig : Loof God in sy heiligdom (en kom daar binne oomblikke vir ewig) of aanbid die Beeld !

God leer ons self die waarde van musiek in sy diens ken. Musiek kan 'n middel van die Gees wees - Elisa vra dat 'n sitiespeler moet kom: " en toe die sitiespeler op die snare speel , het die Gees van die HERE op hom gekom"(2Kon 3:15)

Saul ontmoet 'n groep profete wat onder geklank van musiekinstrumente profeteer "en die Gees van God het oor hom vaardig geword sodat hy onder hulle geprofeteer het."(1Sam. 10:5 en 10). Hoe het sang en snarespel soos uit een mond die HERE in die tempel geloof en geprys !

As tweede middel gebruik die koning massasuggestie. Almal moet sonder uitsondering op een oomblik neerval en wie sal die moed hê om 'n uitsondering, 'n eenling te wees ?

Ten slotte is daar, die in ons tyd so bekende en berugte woorde intimidasie en bedreiging: val neer en aanbid of jou voorland is die vuur. Al die eeue deur klink die eentonige refrein: buig vir die verleiding of word gedwing om te buig of word uitgeskakel (vgl. Op. 13: 14,15).

Hoe magteloos is die hoogtepunt van menslike mag - net 'n gloeiende brandende vuur wat sterker is as die gode (vs.15), nie juis 'n besondere getuigskrif vir daardie gode nie. Die toppunt van menslike mag : dwang om eenheid te kry, al is dit 'n dooie doodse eenheid tussen dooies en lewende dooies. Die eenheid van die menslike vredesryk is 'n eenheid van doodsangs. 'n Spotskrif, 'n karikatuur van die ware vredesryk wat Christus bring. Vir die wêreld geld die eis dat ondanks alles deur elke individu saamgespeel moet word, maak nie saak wat die gevoel van die hart is nie. In die ware vrederyk daarenteen is alleen plek vir eenheid deur liefde, vreugdevolle en vrywillige gehoorsaamheid of geen deel in die ryk van Christus nie.

**GELOOFSVERTROUE WORD NIE
BESKAAM IN LEWE OF IN STERWE
NIE**

DAN. 3 : 8 - 30

Wanneer die oorverdowende kakafonie van klanke oor die menigte lostrek - die harmonie van klank dateer eers uit die Middeleeue en die klanktegniek was baie

anders as ons s'n - gebeur daar iets buitengewoons. Drie van die mees vooraanstaande aanwesiges het werklikwaar bly staan ! Onmiddellik word hulle deur 'n paar Jodehateres verkla - 'n mentaliteit wat vandag ook nog baie gevind word. Letterlik staan daar in vs. 8 dat die Galdeërs gekom het "en stukke van die Jode geëet het", hulle tande in die Jode geslaan het. Die vyand se nasionaliteit word genoem; hier sien ons weer die teëstelling van Gen. 3, die slang pik weer. Jerusalem en Babel is onveroenigbaar.

Behalwe die haat teen die Jode kom die godsdienshaat ook uit : hulle dien u gode nie, o koning. Die Galdeërs kon met hulle heidense wysheid die koning se droom nie te wete kom nie en nou wil hulle op 'n kleingeestige en lafhartige manier wraak uitoefen. Maar ook nou staan die karakterlose optrede van die Galdeërs in skerp kontras teen die kalm optrede van die aangeklaagdes. Die rede is dat God se genade ook die mens se karakter louter. Slegs een geringe woord en kniebuiging sal die lewe vir Sadrag, Mesag en Abednego beteken. Maar die drie kom nie met allerlei verskonings nie, hulle bely eenvoudig hulle geloof. Teenoor die gespog van die wêreld : daar is geen God wat hulle uit my , die mens-god se hand kan red nie, klink die gelowige se antwoord; "of ons God wat ons dien , ons kan of sal verlos of nie ...laat dit u bekend wees, o koning , dat ons u gode nie sal dien nie". Die hoop op

redding is nie beslissend of seker nie. Hulle bly getrou in lewe maar ook in sterwe. Want : " Die verlossing , roem en eer / kom nie uit woestyne ver , / nie uit oos of weste her ;/ want die Regter is die Heer./ Hy sit bo die hemelboog-/ Hy verneder en verhoog." Ps. 75 : 4.

Die koning moet tot aanbidding dwing en maak so die aanbidding waardeloos. In woede word die vonnis gevel, die reg van die tiran en van staatsabsolutisme word nooit aan God se reg getoets nie.

Koning, priesters en onderdane vergeet skoon van hulle gode om tog niks te mis van die skouspel van 'n openbare te-regstelling nie. Die verterende vuur dood die gehoorsame knegte van die aardse heerser, maar kan niks uitrig teen die gehoorsame knegte van die Almagtige Koning nie. Hy stuur sy Seun, die Engel van die Here om sy knegte te verlos. Die heidendom ken wonderkunste maar geen wonders nie, duiwelsverblindings maar geen verlossing nie.

Die veroordeeldes word deeglik ondersoek en nou word ook duidelik waarom God gesorg het dat afgewyk was van die gewoonte om veroordeeldes kaal uit te trek (vgl. Ps. 22:19;- Matt.27:35). Die ontvlambare klere het absoluut niks makeer nie selfs nie eers 'n skroei-reuk gekry nie -die beskerming van die Allerhoogste is 'n volkome beskerming.

Watter troos put ons uit hierdie Skrifgedeelte ? God se werk hou stand in

ewigheid. God se openbaring is sterker as die wêreld se wysheid. Die onsienlike God is magtiger as die sigbare beeld van Babel. Basies gaan die stryd altyd om die aanbidding: wie is God en word as God geëer " God of Nebukadnesar, Christus of die Antichris ? Eers is die vraag: waar vind ons die openbaring? By die sterre, by vandag se wetenskap, ja of nee ? Dan kom die stryd om die heerskappy: wie sal regeer? Ten slotte: wie ontvang die priesterlike offer van dankbaarheid? Hierdie stryd bly al die eeue deur akuut. Die drie stadia bly : die stryd om die waarheid , die botsing oor die mag en die laaste en mees verbitterde stadium : die oorlog om die hart, die altaar, die offer van aanbidding. Die beslissing val in die tempel, in die kerk. Hom wat ek as God erken en aan wie ek my offers bring, sy Woord sal ek erken. Voor sy mag sal ek buig. Hierdie stryd vind sy hoogtepunt in Openbarig 13 - ons word gedwing om te kniel voor die anti-christelike staat. Want die mag van die leeuën het geen fondament sonder die priesterlike diens aan die leeuën nie.

Dan sien ons ook dat by ons die heerskappy van die Koninkryk van Christus lê in die priesterlike oorgawe van die hele lewe en hele hart. Christus het met sy Woord na ons gekom en ons met sy Woord betrek. Hy heers met sy mag oor ons, Hy is ons Koning. Ons moet as sy priesters Hom dien in letterlik alles wat ons doen. Die groot stryd word op kerkgrond gevoer en dit is die hele

aarde. Ons kan God alleen as sy priesters dien en moet ons hele lewe aan Hom offer, desnoods tot die dood toe.

Kan ons dan reken op so'n wonderlike redding soos Daniël se vriende gekry het? Nee, daar is geen rede voor nie. Niks in die Bybel belowe ons 'n redding vir ons liggaam nie. Maar die troos is dat ons weet dat God ons dwarsdeur alle sataniese geweld heen red van die oordeel van die ewige vuur. Want met die dood is nie alles verby nie. God is Heer van lewe en dood. Hy het die lewe gegee en Hy maak dooies weer lewend. Die einde is tog die verlossing omdat die dood vir God geen hindernis is nie.

Laat ons daar op hoop as ons lewe in gevaar kom. Of Hy ons dan verlos of nie, ons moet Hom dien, ons sal deur sy genade Hom dien.

Daardie lewensgevaarlike tyd kom ongetwyfeld volgens Op. 13. Babel bly groei. Aan die begin wou Babel eenheid bou rondom die beeld van 'n toring. God het daardie verenigde volk uitmekaar gedryf. Die volke is weer verenig rondom Nebukadnesar se beeld en toe het daar in die Dal Dura net een engel gekom wat die krag van God se ewige onverganklike Koninkryk gewys het. Die volke het hulle weer verenig in 'n staatkundige Verenigde Volke en in pseudo-godsdienstige verenigde "Wêreldraad van kerke", wat saambou aan die afgodsbeeld van vandag. Hoe sal dit wees as die Seun van God self kom in al sy heerlikheid en met die heerlikheid van

die Vader en die heerlikheid van alle engele in verblindende prag? Dan word vir elkeen openbaar al die krag van die ewige Koninkryk.

GOD TOON DIE ONMAG EN DIE DIERLIKHEID VAN BRULLENDE WÊRELDMAG

DANIËL 4

'N KONINKLIKE BEVEL EN UITTREKSEL UIT DIE BABELSE STAATSKOERANT.

Die eerste vers van hierdie hoofstuk is iets besonder en daarom word dit natuurlik deur baie verklaarders verwerp. Dit klink onmoontlik dat so'n magtige koning soos Nebukadnesar homself so sal verneder deur 'n derglike bevelskrif uit te vaardig. Maar omdat ons glo dat alles in die Bybel die volmaakte Woord van God is, twyfel ons nie daaraan dat hierdie hoofstuk 'n amptelike regeeringsverklaring is nie.

Omdat hierdie proklamasie in die Bybel staan, moet ons dit ook as onlosmaaklike deel van die hele Skrif sien. Daarom is daar lyne wat ons lei na Gen. 11 met die toringbou, na Jes. 13 en 14 i.v.m. die Godspraak oor Babel en oor die val van

sy koning, en Op. 13 en 17:5 maar ook Eks 15:18 "die HERE sal regeer vir ewig en altyd".

Met hierdie proklamasie wil die koning die wonders bekendmaak wat die allerhoogste God hom laat beleef het. Opvallend is

dat die groet waarmee die proklamasie begin, die karakter van 'n seënwens dra (vgl. 6:26 en Esra 4:17).

Die magtige koning bevorder God onder die skare Babiloniese afgode tot "allerhoogste" vgl. 2:47 ; 3:28,29; Ps. 95:3; 96:4 en 145:13.

DIE KONINKLIKE DROOM AS GOD SE OORDEELSAANKONDIGING EN OPROEP TOT BEKERING. DAN. 4:4-28

Uiteindelik het dit nou met Nebukadnesar baie goed begin gaan. Die onrus wat

hom in hfst. 2 so gepla het, was nou iets van die verlede. Hy kon rustig by die huis bly en hom verlustig in die vooruitgang van sy wêreldryk. Dit het baie goed gegaan en alles het daarop gewys dat sy ryk standhoudend was. Hy het rustig in sy huis gewoon en soos 'n vasgewortelde boom aan die waterkant baie blare gedra. Dis interessant dat die woord "voorspoedig" letterlik " 'n groen boom " beteken en dat die koning dus reeds in 'n beeld dink wat sy droom later sal beheers - vgl. Ps.1:3; 37:35; 52:10; 92:15; Jer. 11:16,17 en 17:8 waar dieselfde beeld gebruik word.

Wreed word sy rus versteur deur 'n Godsopenbaring in 'n droom wat die magtige mens weer doodsbang laat word. Weer word die hele spul geleerdes opgekommandeer en die droom word hierdie keer vertel . Maar weer word Babel se wysheid beskaam en moet Daniël gehaal word.

Ook in hierdie droom spreek God die koning in sy eie taal of begrippe aan. Die beeld van die boom was en is baie bekend in die Ooste. In die Babelse afgodediens is die boom gesien as die kragbron wat die lewe gee en dit bevat. Met sy wortels diep in die aarde en sy kroon in die hemel , gee hy hemelse krag aan die aardse lewe. Die boom is die lewensboom , afbeelding van die hele wêreld en blyplek van die gode. Hiermee het die heidendom iets van die paradys oorgeneem , maar dié boom van die lewe losgeruk uit die vrugbare aarde van

God se openbaring en oorgeplant in die valse aardse paradys van Satan.

As Nebukadnesar in sy droom 'n pragtige boom sien, dan dink hy onwillekeurig aan homself en sy ryk wat hy met sy eie hande gebou het. In alle opsigte was dit tog 'n duidelike tekening van homself en al sy dade. 'n Lewensgetroue selfportret. Die hele wêreld was in sy mag, het uit sy hand geeë en onder sy heerskappy verkwikkende rus gesoek - al het daardie rus vir baie mense die "ewige rus" of rus-van-die-dood beteken.

Nou moet ons egter nie vergeet nie dat Nebukadnesar geweldig baie verrig het nie. Sy werkywer was amper ongelooflik. Hy het van die stad Babel 'n wêreldwonder gemaak soos wat tot vandag toe nooit weer gesien is nie. Daar was 53 tempels vir die groot gode, 955 kleiner plekke van aanbidding en nog 384 straataltare. Behalwe tempelstad was Babel ook vol paleise, was dit soos een magtige vesting versterk en ook nog die wêreldsentrum vir kultuur, kuns en wetenskap.

In die lig daarvan kom die vraag of Nebukadnesar die kultuuroopdrag van Gen. 1:28 en 2:15 dan nie juis wonderlik mooi uitgevoer het nie? Die antwoord is egter 'n uitdruklike "NEE" want hy het die kultuuroopdrag losgeruk van God en sy gebod en van sy lewensboom. Kultuur is alleen waarlik kultuur as dit diens aan God is. Babel se kultuur is ontwortel en daarom moet die wêreldboom, die lewensboom van Babel, omgekap word.

Dat die kultuur van Babel skending van God se opdrag was, sien ons baie duidelik in vs 27 waaruit blyk dat barmhartigheid 'n begrip was wat in Babel nie tuis was nie. Teoreties was die koning beskermmer van die armes en verdruktes, in die praktyk was hy 'n wrede onderdrukker wat die verslane volke soos diere weggevoer het na plekke waar hulle nie wou wees nie en alle teësprak in strome van bloed versmoor het.

Ons het dieselfde gesien in die teorie en praktyk van die Nazis en in die kommunisme. Die Babiloniese kultuur was al die eeue deur 'n genadelose handeldryf met mense tot vandag toe. Hulle liggame en siele tel absoluut niks nie. Ons het dit gesien in Kambodja waar een uit elke agt inwoners geoffer is op die altaar van die Kommunisme en hoe gaan dit vandag nie in Suid Amerika en in Asiatiese lande ? En wat van nader tuis op ons vasteland ? Die valse wêreldkerk offer op dieselfde altaar. Die Babiloniese kultuur is fundamenteel onmenslik en dierlik. Die Dier veg dierlik teen die mens . Daarom het Babel die onderspit gedelf en sal die Babiloniese kultuur van hierdie laaste dae reddeloos te gronde gaan weens die oortreding van die wet van God wat eis om Hom lief te hê en jou naaste soos jouself.

Nebukadnesar is verskrik deur die droom en het besef dat dit net onheil vir hom voorspel. Ondanks dit alles wou hy God nie erken nie, want Daniël word uitdruklik

Beltsasar genoem "na die naam van my god". Tog is dit juis weer Daniël wat duidelikheid oor die droom kan gee. Breedvoerig en noukeurig - dit staan tog in God se Woord!- het die koning die droom vertel. Dit is opvallend dat van sewe tydperke gesprek word. Dit is 'n lang tydperk en daarom kan ons moontlik aan sewe jaar dink as die tyd waarin die mens 'n dierehart sal hê.

Die getal sewe wys in die Skrif op volheid en totaliteit; dit is 'n heilige getal. Die sewende dag is die dag van die HERE, die sewende jaar is die Sabbatsjaar, die groot feeste duur sewe dae lank. As iets sewe keer gedoen is , is dit volledig uitgevoer vgl.Gen 4:15; Matt 18:21; Lev 26:18,21,24,28; Ps 79:12; Spr 6:31, 24:16.

Die engel het vir ander engele bevel gegee dat die boom omgekap moes word. Dit was hulle diepste wil en verlange dat die mens 'n dierehart moes kry. Natuurlik is dit eerstens die wil van God en begeer die engele niks anders nie as om die wil van God te doen nie.

Ons sien hier iets van die engele en hulle doen en late. God se besluit is dus aan al die heiliges bekendgemaak en die hele hemel is betrokke by die stryd teen die voorloper van die groot Babel van die eindtyd. As soveel eeue gelede die hele hemel al daarvoor in beroering gekom het, hoe sal dit dan wees as die Here regmaak vir die ewige vernedering van die laaste Babel?

Daniël was so geskok en ontsteld deur die Godsopenbaring, dat hy met stomheid geslaan was. Die koning het gedink dat hy bang was vir die koning se berugte toorn, maar sy stomheid was uit vrees vir die toorn van God. Daniël het die heerser innig jammer gekry. Het Jesus dan nie gehuil oor die afgryse lot wat Jerusalem sou tref nie? Lees ons nie in Op 8 dat die hemel rou bedryf en die vreugdeliedere verstom by die sien van God se oordele nie ?

Volgens Oosterse gewoonte herhaal Daniël noukeurig wat hy gehoor het en dan sê hy reguit: " daardie boom is u , o koning" Geen omhaal van woorde nie, geen versuikerde pil nie, geen geheime orakeltaal soos die heidense priesters gebruik nie, net die naakte Goddelike waarheid. Maar nie net dit nie want daarby kom gelowig-priesterlike kommentaar.

Die koning wat homself as die almagtige beskou sal uit die gemeenskap van die mense verstoot word . Maar - en dit is altyd deel van God se oordeelsaankondiging - deur bekering sal God genadig wees en die oordeel wegkeer (vgl. Jer 18:8 en Eseg 18:23).

Die banneling, kind van die verdrukke en vertrapte verbondsvolk, verheug hom nie in die onheilslot van die wrede diktator nie. In hom hoor ons al iets van wat Jesus ons later sou leer oor liefde vir die vyand vgl. Matt 5:44. Ons noem ons self so graag christene en wil ons so graag beywer vir behoud van die sogenaamde

'christelike beskawing' - maar as mens kyk na die manier waarop oor en met politieke andersdenkendes gepraat word, dan moet daar nog baie van Jesus se wil geleer word.

Daniël wek die koning op om met sy sondes te breek deur geregtigheid en genade te bewys aan die ellendiges en dan sal daar verlenging van sy rus wees. Maar na verloop van tyd was daar pleks van bekering eerder verharding, totdat volgens God se maatstaf, na twaalf maande die uiterste bereik is.

GOD SE OORDEELSVOLTREKKING- HOOGMOED KOM TOT 'N VAL DAN. 4 : 29 - 33

Op 'n dag het die tevrede koning op die plat dak van sy paleis rondgeloopt en homself gelukkig gewens oor die magtige dinge wat hy in sy eie krag gedoen het. Skaars het hy begin of 'n stem uit die hemel kondig die voltrekking van die aangekondigde oordeel aan. Onmiddellik val die met roembelaaide man van sy hoogste aardse troon tot die laagste dierlike vlak en storm hy die koninklike tuine in om soos 'n bees gras te eet en in vervuiling te verval. Geen Babelse wysheid of beswering kon hom help nie. Uitgestoot het hy soos 'n wilde dier buitekant die beskawing eensaam sy dae en nagte geslyt, geteister deur wind en weer, deur vlieë en insekte, brandende son en yskoue winter nagte.

Dit het oorgebly van hom van wie gesê is dat God aan hom "die koningskap , die krag en sterkte en eer verleen het, en in wie se hand Hy die hele bewoonde wêreld, die mense, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het - u is die hoof van goud"2:37. So het die mens geword wat soos God wou wees , en so sal die mens word wat die wetenskap en tegniek sy god wil maak -soos 'n dier... Soos 'n kranksinnige sal hy in dierlike wellus bloed vergiet en brullend verwoes, maar die duiwelse mag sal nie groter word as wat God sal toelaat nie, en dan sal hy buig en bars want alleen die mag van God is onoorwinbaar.

Wat die hoogmoed van koning Nebukadnesar betref, moet ons ons tog nooit verbeel dat dit net 'n koninklike sonde is nie. Die Bybel staan vol waarskuwings vir elkeen van ons, dat ons ons nie moet verhef nie. "Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val" Spr 16:18. Ag, eintlik is die Spreukeboek vol oor die dwaasheid van die mense teenoor die volmaakte wysheid van God. Die profete sê dieselfde: "Die hoogmoediges sal tot 'n val kom, die selfversekerdes sal verneder word" Jes 2:11. Jesus sê : "Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word" Matt 23:12 Ook die apostels waarsku: "Almal moet teenoor mekaar nederig wees en

mekaar help.."1Petr5:5 Hoogmoed is by uitstek ook 'n kerksonde. Juis die kerk van die ou verbond het in die Babelse ballingskap gegaan weens hulle selfverheffing teenoor God. Was die verwerping van Jesus Christus deur die kerklike leiers nie ook die gevolg van hoogmoed nie? Gaan dit vandag werklik beter? Hoe baie kerklike onenigheid is vandag nie terug te voer na hoogmoed, na onversetlikheid oor sake wat hoogstens middelmatig is nie? Hoe dikwels word hoogmoedig gepraat oor mense wat nie eintlik goed in die eie-kerk kan inpas nie omdat hulle nie van geboorte af in die eie-kerk was nie. En dit geld oor die hele breë spektrum van "goed-gereformeerde" tot "ware-pinkstermense". Dit is sonde. Dieselfde geld die gespog oor eie vroomheid. Daar word ook so maklik in hoogmoed verval as ons aan tafel sit en die voedsel sien staan wat deur ons werk verdien is. Daar word gespog oor besittings wat deur eie inspanning bymekaar gemaak is, oor die kennis wat verwerf is. En selfs al is daar niks waaroor gespog kan word nie, dan word gedweep met liggaamsbou, klere, haarstyle, naellak of blink motors. Ook op die leegheid van gees. Dit is vir enige gewone mens iets om van na te word. Maar wat baie belangriker is, God vertoon Hom ontsettend daarvoor en laat ons daardeur al hoe meer tot 'n verskriklike val kom.

Hoe kan iemand wat sê dat hy glo, ooit enige iets van God losmaak? Hy skenk

ons tog alles wat ons is en het uit vrye genade. Deur die hoogmoed -julle sal soos God wees -het die sondeval gekom en deur die begeerte na selfvergoddeliking het die selfverdieerliking gekom. Die mens wat sy eie god wou wees het verdierlik en leef net vir die gras van die wêreld wat verbygaan. Hy ken nie meer iets hoërs nie en het ook geen behoefte daaraan nie. Die god van vandag word wetenskap genoem en hy moet vir alles sorg.

Maar by die Babelse wetenskap is geen verlossing te kry nie. Sonder God gaan die mens nie alleen verlore nie, maar is hy al klaar reddeloos verlore. Die verwetenskaplike en vertegniseerde Babel ken geen barmhartigheid nie. Die mens is slegs 'n dooie nommer en gebruiksartikel wat op 'n wetenskaplike-bepaalde tyd sy tyd gehad het, uitgedien is en plek moet maak vir die volgende menslike produk wat, weens 'n onbeplande menslike fout of swakheid, op hierdie oorbevolkte aarde tereggekome het. Die mense wat dit wil waag om teen hierdie moderne redenasie in te gaan met die Woord van God, die Blye Boodschap, is versteurders van die Babelse rus, vrede en kultuur en moet uit die weg geruim word. Babel bied geen opening, geen ewige lewe, geen kultuur wat die tyd kan oorleef nie. Babel bied geen troos nie want hy ken nie die geheim van die lewensboom nie.

Wat Babel nie kon gee nie, gee die Jerusalem van God die Almagtige. Daar is 'n nuwe kultuur, vasmagte aan die diens van God die Almagtige. Hierdie nuwe Jerusalem is die teëbeeld van Babel en dit kom alleen omdat die teëbeeld van die hoogmoedige Nebukadnesar die gestalte van 'n diensknege aangeneem het. Jesus Christus het gekom en Hy het Hom verneder tot die vloekhout Fil 2:5-11. Buig u dan voor Hom .

Nebukadnesar het 'n hemelse stem hoor sê: " jy word uit jou koningskap onthef ". Jesus het hemelse stemme hoor sê: " die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof " Op 5:12, vgl. Matt 28:18.

GOD SE BARMHARTIGHEID

DAN 4 : 34 - 37

Sodra die tyd verby was wat deur God bepaal was, gaan ook die res van God se geopenbaarde Woord in vervulling. Nebukadnesar het sy oë opgeslaan na die hemel en so God erken en ook sy eie neerlaag. Onmiddellik kry hy sy volle verstand terug en haal God uit hierdie vernederde lof vir Hom. Die herstelde koning prys die God wat vir hom te magtig is en bely Sy Koningskap wat van geslag tot geslag is.

Maar in sy hele lofprijsing en in die hele proklamasie vind ons geen woord oor God se genade en barmhartigheid nie,

nog minder 'n skuldbelydenis of sondekennis in die lig van God se wet nie. Slegs as iemand wat verslaan is erken Nebukadnesar Hom wat sterker as hyself is. Hy is nie gebreek deur God se genadegeweld nie of deur sy liefde saggemaak en as boetvaardig aangeneem nie, maar hy is deur God se kragtige hand geslaan en deur die engele verskriklik verneder. God het sy erkenning soos met sambokhoue uit hom uit gemoker.

Was dit nou God se genade dat Hy hom weer as koning in sy eer herstel het? Was dit 'n beloning? Nee, van beloning is daar geen sprake nie, want hy het geen vrugte van geloof gedra nie. Hy het nog altyd vrugte aan Babel se lewensboom gesoek. Van genade kan moeilik gepraat word want sy verdere lewe het sy oordeel verswaar. Ons sien dit as God se voorsienigheid ; God het nog 'n taak vir hom gehad. As wêreldheerser moes hy openlik God se mag erken en dit aan die hele wêreld bekend maak. God het hierdie heiden in sy diens geneem om sy Woord oor die wêreld te laat weerklink. Alle volke moes weet dat God se koningskap ewig is.

Van die begin van die Daniëlboek af lyk dit asof God aan die verloorkant is. Die inhoud van Sy huis is na Babel gebring asook die room van die verbondsjeug en later selfs die hele volk van God - die Babelse gode het duidelik gewen. Wie van die heidene kon geweet het wat God

se bedoeling daarmee was? Omdat Israel God nie gedien en geëer het nie daarom het Hy sy volk in ballingskap laat gaan. Maar Hy heilig sy Naam Self onder die heidene. Eers gee Hy die koning 'n persoonlike openbaring, daarna moet die wêreld weet dat HY Koning is en dat sy Koningskap vol genade en verlossing is, dit verlos selfs uit die mag van die dood. Maar dit raak die hart van Nebukadnesar nie. Die derde keer openbaar God sy koningskap in verpletterende mag oor die spoggerige trotsaard en dwing Hy die mensekind tot erkenning van sy soewereine Koningsmag. Eers het Nebukadnesar saam met die verteenwoordigers van alle volke God se koningskap in sy verlossende krag gesien, nou moet hy dit self beleef én wêreldwyd verkondig in sy vernietigende krag.

God het Hom reeds in die Ou Testament as genadige en versoenende God aan die heidenvolke bekendgemaak. Maar die volke het hulle nie bekeer nie. Eers moes Christus kom om die wêreld te versoen, om verheerlik te word, om sy Gees aan mense uit alle volke te gee.

In hierdie hoofstuk is die troos dat die tyd eendag sal aanbreek dat geen mens sy mond meer sal kan hou nie, maar sal moet erken dat die HERE Here God is en dat Hy Koning is oor almal en alles. Selfs die antichris sal tandeknersend moet erken dat Hy magtig is om sy volk te verlos. Selfs die goddeloses sal Hom dien, al is dit vir hulle wat verlore gaan nie 'n belydenis tot saligheid nie. Dit gee

ons vandag ook die geweldige roeping om die wêreld te laat weet watter ontsettende oordeel oor hulle kom. Ons moet dit uitbasuin sodat hulle tot bekering mag kom. Hoe min word dit tog nog gedoen. Watter respek behoort ons te hê vir 'n man soos Cliff Richard wat as bekeerde uit die blanke heidendom openlik in sy werk sy geloof uitjubel - al is daar altyd plek vir verskil van smaak wat sy tipe musiek betref, is daar 'n groot waarheid in sy liedjie met die strekking van: waarom moet die duiwel al die mooi musiek besit?

Ons roeping is om met altwee voete in die wêreld te staan, maar om nie van die wêreld te wees nie. Daarom moet ons nie hoogmoedig alles wat vir ons vreemd is veroordeel nie en ons nie uit die wêreld terugtrek in die glashuis van die "alleen-ware" en "alleen-saligmakende" gewoontes van my kerk nie. Ons is so vrygewig met kritiek op die "Gospel-songs" en die sing van "geestelike liedere"- glad nie altyd ten onregte nie- maar wat kom van ons kerksang tereg om nie eers te dink aan sang buitekant die kerk nie? Leef ons ons uit in die kerksang of is dit dikwels 'n erbarmlike gekerm sonder enige emosie? Of dit nou 'n klaag-, boete-, wraak- of vreugdepsalm betref daar is dikwels nie die minste verskil in gebrek aan inlewing nie. Hoe jaloers kan 'n mens soms word oor die singende geloofsbelewing en -belydenis van ons broeders en susters in die swart

kerke. Om alle skuld op die psalmmelodieë te pak is volstruispolitiek. Een aspek van die doel van ons eredienste is lofprijsing aan God - laat ons ons allereers maar afvra of dit by onself tot sy reg kom.

Die doel van die hele wêreldgeskiedenis is die lofprijsing aan God. Daardie doel sal bereik word. Elke knie sal eendag buig en in die Naam van Jesus sal elke tong Jesus as Here bely tot eer van God die Vader. Onwankelbaar seker sal God se Koningsheerskappy tot in alle ewigheid bestaan.

BELSASAR SE FEES IS DIE LAASTE DRUPPEL

DANIËL 5

DIE FEES VAN BELSASAR

Dan. 5 :1 - 4

Dit is 31 Oktober 539 voor Christus. In die magtige wêreldstad Babel, grootse monument van die lankal oorlede Nebukadnesar, heers 'n noodtoestand. Drie maande lank al was die grootste deel van die stad deur die Perse verower en net ses dae tevore het koning Kores hom as nuwe koning van Babel in die hooftempel laat kroon.

Die kroningsfeeste was verby maar in die laaste vesting van die Chaldeeuse koning is nou ook feesgevier. Ons kan dit sien as die afskeidsfees van die tot ondergang gedoemde wêreldryk.

Koning Belsasar het trouens geen verskoning nodig gehad om fees te vier nie, dit was maar deel van die ligsinnige hoflewe. 'n Duisend hoogwaardigheidsbeksleërs lê in die groot saal van 52 meter by 17 meter op lae rusbanke by tafels wat kraak onder die gewig van alle denkbare soorte voedsel en vrugte. Die talryke olievlam

metjies demp die skreeuend-helder kleure van die reusagtige leeus en blomme wat die mure versier. In stryd met die gewoonte sit die koning op 'n koninklike plek, nie alleen in sy

afgesonderde plek nie maar nou saam met die elite en die talle hofslavinne en feesvier. Die swaard wat bokant almal se koppe hang verhoog die intimiteit. Dit laat 'n mens dink aan Dante se tekening van die hel. Hier is dit ook 'n helse atmosfeer : eet, drink, wees vrolik want môre sterf ons. Hulle het nog eerder gesterf as wat hulle verwag het.

As koning Belsasar op hierdie ligsinnige fees van vertwyfeling die begeerde oormoed en vrolikheid deur die beneweling van die wyn gekry het, soek hy iets anders om die fees mee op te vrolik. Niks raak so gou vervelig nie as dronkenskap met sy sedeloosheid en heiligskending en alle liederlikheid wat daarmee gepaard gaan nie. Sodra die koning dit bemerk voeg hy 'n ander item op die feesprogram by. Iets wat absoluut ongekend was in die hele heidense wêreld. 'n Deel van die tempelskatte uit Jerusalem was in die vesting bewaar en nou laat die koning die drinkbekers haal om daaruit te drink tot eer van hulle swetterjoel gode wat die verdedigers so lieflik in die steek gelaat het.

Wat 'n sensasie moes dit tydens die fees wees! Selfs die heidene het so'n daad as die grofste heiligskennis beskou want die gode van die verslane volke is ook geëer. Babel was geweldig ekumenies. Alle gode en godsdienste is erken en dieselfde sien ons vandag in die babiloniese Wêreldraad van kerke.

Wat 'n duiwelse oormoed om die lewende God op die ergste manier te verneder en uit te tart! Wat 'n helse bespotting om in die doodssnikke en doodsworsteling van die ryk haat teen God te braak!

God se lankmoedigheid of geduld wat reeds so deur Nebukadnesar beproef was, is geen slapheid nie. Hy is stadig om kwaad te word. Maar nou is die maat van ongeregtigheid vol - so was dit by die Amorieite (Gen 15:16), by Babel, by Israel (Matt 21:43) en so sal dit ook in die laaste dae wees (Op 18).

DIE SKRIF AAN DIE

MUUR

DAN 5 : 5 - 12

Aan die unieke Godslasterlike vergryp kom 'n onverwagte ewe unieke einde. God voeg nou sy item by die feesprogram. Plotseling verskyn daar 'n hand wat duidelik op die wit kalkmuur skryf. Die dronk spul word tot nugterheid geruk en gaap die wonder aan. Die hooghartige spotterkoning word 'n nietige bang mensie voor die mag van God-want die mag moes hy aangevoel het, anders sou hy nie so doodsbenuoud geraak het nie. Die bewende koning laat onmiddellik al die wyse manne kom om uit te lê wat die tekens op die muur beteken. Maar selfs die wildste beloftes van geskenke en eer kon die wyses geen openbaringslig laat kry nie. Die koning

was spierwit en almal doodsbang en verward. Dit was 'n hele spektakel en dit net oor een nietige geluidlose openbaring uit die hemel! Hoe sal dit wees as die Seun van die mens weer kom en die kragte van die hemelruim ontwig sal word en die aarde wankel?

Die angstige spanning kry ietwat van 'n uitlaatklep met die binnekoms van die koningin. Sy was waarskynlik die moeder van die koning en die dogter van Nebukadnesar. Sy weet nog van die optrede van Daniël, maar die koning wat so 35 - 40 jaar oud moes gewees het Daniël blykbaar nooit geken nie. Die koningin kalmeer die koning deur te sê dat daar tog 'n man is wat met Goddelike wysheid begiftig is en onoplosbare legkaartprobleme kan ontrafel en oplos.

Weer kon Babel se wysheid geen oplossing gee nie. Hulle kon selfs nie eers die skrif lees nie, hoe kon hulle dan met 'n verklaring kan kom? Vandag is dit nog so. Ons bely dat die hele skepping, onderhouding en regering gesien kan word as 'n groot boek van God se werk. In hierdie wonderlike boek sien ons alle skepsels as groot en klein letters. Daarin sien ons iets van die onsienlike dinge van God, sy ewige krag en Goddelike voorsienigheid wat genoeg is om die mense te oortuig en alle verontskuldiging van die ongelowige weg te neem.

Daardie letters is orals en elkeen behoort dit te weet. Tog bly dit geheimskrif vir elkeen wat dit in eie krag wil ontsyfer. Alleen die profetiese Woord kan die

raaisel oplos. Die ernstige waarskuwing in die skrif-teen-die-muur van die lewe van vandag kan alleen verstaan word deur Christus se gemeente wat deur die bril van die Skrif met oop oë kyk en werk.

DIE AANKLAG IN DIE GEHEIMSKRIF

DAN 5 : 13 - 23

Die laaste 32 jaar het die profeet Daniël die lot van so baie profete ondergaan - hy was vergete en uitgeskakel. Paulus se woord aan die Romeine dat in ongeregtheid die waarheid deur die mense onderdruk word (1:18), word dikwels in die Skrif bewaarheid. Profete en die profetiese Woord is onnodig, die mens wil self verklarings uitwerk oor dit wat vir hom te wonderlik is.

As Daniël weer 'n keer in die vir hom so bekende troonsaal kom, verbaas die koning hom deur nie met die gebruikelike breedsprakigheid te kom nie. Deur se-nuweespanning aangejaag kom die koning sommer gou by die punt. Daniël moet nou gou die knope van die verbysterende raaisel losmaak en daarvoor sal hy ruimskoots vergoed word. Watter bittere ironie in hierdie sterwensoomblikke van die Babiloniese ryk wat laat terugdink aan dieselfde bisarre optrede in die doodssnikke van die bloeddorstige Derde Ryk.

Daniël weier om gelykgestel te word met heidense profete en wys die profeteloon af. Hy begin sy rede nie onmiddellik met verklaring en uitleg nie, maar wys eers

op God se werk met die koning se voorvader Nebukadnesar.

Voor die profeet is daar die koning, sy vrouens, die magtiges - 'n duisendtallige gehoor. Op die tafels staan die bekere van die Here God, geroof uit sy tempel en ontheilig deur die godslasterlike bende. En daarbo aan die muur God se geheimskrif. Nou moet Daniël preek want God se tekens sê niks sonder die verklarende Woord nie. So is vandag ook die tekens van doop en nagmaal nie verstaanbaar sonder die Woordverkondiging nie.

Daniël se preek is 'n herinnering aan Nebukadnesar se geweldige mag wat God hom gegee het - in vlymskerp kontras met Belsasar se posisie. Maar Nebukadnesar het homself verhef en verhard teen die Allerhoogste. God het hom tot die grond verneder. Belsasar weet dit alles. Hy weet ook dat God sy voorganger eers weer mag gegee het toe hy God as Allerhoogste erken het. Maar Belsasar het ondanks dit alles God openlik gelaster en uitgedaag.

Babel gaan altyd in teen God se plan en werk. Sy Woord word verwerp en sy Naam word gelaster. Ons sal dit op die ergste manier sien in die antichristelike ryk van die toekoms- of is ons al in die toekoms? Johannes sê dat die Dier homself godslasterlik prys en God en sy eiendom laster. Oorverdowend hoor ons daardie lastertaal vandag al. Daar word op die vuilste en vulgêrste manier stories

opgedis oor Christus se kwansuise liefdeslewe en dan word dit verfilm en op verhoë uitgebeeld. As alle sondige uitspattighede nie meer kan bevredig nie, dan moet God letterlik onteer word.

DIE VONNIS IN DIE GEHEIMSKRIF

DAN 5 : 24 - 30

Die spanning het in die saal seker tot naby breekpunt gekom toe Daniël met sy preek se toepassing die verband beklemtoon. Vlot lees hy die geheimskrif: mené, mené, tekél, ufarsin. Tog...selfs vir ons het die geheimskrif nog nie al sy geheime prysgegee nie want ons weet tot vandag toe nog nie wat die skrif presies was nie. Moontlik was dit los letters wat dan die beginletters was van 'n paar gewigsname nl. M M T P P . Vergelyk dit byvoorbeeld met ons geldwaardes R s (Rand, sent) of K g (Kilo, gram). Vir die heidense wyses het God die betekenis teruggehou. M is dan mené = 'n mina = 500 gram, T = tekél = sikkél = 8 gram , PP = ufarsin wat letterlik " en twee peréés " beteken en waarmee aangedui word : twee keer die helfte van die vorige genoemde sikkél. Letterlik het Daniël dus gelees: een mina, een sikkél en twee keer die helfte van 'n sikkél.

Selfs hiermee kon die druiptert feesgenote nie veel doen nie. Van belang is nou die "uitleg"- 'n woord wat dikwels in die boek Daniël voorkom. Uitleg beteken hier nie 'n redelike, logiese verklaring nie, maar die onthulling

van iets wat verberg is. Die Oosterling hou daarvan, sommer baie. In Aramees is hierdie gewigsname geen selfstandige naamwoorde nie, maar werkwoords-vorme en lees dan as : getel, getel, geweeg en in twee gebreek.

Nou kan Daniël die betekenis uitleg:

Mené : God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak.

Tekél : u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind

Twee Peréés: u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee (Peréés kan ook gesien word as 'n woordspeling op die Perse).

Die koning is geweeg en in God se oë te lig gevind net soos sy ryk wat in stukke gebreek word.

En die reaksie van die koning en sy elite-onderdane? Almal stem volmondig saam dat Daniël 'n besondere wyse man is - by hom kry jy waarde vir jou geld. Daniël kry dan ook die beloofde geskenke en eerbewyse ... en so is nog 'n item verby, al was dit ook 'n onverwagte en tog sensasionele item. Die feesprogram kon verder gaan.. Die Jood se skerp woorde teenoor hulle afgode en die verkondiging van God se wraak het geen indruk gemaak nie - waarskynlik net so min as wanneer 'n Mohammedaan ons sou dreig met Allah se toorn omdat ons christene bly.

Daniël sien dus verering van homself pleks van bekering tot God. Die fees gaan gewoonweg verder - maar God gaan ook verder met sy werk. Dieselfde

nag nog is die vonnis oor die koning en sy ryk voltrek. Met die koning het die Chaldeeuse koningshuis sy einde gevind. Die hoof - van - goud is verbrysel deur die klip. Slegs ses eeue later was van die magtigste en mooiste stad van die hele wêreld niks meer oor nie. Net 'n verlate woestyn waar alleen duiwels en wilde diere gevind sou word.

Babel was onvergelykbaar magtiger as die kerk wat in ballingskap was. Maar as die Babelse wêreld in duiwelse oormoed alles wat heilig is, vertrap en skend dan kom die einde. Die Allerhoogste God oorwin en die kerk bly voortbestaan.

Die ondergang van Babel is 'n voorbeeld en profesie van die val van die groot Babilon. Die Lam van God sal die vonnis van God uitvoer oor die afskuwelike Dier van die eindtyd. Dan sal ook gehoor word deur Babel en elkeen wat daar tuis is: getel, getel, geweeg en te lig bevind.

Ons sien orals die omtrekke van Babel dreigend-donker aan die horison opdoem en die wat in Babel tuis is, sien geen toekoms meer nie en gee hulle daarom oor aan die uitlewing van ongebreidelde hartstogte in die lewensstyl van "eet, drink en wees vrolik want môre sterf ons tog".

Maar ons weet dat God die mure en poorte van die Nuwe Jerusalem bou en daar het Hy ook 'n ewige feesmaal waar Hy ons nuwe wyn gee in sy ewige Koninkryk.

Die kerk weet dat die antichristelike mag nooit sal oorwin nie. Maar ons moet ons heilig hou terwyl ons ons Godgegewe taak op aarde uitvoer. Daniël was op Belsasar se fees. Hy het nie saam feesgevier nie maar fier die Woord verkondig. Vir ons is daar niks anders om te doen nie. Wie sal ooit met 'n nagmaalbeker, as teken van die heilige nagmaal na 'n dans of kroeg gaan? Maar hoe kan die teken van die heilige doop daar dan wel kom?

Moet ons dan spelbrekers wees? Eintlik juis die teenoorgestelde. In die plek van skreeuende skynvreugde bring ons blymoedig die Blye Boodskap van die versoeningswerk van Jesus Christus. Wat 'n fees kan ons nou al in beginsel vier en later in volmaaktheid!

God se werk eindig nie met 'n afgryslieke dreunende katastrofiese ondergang van die wêreld nie, maar met 'n nuwe wêreld waar daar ewig fees sal wees - so heerlijk dat ons dit nooit sal kan beskryf nie (vgl. Op 21 en 22).

GOD EIS SY EER OP

- DANIEL 6 -

GEHEILIGDE LEWENSWANDEL VEROORSAAK ONHEILIGE HAAT

DAN 6 : 1 - 10

Dit lyk asof daar in Babel niks verander het nadat die Perse die mag oorgeneem het nie. Die handel was nog altyd lewendig en is wêreldwyd vanuit Babel bestuur. Die nuwe koning Kores laat Babel vir die volgende twee jaar nog die koningstad wees, met bestuursmag oor 'n groot gebied. Die priesters is ondertussen in hulle noppies oor die groot geskenke wat die tempel ontvang het.

Tog was alles maar net skyn, want God het Babel vir die sloper gegee sodat die "koningin van die aarde" 'n stadige maar sekere dood sou sterf om begrawe te word onder die woestynsand wat God deur sy winde laat kom het.

Die nuwe koning wat deur Kores aangestel is, was Darius. Vir daardie tyd was hy al bejaard toe hy koning geword het. Hy was blykbaar 'n sterk militêre man maar ook 'n bekwame organiseerder. Onmiddellik re-organiseer hy die staatsdiens en veral die Departement van Binnelandse Inkomste. Die land word in 120 belastingdistrikte opgedeel met 'n streekdirekteur oor elke distrik en hulle was verantwoordelik aan die ministers waarvan Daniël een was. God het vir Daniël nog 'n taak gehad.

In 'n uiters korrupte oosterse lewe het Daniël ver bo al die ander uitgestyg in eerlike vakbekwaamheid. Die tagtigjarige grysaard het geweet dat godsdiens van geen aspek van die lewe losgemaak kan word nie. Alles wat gedoen word is diens aan God of aan 'n afgod. Weens sy getroue werk wil koning Darius hom graag aanstel as tweede in mag oor die hele koninkryk. Natuurlik het van die ander amptenare niks van daardie aanstelling gehou nie.

Sodra dit met 'n gelowige in die oë van die wêreld goed gaan, jaag dit die woede van die duivel en sy helse magte op en kom die ryk van die duisternis met alle mag en krag in beweging. As daar lewe in die kerk kom, begin Satan sy dodelike aktiwiteite ook in hoogste rat kry. Ons sien dit vandag netsoos so baie eeue gelede.

Watter getuigskrif moes die magtiges van die aarde oor die profeet lewer? Daar was absoluut niks waaroor hy aangekla kon word nie! Die enigste uitweg was om hom voor 'n duiwelse gewetenskaplik te plaas. Hy moes kies tussen gehoorsaamheid aan sy koning of aan sy God.

DIE LOON VAN EIE LIEFDE

Die duiwelse plan word vooraf baie goed gesmee. Daar word besluit om in die vorm van 'n huldebetoning hulle eerbied en liefde aan die vors te betoon en sy egoïsme te streek met die versoek dat alle godsdienstige bedrywighede in die land vir 'n maand lank net om die koning sou draai. Geen smeekgebed mag tot enige god opgestuur word nie en geen orakelpriester mag geraadpleeg word oor die toekoms en dergelike nie. Al die regeringsamptenare het saamgespeel - en waarskynlik is die leiers van die priesters ook geraadpleeg.

As hierdie uitgelese skare mense dan met oosterse luiddrugtigheid die koning bestorm en vlei, swig Darius vir die helse versoeking. Egoïsme en selfsug veroorsaak die sameswering, egoïsme laat die koning die bevel uitreik. Later in die Skrif sien ons dat die selfsug van die Joodse owerpriesters deur middel van Pilatus gesorg het dat Jesus simbolies "voor die leeus gegooi is" met sy kruisiging.

Maar wat is die resultaat van egoïsme in hierdie verhaal? Darius het skaars geswig of hy is die gevangene van sy eie woorde en kan niks doen om sy eie bevel te herroep nie. Die samesweerders het egter net een nag genot gehad van hulle selfsug. Die volgende oggend is hulle met hulle gesinne deur die leeus opgevrete.

Die Joodse owerpriesters wou ook hulle posisie en die eer van die volk handhaaf, maar in die proses het altwee verlore gegaan omdat die selfsug geopenbaar is in die haat teen Jesus Christus.

Selfsug lei na die dood. Alleen in liefde vir God en die naaste kan die lewe gevind word.

OOP VENSTERS

DAN 6:11,12

In die Skrif word Daniël vir ons geteken as 'n gebedsman, 'n voorbidder vir sy volk en vir die uitbreiding van God se Koninkryk (vgl. Eseg 14:14;20). Die magtiges van die wêreld wou Daniël uit die pad uit hê deur hom in onguns te bring by of sy God of sy koning. Maar God regeer.

Nadat Daniël verneem het van die beveldskrif, het hy huis toe gegaan en gedoen wat hy altyd gewoon was om te doen: hy het drie keer per dag na sy bo-ka-mer gegaan en daar met die gesig na Jerusalem gebid en God geloof. Sy vaste gebedspraktyk is volgens Ps 55 : 18 ook deur ander gevolg (vgl. Luk 22 : 41). Die bo-kamer was 'n kamer wat bo op die platdak gebou was (vgl. 1Kon 17:19; 2Kon 1:2; Hand 1:13 en 10:9). Omdat die vensters oop was kon die bidder natuurlik duidelik gesien word deur mense wat dit opsetlik wou sien.

Was dit nou uitdagend van Daniël om tog weer voor die oop venster te bid , was dit 'n demonstrasie van sy vroomheid? Nee, dit getuig selfs nie in die eerste plek van 'n soort geloofsheldemoed nie, maar eerder van gehoorsaamheid aan die bevele van die troue Verbondsgod, die almagtige Koning. Hier is gelowige volharding in dit wat reg is en die oop vensters wat na Jerusalem wys, hoort daarby.

Koning Salomo het by die inwyding van die tempel rekening gehou met die situasie waarin Daniël nou gekom het. In 1 Kon 8 : 46 e.v. lees ons dit in so roerende woorde " As u volk teen U sondig , want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan 'n vyand oorgee, sodat hulle as gevangenes weggevoer word na die vyand se land toe, ver of naby, en hulle daar in die land waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle vangenskap smekend aanroep: "ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig" en hulle dan tot U wend met hart en siel in die land van hulle vyande wat hulle gevange hou, *en hulle bid tot U in die rigting van hulle land wat U aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat deur U gekies is en die tempel wat ek vir U Naam gebou het* , luister tog uit die hemel, uit U woonplek, na hulle gebed en smeking en neem hulle straf weg, en vergeef U volk wat teen U gesondig het...."

Die ou profeet wat eeue na koning Salomo leef, gehoorsaam die oproep van die bouer van die tempel. Daardie pragtige tempel is nou wel verwoes en afgebrand, maar dit verhinder nie die gebed nie, want God woon tog in die hemel, Sy vaste woonplek. Die gebed in die rigting van land, stad en tempel is 'n beroep op die God van die uitverkiesing, belofte en trou. Soos ons mag en moet bid met 'n beroep op alles wat God in Sy Seun Jesus Christus vir ons gedoen het.

Om te bid in die rigting van Jerusalem , is ook 'n erkenning dat gebedsverhoring nie lê in die vroomheid van die bidder nie, maar alleen in God se heilsweldade. Die gebed voor die oop venster is 'n belydenis van die geloof dat daar tog nog verwagting is; land, stad en tempel is nie vir altyd afgeskryf nie. Die gebed hou God se beloftes vas. Maar ons kan tog ook in hierdie gebed sien die gehoorsaamheid van voorbidding vir die mag wat oor ons gestel is (vgl. 1 Tim 2 : 1,2) Die bejaarde profeet-staatsman het sonder verskonings voor die koning gekom. Die grys profeet het openlik die Naam van God verkondig in die seker wete dat God die mag het om land, stad, tempel en volk weer saam te bring en in hierdie Godsvertroue is geen plek vir angste vir 'n koning wat beveel en ...self verstrik raak in die mag van sy eie woord nie.

'N OOP HEMEL MAAR TOE LEEUBEKKE

DAN. 3 : 13 - 23

Vol onheilige vreugde haas die korrupte politici hulle na die koning om Daniël aan te kla, nadat hulle die koning op 'n slinkse manier laat herhaal het dat die bevel onherroepelik is. Dit is opvallend dat hulle Daniël net as die Joodse banneling aandui - lid van 'n veragte volk - en dat hy die koning se bevel oortree het, nou ja wat kan 'n mens nou anders verwag van 'n uitlanderslaaf?

Darius besef nou die ontsettend gemene spel van sy amptenare en doen sy uiterste bes om Daniël te red. Watter kontras met Nebukadnesaar! Maar na die hele dag se gespook om 'n uitkoms vir Daniël te kry, kom die samesweerders hom herinner aan die wetlik vasgelegde tradisie dat die koning se bevel nie verander mag word nie.

Darius se geweldig simpatieke houding teenoor Daniël is opvallend. Maar met die hartlikste woorde: "Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos" moet hy sy onmag erken en Daniël in die leeu kuil laat gooi. Die normale toegang word amptelik verseël, die "maghebbers" wil geen kans waag nie, netsoos later by 'n graf.

Die leeu kuil was waarskynlik 'n ondergrondse put of kamer. Die vorm was iets soos 'n omgekeerde tregter en die opening was bedoel om mense of ander prooi deur te gooi. Dit kon dan met 'n groot klip toegemaak word. Die klip is dan in hierdie geval met die seëlringe van die koning en die maghebbers verseël sodat altwee partye sekerheid gekry het dat dit nie in die geheim oopgemaak kon word nie. In die kuil se symuur was daar gewoonlik 'n ingang vir die wilde diere wat daar naby ingehok was.

Die bedroë koning kon van frustrasie, selfverwyrt en ontevredenheid nie slaap nie. Daar was niks wat die lewensgenieter kon bekoor nie. Vroegdag was hy al by die kuil om daar die bewys te vind dat God die Lewende God is. God het 'n engel gestuur om die bekke van die leeus te sluit sodat niemand sou dink dat Daniël 'n goeie leeutemmer was nie, maar dat dit duidelik 'n wonder van God was. In Hebr 11 : 33 word oor Daniël geskryf want in sy geval is deur die geloof die bekke van leeus toegestop.

Onwillekeurig kom die vraag dan op of ons in die geloof ook soos Daniël moet maak. Hoe dikwels word op skool na die "bybelstorie" die kinders opgewek om ook klein Daniëltjies of Samueltjies of Mariatjies en so meer te wees. Maar dit is eenvoudig onmoontlik en ontoelaatbaar. Ons kan en sal nooit presies dit beleef wat die Bybel-figure beleef het nie. Ons het bowendien nie die reg om Bybelfigure uit hulle bepaalde plek in die heilsgeskiedenis te haal nie. Daniël het 'n besondere plek gehad in God se raadsplan wat vir geen ander mens ooit bedoel is nie. Hy was in 'n hoë pos soos syne ook die enigste wat 'n openbare gebed kon opstuur, en God het hom spesiaal gebruik by daardie gebeurtenisse.

Ons kan ons vandag nie beroep op Daniël se gebede wat verhoor is, as 'n voorbeeld wat nagevolg moet word om die krag van die gebed te bewys nie. Hoe ontelbaar baie diep gelowige mense is na eerbiedige en dringende gebede op brandstapels, in konsentrasiekampe en op watter afgryslike manier ook al as slagskape van Christus vermoor. Hier pas dit ons ook om net te bid: laat U wil geskied. Dwarsdeur die geskiedenis was die bloed van die martelare die voedingsbodem vir die kerk.

OPENLIKE LOF AAN DIE LEWENDE GOD WAT EWIG KONING IS

DAN 6 : 24 - 29

Die oorweldig blye koning verspil geen tyd om die swaar steen weg te rol nie, hy laat Daniël sommer deur die luik optrek. Daarna word die oorspronklike samesweerders volgens Persiese reg met hulle gesinne in die leeu kuil gegooi weens hulle valse aanklagte.

In volkome teenstelling met die bevel wat op so'n slinkse manier van die koning gekry is, vaardig die koning nou 'n ander bevel uit wat nou van homself uitgaan . Dwarsdeur die koning se magsgebied word amptelik die mag en grootheid en heerlikheid van God verkondig.

In die laaste vers lees ons dat Daniël voorspoedig was, ook onder die regering van Kores die Pers. Dit is juis hierdie koning Kores wat gesorg het dat die grootheid en heerlikheid en mag van God weer in en by sy heiligdom , deur sy volk gevier en ge-eer kon word. Kores, die knecht van die Here (Jes. 45), het die ballinge die vryheid teruggegee met die doel en opdrag om die tempel in Jerusalem te herbou. Ons lees tog in 2 Kron 36:23 : " Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. HY het my beveel om vir Hom 'n tempel in Jerusalem in Juda te bou. Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort, kan teruggaan, en mag die Here sy God by hom wees".

Die mag van Babel was verbreek, maar God se Koningskap het gebly en het ook oor die nuwe heersers geheers.... God laat sy volk teruggaan met die tempelskatte sodat sy Naam in Sion aangeroept kon word.

In 'n uiters verwarde wêreld wat met haat en nyd teenoor gelowiges vervul is en terwyl geloofsvryheid in so baie lande verbied word, kan ons elke Sondag in ons bedehuis saamkom tot lof van God en stigting van onself en ons naaste. Daar is baie rede en dringende behoefte vir voorbede vir ons owerheid en almal wat oor ons gestel is, maar

ook netsoveel rede om te bid vir die owerhede wat ons broeders en susters terwille van die geloof vervolg. Mag hulle hulle bekeer van hulle godslasterlike oormoed.

Hiermee kom ons aan die einde van die historiese deel van die boek. Ons het gesien dat God alles regeer en dat Hy verlossing kan gee. Ondanks al die woeste gewerskaf van Satan is God op pad en lei Hy die volkelewe na die Jongste Dag toe.

DIE PAD VAN DIE WÊRELDGESKIEDENIS IS NOOIT LOS VAN DIE
KERKGESKIEDENIS NIE

DANIËL 7

Inleiding

Dit is in die tweede deel van die Daniëlboek nie die profeet se roeping om ander mense se drome uit te lê nie, nou kry hyself drome.

Calvyn sê dat die profeet nou begin om veral die Kerk te onderrig. In die vorige hoofstukke is histories beskryf dat God alles regeer en in die volgende hoofstukke word dieselfde boodskappe nou profeties gegee. Die klem val nou veral op die toekoms. Duidelik is dan te sien dat die wêreldgeskiedenis nie 'n magtige onafwendbare mag is nie. Daar is ook geen sprake van 'n sirkelgang in die geskiedenis nie - iets soos : dit wat vroeër gebeur het, sal weer herhaal word. Die heidense Grieke en Romeine het dit geglo en baie moderne mense glo dit vandag nog.

Die hele wêreldgeskiedenis lê vas in God se Hand en Hy het as doel bepaal : opbou en finale afrondingswerk van die Kerk , die Bruid van Christus. God regeer die wêreld deur Chris-

tus, om daardeur Sy gemeente saam te bring, te onderhou en te beskerm. Dit gee die gelowige geweldig baie troos en

uithouvermoë in 'n tyd waarvan die verskrikkinge met fel-eerlike penstrepe deur die profeet onderstreep word.

Deur 'n Goddelike openbaring in 'n nagtelike droom kry Daniël 'n paar flitse te sien van die toekoms. Dit val onmiddellik op dat hoofstuk 2 en 7 geweldig baie ooreenkomste het. Die groot verskil lê egter al onmiddellik by die dromers self. Nebukadnesar droom van sy eie mag en is bekommerd oor die toekoms van sy handewerk en sy naam. Daniël is ook bekommerd maar dan oor die toekoms van God se volk en die gestandhouding van God se heerlike beloftes aan die volk en so dus ook oor God se Naam. Die heidense koning sien die wêreldmagte as iets wonderlik moois: dit skitter en blink. Die gelowige profeet sien die wêreldmagte in hulle naakte waarheid: rooi van bloedige magswellus en haat teen God en Sy volk.

Daniël ontvang hierdie openbaring in die eerste jaar van Belsasar , die koning van Babel - dus voor die gebeure van hoofstuk 5. Die glans en mag van die ryk van Nebukadnesar was al besig om te vervaag en sou eers tien jaar later verdwyn.

Gesig van die vier diere en die horing met oë en 'n mond.

Dan 7 : 1 - 8

In sy droom word die profeet op 'n strand geplaas en het hy 'n goeie uitsig oor 'n groot see. Plotseling steek 'n geweldige storm op uit al vier windstreke van die aarde (vgl. 8:8 ; 11:4 ; Sag 2:6 en 6:5). Die winde word opgekommandeer en gesamentlik omskep hulle die see in 'n geweldige , wilde, bruisende en kolkende watermassa.

Hierdie groot see wat in geweldige beroering gebring is, is die beeld van die volkerewêreld wat altyd in beroering is (vgl. Jes 27:12,13 ; Jer 46:7 ; Op 17:15 en 21:1). Uit hierdie gemaal van die woeste waters kom nou die een na die ander, vier dierlike monsters opgeduik: hulle is seemonsters en tog landdiere. Baie verklaarders wys daarop dat die see of die waters 'n God-vyandige oermag sou wees. Dit lyk dan op 'n vyand, 'n oervloedramp by die skepping , maar in Gen 1 is daar geen spoor van 'n stryd tussen die Here en 'n monsteragtige see nie . Die water is eerder 'n mens-vyandig geskape werklikheid wat egter moet padgee op God se bevel , soos by die skepping en die deurtog deur die Rooisee. Daarteenoor was by die heidene in die ou Ooste die see wel 'n teen-goddelike mag, 'n mitologiese monster.

Die vier diere wat die ou profeet sien het slegs 'n gemeenskaplike oorsprong wat ook benadruk dat hulle stoflik en dus verganklik is (vgl. die simbolisme van Op 13:1). In die Ou Testament word die

heidenvolke soms vergelyk met diere (vgl. Eseg 29 : 3 ; Jes 27 : 1 ; 51:9) soos dit hier ook die geval is.

Die eerste dier het baie soos 'n leeu gelyk maar het daarby ook die vlerke van 'n arend gehad - soos daar so baie afbeeldings van by en in Babel se staatsgeboue was.

Terwyl Daniël met spanning daarna kyk , word die roofdier se magtige vlerke plotseling uitgeruk , die dierasie opgetel en uiteindelik verhef tot die liggaamshouding van 'n mens ; dit ontvang dan ook 'n mensehart. Dit is duidelik dat Nebukadnesar hiermee versinnebeeld word. Hy word trouens in die Skrif vergelyk met 'n leeu en 'n arend (vgl. Jes 4:7 ;49:19 ; 50 ;17 , 44 ; Hab 1:8; Eseg 17:3 e.v.). Nadat hy weens sy hoogmoed geval het , het hy 'n mensehart ontvang en dus besef dat hy geen god was nie. Hierdeur het die hele Babiloniese ryk vermenslik en sy kenmerk van arrogansie en harde trots het versag.

Die tweede dier is ook bekend vir sy brute krag en hardheid. In die Skrif word leeu en beer dikwels saam genoem (o.a. Hos 13 : 8 ; Amos 5 : 19 ; Spreuke 28 : 15). Hierdie monster wat soos 'n beer gelyk het , het ook soos 'n beer geloop en daarom beide pote aan die voorkant tegelyk opgetel en so in 'n dreigende aanvalshouding reggestaan. Terwyl hy so regstaan om hom op sy prooi te werp , het hy nog drie ribbes tussen sy vuil

tande. Watter onbedwingbare vraatsug spreek daaruit. Nooit sal hy genoeg kry nie . Dit wys op Medo-Persië met Kores as sy koning. Hierdie Kores wat al in Jesaja 45 genoem word was besete met 'n onversadigbare uitbreidingsdrang. Van iets soos koninklike waardigheid wat by die eerste dier nog moontlik was is hier niks nie.

Die derde dier het na 'n luiperd gelyk maar het daarby ook nog vier voëlvlerke gehad wat dus op die vermoë van geweldige spoed kan wys , want opsigself is die luiperd reeds uiters vinnig. Omdat die luiperd net gewone voëlvlerke het teenoor die adelaarsvlerke van die leeu , is sy verowerings nie so koninklik in kwaliteit as Nebukadnesar s'n nie , maar hy oortref hom wel ver in spoed en die uitgebreidheid van sy verowerings. Ook hier is ditik om hierdie dier met 'n koning te verbind nie. Alexander die Grote het met die snelheid van 'n luiperd oorwinnings behaal en die Masedoniese ryk na 'n hoogtepunt gevoer. Maar daardie buitengewone heerskappy was van korte duur. Met sy jeugdige dood het die ryk netso vinnig uitmekaar gespat. Die vier koppe van die ondieer wys moontlik na die vier windstreke van die aarde om die ekumenisiteit van die koninkryk te simboliseer.

Die vierde dier wat uit die see opgekom het , was onvergelykbaar, vreeslik ,

skrikwekkend , geweldig sterk. 'n Amper onbeskryfbare monster. Iets wat vir ons in die tyd van strokiesprente en animasiefilms moontlik makliker visueel ingedink kan word as wat die geval met die oorspronklike lesers was. Die gedrog het groot ystertande gehad wat verslind en vermaal en vermorsel en dit wat oorgebly het met sy koperkloue vertrap. Op sy kop was tien horings . Die hele skrikwekkende ondieer het 'n bloedstollende verbysterende indruk van vernietigingsdrang gegee. Niks sou voor hom standhou nie. Die tien horings dui ook op die volheid van sy mag (vgl. Deut 33 : 17 ; 1 Sam 2 : 1 en 10 ; Ps 18 : 3). Daniël se aandag - en ons aandag -word afgetrek van die ondieer as geheel en gefokus op 'n klein horinkie wat tussen die tien opkom en drie van die tien ontwortel. Die horinkie word selfs groter as al die ander horings. Die opvallendste van hierdie elfde horing is dat dit blykbaar 'n kop soos van 'n mens het. Hy het met mens-oë gekyk en 'n geweldig groot mond gehad. Ons kan aanneem dat die verwysing na die besit van mens-oë spesifiek is om te benadruk dat hierdie klein horing niks meer as net menslike krag gehad het nie. Die beklemtoning is noodsaaklik omdat die klein horing só diplomacies-uitgeslape is en sy regering so 'onmenslik' hard dat hy moontlik as 'n 'superwese' beskou kan word terwyl hy ook maar net 'n geskape en sterflike iets is. Dit is dus nie 'n vleesgeworde duiwel nie maar 'n mens

wat hom aan die duiwel verpand het en duiwels in woorde en daede is. Hy gebruik sy groot bek dan ook om strykdeur teen God en mens op die lasterlikste manier uit te vaar (vgl Ps 12 : 3 ; Obadja : 12 ; Op 13 : 5). Hierdie vierde gedrog is Rome .

In hierdie gesig is aan Daniël die ware karakter van die wêreldmagte geopenbaar . Die anti-goddelike gees daarvan is al te sien - alle mag word teen God se volk ingespan . Die volk van die Allerhoogste moet uitgewis word - sal hulle slaag ?

DIE REGSPRAAK VAN DIE OUE VAN DAE. DAN 7 : 9 - 14

Terwyl die Godslasterlike oorverdowende gevloek en getier van die vierde ondiere elfde horing nog in Daniël se ore nadreun , verskyn 'n ander beeld op die beeldskerm van sy gees. Trone word reggesit vir 'n hofspraak - dele van die toneel vind ons in 1 Kon 22 : 19 ; Ps 82 ; Joël 3 : 14 e.v.

Die Regter is die Ewige of soos Hy in die 1953-vertaling genoem word die 'Oue van Dae '. God maak Hom sigbaar in hierdie man met sy koninklike voorkoms (vgl Eseg 1 : 26). Die spierwit Regtertoga en hare soos suiwer wol asook die vuurvlamme is tekens van God se vlekkelose heiligheid en beklemtoon die Man se reinheid en koninklikheid (vgl Eks 3 : 2 ; 19 : 18 ; Deut 4 : 24 ; 9 : 3 ; 18

: 16 ; 33 : 2 ; Ps 18 ; 9 ; Ps 50 : 3 ; 97 ; 3 ; Eseg 1 : 4 , 13 , 27 ; Hebr 12 : 29 ; Op 4 : 5) Die vuur wys hier sowel op die vernietigingskrag as op prag en koninklikheid.

Die troon gloei van brandende heiligheid en beweeg vorentoe op vurige brandende wiele of radere soos by 'n outydse raderboot, terwyl 'n stroom van vuur voor Hom uitgaan (vgl Op 4 : 5 waar o.a. vuur uit die troon self uitkom). Hierdie vuurrivier verswelg alles wat teen God ingaan. Op Sinaï is die huiweringwekkende vuur nog deur rook bedek , maar nou blink die naakte heiligheid soos weerlig na alle kante toe. Só onbeskryflik as wat die monsters was weens hulle afskrikwekkende uiterlike , só onbeskryflik is die absolute heerlikheid van ons God en Maker en Onderhouer waar Hy op Sy troon sit.

Maar die Allerhoogste is nie alleen nie ! Hoe opvallend dat die ondiere wat konings simboliseer altyd alleen is . Die God van hemel en aarde word omring deur 'n ontelbare skare engele wat voor Hom staan en hulleself daarmee volledig aan Hom toegewy het. Hoe eensaam is die magtiges van die wêreld tog in wese ! Sodrá die Ewige gaan sit begin die hofsitting. Daniël sê nie wie op die ander trone gaan sit het nie . In Ps 89 : 7 , 8 lees ons dat engele sitting het in die hofspraak maar dit gee tog nie voldoende grond vir 'n stelling dat dit elke keer by elke hofspraak sou gebeur nie . Dit dien in elk geval geen doel om te spekuleer oor

wie gaan sit op trone wat deur Daniël vakant gelaat is nie . (Sien oor die engele en die versigtigheid met uitsprake daaroor o.a. my werkie ' ... en wat van die engele ?').

'n Teken van die begin van die hofsitting is dat die boeke geopen word. In die NV word gesê dat dit die 'boeke met die aanklagte ' is . Dit staan nie in die oorspronklike nie. Hier weer 'n geval van **ver-klaring** pleks van **ver-taling**. Waarskynlik word dié boeke bedoel waarin die dade van mense opgeteken is (vgl Jes 4 : 3 ; 65 : 6 ; Jer 17 : 1 ; Mal 3 : 16 ; Luk 10 : 20 ; Op 20 : 12 ; Ps 69 : 29 ; 139 : 16 ; 149 : 9) Uit hierdie tekste is dit ook moontlik om te sê dat dié boek van God bedoel waarin die name van God se kinders geskryf is.

Terwyl Daniël kyk hoe alles vir die hofsaak reggemaak word, hoor hy gedurig die onophoudelike Godslasterlike gebrul van die vierde dier se elfde horing.

Maar dan sien hy hoe die vonnis gevel word en dat dit ook Goddelik uitgevoer word . Hier is dit weer : 'Hy spreek en dit het gebeur ' vgl Ps 33 : 9. God het geen helper nodig om Sy oordeel te voltrek nie.

Die dier word gedood - sy liggaam vernietig en deur God se troonvuur verbrand. Daar is dus 'n algehele volkome vernieti-ging van die vierde dier en al sy oëverblindende mag .

Ook die ander drie diere word gevonniss . Hulle mag nog leef solank as wat God dit bepaal maar hulle mag verloor hulle

onmiddellik. Tog het hierdie konings die een na die ander hulle mag reeds verloor voordat die vierde ondier uit die woelige volkesee opgekom het. Omdat die vierde ondier God egter so goddeloos gesmaad het word sy veroordeling en ondergang eerste geteken.

Nog altyd bly Daniël met spanning kyk. Met die wolke het iemand gekom wat lyk soos die Seun van 'n mens en Hy is na die Ewige gebring.

By die vertaling en dan uiteraard ook by die verklaring van hierdie vers verskil ons radikaal van die sogenaamde moderne wetenskaplike Bybelverklaarders. Ons vertaal '**Seun van 'n mens** ' en nie soos die NV 'iemand soos 'n menslike wese' nie ! Omdat ons Here Jesus Self hierdie benaming 'Seun van die mens ' op Homself toegepas het is daar by ons geen twyfel dat hierdie menslike figuur Jesus van Nasaret is nie vgl Mat 16 : 27 , 28 ; 19 : 28 ; 24 : 30 ; 25 : 31 ; 26 : 64 ; Mark 13 : 26 ; Luk 17 : 24 . Sy Goddelikheid word benadruk deur Sy koms 'met die wolke'. In die Heilige Skrif verskyn wolke dikwels om die teenwoordigheid van God aan te dui vgl Eks 13 : 21 ; 19 : 9 ; 1 Kon 8 : 10 ; Jes 19 : 1 ; Jer 4 : 13 ; Eseg 10 : 4 ; Ps 18 ; 10 , 12 ; 97 : 2-4 ; 104 : 3 .

Die Seun van die mens néém nie, maar ontvang heerskappy en eer en koningskap vgl Eks 15 : 18 ; Mat 28 : 18 . Hierdie woorde laat ons ook onmiddellik dink aan die slot van die volmaakte gebed : 'want aan U behoort die

Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid'.

Sy Koninkryk is onbeperk in grootte want alle volke en nasies en tale het Hom vereer (kyk 3 : 12 ,14 , 17 , 28 ; 6 : 17 ; Ps 2 ; 8 ; 110 : 2 ; Ef 1 : 12) , wat tydskuur betref is dit ook onbeperk : ewig .

Watter verskil tussen Sy Koninkryk en dié van die vier diere. Hy is Seun van die mens - die ware menslikheid word alleen in en by Hom gevind . Die wêreldmagtiges met al hulle mag en prag kom eenvoudig nie bokant die dierlike uit nie want hulle kom van onder, uit die see uit op . Die mens is alleen werklik mens as hy sy Skepper en Onderhouer en Verlosser ken - in teenstelling met die dier. oor die humanisme sal ons dan ook by vs. 23 e.v. weer moet dink.

UITLEGGING VAN DIE VISIOEN.

Tot dusver het Daniël 'n objektiewe weergawe gegee van wat hy gesien het. Nadat die klimaks gekom het kom hy agter hoe geweldig hierdie openbaring hom aangegryp het vgl vs 28 en 10 : 8. Dit is baie harde werk om profeet te wees . Om die presiese betekenis en uitleg van die ontstellende visioen te ontvang , vra hy vir een van die engele om uitleg.

Allereers egter 'n opmerking. Ons uitgangspunt is en bly dat die Heilige

Skrif homself verklaar. Die profetiese gedeeltes kan dus hoegenaamd nie verklaar word deur 'n gewone geskiedenisboek langs die Bybel te gaan lê om dan maar heel gerieflik allerlei lyne oor en weer te trek nie. Ons beskuldig sektes daarvan maar moet uiters goed oppas om dit nie ongemerk self te doen nie. Verder bely ons dat die Skrif so duidelik is dat selfs die profetiese openbaring deur ons verstaan kan word . In ieder geval daardie dele wat van belang is vir die saligheid van die gelowige. Die Bybel is nie 'n boek met 'n geheime leer wat net vir 'n handjievol ingewydes bestem is nie - God gee ons nie raaisels of blokkiesraaisels nie. Natuurlik sluit dit nie uit dat ons foute kan maak nie. Want al bid ons vir verligting deur die Heilige Gees bly die moontlikheid dat ons ons kan vergis.

'n Opsommende verklaring van vs. 17 en 18 : die vier diere is vier aardsgebonde konings want die ware Koningskap sal na die heiliges van die Aller-hoogste gaan . Die vier konings beheers dus die wêreldgeskiedenis . Dit is opvallend dat vier '**konings**' genoem word nie vier koninkryke nie , nog minder wêreld-ryke. Ons moet maar lees wat daar staan en niks verander nie . In die Skrif beteken koningskap iets anders as in die Westerse wêreld. Vir Israel was die belangrikste dat koningskap gesien word , gewys word. Die aansien , mag , majesteit en erkenning máák 'n koning .

Nadruk val dus op die koning-wees en om só erken en aanvaar te word. So staan daar bv. in Ps 99 letterlik : die HERE is besig-om-te-koning.

Die vier konings staan op uit die aarde , en nou word nie van die see gesprek nie (want die beeldspraak was in die visioen) in die verklaring word letterliker gesprek . Die woord 'aarde' wys op die aardse , sondige en tydelike - dit in teenstelling met wat in die hemel is. Hierdie vier geweldiges-van-die-aarde , ja selfs ontstellend , vreesaanjaende wrede magtiges wil alles oorheers ...maar hulle mag is slegs skyn en aardse en tydgebonde. Teenoor hulle staan die heiliges van die Allerhoogste. Tot dusver het hulle nie eers in die prentjie gekom nie en dit is tog presies soos dit in die werklikheid op aarde gaan . hierdie heiliges - dus vir en deur God afgesonderdes - sal uit die Hand van die Seun van die mens die koningskap ontvang en dit nie maar net 'n aardse lewe lank nie maar tot in alle ewigheid .

Die heiliges - en hierdie spesifieke woord word ook in 8 : 24 en Ps 16 : 3 en 34 : 10 gebruik - is die ware lede van die verbondsvolk , die uitverkorenes . Hulle bestaan dus uit die gelowiges uit Israel en uit alle volke van die wêreld , soos ook duidelik uit vs 14 blyk .

Dit is hier van pas om daarop te wys dat die mening van baie sektes én kerkmense dat die Israel van vandag nog die uitverkore volk is , glad nie Skriftuurlik is nie ! Israel soos ons dit vandag ken is

'n sosialistiese en - moontlik net vir die Jode en nie vir die Palestyne nie ! - 'n humanistiese atëistiese staat en volk. Vir Israel geld dieselfde bevel soos vir elkeen : geloof en bekering ! Die idee van 'n massabekering onder Israel is 'n verkeerde uitleg van Rom 11 : 26 .

VRAAG EN ANTWOORD INSAKE DIE VIERDE DIER vs 19 - 28.

Daniël was veral geskok deur die afgrysligheid van die vierde ondie en deur sy ongelooflike wrede magswellus en magsuitoefening . Die ontsettende magsvertoning is seker die oorsaak dat nou van koninkryk gepraat word en nie meer van 'n koning nie. Hierdie ontsettende ondie word weer 'n keer en selfs 'n bietjie breedvoeriger beskryf .

Dan sien die profeet dat die vloekende en grootpraterige horing oorlog voer teen die heiliges en hulle oorwin. Vir die heiliges , die gelowiges beloof die Heilige Skrif nooit 'n vakansietyd of blaaskansie op aarde nie. Hulle moet gedurig bly veg teen die duivel , die wêreld en hulle eie vlees. Teenstand en vervolging sal nooit ophou nie . Ons moet wel oppas dat ons die oorlog wat die elfde horing voer nie altyd verder skuif na 'n 'laaste dag' nie. Die laaste dae het al reeds aangebreek met die hemelvaart van Jesus Christus . Die groot hervormers Luther en Calvyn het die Antchris ook nie na 'n rustige eindtyd verskuif nie maar hom elke keer weer gesien in een of ander pous van

hulle tyd . Van die tyd van die Romeine af , eintlik van Hemelvaart en Pinkster af , loop die duiwel volgens Petrus nog altyd rond soos 'n brullende leeu . Daar was nog altyd vervolging en die allergodslasterlike gevloek en geskreeu teen God en Sy kinders.

Maar die oorwinning van die horing was niks meer nie as 'n skynoorwinning. In vs 11 het ons al gesien dat die Ewige die dier veroordeel en vernietig het en daarmee saam natuurlik ook die horing.'n Probleem vir die regte verklaring is of die regspraak hier in vs 22 dieselfde is as dié in vs 11 en 26 . Dit wil voorkom asof in vs 11 en 26 gesprek word oor die vonnis en vonnisvoltrekking oor die vierde dier of die Antichrite wat voor die laaste oordeel in die ewige vuur gegooi word. Die ander magtiges - die drie ander diere - kom dan saam met almal wat leef of ooit geleef het op die oordeelsdag voor God se regterstoel. Op hierdie manier is die vierde dier dan gedood en verbrand voordat die hele wêreld se gelowiges die Seun van die mens op ongekende wyse eer. Dan sou die Godslasterlike gebrul van die grootbekhoring nie as 'n valse toon die magtige slotakkoord van die geskiedenis vervals , voordat die laaste hofsitting plaasvind nie (de Wolff). In vs 22 word dan die finale oordeelsdag bedoel , waarop God die bewaarders en draers van die heilige verbond volgens Sy belofte reg verskaf waarna die heiliges die Koninkryk in besit neem.

Oor die vierde dier se karaktertrekke het die profeet en ons nog nie genoeg gehoor nie. Die engel sê verder dat hierdie koninkryk werklik iets besonders is in die allerslegste denkbare betekenis van die woord. Dit verskil van alle aardse magte in die geweldige intensiteit van sy onbuigbare verpletteringsdrang om altyd meer mag te bly bekom. Niks sal voor hom kan standhou nie. Die hele aarde sal bloeiend stuiptrek onder sy venynige koperkloue terwyl hy sal verslind en vertrap en verbrysel netsoos dit hom pas. Maar wat beteken die tien horings ? Dit is tien konings maar dan nie presies tien wat die een op die ander volg nie. Tien is in die Skrif die getal vir volheid en daarom moet dit simbolies verstaan word. Die tien konings kom voort uit die koninkryk. Die ryk word dus ontbind en verdeel maar tog word sy mag in die geskiedenis nie uitgewis nie. Moontlik wys die vervanging van die koninkryk deur konings daarop dat die vierde dier se karakteristieke persoonlike magsuitoefening meer opval . Die tien konings is dus al die konings wat histories uit die vierde dier gekom het en met dieselfde gees besiel was of is , al is hulle mag beperk.

Ons sou dus in die lewe van die vierde dier twee tydperke kan aandui . Die tyd van die vierde dier se magswellustige uitbuitende heerskappy as koninkryk , wat gevolg word deur die bewind van die konings , dus van die volle getal konings

wat met verloop van tyd daaruit voortkom.

In die tweede periode kom daar dan 'n onverwagse ontwikkeling - tenminste vir die ongelowige maar aan die gelowige was dit reeds geopenbaar - die elfde horing kom dan op en ontwortel drie ander horings. Ook hier moet ons die getal drie nie noodwendig letterlik opneem nie. Hierdie koning kom laaste op en verskil van sy voorgangers. Hier is dus 'n derde periode . Tipies van hom sal sy grootmond letterlik en regstreeks gemik wees teen die Allerhoogste. Hy sal dus doelbewus berekend die Naam van God deur die modder sleep ; God vervloek en vloek. Letterlik staan daar : 'hy sal woorde spreek teen die kant van die Allerhoogste'. Die horing beskou hom dus as 'n gelyke van God want hy staan dan op dieselfde vlak en kan sy vuil woorde in God se gesig slinger. Daarby sal hy hom daarop toelê om die heiliges van die Allerhoogste te mishandel totdat hulle breek en beswyk. Een van sy maniere om dit reg te kry om sy mag tot op goddelike hoogte te bring is om om te probeer om tye en wet te verander. Dit slaan nie uitsluitend op godsdienstige dae en God se wette nie - soos die NV dit wel stel. Maar die lewe is een geheel : ondeelbaar. Alle werk is per slot van rekening godsdien : diens aan God. Daar bestaan nie iets soos neutraliteit nie. Die verandering van tye wys in die algemeen op verandering van dit wat 'n tyd karakteriseer : godsdienstig , sosiaal ,

wetenskaplik en kultureel. 'n Tyd wat dus 'n eie ongekende stempel het.

Die verandering van die wet wys op die stel van ander lewensnorme , moraal , reg en wet. Ook hier is sprake van 'n rewolusionêre heerskappy waarin met al die ou vertroude en tradisionele gebreek is. God sal hom sy sin gee maar slegs vir 'n bepaalde tyd : NV die hele vasgestelde tyd. 1953 : 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd - dus drie periodes waarvan die laaste plotseling afgebreek word. Die woorde wat gebruik word gee geen reg om dit na enige bepaalde tydsduur om te werk nie . Die tydsduur word net en alleen deur God bepaal en beperk . Vgl Op 12 : 14 waar ook geen grond gegee word vir 'n presiese tydsberekening nie. Die laaste tyd word kortgeknip omdat die gereg sal sit en die elfde horing saam met die vierde dier volkome vernietig sal word.

Wat 'n geweldige troos gee God vir sy kinders na hierdie angs- aanjaende openbaring. Die onderdane van Koning Jesus Christus word in die lyde en in die heerlijkheid nie geskei nie. Al lyk dit asof die heiliges die onderspit delf (7 : 21 ; Op 13 ; 7) tog word aan die Kerk regverskaf deur die Goddelike regbank (vgl 7 : 22 ; Op 20 : 4) Die Owerste van die konings van die aarde Op 1 ; 12 e.v. maak Sy volk konings wat ewig regeer vgl 7 : 18 , 22 , 27 en Op 22 : 5. Calvyn sê dat hiermee die 'empaaier' van die Kerk bedoel word.

Watter aangrypende loflied aan God kry ons hier : die heerlijkheid van God en Sy mag straalaf op , ja val op die heiliges.

Daniël sluit af met die woorde dat absoluut niks verder aan hom geopenbaar is nie. Die sien van hierdie gesig het hom geestelik en liggaamlik geruk . Dit laat ons wel sien dat die mens op sy gelukkigste is as die toekoms verborge bly. Selfs die regstreekse openbaring van God met so baie Goddelike troos daarin gee groot beroering in die mens se gemoedsrus. Daniël het alles goed bewaar en niks daarvan vergeet nie.

NOGMAALS : DIE VIERDE DIER.

Wie is nou tog die vierde dier? Dit is 'n onmoontlike taak om hier op al die verklarings in te gaan. 'n Antwoord kan alleen gevind word by die lig van an-der Skrifgedeeltes veral Daniël 2 en 8.

In die vierde ondier sien ons die Romeinse Ryk soos dit voor, tydens en ná die koms van Jesus Christus bestaan het.

Rome was altyd beheers deur 'n gees van uitbreiding en ongekende onderdrukking. Met Ju-lius Ceasar kom daar die oorgang van republiek na keiserryk. Juis in die laaste eeu van die republiek het Rome op 'n gruwelike manier die volke vertrap , uitgebuit en vermorsel . In hierdie tyd was daar jaar-

liks twee konsuls , wat ooreenstem met die feit dat by die vierde dier die persoon op die agtergrond is en gedink word aan 'n uitgeoefende mag. Eers met die koms van die keisers het die vierde dier 'n ietsie van sy dierlikheid verloor en 'n enkele keer amper 'n graadjie mensliker geword.

Op die vraag hoe die Romeinse Ryk dan beskou kan word as 'n ryk wat tot die einde van die wêreld sal bestaan , is die antwoord nie onmoontlik nie . Uit die Romeinse Ryk het die tien horings gekom wat gesien word as die volheid van **alle** konings wat daarna sal regeer. Die hele Weste en Rusland kan nie losgemaak word van Rome waaruit hulle vir 'n groot deel geput het en wie se gees van wêreldoorheersing by hulle nie juis vreemd is nie.

By Rome was ook 'n baie sterk messiaanse karakter wat veral by die keisers later baie duidelik geword het. Rome was dan die redder van die wêreld . Later beskou keiser Augustus homself so en is hy selfs as 'n god beskou en geëer. Minder as 'n eeu eerder het die Senaat amptelik die vergoddeliking van die keiser aanvaar en bevestig. Die Romeinse vrede of Pax Romana was gebaseer op die Romeinse reg. Cicero het die Romeinse regstelsel opgesom as : 'die veiligheid van die volk is die hoogste wet'. In ons land word die Romeins-Hollandse Reg nog gehandhaaf en speel dit ook wêreldwyd nog 'n rol.

Vandag word die hoogste reg genoem die vryheid van die mens in die sin van die humanistiese uitgangspunt en menseregte. In ons land is die grondwet heeltemal daarop gebaseer. Dit is ook geen wonder nie want die Verenigde Nasies se basis is dieselfde. Menseregte, welvaart vir en van die mens, gelykheid en broederskap - met alles wat daaraan verwant is - lei tot uiterste moralisme: verlossing en die heerskappy van die mens deur wette en eie werk. Asof besluite en resolusies van die VN ooit een moorddadige land sal bekeer of verhoed om 'n ander land aan te val.

Op die kop van die vierde dier kom 'n elfde horing op wat 'n magskonsentrasie het wat ná die val van die Romeinse Ryk ongekend was. Hy is doelbewus godevyandig en Godslasterlik. Paulus noem hom in 2 Tess 2: 'die mens van die sonde' of 'die wettelose mens', 'die seun van die verderf', 'die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is'. Op 13 sê van die dier uit die see dat hy groot woorde en Godslasteringe uitspreek en die heiliges van God sal vernietig. Sy heerskappy is absoluut rewolusionêr, alles sal tot in die grond verander word. Wat sonde en leuen was sal as die hoogste goed beskou word. Die heiliges sal in sy mag gegee word vir 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. Die vraag is nou by baie of daar 'n

moontlikheid is dat ons iets van hierdie verskriklike eindtyd beleef? Ons hoor mos van alle kante dat die wêreldoorlosie op 'n minuut of selfs 'n paar sekondes voor twaalf staan. Dus sal dit slegs 'n baie kort tydjie wees voordat die laaste dag aanbreek. Hierdie gedagtes word dan veral gebaseer op o.a. Matt 24 - deel van die Bergpredikasie - en die predikant moet tog asseblief in sy prediking duidelik aanwys watter 'tekens van die tye of laaste dae' al vervul is, sodat ons ons geestelike oorlosies gelyk mag stel met God se bepaalde terugkomsdatum. In die Bybel is daar geen grond vir hierdie soort berekenings nie. Christus het ons baie duidelik geleer dat Hy weer sal kom maar op 'n tydstop wat onvoorspelbaar is vir mense en engele; Hy sal kom soos 'n dief in die nag, volkome onverwags en onvoorbereid vir hulle wat Hom nie voortdurend verwag nie.

Laat ons dit baie goed verstaan: die Bybel gee hoegenaamd geen aanduiding oor die tyd of jaar waarin Christus weer sal kom nie. Selfs oor die vervulling van vs 21 e.v. is daar nie eers volkome duidelikheid nie. Baie sien in die elfde horing die gehate en berugte Antioges Epifanes - daar is baie ooreenkomste maar ook baie belangrike verskille. Dit lyk asof ons tog die Antichris hier geteken sien. Nou weet ons dat dit dikwels gestel word dat die Skrif die Antichris aandui as 'n mag wat kerklike dwaling en afval aanwakker. In teenstelling met

Daniël 7 , 2 Tess 2 en Op 13 waar dan 'n politieke figuur gesien word. Hierdie skeiding en onderskeiding is vir ons nie duidelik of aanvaarbaar nie. In die Roomse pous het valse leer en goddelose politiek dikwels saamgegaan en daarom is hy deur die hervormers as antichris gebrandmerk. Selfs as in Daniël 7 'n humanistiese leier gesien word wat hom nie deur God of Sy gebod laat beheers nie en wat deur almal toegejuig word , dan is dit nog nie net 'n politieke figuur nie. Die mens se lewe is een geheelbeeld. Politieke inbors is onlosaaklik verbind aan die lewensbeskouing van daardie persoon. Die kerklike of anti-kerklike gerigtheid van elke mens bepaal fundamenteel sy politieke gerigtheid.

Dit is in stryd met die Skrif om die koms van die Antichris na een of ander onbepaalbare mistieke en mistige eindtyd te verskuif. Elke geslag skuif die Laaste Dag voortdurend verder weg die ewige toekoms in. Uit 2 Tess 2 sien ons dat die wettelose mens , die mens van die sonde al geopenbaar sou word voor die jaar 70 na Christus. Paulus sê immers dat hy in die tempel sou sit en die tempel is in die jaar 70 met die grond gelyk gemaak as teken van God se verbondswraak oor 'n ontroue verbondsvolk. Sowat 'n dekade voor Paulus sy tweede brief aan Tessalonika geskryf het, was daar al 'n keiser Caligula wat 'n toonbeeld van

losbandigheid was en sy beeld in God se tempel wou hê om daarin as 'n god vereer te word. Die 'seun van die verderf' was dus al daar en kan net so onverwags soos Caligula weer opkom.

So word ons vandag weer gewaarsku : die mens van die sonde , die wettelose mens , werk vandag netso hard as in die tyd van die Romeinse wêreldryk. Dit is in elk geval opvallend in hoe baie opsigte ons wêreld vandag ooreenstem met die dekadente lewe in die Griekse en Romeinse 'beskawings' net voordat hulle roemloos ondergegaan het. Sonder 'n radikale geestelike oplewing en dus 'n Skriftuurlike Reformasie op **alle** lewensgebiede , is daar vir die westerse 'kultuur' geen toekoms meer nie. Ons leef in die na-christendomlike tydperk waarin die paar oorgeblewe christelike trekke slegs bygelowigheid aanwakker in 'n verwetenskaplikte en gematerialiseerde , mondige mensheid wat sy hulp en raad by nat teeblare en sterre en sangoma toorkunsies soek. Daar is 'n totale rewolusie in die geglobaliseerde wêreld waarin alle norme op sy kop gesit word. Hoe duidelik is vandag die vervulling te sien van dit wat Paulus vir die Tessalonisense geskryf het : liefde vir die waarheid word nie gevind nie , die leeuën word geglo , die ware liefde is in die vrieskas. Die hele sondekatalogus van Rom 1 : 18 - 32 - dít wat die werke van die vlees genoem word in Gal 5 : 19 - 21 - word vandag deur die wêreld aangeprys as die ware lewe in ware

vryheid , netsoos in die tyd van die Romeinse Ryk.

Daarom moet die gelowige nie verbaas wees as hy verdrukking moet ly nie. Ons **is** mos anders as die wêreldlinge ? Die liefde, blydskap , vrede , geduld , vriendelikheid , goeiehartigheid, getrouheid , nederigheid en selfbeheersing straal tog van ons gesig en ons hele lewenshouding af ? Maar ons is tog nie beter as Koning Jesus Christus nie. Sal ons dan nie ook ly vir ons geloof nie ? As ons en Christus in lyde nie te skei is nie dan sekerlik ook nie in die heerlikheid van Sy ewige Koninkryk nie.

Ons weet vandag nie op watter tydstip van God se almanak ons leef nie. Of ons moontlik nog val onder die 'tye' of reeds onder die 'helfte van 'n tyd' nie . Dit sal ons eers by die voleinding van alle tye weet . Maar wat ons nou wel weet en onomstootlik seker weet , is dat ons Koning Owerste oor die konings van die aarde is Op 1 : 5 en dat Hy Sy kinders tot ewige konings maak Op 22 : 5. Al sou ons deur die wêreld afgeskryf word en as onrusstokers veroordeel en vervolgd word , dan sal gebeur wat ons bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 37 : 'Hulle saak , wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as kettere en goddeloos veroordeel word , sal erken word as die saak van die Seun van God Daarom verwag ons dié grote dag met groot verlange om ten volle te geniet die

beloftes van God in Jesus Christus , onse Here '.

Daarop kan ons net 'n 'Amen' laat hoor.

DIE VISIOEN OOR DIE SKAAPRAM EN DIE BOKRAM DANIËL 8.

Met hoofstuk 8 word vir die eerste keer na hoofstuk 1 weer in Hebreeus geskryf. Hoofstukke 2 tot 7 is in Aramees geskryf (wat die wêreldtaal in daardie tyd was) sodat die hele wêreld bereik kon word. Die heilige Hebreeuse kerktaal is bedoel vir die volk van God . Van hierdie hoofstuk af lê die klem dan ook op die ontwikkeling van God se Koninkryk met al sy oorwinnings.

In die volgende hoofstukke word die gelowiges al hoe meer daarop voorberei dat daar 'n tydperk van uiterste verskrikking voorlê . As gevolg van die onmenslike aanval op God se kerkvolk is daar 'n groot afval onder God se volk.

Op grond van hoofstukke 2 tot 7 kon met reg verlangend uitgesien word na die heerlike oorwinning van God se Koninkryk... maar profetiese vergesigte moet ons nie ons gelowige nugterheid ontnem nie. Hoofstuk 8 wys ons dan juis op dít wat die mens kan verwag in die tyd voor die koms van Jesus Christus. Terselfdertyd weet ons met volle sekerheid dat die poorte van die hel die Kerk nie kan oorweldig nie Matt 16 : 18. Al word ons naar en doodsiek weens die hemelskreiende ellende van Christus se Kerk , hoef ons nie onder daardie verdriet te beswyk nie - God hou Sy Kerk in stand.

DIE SKAAPRAM 8 : 1 - 4

Twee jaar na die openbaring wat die profeet in die vorige hoofstuk beskryf het , gee God hom weer 'n openbaring. Hierdie keer terwyl hy wakker is. Daniël sê self dat dat hierdie visioen verskyn na die vorige een. Omdat dit egter so vanselfsprekend is , kan dit nie bedoel wees om net die tyd aan te dui nie. Die bedoeling is om die verband tussen die twee openbarings te beklemtoon. Hierdie visioen sluit by die vorige aan en is in verskillende gevalle 'n toeligting op en uitbreiding van die profesie in hoofstuk 7. Ons kan hierdie openbarings aan Daniël vergelyk met 'n reeks foto's wat elke keer van naderby geneem word. Die reeks foto's dek dieselfde tydperk , naamlik die tyd van koning Antioges. Hoofstuk 7 gee van daardie tyd net 'n enkele foto tussen 'n hele reeks foto's van 'n lang geskiedenis. Hoofstuk 8 wys geen foto's van die voorgesiedenis toe Babel die septer geswaai het nie . Die fokus is ingestel op die botsing tussen Ooste en Weste wat die pad oopmaak vir die groot vyand van die volk van die Here.

Die oorgrote meerderheid van verklaarders aanvaar dat Daniël in Babel was toe hy hierdie gesig ontvang het. Natuurlik is dit nie onmoontlik nie want ons lees van so'n verplasing in die gees in Eseg 3 : 12 ; 8 ; 3 ; 11 ; 1 ; 40 ; 2 en Op 17 : 3 .

Die sinsbou in vs 2 is 'n bietjie eienaardig en ongewoon . Dit is seker deur die Heilige Gees so bedoel , omdat - in alle

gevalle en nie net hier nie - daardie bepaalde gedagte so die beste uitgedruk kon word. Omdat Daniël ook alleen spesifiek sê dat hy aan die Ulairivier in die gesig was en niks oor 'n visionêre aanwesigheid in die vesting Susa nie, dink ons aan 'n werklike teenwoordigheid in Susa. In die lig van vs 27 het hy daar die werk van die koning gedoen. Waarskynlik as deel van 'n koninklike afvaardiging want die betrokke woord 'werk' is afgelei van die woord 'bode'. Al het hy die koning nie persoonlik ontmoet nie 5 : 13 is dit allermens 'n bewys dat hy nie meer 'n pos in die staatsdiens sou beklee nie. Al sê dit niks nie is dit minstens interessant dat tot vandag toe 'n bepaalde plek in Susa as graf van Daniël aangewys word.

Toe Daniël in Susa was het die stad al 'n roemryke en veelbewoë geskiedenis agter die rug gehad- maar dit was verlede tyd en daar was geen rede om te verwag dat iets van die verlore glorie herstel sou word nie. God is die Geskiedenis-maker. Hy stuur Daniël na die onbelang-rike Susa en gee hom daar 'n openbaring wat, as ons terugkyk, daardie stad se toekoms raak en duideliker laat uitkom het. Susa word onder die Medo-Persiese ryk hulle wêreldhoofstad.

Susa bestaan vandag nog en lê in die olierykste provinsie van Iran naby die grens met Irak aan die Trans-Iraanse spoorlyn. Karakteristiek van Susa is dat dit in die Skrif 'n vesting genoem word vgl

Neh 1 : 1 ; Ester 1 - 3 en 8 en 9 . Die Ulairivier was eintlik 'n mensgemaakte kanaal net buitekant die stad wat twee riviere verbind het.

Susa was die hoofstad van die gebied Elam wat oos van die Tigris lê en noord van die Persiese Golf. Meer as 2000 jaar v.C. was Elam al selfstandig en onafhanklik. Vanaf 1265 v.C. was dit 'n wêreldmag. Die kultuur van Elam was o.a. weens sy slangeverering en magiese verheffing van die vroulike, iets besonders. Die Elamitiese taal is vandag nog nie voldoende bekend nie.

Reeds in Gen 14 lees ons van die magtige en oorlogsugtige Elam wat egter die knie moes buig vir Abraham die vriend van God . Ons lees oor Elam as wêreldmag in Jes 22 : 6 ; Jer 25 : 25 en Eseg 32 : 24 , terwyl daar in Jer 49 : 34 - 39 'n hele profesie teen Elam gegee word. Jode wat deur Nebukadnésar as ballinge na Elam verban was, het in die Persiese tydperk teruggekeer vgl Esra 2 : 7 ; Neh 7 : 12. Selfs in die Nuwe Testamentiese tyd lees ons oor Elam. Uit daardie gebied met sy duistere heidense okkultiese kultuur, het God mense getrek om die Pinksterwonder te beleef Hand 2 : 9. Of die Woord al in daardie tyd saadgeskiet het weet ons nie maar van die 17de eeu af is Christus weer in Iran verkondig. Teen 1800 was daar 10 000 Rooms Katolieke bekeerlinge. Daarna het die Protestantse kerke ook daar begin werk en allereers die Bybel in Persies begin vertaal. Iran het sy eie

soort Mohammedanisme wat Sji'a genoem word en wat ook nog weer 'n aantal sektes uitmaak.

In Iran het die christendom ietwat makliker omstandighede gevind as in die lande waar die meer ortodokse Sunnitiese Mohammedanisme aangehang word. Maar vervolgings aan die begin van die 20ste eeu het ook daar nie uitgebly nie. Al is die aantal martelare wat deur die fanatieke Moslems vermoor is nie eers vergelykbaar met ons vermoorde geloofsgenote wat net noord van hulle gewoon het nie. In die 'verligte' 20ste eeu se eerste twintig jaar het die Turke en Koerde (wat al jare lank in 'n bloedige onafhanklikheidsoorlog gewikkel is) amper daarin geslaag om die christelike Armeense volk uit te wis. Meer as honderdduisend Armeniërs is vermoor , netsoveel vrouens is in harems gesit en die res is as ballinge na Mesopotamië op die grens van Elam weggevoer. Daarna is die een na die ander verminkte lyk met die Eufraat langs Elam se grens na die Persiese Golf weggevoer. In Libanon en Sirië is 'n paar dekades gelede nog skaars 'n 17 000 lidmate van die Evangeliese Armeniese Kerk aangetref.... Om nog 'n getal te noem : 328 kerkgeboue is in moskees verander. Hoeveel kerkgeboue vernietig is weet ons nie maar in die ou stad Edessa, die stad van die apostel Thomas, is Armeniese vrouens en kinders in die katedraal ingejaag en lewend verbrand ! Die 'eeu van medemenslikheid' word

tereg deur die kerkhistorikus Schmidt in sy 'Kirchengeschichte' genoem as die bloedigste eeu in die hele kerkgeskiedenis ! Die profesieë van Daniël is tot vandag toe nog bitter werklikheid , maar die troos daarvan is ook vir vandag en môre bedoel.

Ons moet maar 'n oop oog hou vir die ontsettende wreedheid van die Moslems teenoor die christene deur die eeue maar veral in die 20 ste eeu - die uitroeiing van die Armeniërs , Assiriërs 1895 - 1933 , Grieke 1922 , christelike Siriërs , Soedanese christene en om maar net nog 'n paar lande te noem : Turkye , Iran , Irak , die Golfstate , Maleisië , Indonesië , Nigerië en die meeste noord Afrika lande . Die terrorisme aanval van 9 September 2001 in Amerika moet nie los van die res van die wêreldwye christenvervolgings gesien word nie.

Terwyl Daniël in Susa die gesig ontvang sien hy 'n ram voor die Ulairivier staan. Die ram is die simbool van koninklike krag vgl Eseg 34 : 17 ; 39 : 18 . In die lig van vs 20 verteenwoordig die ram die konings van die Medo-Persiese ryk . Die Persiese koning het sy leërs dan ook aangevoer terwyl hy die kop van 'n ram gedra het.

Die ram in die visioen het twee geweldige horings gehad , wat na mekaar uitgekom het , die grootste laaste. Die kleinste horing wys op die ryk van die Meders wat eerste magtig geword het maar nie so magtig soos die

latere Persiese ryk nie. Ons praat gewoonlik alleen van die Persiese ryk omdat dit die magtigste van die bondgenootskap was.

Soos 'n ram gewoonlik doen stoot hy en hier na drie van die vier windstreke toe. In sy dolle woede vernietig hy na willekeur elke dier wat opdoem. Niks kon teen sy mag standhou nie. Tog het die ram nie die buitengewone krag van die leeu of die aggressiwiteit van ander besit nie. Behalwe magtig was die ram ook oormoedig. In die stootbewegings sien ons die geskiedenis van die Persiese Ryk wat na drie windrigtings oor die wêreld van die tyd uitgebrei het. In die weste moes Babilonië , Sirië en Klein-Asië die knie buig , in die noorde was dit Armenië en die gebiede rondom die Kaspiese See , in die suide Egipte , Ethiopië ens. Alleen in die ooste kon geen blywende oorwinnings geboekstaaf word nie. Dit wat Darius eers reggekry het was nie standhoudend nie. Persië was self die oostelike flank van sy wêreldryk.

Solank die Here dit toegelaat het , kon Persië sy willekeurige tirannie uitoefen. Die eenheid tussen die gesigte van Daniël is hier te sien in die drie windstreke wat ooreenkom met die ribbes wat Persië in sy bek gehad het 7 : 5

DIE BOKRAM 8 : 5 - 8

Plotseling word die profeet se aandag getrek deur die koms van 'n bokram wat teen so'n geweldige spoed aangestorm

kom dat sy pote nie eens die grond aanraak nie - vgl die vier vlerke van die luiperd in 7 : 6. In grimmige krag kom hy in een sprong op die skaapram neer en vertrap hy dit. Hierdie bokram het net een horing pleks van die normale twee wat by horingdraers aangetref word. Volgens vs 21 is die bokram Alexander die Grote , die eerste koning van Griekeland .

In die visioen vernietig Alexander die Perse by die Ulairivier , setel van die ram se mag wat dan ook benadruk dat die mag van Persië totaal verbreek is. In vs 7 word dit net sterker beklemtoon. Opvallend is dat die Perse juis by 'n rivier , die Granicus , verpletterend verslaan is. Ook die verbitterde aanval van die bokram het later werklikheid geword want verskillende kere het die Perse die Grieke probeer oorwin wat die Grieke woedend gemaak het. Alexander se Griekse magte het hulle woede laat botvier in die volkome vernietiging van die hele Persiese Ryk.

Die skaapram se twee horings is dus verbreek sodat daar geen moontlikheid vir weerstand was nie. Netsoos in die verlede niemand hulp kon kry om voor die skaapram stand te hou nie , was daar geen hulp vir die skaapram self om uit die mag van die bokram gered te word nie.

In die geweldige kort tydsbestek van ongeveer tien jaar het die geniale strateeg Alexander die hele bekende wêreld van sy tyd tot selfs Indië toe , ver-

ower. Die gevolg was dat hy die pad van die skaapram gevolg het deur nie alleen uiters suksesvol en baie magtiger te word nie maar ook oormoedig vgl vs 6 Dit was die eerste keer in die wêreldgeskiedenis dat uit die Weste 'n wêreldmag opgekom het. Van daardie tyd af het die wêreld se magsverhouding verander. Waarskynlik het Alexander wel iets daarvan besef want juis in Susa , waar Daniël hom aangestorm sien kom , het die bloedjong wêreldheerser 'n groot fees gehou vir die verbroedering van Asië met Europa.

Op die jeugdige ouderdom van 33 jaar het Alexander gesterf en daarmee het die doodsklokke vir sy selfgeboude ryk begin lui. Die groot horing is afgebreek en in sy plek het vier horings uitgekome wat na die vier windstreke van die hemel gewys het. Die groot ryk van Alexander die Grote is in vier ryke verdeel onder vier heersers.

VERKLARING VAN DIE VISIOEN : DIE KLEIN HORING WAT GROOT GEWORD HET 8 : 9 - 14

Al word in die verklaring van die vorige verse die lyne deurgetrek na die wêreldgeskiedenis en dan veral na die stryd om die wêreldmag tussen Persië en Griekeland , is dit nie die belangrikste nie. Die Heilige Skrif gee ons nie in die eerste plek 'n geskiedenisverhaal of 'n siening op die geskiedenis nie. Wanneer dit oor geskiedenis gaan is dit altyd

kerkgeskiedenis wat dan teen die agtergrond van die wêreldgeskiedenis geplaas word. Ook in die stryd van die bokram teen die skaapram wys die Almagtige God vir Daniël dat Hy die Geskiedenis-maker en Geskiedenis-regeerder is. Hy is die Vors van die vorste of Hoogste Regeerder vs 25. Die Koning van die Kerk is ook Koning van die konings vgl Sondag 19 van die Heidelbergse Kategismus. Dít troos ons wanneer die Kerk verdruk en vervolgd word.

Uit een van die vier horings het die profeet 'n klein horing sien kom , eers baie klein. Hierdie horing het egter baie groot uitgegroeï 'na die suidekant , na die oostekant en na die Pragtige Land of stad toe.' Hoe Daniël dit in die visioen kon sien weet ons nie . Moontlik het die profeet 'n gedraaide horing soos die van 'n koedoe gesien , wat dan met verloop van tyd na alle rigtings groei namate die draai verder groei. Al wat van belang is , is dat God dit so aan hom geopenbaar het.

Teen hierdie tyd was die oorblyfsel van Israel deur die sterk Hand van die HERE al lankal weer uit die ballingskap teruggebring. Die erediens was weer herstel , die tempel herbou. Maar die diens van God was in baie opsigte deur die Griekse kultuur besoedel.

Die Griekse leërs het hulle lewensbeskouing ook op die lewe van die verslane volk afgedruk. Dieselfde gebeur in mindere mate wanneer 'n paar

eeue later Romeinse soldate Christene word - orals waar so'n enkele soldaat gelowig leef , val die verskil tussen hom en sy heidense kollega's op. So het die christelike geloof geweldig vinnig deur die wêreld versprei.

Die Griekse kultuur en filosofie word beheers deur die gees van die humanisme , die mensverheerliking. Dit staan nog altyd lynreg teenoor die ware evangelie want dit leer dat die mens homself kan en moet verlos. Eintlik het die mens geen God of Sy gebod nodig nie al word die bestaande gode nog nie dadelik gedwing om op pensioen te gaan nie. Die mens leer om altyd selfstandiger te word ook teenoor sy gode. Die gees van die humanisme gooi alle gode op 'n hoop - 'ons aanbid mos dieselfde God' - om hulle dan saam te smelt tot een 'algemeen aanvaarbare' godsbeeld'. Die uiteinde daarvan is godloosheid - vandag is dit so duidelik te sien. Laat ons maar onthou dat o.a. Vrymesselary een van die vertakkings van die afgodiese humanisme is en juis in ons land 'n baie sterk mag is.

Die vergrieksing wat soos 'n vloedgolf oor die wêreld gespoel het , het die Godsvolk ook beïnvloed. Die ware diens aan God was daardeur onheiligh en vermink. Toe die maat volgens God se oordeel vol was , het Hy 'n verskriklike koning oor Israel laat kom. Dit was die

koning van Sirië wat baie klein was maar baie groot geword het.

Koning Antiochus het homself Epifanes = die goddelike, genoem. Hy het sy mag na die suide nl Egipte ; na die ooste nl. Persië en ook na Palestina toe , uitgebrei. Hierdie koning was 'n norske man , onderlê in lis en ondeurgrondelike 'diplomasië' sterk deur sy niks ontsiende wreedheid en oneerlikheid. Deur sy willekeurige bedrog het baie mense wat op sy woord gebou het , onverwags in die verderf gestort vgl vs 25

Geen wonder dat hy hom deur niks laat keer het nie. Ons lees dat hy so groot geword het dat hy die hemelse leërmag - die sterre vgl Jer 33 : 22 - aangedurf het en sommige van daardie sterre op die aarde laat val en vertrap het. Met die sterre word God se kinders , die heiliges , bedoel vgl Gen 15 : 5 en 22 : 17 ; Dan 12 : 3 en Matt 13 : 43. Wanneer die wêreld mense 'sterre' noem wanneer hulle op die een of ander gebied uitblink , dan pas dié naam tog veral vir God se volk. Die goddelose Antiochus , dikwels genoem die Antichris van die Ou Testament, het die gelowiges van die Ou Bedeling op die gruwelikste manier vervolgd. In die apokriewe Bybelboek 1 Makkabeërs 1 word hieroor uitvoerig vertel.

Ons bely in die Nederlandse Geloofsbelijdenis art 6 oor die apokriewe boeke ;' hierdie boeke kan die Kerk wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenkom met die

kanonieke boeke... 'Omdat ons dit kán en nie móét lees nie, word dit selde of nooit gelees nie maar om die tweede deel van die Daniëlboek beter te kan verstaan is dit wel nuttig om 'daaraan onderrig te ontleen'. Baie gou kan ons egter aanvoel waarom hierdie boeke apokrief verklaar is, onder andere weens die so hoogmoedige gees van verset van die Makkabeërs wat lynreg bots met die nederigheid wat die Heilige Skrif ons leer. Die Makkabeërs het volkome net en alleen op eie krag vertrou en staan so in felle kontras met die boek Daniël.

Uit Makkabeërs is dit baie duidelik dat die duiwel deur Antiochus weereens probeer het om die volk van God uit te wis. Natuurlik was dit nie sy laaste poging nie. Skaars twee eeue later was God se volk nie meer nasionaal omskryfbaar as die Joodse volk Israel nie. Hierdie volk het 'n internasionale volk geword. Die Kerk, die volk van God, word dwarsoor die hele wêreld gevind en die gelowige deel van elke volk gee daardie volk ewige betekenis in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. Die onbeantwoorde vraag is hoelank die duiwel nog geleentheid kry om die gelowiges van alle volke te probeer uitroei. Teenoor hierdie vraag staan die vaste sekerheid dat sy pogings nooit volkome kan slaag nie want God se beloftes bly onwankelbaar vas tot in alle ewigheid.

Die toppunt van koning Antiochus se goddeloosheid was dat hy hom in die

naam Epifanes én in sy daade teen God verhef het. Hy het die hele erediens verbied en die voortdurende offers aan God met geweld verhinder. In sy opstand teen God het hy selfs so ver in sy vermetelheid gegaan dat hy die tempeldiens nie alleen lamgelê het nie maar die Huis van God ook ontheilig het deur varkveis daar te laat offer vir sy afgod Zeus en dit nogal op 'n heidense altaar gebou bo-op die tempelaltaar. Al het Antiochus die tempel nie verwoes nie, het hy dit so oonteer en ontheilig dat dit in elk geval nie meer vir die Godgegewe doel gebruik kon word nie.

God het selfs toegelaat dat die daaglikse brandoffer nie meer elke oggend en aand gebring kon word nie vgl die bevelsopdrag van die HERE in Eks 29 : 38 - 42 ; Num 28 : 1 - 8. Op elke sabbat en die eerste dag van die maand is hierdie daaglikse offer nog uitgebrei met bykomstige offergawes.

Die daaglikse brandoffer is die fondament vir die hele Ou Testamentiese kultus. Alleen by die brandoffer is die hele offerdier op die altaar verbrand as 'n lieflike reuk vir die HERE. Hierin is die simbool van Israel se volkome toewyding aan die HERE en aan Sy diens. Hierdie toewyding in algehele oorgawe is iets wat voortdurend moet gebeur - elke dag moet daarmee begin en daarmee eindig. Hierdeur word letterlik alles wat tussen die begin en die end van elke dag gebeur deur hierdie toewyding ingesluit. Hierin is al 'n kernverskil te sien tussen

die diens van die HERE en die afgodediens aan mensgemaakte gode. In Israel is die offer nooit 'n omkoopgeskenk om die guns van die gode te soek nie ; die offer is nie 'n deposito wat die gode dan sou verplig om méér terug te gee nie. Sonder toewyding , liefde en die bereidheid om op te offer word alle diens van God onmoontlik. Alleen as die brandoffer gebring is , kan skuld- en sondoffers gebring word. As die toewyding ontbreek is daar geen vergewing nie.

By die vrede-offer mag die offeraar aan die feesmaal sit , mag hyself eet van die offervleis wat aan die HERE gewy is. Watter heerlike gemeenskapsoefening van die klein mensie met die groot God ! Maar sonder selfoorgawe in die brandoffer is daar geen sprake van gemeenskap nie. Elke dag mag wierook aangesteek word as simbool van die gebede wat opstyg en waarna die HERE graag luister maar sonder offerbereidheid is alle gebede vergeefse moeite.

Die daaglikse voortdurende offer is in alle volmaaktheid gebring deur Hom na Wie alle offers heengewys het. Hy het Homself voortdurend , onafgebroke gewy aan die diens van die Vader en daarom is daar vir ons gebedsverhoring. Maar net en allen vir hulle wat in 'n ware geloof deur Sy Gees met Hom verbind is en hulleself wil gee as 'n lewende , heilige en aan God welgevallige offer. Dit is **óns** erediens wat nie meer skaduwee-agtig is

nie maar 'n volwaardige geestelike erediens vgl Rom 12 : 1.

Baie van die Israeliete - 'n leër - is weens hulle eie goddeloosheid deur God aan Antiochus oorgelewer saam met die daaglikse erediens. So het Antiochus die waarheid van die ware erediens vir die ware God vertrap - en hy was suksesvol in alles wat hy gedoen het.

Daniël was geweldig aangegryp deur hierdie openbaring en verward oor die betekenis daarvan. Plotseling hoor hy 'n gesprek tussen twee engele wat blykbaar vir hom bestem was . Die een engel het gevra hoelank dit wat in verband met die heiligdom gewys was , sou duur. Die antwoord was : tweeduisend driehonderd aande en oggende ; dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.

Hiermee is ons midde in een van die grootste vraagstukke van die Daniëlboek. Wat beteken dit? Vir die uitdrukking 'aande en oggende' het ons slegs 'n vergelyking in die Nuwe Testamentiese 2 Kor 11 : 25 waar dit 'n 24-uur periode aandui. 'n Ander verklaring is om dit te sien as 'n heenwysing na die oggend- en aandoffers wat dit dan 'n tydperk van 1150 dae maaak.

Voordat gekies word tussen 1150 en 2300 dae kan ons eers kyk na watter getal volgens die Makkabeërboeke met die werklikheid ooreenstem. Maar daardie sommetjie wil nie reg uitwerk nie want tussen die dag waarop die heidense altaar in die tempel gebou is en

die dag waarop vir die eerste keer weer aan die HERE ge-offer is , lê 1102 dae. Dit is dus 48 dae te min. Die groot fout met hierdie soort berekenings is dat die getalle wat in die profesie gevind word , nie tuis hoort in ons wetenskaplike wêreld van noukeurige rekeningkundige berekenings nie. By Daniël het die getalle 'n simboliese waarde. Duisend wys op die volheid van die tyd - twee bevestig dit nog sterker - driehonderd is 'n klein deel van duisend.

Die ontheiliging van die heiligdom en die verdrukking van die volk sal 'n tydperk duur soos deur God bepaal. Hierdie tydperk sal egter kort wees. 'n Ander simboliese verklaring is dat 2300 dae ongeveer gelyk is aan ses jaar en omtrent 4 maande. Dit is dus nie 'n volle sewejaar tydperk nie, dus nie die volle tydperk van 'n Goddelike oordeel nie.

Wanneer hierdie kort tydperk in God se oë tot op die dag verby is , sal die heiligdom gerestoureer word in sy ou staat en sal dit weer aan God geheilig word ; sal dit net en alleen 'n lofsang tot God se eer wees.

**DIE ENGEL GABRIËL WORD BEVEEL
OM DIE GESIG TE VERKLAAR
vs 15 - 18**

In die bespreking van die vorige verse het ons telkens vooruitgegryp na die betekenis van vers 20 . Al verklaring wat Daniël nog gehad het was vs 14, waarvolgens daar 'n einde sou kom aan

God se oordeel selfs nog voordat 'n volledige Goddelike oordeelstyd verby sou wees. Ons kan dus goed verstaan dat die ou profeet graag sou wou weet wat die gesig wat hy gesien het werklik beteken. Hy het sy Godgegewe verstand en oordeelswysheid ingespan om dit te verstaan.

Onverwags sien die profeet 'n engel wat soos 'n man lyk. Daarby hoor hy 'n menslike stem van iemand wat tussen die oewers van die Ulai was , dus blykbaar daarbo gesweef het vgl 12 : 6 , 7. Dit was God wat Sy engel bevel gegee het om Daniël die visioen te laat verstaan.

Ons hoor in die Daniëlboek vir die allereerste keer die name van die enigste twee engele wat die Skrif noem nl. Gabriël en Migael. Dit is nogal in kontras met die ontelbaar baie name wat die onskriftuurlike tradisie aan engele gegee het - so baie name dat Gustav Davidson 'n hele 'Dictionary of Angels' geskryf het.

In die algemeen is die engele wat deur God na die aarde gestuur word altyd kort van woorde. Hier by Daniël is dit anders. Gabriël voer selfs lang gesprekke met die profeet . Dit is hierdie selfde aartsengel wat later teenoor Sagaria en Maria ook nie so skaars met woorde as sy mede-engele is nie Luk 1 : 19 , 26 e.v. Die taak van Gabriël in hoofstuk 8 is om 'n verklaring aan Daniël te gee oor wat hy gesien het. In Esegïel 40 en Daniël 7 : 16 lees ons ook van 'n tolk - of uitleg-engel. By die gesigte van Sagaria word meermale geskryf oor die 'engel wat met

my gesprek het'(vir 'n behandeling van die engele in die openbaringsgeskiedenis sien my werkie '.....en wat van die engele ?')

Hoe geweldig groot , amper oorbrugbaar groot , het die afstand geword tussen die heilige God wat praat en die mens. Die nietigheid van die mens word ook nog beklemtoon deur die aanspreekvorm 'mens' of beter 'mensekind' soos ons so dikwels ook by Esegïel hoor.

Toe die engel na Daniël kom het die diepgelowige profeet van skrik op die grond geval. Skaars het Gabriël gesê dat die visioen na die eindtyd wys of Daniël het sy bewussyn verloor. Só diep het God se **kinders** geval dat hulle vol ondraaglike spanning raak wanneer daar kontak kom met een van God se **knegte** ! Selfs vir die regverdigte Daniël was die hemelse klimaat met al sy heiligheid té veel om rustig te kan inasem.

Wat moes dit aan die ander kant ook 'n ondervinding vir die engel Gabriël wees . Hy kon die mens , die kind van God met Sy Woord besoek. 'n Paar eeue later sou alles so baie anders word , want dan brand al die engele van nuuskierige ongeduld om deur God se kinders geleer te word hoe onpeilbaar groot die ryke verskeidenheid van die wysheid van God is Ef 3 : 10 e.v. (Dit raak al vervelig maar die NV se 'verklaring' verskil weer van 'n regte vertaling).

Rondom die ballingskap spreek die HERE God deur middel van derglike tolkengele. Die HERE het die afstand tussen Hom en Sy volk vergroot weens die ontrou van die volk. Pleks van 'n baie vertrouliker verhouding in die eeue-oue verbond , het Israel weens sy ongehoorsaamheid die gemeenskap met die HERE verskriklik versteur. Moontlik is God se boodskap daarom so moeilik om te verstaan , selfs met die verklaring deur die engel. Die verligting deur God se Gees is nodig om die openbaring én die verklaring te kan verstaan.

Later het ons Here Jesus Christus ook in gelykenisse gespreek toe baie nie na Hom geluister het nie . Alleen hulle wat vra na die bedoeling van Sy woorde ontvang insig in die geheime van die Koninkryk van God.

Die groot afstand is deur die volk gedurig groter gemaak. Tog het God bly praat. Hy het dit gedoen deur die hoogste engel Gabriël wat later in die boodskap aan Sagaria en Maria benadruk het dat God geen genoeë neem met die afstand wat altyd steeds groter word nie. Sy wil is dat die afstand weggeneem word en daarom het Hy met ons gespreek in die Seun wat een van ons geword het om ons na die Vader terug te bring.

DIE 'EINDE' VAN HIERDIE PROFESIE

8 ; 19

Die engel Gabriël spreek in vs 17 en 19 oor die eindtyd waarna hierdie visioen

wys. Dit is geen wonder nie dat baie gelowiges dink dat hiermee die einde van die bestaande wêreld bedoel word nie. Ongelukkig het baie hulle deur hulle hartstogte laat verlei om allerlei somme en berekenings te maak oor die presiese tydstip van die wêreld se sterwensoomblik. Die getal van die 2300 aande en oggende moes tog vir iets dien.

Een van die indrukwekkendste pogings vir berekening van die einde van die wêreld is gedoen deur Michael Stifer, 'n groot vriend van die hervormer Luther. Hierdie diepgelowige man was ook 'n uiters begaafde prediker en een van die grootste wiskundiges van sy tyd. Hy was daarvan oortuig dat hy die getalle uit Daniël en Openbaring reg verklaar het. In sy 'Rekenboek oor die einde' lees ons sy resultaat. Luther het egter geweier om 'n voorwoord vir die boekie te skryf en is toe deur die fanatieke berekenaar as 'n afvallige verwerp. Stifel was absoluut seker van homself want hy het mos onweerlegbaar aangetoon dat die oggend om 8 uur op 18 Oktober 1533 die einde sou aanbreek. Tot 9 uur daardie oggend het hy sy berekenings bly vertrou. Daarna het hy sy fout erken. Dit was seker die werk van die Heilige Gees want dit is 'n seldsaamheid. Al die eeue deur het mense wat baie minder as Stifel van die leer van getalle weet, hulle stompsinnigheid en sondige hardkop-pigheid gewys deur hulle berekenings elke keer aan te pas in die lig van

sogenaamde 'nuwe openbarings' wat natuurlik altyd net heel privaat vir hulle alleen gegee word. Hoe mooi is Stifel se belydenis: 'op 'n dwase en kinderagtige manier het ek net solank gereken totdat ek die getalle uit die boek Daniël misbruik het om dag en uur van die ondergang van die wêreld uit te vind. Maar ek bely my dwaling en sonde voor God en die hele wêreld. 'n Dwaling en sonde wat soveel erger is omdat ek nie na die goeie Luther en ander wat my gewaarsku het, wou luister nie.' Watter vreugde gee so'n skuldbelydenis in die hemel!

Ons verwerp dus op Skriftuurlike gronde die berekening van die datum van die wêreld einde vgl Hand 1 : 7 Dit beteken egter glad nie dat ons nou 'n vrypas het om pleks van die getalle letterlik te neem en berekenings daarop te grond nie nou wel op 'n simboliese wyse met die getalle kan begin goël nie. Die Bybel is nie 'n legkaart nie. Die resultaat van die fantastiese simboliese verklarings is net so onbetroubaar as die skerpsinnige rekensommetjies.

Die eenvoudigste en dus (?) duidelikste verklaring is tog maar die beste. Die 'einde' is die einde van God se toorn vgl Jes 10 : 5, 25 en 26 ; 20, van Sy grimmigheid, Sy strafgerig. Hierdie toorn van God bly op Israel lê tot selfs lank na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap. Die 'einde' is dan nie een duidelik afgebakende tydstip nie maar 'n

periode. Volgens die visioen word die tyd van God se toorn afgesluit deur die tyd van die Medo-Persiese Ryk tot die dood van Antiochus.

Die ballingskap sou dus nie sommerso oorgaan in die heerlikheid van die Messiaanse tyd nie. God laat sien dat daar nog 'n lang geskiedenis op die ballingskap volg en uit daardie ellende self vloei voort die slot van God se gerigstyd. Selfs as hierdie strafgerig van God verbygegaan het kom daar nog geen Joodse hemel op aarde nie. Die Persiese oorheersing bly voortduur en wanneer dit ondergaan volg die Griekse wêreldmag. Waar verwag is om die Messiaanse troon te sien staan, moet almal buig voor die Ou Testamentiese antichris wat heerskappy oor God se volk voer en hom aan God vergryp.

Watter ontnugterende skok en skrynende geloofsbeproewing was dit vir die handjievool teruggekeerde ballinge ! In die Beloofde Land word hulle gepla deur ongelowige landgenote en Persiese onderdrukkers. Die oorgrote meerderheid van Israel het goedsmoeds in die verstrooiing agtergebly . Selfs onder die teruggekeerde room het die geestelike verval gou-gou gekom en is weer teruggeval in die sondes van voor die ballingskap. In die profesieë van die profete wat ná die ballingskap opgetree het proe u die ontmoediging. Haggai - sy profesieë gaan rondom die herbou van die tempel. Sagaria - hoe troos hy met die sekerheid van die koms van die

Messiasryk. Maleagi - as laaste profeet roep hy op tot bekering omdat die toekoms van die Here spoedig sou aanbreek.

Die menslik-vleeslike verwagtings is in daardie tyd nie bevredig nie. Dit was 'n tyd van wag , van loutering en bekering en groot lyding. 'n Ontstellende tyd waarin ondergang onafwendbaar gelyk het maar waarin die heldedom van gelouterde geloof , van moed en krag heengeworstel het na die oorwinning van God se kinders.

Die nagtelike duister het skynbaar ondeurdringbaar geword want in daardie tyd het selfs geen profeet meer opgestaan om God se lig in die donkerte te bring nie. Die goddeloosheid en wêreldgelykvormigheid het in Israel al hoe meer veld gewen. Maar dit bly trouens al die eeue deur die groot gevaar vir die Kerk van Jesus Christus , daardie toegee aan die versoeking om die onderskeid tussen kerk en wêreld prys te gee. In Israel was daar al 'n groot deel van die volk wat die diens van die HERE volkome verwaarloos het nog voordat Antiochus die diens met dwang lamgelê en verontreinig het. In daardie tyd , toe die Pragtige land donker gemaak was deur die nag van naakte heidendom of anti-christendom , toe die helse hellemagte skynbaar oorwin het, toe het die oorblyfsel die boekrol met die profesieë van Daniël oopgerol en hulle deur die krag van die Heilige Gees

versterk met die trooswoorde van daardie profeet.

NADERE VERKLARING DEUR DIE

ENGEL 8 : 20 - 26

Die engel Gabriël verklaar vir Daniël dat die skaapram die opeenvolgende konings van die Medo-Persiese Ryk aandui. Die bokram is die koning van Griekeland met as eerste koning Alexander die Grote . Na sy dood sal die ryk in vier dele uitmekaar val en die krag van die ryk verminder.

Teen die tyd dat die heerskappy van hierdie vier konings reeds hul hoogtepunt bereik het , en die situasie dus al baie anders was as net na die dood van Alexander, kom daar 'n nuwe koning op.

'n Kenmerk van hierdie tydperk is dat 'die goddelose die maat volgemaak het' of 'die sonde sy hoogtepunt bereik het' NV vs 23b . Dit is nie goddelose heidene nie maar afvallige Jode wat deur hulle goddeloosheid die toorn van God opwek . "n Kenskets van hierdie afval onder die kerkvolk lees ons in 1 Makk 1 : 11 - 15 waar spesifiek die griekse gimnasium genoem word. Dit was heeltemal iets anders as die gimnasiums van vandag waar liggaamlike oefening gedoen word om die gesondheid te bevorder. In die Griekse gimnasiums is die jong seuns opgevoed in letterkunde , redenaarskuns en wysbegeerte . Dit was alles beheers deur die heidense geloof in 'n swetterjoel gode wat ondermekaar die toppunt van

sedeloosheid uitgeleef het. Die seuns is in die hantering van wapens en in verskillende sportsoorte onderlê om hulle liggaamsskoonheid te ontwikkel. Die liggaamsoefening is naak (in Grieks **gymnos** daarom gimnasium) gedoen wat vir die Jode nou boonop die ongemaklike probleem gegee het dat gesien kon word dat hulle besny was. Uiteraars ongemaklik want die Grieke het hulle daarvoor bespot omdat hulle die ongereptheid van die liggaam geweldig belangrik geag het. Verafgoding van die menslike liggaam wat uit stof is en tot stof sal terugkeer. "n Verafgoding wat vandag niks minder is nie en waarvoor amper onberekenbare skatte ge-offer word. Die verleë Joodse seuns het deur 'n operasie die besnydenis probeer wegsteek.

Tot dusver is in verband met die Griekse kultuur en die teksverband slegs op die negatiewe kant gewys. Natuurlik was daar vir die Kerk óók 'n positiewe kant. God het die Grieks gebruik as die skryftaal van die Bybel. In hierdie tyd is die Ou Testament , wat deur al die eeue trou bewaar is , in Grieks vertaal en die Nuwe Testamentiese boeke is almal in Grieks geskryf. Omdat Grieks die wêreldtaal was kon almal dit nou lees en verstaan. Paulus self gebruik beelde wat aan die Griekse gimnasium ontleen is as verduideliking in sy briewe vgl 1 Kor 9 : 24 e.v. , 1 Tim 4 : 8 , 2 Tim 2 : 3 e.v. 4 : 7 e.v. Ef 6 : 10 e.v.

Koning Antiochus Epifanes se ongere karakter is al by vs 9 beskryf en word in vs 23 en 24 weer beklemtoon om dan in die volgende verse sy bloedige en niks-ontsiende loopbaan verder te teken.

God laat hierdie monsteragtige man bereik wat hy nooit op grond van sy eie talente sou kon reggekry het nie vs 24 God sal hom toelaat dat hy nie alleen op ongekende skaal bloed sal laat vloei nie en sy magtige politieke teëstanders uitwis nie maar dat hy ook 'n aantal van die gelowige Jode sal vermoor. Soos so dikwels sal dit lyk asof die heiliges swak en weerloos is omdat die wêreld nie sien dat die HERE hulle Krag en Sterkte is nie.

Maar hierdie Ou Testamentiese antichris wat teen God in opstand gekom het, word deur God verbreek. Watter troos gee dit ons as gelowiges wat nie uit onself die vyande van God, wat met helse mag en krag teen Hom in opstand kom, kan verslaan nie !

Nou hoor ons dikwels in tye van oorlog en rampe en teëspoed die vraag hoekom God iets dergliks kan toelaat ? Natuurlik is dit moeilik verstaanbaar vir gelowiges wat geslagte lank onderrig is met 'n eensydige verklaring dat God liefde is. Juis omdat God die waarheid liefhet en die sonde haat, laat God dit toe dat daar moorddadige tiranne kom soos Antiochus, Hitler en so baie deur al die Godgegewe eeue. In die beskamende lig (duister) van ons sonde is dit tog geen

wonder nie dat God in plaas van een Antiochus sommer baie wrede tiranne laat opkom. Tiranne wie se oogmerk die vernietiging van die Kerk is. Calvyn stel dit min of meer ook so maar as begenadigde herder van Christus se gemeente trek hy altyd die Skriftuurlike lyne verder deur te troos en te vermaan. Laat ons in derglike angsvolle en donker dae op God vertrou - dit is tog Sy stryd en die einde van elke bloeddorstige vyand van Christus en Sy gemeente lê in God se Hand . Geen magswellusteling kan die koers wat God vir Kerk en wêreld bepaal het, verander nie .

Volgens 1 Makk 6 : 5 - 17 was die oorsaak van die vergoddelikte Antiochus se dood 'n siekte wat eerder as demoniese besetenheid beskryf kan word as dat dit net 'n liggaamlike siekte was (vgl Polybius). Tydens 'n veldtog in Persië het hierdie goddelose koning gehoor dat die Jode vir 'n verandering weereens in opstand gekom het en so baie sukses behaal het dat die tempeldiens herstel is. Sy verbitterde teleurstelling het hom ook na die dood laat verlang. Wat die presiese oorsaak van sy dood was weet ons nie maar ons weet wel dat hy sonder menslike toedoen die ewige verderf ingegaan het.

Ten slotte bevestig die engel dat hierdie hele unieke Godsopenbaring die volkome waarheid is. Omdat die visioen handel oor gebeure wat nog in die verre toekoms lê, moet die profeet dit goed

bewaar. Die woord wat hier gebruik word beteken letterlik **toesluit** en is 'n heel ander woord as **geheim hou** wat in baie vertalings en ook die NV ingesluit het. Die volk van God kan deur die eeue nagaan en sien dat alles gebeur het en sal gebeur soos God dit vir Daniël laat sien en hoor het.

DANIËL SE SIEKTE 8 : 27

Die profeet bly nie koud by 'n openbaring nie vgl 7 ; 28 en 10 : 8 ! Profetiese werk is uitputtende en harde werk. Dit raak hart en siel . Hierdie keer het dit die bejaarde profeet só aangegryp dat hy dae lank gedaan en siek was. Maar ondanks alle leed en verdriet oor die Kerk moet die daaglikse werk hervat word. Alle werk is godsdiens - diens aan God - en moet in alle opsigte so goed as moontlik gedoen word tot eer van God en heilryke seën van die naaste. Dit is juis hierdie vrug van die Calvinistiese geloofsbeleving wat nie in die laaste plek 'n rede was vir die ekonomiese vooruitgang van die Eoropese lande in die 16de tot 18de eeu . Dit sal my niks verbaas nie as bevind sou word dat die Calvinistiese deel van die bevolking in daardie jare persentasiegewys 'n baie groter deel van die handel en nywerheid beheer het as enige ander deel van 'n bepaalde bevolking. Dit kan eintlik nie anders nie want dit sou net praktiese geloofsbeleving wees.

Presies dieselfde sien ons tydens die Tweede Wêreldoorlog in Nederland. Die aantal lidmate van die gereformeerde kerkfamilie wat in die stryd teen die goddelose nasionaal-sosialisme geval het is totaal buite verhouding met hulle getal van die totale bevolking. Die groep wat persentasiegewys die tweede meeste martelaars opgelewer het was ... die kommuniste ! Natuurlik is dit nie 'toevallig' nie - beide is totalitêr - óf God is Koning oor letterlik alles óf die mens-van-die-rewolusie is.

Terwyl Daniël sy roeping as dienaar van die koning gehoorsaam uitleef , het die betekenis van die gesig hom nie losgelaat nie ; hy was nog gedurig vol daarvan. Maar in daardie heidense omgewing het niemand dit agtergekom nie.

ONTHULLING EN VERVULLING.

In die gesig van Daniël 8 ontvang ons 'n nuwe onthulling oor die toekoms. Die so verskriklik treurige en ontmoedigende geskiedenis sou uitmond in die tyd van die Antichris nog voordat die Christus gebore sou word. Die geheim van die eeue is oopgesluit tot die tyd van God se oordeel oor die Antichris van die Ou Testament. Wat in die een-en-'n-halwe eeu voor die koms van Christus gebeur het, is nie deel van die tyd van God se toorn oor Israel nie. Hierdie tyd word nie in die profesie of in die heilsgeskiedenis genoem nie. Dit is

deel van die onmiddellike voorbereiding van die koms van ons Here Jesus Christus.

Daniël 8 is nie alleen onthulling oor gebeure eeue gelede in Israel nie maar wys ook na die vervullingstyd. Só is dit nie net vir Israel geskryf nie maar veral ook vir ons wat in die spiraalgang van die geskiedenis dieselfde dinge beleef in die vervullingstyd (De Wolff). Christus het vir **ons** sondes die dood ingegaan . Hy hét opge-staan en ons- in-Hom as die krag van Sy opstanding in ons werk. Ondertussen wag ons nog op die vervulling van alle profesieë wanneer die ewige Messiaanse vredesryk sal aanbreek.

Die Almagtige Koning van hemel en aarde het tussen hemelvaart en wederkoms 'n stuk geskiedenis ingeskuif . Die Kerk staan in die brandpunt van die wêreldlewe waaruit die laaste geweldenaar sal opkom.

Na Antiochus was daar verskillende geweldenaars. Hoe baie Koningskinders is deur Romeinse keisers in 'n sirkusagtige vertoning vir die wilde diere gewerp of gekruisig ? Ontelbaar baie gelowiges is in opdrag van die Antichris, wat homself vergryp het aan die naam van 'vader van die Katolieke kerk', op die mees afgryslik denkbare maniere vermoor terwille van hulle onwankelbare geloof in Jesus Christus. In ons tyd word verskoning daarvoor gemaak en na die ander uiterste gegaan deur toenadering te soek tot allerlei **on**christelike godsdienste maar o.a. die Calvinisme

nog as kettery verwerp. Dwarsdeur die eeue heen was die antichristelike karakter van die Roomse kerk sigbaar. Die tipies Roomse leer van 'die doel heilig die middele' het Rome die een keer teen rewolusie laat ingaan en ander kere dit gretig laat omhels soos in ons wêrelddeel en Suid Amerika so duidelik gesien is.

Verder was daar die gewelddadiges soos Hitler , Stalin , Mao ens. ens. net alleen al in die vorige eeu. Hulle wêreldmag was op stadions skynbaar onoorwinlik en hulle het hulle vergryp aan die Kerk van Jesus Christus. Die gelowiges is op baie maniere uitgewis en die jeug is van die Kerk afgeneem en ge-dwing om voor die altare van die moderne afgode te kniel. Die afgelope eeu is deurspek met die afskrikwekkendste voorbeelde van volksmoorde in die eeu van medemenslikheid.

Ons weet dat die eindtyd die tyd van die Antichris is . Die groei en aantrekkingskrag van die sonde word al hoe groter. Die gelowiges sal al hoe meer - met Christus - ly. Ons leef tog in die tyd van 1 Joh 2 : 18 e.v. ?

In ons tyd sien ons ook verskillende ramme en horings wat opkom - en is dit hoogstens 'n graadverskil of ons nou onder die een of die ander se mag leef. In elke geval sal 'n laaste horing opskiet en hom woedend vergryp aan die leër van die hemel en die Koning van die konings.

Watter troos om dan te mag weet dat hierdie profesie van Daniël vir ons en in

ons tyd betekenis en troos het. Daardie godslasterlike horing sal op God se tyd sonder menslike hulp volkome verbreek word wanneer Christus kom om te oordeel.

Só is Daniël 8 aansluitend by Daniël 7 . Al twee spreek oor 'n wêreldontwikkeling met aan die end daarvan die antichristelike ryk voordat Christus weer kom. Die verskil is dat Daniël 8 beperk bly tot die Ou Testamentiese tyd , terwyl Daniël 7 die lyn deurgetrek het na die einde van ons aardse tyd. Ons het nou die troosvolle sekerheid dat agter die skaduwee van die antichris , wat ons tyd al stempel , die hemelse oorwinning blink.

Die Lig hét in die duisternis geskyn en Hy skyn nog altyd ! vgl Joh 1 en 1 Joh 2.

PERSPEKTIEF OP DIE KOMS VAN CHRISTUS. DANIËL 9

Inleiding.

Soos tussen die vorige twee hoofstukke is daar nou ook 'n baie noue verband tussen hoofstukke 8 en 9 .

In altwee tree die engel Gabriël op . Hierdie engel wat eeue later die goeie boodskap sou bring van die aankondiging van die geboorte van ons Saligmaker Jesus die Christus , moes aan Daniël openbaar dat die Ou Testamentiese geskiedenis nie sou uitloop op 'n permanente Anti -christendom nie. Antiochus se optrede sou nie die eeue wat ná hom kom bepaal nie. In hoofstuk 9 lees ons dat Daniël die openbaring van heerlike verlossing ontvang het. Hierdie Godsopenbaring trek die lyne deur van Daniël se tyd na die koms van Christus toe. Met Sy koms begin 'n totaal nuwe tyd. Ons sien dit al in die getal sewe wat so dikwels gebruik word en die getal van die Immanuel is.

Ons word ook in hierdie hoofstuk getroos. Wat ook al mag gebeur, niks kan die koms van God se Ryk stuit nie. Selfs

wanneer alles pikdonker is van

onheil en die gruwelikste gebeurtenisse ons bloed laat stol, bly die Here naby Sy volk.

DIE AGTERGROND. 9 : 1 - 3.

Soos vorige hoofstukke begin hierdie hoofstuk met 'n datering. Koning Darius is dieselfde man waaroor in 6 : 1 geskryf word. Hy word hier genoem as seun van Ahasvéros. Ons weet nie wie hy was nie want dit is nie dieselfde man wat ons in Esra 4 : 6 en Ester 1 : 1 ontmoet nie . Darius was 'n Meder en is deur koning Kores 'n koning gemaak - dié Darius van wie ons lees in Esra 5 en 6 en Nehemia 12 : 22 is iemand anders wat heelwat later geleef het en 'n Pers was.

Daniël het grys geword in sy lewe van ballingskap onder die magtiges van die aarde. Hy het die mag van Babel in al sy grootheid en afskrikwekkendheid gesien en van naby beleef . Hy het ook die korruptheid en bedrog gesien en ondervind , al het daar volgens hoofstuk 6 nie juis verandering onder die nuwe heersers gekom nie. Nuwe heersers , ja , want die gebeure van hoofstuk 9 vind plaas net nadat die heerskappy van Babel beëindig is. Soos elke wêreldryk na hom het Babel opgekom , geblyk en gesink - sodat vandag met die grootste moeite nog slegs dooie tekens van sy bestaan onder tonne woestynsand uitgedolwe kan word. Iets wat weens die politieke onbestendigheid in daardie

gebiede nou ook nie juis meer baie dikwels gedoen kan word nie.

Die profeet van God het geweet dat na die ontwikkeling van die geskiedenis gekyk moet word in die lig van die Heilige Skrif. Soos Calvyn later sou sê, moet die Bybel ons bril wees waardeur ons na alles kyk. Vandag kan ons ook alleen in die lig van die profetiese Woord die pad van die wêreld sien en die einde van daardie pad verkondig.

Hoofstuk 9 wys ons dan ook daarop dat die belangrikste nie is om die Kerk voor te berei op die gruwels van die Antichris nie (Hfst 8) maar hier word aan ons geopenbaar dat die heerlikheid van die finale oorwinning van die Godsryk die gelowiges eerder met vreugde as beklemming moet vervul weens die kortstondige mag van die Antichris. Laat ons dus die koerante lees en na die nuus kyk met die oop Bybel daarlangs en so sien hoe die Woord van die Here vervul word.

Na die val van die trotse Babel het Daniël in daardie deel van die Heilige Skrif wat hy besit het, die Jeremiarol oopgerol. Hy het veral aandag gegee aan die profesieë in verband met die tyd wat die Here bepaal het vir die 'puinhoop van Jerusalem'. Hy merk toe 'dat Jerusalem sewentig jare 'n puinhoop' sou wees.

Jeremia skryf twee keer oor die tyd van die ballingskap as 70 jaar. In Jer 25 : 11 lees ons dat Babel 70 jaar oor die volke sal heers. In Jer 29 : 10 word geprofeteer

dat God Sy volk sal laat terugkeer as die 70 jaar vir Babel verby is. Nadat die volke dus 70 jaar onder Babel se mag gesug het, sou Israel terugkeer na Jerusalem.

In die lig van hierdie tekste het Daniël besluit dat die val van Babel verband hou met die herstel van Jerusalem. Dit is verstaanbaar dat die profeet in die eerste jaar van Darius daarop let dat die vervulling van die profesie naby sou wees.

Op verskillende maniere kan berekenings gemaak word oor die 70 jaar, afhangende vanaf watter tydstip in die geskiedenis getel word. In elke geval is die resultaat dan dat die tydperk min of meer voltooi was. Die teksvers sê trouens nie of Daniël bevind het dat die jare al verby was of nie.

Behalwe die duidelike werklike betekenis van die getal 70, waardeur Daniël berekenings kon maak, het hierdie getal ook 'n simboliese betekenis. God het daardie tydperk vasgestel omdat 70 bestaan uit 10 maal 7. En 7 is 'n baie belangrike getal opgemaak uit 3 plus 4 : 3 is die getal van die Drie-enige God en 4 is die getal van die wêreld. Sewe sê dan : God + wêreld = God met ons = Immanuel.

Die getal van die Immanuel is die getal van die verlossing en hierdie verlossingsgetal word met die volheidsgetal (vgl Dan 7 : 7, 10, 24) vermenigvuldig - 7×10 - om die volheid van die slawediens onder Babel aan te dui. Hierdie profesie wys al klaar na die

evangelie van die Messiaanse toekoms vir Israel en laat die lig skyn in die stikdonker nag van Babel se tirannie.

Hierdie ontdekking laat die profeet nou nie passief raak nie , hy gaan nou nie rustig sit en kyk en wag tot dit God sou behaag om Sy Woord te vervul nie , nee , God doen Sy beloftes juis gestand wanneer die gelowiges Hom in die gebed vra om te doen wat Hy beloof het. Die profeet het gebid - hom doelbewus tot God gewend en dus sy gesig na die Here God gedraai. Dit is opvallend dat in vers 3 nie die Verbondsnaam HERE gebruik word nie. Die nadruk val hier op die feit dat die profeet die ware God , die Allerhoogste Regeerder en Heerser van hemel en aarde aanroep.

Daniël het hom in gebed en smeking verdiep , hom daaraan gewy en oorgegee. Daarby het ook uiterlike tekens van verootmoediging gekom. Deur te vas (vgl 2 Sam 12 : 16 ; Joël 1 : 14 , 2 : 12 ; Jona 3 : 5) word die aandag van die gewone daaglikse behoeftes afgetrek en die mens daaraan herinner dat hy selfs nie eers voedsel van God verdien het of dit werd is nie. Die 'rouklere' wat aangetrek is was hoegenaamd nie vergelykbaar met wat ons vroeër as rouklere gedra het nie. Tot 'n geslag of wat gelede was dit onder ons nog gebruik om as teken van smart en rou swart klere aan te trek . Die kleur was dus die hoofkenmerk van ons roudrag en die gebrek aan tooisels kon dit beklemtoon. Die Ou Testamentiese

'roudrag' het baie verder gegaan , dit was die dra van 'n gebreide bokvel met die hare nog daaraan. Slegs die harige vel bedek dan die kaal liggaam. Dit het die draer daaraan herinner dat selfs nie eers die genot van gerieflike klere sy reg of voorreg is nie. Ons lees daarvan as teken van rou of verootmoediging o.a. in 2 Sam 3 : 31 ; 2 Kon 6 : 30 ; 1 Kron 21 : 16 ; Neh 9 : 1 ; Jer 4 : 8 , 6 : 26 , 48 : 37 ; Klaagl 2 : 10 .

Die treurende het dan as uiterlike teken van rou en hartseer in as gesit Num 19 : 9 , 10 ; Job 2 : 8 of daarin gerol Jer 6 : 26 of as of stof op sy hoof gestrooi Jos 7 : 6 ; 2 Sam 13 : 19 .

Die uiterlike van Daniël , die stokou Godsman , was netso ontroerend as die skuldbelydenis wat hy in die gebed na God opstuur.

DANIËL SE GEBED AS SON- DEBELYDENIS EN BEROEP OP GOD SE VERBONDSTROU 9 : 4 - 14

Oor hierdie diep gelowige gebed het 'n Skrifverklaarder gesê dat 'n uitvoerige bespreking nie nodig is nie maar wel om dit aandagtig en herhaaldelik te lees . Laat ons die een doen en die ander nie nalaat nie.

'n Oorspronklike gebed ? Vir elkeen wat die Skrif 'n bietjie ken sal die gebed baie bekend klink. Dit is omdat die profeet so Skrifgetrou in sy gebed is. Natuurlik sal 'n skrifkryger dit glad nie so uitdruk nie

maar eerder praat van plagiaat en oorspronklikheid. Negatiewe Bybelkritici sê selfs dat Daniël net 'n klomp tekste aanmekeargeflans het deur te neem uit Esra 9 , Nehemia 1 en 9 , en die apokriewe boek Barug 1 tot 3. Ons antwoord op daardie kritiek is dat Esra en Nehemia juis van Daniël geleer en tog oorspronklik gebid het. Barug het aldrie eenvoudig na-geaap. Boonop verskil die gebede van die drie Bybelfigure kardinaal omdat elke gebed gekenmerk word deur die spesifieke situasie en oomblik in die heilsgeskiedenis waarin dit gebid is.

Dit is verder hoogs eienaardig dat so maklik skerp kritiek gehoor word op 'n gebed wat sy woorde put uit die Woord . Sou ons eintlik kragtiger kon bid met eie kunstiggevormde woorde pleks van met woorde wat die HERE ons self geleer het ? 'n Gelowige gebed is tog 'n gebed wat heeltemal deur God se Woord gedra word. Die magteloosheid van 'n gebed is dikwels die gevolg van die feit dat ons veels te veel ons eie woorde gebruik'.(Visser).

**"REKEN ONS DIE
ONGEREGTIGHEDE VAN ONS
VOORVADERS NIE TOE NIE" Psalm 79
: 8**

Hierdie teksvers van die Psalmis teken in een sin die inhoud van die grootste gedeelte van Daniël se gebed. Dít spreek ons vandag nie meer maklik aan nie.

Wie onder ons droom selfs daarvan om te bid dat die HERE die sondes wat ons voorvaders in die jare rondom 1800 teen die slawe en die Hottentotte gepleeg het nie aan óns moet straf nie? Wie bid dat die HERE ons die sondes nie moet toereken wat ons voorvaders gepleeg het o.a. deur onderlinge dwarstrekery en broedertwis waardeur baie lewens ingeboet is tydens die Groot Trek , die Dorslandtrek , die Vryheidsoorloë, en ...vul uself maar aan ? Hoe moeilik is dit al om ietsie van 'n verantwoordelike-sbesef te probeer opspoor ten opsigte van vergrype wat teen medelandgenote gedoen is in die naam van apartheid.

Eintlik voel ons oor die algemeen skaars enige bande met vorige geslagte laat staan enige verantwoordelikheid vir hulle sondes , ons sal darem nog met trots hulle 'groot dade' vir ons rekening neem. As gevolg van die uitgesproke on--historiese gesindheid dink niemand daaraan om bang te wees vir die opgespaarde toorn van God nie.

Dieselfde onhistoriese gesindheid laat die gelowige die begrip van individualisme aanneem. . Die woord 'individu' kom van die Latyn wat 'verdeel' beteken. Die weermagsterm 'divisie' beteken eintlik 'deel' (van die leër). 'Individu' is weer die kleinste en nie verder opdeelbare deel van die menslike geslag. Ons kan dit vergelyk met wat in die natuurwetenskap 'n atoom genoem word. Die individu of enkeling word dan geïsoleer, afgeskei van die gemeenskap.

Maar dit is onnatuurlik want enkeling en gemeenskap staan nie vyandig teenoor mekaar nie maar **behoort saam** (Brillenburg Wurth). As die mensheid gesien word as 'n geweldige klomp losstaande mense is die gevolg gewoonlik die verval in 'n 'ek-godsdiens'. Die idee is dat die kerk dan die godsdienstige behoeftes en gevoelens van die enkeling moet bevredig . Woordbediening moet 'persoonlik-gerig' wees met allerlei storiëtjies oor wat ander 'eensame siele' ondervind het. Dit is dan ook die teelaarde vir allerlei 'geestelike liederes' en 'halleluja liederes' waarin so baie aandag val op die vrome enkeling met sy persoonlike ervarings en soetluidende verlangens op die vereerde pelgrimspad. Dat die Skrif geen individualisme ken nie is al onmiddellik duidelik as ons aan die erfsonde dink. Ons het **almal** in Adam gesondig en Christus het vir **al** Sy kinders versoening gebring.

BYBELSE GEMEENSKAPSBESEF.

In die Skrif sien ons 'n baie sterk gemeenskapsbesef. In 'n groot mate tref ons dit ook nog aan by ons plattelandse swart gemeenskap. Hulle val onder 'n bepaalde kaptein en is dus volgens Bybelse spraakgebruik deel van die **huis** van díe en díe. Die huis is op sy beurt weer deel van die betrokke **stam** wat weer deel van die **hele volk** is.

Al is die Israeliete 'die geslag van Abraham' Joh 8 : 33 ; Ps 105 : 6 word

hulle gewoonlik Israel en soms Jakob genoem. Die stamvader Israel en sy kinders in hulle nageslag van duisende jare word dus met dieselfde naam genoem. Ons sien dieselfde by Israel se seuns : Juda , Benjamin, ens. is persoons - en stamname. Die Skrif sien Israel so sterk as 'n eenheid dat die hele volk as 'n persoon voorgestel word vgl Jes 1 : 4-7 , Jes 54 ; Klaagl 1 Eseg 16. Die Israeliete het self ook oor hulle volk in die 'ek'-vorm gespreek vgl Num 20 : 14-21 ; Ps 44 : 6-8 , 65 : 4 ; Jer 31 : 18 e.v. Die HERE Self spreek Sy volk ook aan as die een historiese eenheid wat Israel deur die eeue is. In Jer 26 : 5 dreig die HERE die luisteraars van die profeet en sê Hy dat hulle én hulle voorgeslag nie geluister het nie.

GEMEENSKAPLIKHEID IN SEËN.

Dwarsdeur die Skrif sien ons dat God die mense seën in die bepaalde lewensverband waarin Hy hulle geplaas het - as lede van 'n 'huis' Gen 7 : 3, 19 : 12 - 16; Jos 2 : 12 - 20, 6 : 25 , of van 'n stad Jer 38:17. Die sterkste sien ons dit natuurlik by God se verbond met Abraham en sy nageslag. God sluit die verbond nie met die 'individu' Abraham nie maar met sy hele 'huis' Gen 17:23. As teken en seël daarvan moes Abraham nie alleen homself be-sny nie maar elke lid van die manlike geslag in sy huis. Omdat die besnydenis aan-

gebring moes word op die manlike voortplantingsorgaan was dit 'n sprekende bewys dat God in die verbond opgeneem het elkeen wat weens voortplanting uit die geslag van Abraham en sy slawe gebore sou word. Wat die mens betref was die besnydenis ook 'n eed van trou wat die vader namens sy seun afgelê het Gen 17:9-14 vgl ook Eks 4:26 e.v. in verband met die dwaalleer van individualistiese christene wat durf sê 'ons laat ons kinders vry in hulle godsdienskeuse' ! - asof gedoopte mense se kinders ooit 'vry' voor God kan wees !

Israel was as 'n unieke eenheid gevorm deur die seën van God se verbond met God se volk. Elke jaar aan die Pasgatafel moes die vader , wat waarskynlik nog nooit naby Egipte was nie , vir sy seun sê : ' dit gebeur terwille van wat die HERE aan **my** gedoen het toe **ek** uit Egipte uitgetrek het' Eks 13:8 vgl ook vs14 ; baie duidelik ook in Deut 6:12-23 en Amos 3:1. Só moes die vader ook nog in Daniël se tyd sê:'God het die Jordaan voor **julle** laat opdroog totdat **julle** deurgetrek het' Jos 4:21-23.

Die nageslag is ook geseën weens die voorgeslag. Só is Jonatan se nageslag geseën vgl 1 Sam 19:1-3 met 20:15,17 en 2 Sam 4:4, 9:7 en 13 met 16:5-13, 19:28. Selfs in die Nuwe Testament skenk Jesus 'redding vir hierdie huis' Luk 19:8 e.v.. En wat gebeur met die gevangenisbewaarder in Filippi ? Hy moet glo in die Here Jesus en 'jy sal

gered word, **iy en jou huisgesin** ' , waarna 'hy en **al sy mense**' gedoop is Hand 16:30 e.v.

GEMEENSKAPLIKHEID IN VLOEK.

Soos met die ontvangs van seën word die hele lewensverband waarin die sondaar leef deur die oordeel van God of mens getref. Ons lees dit al in die tweede gebod Eks 20:4-6 wat die misdaad (van beelddiens) van die vaders besoek (toereken) aan die kinders , aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat.... Moet ons dan 'onskuldig' ly weens die sondes van die vaders ? In geen geval nie ! God let juis op of ons ons **verhard** in die sondes van die vaders of daarmee breek.

Die geskiedenis van die koningshuis van Jerobeam is 'n duidelike verklaring van die tweede gebod. Weens die koning se beelddiens wil die HERE die **'huis** van Jerobeam skoon wegvee' 1 Kon 14:10 e.v.. Later het Baesa 'die **hele huis** van Jerobeam omgebring' 1 Kon 15:29 e.v.. Het die mense toe nie onskuldig gesterf weens die onverdiende 'hoodlot' wat op die koningshuis gerus het nie? Nee , want die Skrif benadruk dat die volharding in die afgodediens die **huis** tot sonde gemaak het 1 Kon 13:34. Daar was slegs een goeie uitsondering 1 Kon 14:13. Met die **huis** van Baesa was dit dieselfde 1 Kon 15:33-16:7 en ook met

die **huis** van Agab 1 Kon 22:22 ; 2 Kon 9 en 10:11 ook nie weens 'n noodlot' nie maar omdat hulle netsoos Agab die HERE gehaat het vgl 2 Kon 3:2 e.v. , 8:26 , 11:1.

Ook in die geval van oortreding van ander gebooeie het die HERE kollektief of gemeenskaplik gestraf vgl Gen 12:17 , 20:2 e.v.; 2 Sam 3:29 ; Jer 26:14 e.v. Toe Dawid sondig met die volkstelling moes hy 'n straf kies. Nie een van die drie strawwe sou hom alleen raak nie. Nadat sewentigduisend man van die volk gesterf het sê Dawid " ék het gesondig ..maar wat het hierdie skape gedoen ? Laat U Hand tog teen **my** wees en teen **my familie** " 2 Sam 24. Ook in die Nuwe Testament tref ons dit aan by Annanias en Saffira Hand 5:1-11 en Paulus sê dat die gemeente van Korinte as gemeenskap skuldig is ' dáárom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle' 1 Kor 11:30.

IS GOD NIE ONREGVERDIG NIE ?
BESLIS NIE ! ROM 9 : 14.

Word die mens dan outomaties gemeenskaplik deur God geseën of gestraf ? Nee , die veronderstelling waarvan die Bybelse gemeenskapsbesef uitgaan is dat 'n hele huis of familie of hele stad of hele volk een van sin en een

van hart en een van gevoel is - behalwe as die teendeel blyk ! As kinders hulle bekeer van die sondes van die vaders of as party mense hulle bekeer van die sondes van die volk , dan werk die HERE volgens die reël van Eseg 18:20 e.v. : die mens wat sondig , dié moet sterf'. Dan moet daardie klein gedeelte van die volk -die oorblyfsel- hom bekeer Jes 7 , goed in tye van oordeel miskien saam-ly, maar hulle kry tog as **res** die mooiste beloftes. In daardie gelowige res is die ware volk verteenwoordig en kry hulle in die vreeslikste oordeelsituasie tog nog altyd 'n hoopvolle uitsonderingsposisie.

Daar word maklik getwyfel of God moontlik tog nie ietwat onregverdig is as Hy die volk as eenheid verteenwoordig sien in 'n man soos Agan wat die volk deur sy sonde in die ongeluk insleep nie Jos 7. Immers in 'n simfonie word die tema op 'n bepaalde oomblik deur net een instrument vertolk , dus verteenwoordig daardie een instrument ál die instrumente van die orkes en is dan die orkes. Só was Agan in 'n bepaalde sin Israel toe hy van die vyand se buit geneem en begrawe het.

Die solidariteitsgedagte wat ten opsigte van die strawwe bestaan , geld óók ten opsigte van die seën van God. Wie dink dat God onregverdig is omdat Noag én sy gesin gered is Gen 6 : 9 of Lot én sy skoonseuns Gen 19:12 ? vgl Jos 2:12-20 , 6:25 Rigt 1:25. **Alle** kinders van die gelowiges deel tog saam met die ouers

allereers in die beloftes van die verbond en daarna in die bedreigings.

Al is die verhouding van Adam met ons uniek, is die band tussen hom en ons baie sterk. Die Heilige Gees sê: 'deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, **omdat almal gesondig het**' Rom 5:12. Volgens dieselfde struktuur van die menslike geslag is ons almal in Adam die dood skuldig en kan ons alleen deur die geloof **almal** gered word deur die **EEN MAN**, Jesus Christus die Seun van God vgl 1Kor15:12-34. Jesus Christus is so intiem aan ons verbind dat Sy gemeente in die Skrif soms Sy **Liggaam** genoem word Rom 12:5; 1Kor6:15, 10:17; 12:12-31; Ef 1:23, 4:12; Kol 1:18,24. Toe Saulus christene (let op die meervoud!!) vervolg het moes hy van **die** Christus hoor: "Saul, Saul, waarom vervolg jy **My**?" Hand 9:4

GOD SE OPGESPAARDE TOORN.

Wanneer in 'n gesin die kinders die dag met stoutheid begin dan straf ouers hulle nie altyd onmiddellik nie maar waarsku eers. As die waarskuwings in die wind geslaan word en die ongehoorsaamheid voortduur, dan word ergernis op ergernis gestapel in die hart van die pa of ma. Op 'n bepaalde oomblik kan 'n druppel die emmer laat oorloop en volg die gepaste straf. Is so 'n straf dan net oor die laaste vergryp? Natuurlik nie, die

opgegaarde toorn het uiteindelik ontbrand.

So kan dit ook tussen God en Sy volk gaan. Ons hemelse Vader is geweldig geduldig en verdraagsaam Rom 2:4. Sy toorn gaar soms op. En so is dit ook weer van ons kant waar dat ons besig is om vir onself straf op te gaar Rom 2:5. Só kan die mens vir hom by God 'n skat, 'n kapitaal van geregtigheid maar ook van toorn opgaar! Ons sien dit duidelik by die vroom koning Josia. Tydens die kerk-hervorming in sy tyd is die Boek van die Wet van die HERE onder die rommel gevind, en toe daaruit vir hom voorgelees is het die koning sy klere geskeur en gesê: 'ons **voorvaders** was ongehoorsaam aan die Woord van die HERE ... daarom is die toorn van die HERE wat op ons uitgestort gaan word, groot.' 2Kron34:21. Josia het reg gesien dat 'ons vaders' 'n kapitaal van toorn by die HERE opgegaar het en dat dit moontlik in sy leeftyd 'met rente uitbetaal' sou word. Sy vrees was gegrond soos uit vs 25 blyk. Maar ons sien ook dat die HERE kyk na die lewe van gelowige kinders van ongelowige ouers. Omdat Josia hom bekeer het van die sondes van die vaders is God hom genadig vs26 e.v. Eers onder sy goddelose seun Jojakim het God Sy opgegaarde toorn laat ontbrand 2Kron36:5-8. Ons sien dieselfde gedagte by Jeremia 16:10-12, 32:18e.v., 44:1; en Eseg 20.

Die besef van solidariteit in historiese skulde vind ons baie dikwels. Dit begin al

in Lev26:40-42 vgl Neh 1:9 waar dit gaan oor 'n regverdige voorbidder vir 'n goddelose volk. Verskillende kere lees ons van vromes wat ondanks persoonlike geregtigheid tog die ongeregtigheid van voorvaders en tydgenote bely. Voorbeelde is die uitgesproke vrome Dawid van 2Sam22:21e.v. en van Ps 132 wat in 1 Kron 13:3 bely dat **ons** ons nie oor die ark bekommer het nie. Die Skrif skets in drie hoofstukke Hiskia se geregtigheid - tog bely hy sy gemeenskaplike skuld met die sondes van die voorvaders 2 Kron 26:6-9 en het hy 'n sondoffer vir sy koningshuis laat bring vs21. Wat koning Josia betref vgl 2 Kron 34:2 met vs 19 en 21. Die profeet Jeremia was self vroom maar praat van **ons** skuld en sonde Jer 2:2 ,3:25 , e.a.p. ook in Klaagliedere tref ons dit aan 3:42, 4:13, 5:7. Ook die Psalmis spreek in Ps 106 verskillende kere oor die sondes van die vaders vanaf die slawedienstydperk in Egipte tot die slawediens in Babiloniese ballingskap. Hierdie Psalm is een geweldige belydenis van historiese kerkskulde waarvan party eeue en eeue voor sy tyd gepleeg is. In Esra 9 asook in Nehemia 1 en 9 sien ons duidelik dat hierdie twee vromes , wat so baie met Daniël in gemeen het , hulle ook verbonde gesien het aan die vaders se sondes en as onlosmaaklike lede van die volk waarin God hulle geplaas het. Daar was geen tyd in Israel se geskiedenis waarin die sondes van die

voorvaders meer bely is as in die tyd van die ballingskap nie. Onder hierdie voorbidders was die skrywers van Klaagliedere , Psalm 106 , Daniël , Esra en Nehemia wat almal in dieselfde eeu onder die geweldige oordeelsnood geleef het en dieselfde historiese kerksondes bely het.

ONS VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE MISDADE VAN ONS CHRISTELIKE VOOROUERS.

Vir die gelowiges van vandag is die mede-verantwoordelikheid in die misdade van ons christelike voorouers maar moeilik verteerbaar. Ons is ook al sterk aangetas deur die gees van rewolusie en individualisme en 'n onhistoriese ingesteldheid. Solidariteit in voorregte, asseblief ja , maar in skulde en straf ? Nee , wat baie dankie dis darem al te veel gevra.

Oor solidariteit word die afgelope dekades baie en baie maklik gepraat maar dan gewoonlik in 'n uitgesproke rewolusionêre klimaat en betekenis. In opstand en opstandigheid kan van solidariteit sprake wees maar moet tog nie verwag dat enige solidariteit gevoel sal word met foute van gister en nog minder van vandag se medelandgenote nie. Oor die foute van gister en eergister kan net veroordelings uitgebasuin word met die eis dat die gemeenskap wat daarby betrokke was of daardeur beïnvloed was daarvoor moet boet. Om

solidariteit in skulde te kan besef , om nog nie eers te praat van te aanvaar nie , moet daar ook erkénning van skuld wees . Dit opsigself is al 'n groot taak want dit is verstommend om te hoor hoe baie mense vandag beweer dat hulle teenstanders van die Nasionale Party regering was en nooit of te nimmer 'afsonderlike ontwikkeling' gesteun het nie. As mens hulle selfs 'n bietjie sou kon glo dan was daar in ons land en tyd groter bedrog met verkiesingsuitslae as wat vandag in die korrupste derde wêreldland denkbaar is... Tot vandag toe dink ek dat 'afsonderlike ontwikkeling' 'n goeie gedagte was veral op daardie stadium in ons geskiedenis en dat dit baie mense uit ander kultuur-groepe geweldige geleenthede gegee het. Die huidige leiers op politieke en ekonomiese terreine uit die sogenaamde 'agtergeblewe gemeenskappe' is 'n bewys daarvan . Maar my ondersteuning van 'afsonderlike ontwikkeling' destyds het nie verhinder dat ek teen die sogenaamde 'klein apartheid' ingegaan het nie. In die naam van my en my volksgenote is afgryselike dade deur misdadige elemente gepleeg en deur 'n amptenary wat, meganies ongevoelig, wette letterlik of volgens persoonlike smaak uitgevoer het. Om my verantwoordelikheid aan die gepleegde sondes te erken is allesbehalwe lekker of maklik maar ek kan nie daarby verbykom nie. Ook ek is verantwoordelik vir die sonde dat 'my' regering nie opgetree het teen die misdadige elemente wat die

'stelsel' misbruik het nie. Beteken dit nou ook dat ek verantwoordelik is vir die sondes van die huidige staatsbestel ? Nie solank ek voorbede vir die owerheid doen nie **en** wys op die sondes wat gepleeg word soos o.a. op die gebied van onderwys en opvoeding nie.

Wanneer die apostel Petrus sê : ' vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag' 2 Petr 3:8 dan beteken dit ook dat die sondes van die christene in die Middeleeue nog vars voor die HERE lê. Hoe intens is die lig van die Woord toe deur die Kerk en sy geleerdes verduister ! Maar wie van ons vrees nog die opgegaarde toorn van God daarvoor? Die Psalmis van Ps 106 het hom betrokke gevoel by sondes wat meer as vyfhonderd jaar eerder gepleeg is ! Wie van ons is nog bang vir God se toorn wat 'n bietjie meer as 'n eeu gelede opgewek is omdat God se Woord omvorm is tot 'n sedeleerboek en tot 'n storieboek wat mooi en navolgingswaardige stories aanbied 'n vir ordentlike lewe? Hierdie oortreding van die tweede gebod word vandag nie minder gepleeg nie. Wie is nog bang vir God se toorn oor ons vaders en voorvaders wat ook op sosiale gebied gesondig het teen geloofsgenoot en vreemdeling ?

Deur bestudering van God se Woord en in die krag van die Gees moet ons loskom van 'n onhistoriese 'persoonlikheids'- of 'ek-godsdiens' wat

blind is vir God se historiese verlossingsdade en vir ons eie historiese skulde. Ons moet losgerúk word uit 'n **onverootmoedigde** houding wat God gedurig wil wys op die godsdienstigheid van die volk waarin die HERE ons geplaas het.

'n Amper fanatieke geloofsywer met allerlei metodistiesgekleurde trekke en 'n aktivisme wat aan die Makkabeërs laat dink word in ons tyd veels te veel gesien én selfs bewonder maar beide het geen oog vir die werklike situasie nie. Dit kan God se toorn selfs nog groter maak.

Mag God ons laat terugkeer en ons deur Sy Gees die krag én wysheid gee om as Sy Verbondsvolk Hom as ons Verbondsgod te eer en te dien. Mag in óns tyd van die lippe van die gelowiges die gebed opklim:

'Gedenk die kwaad deur **ons** gedoen , nie meer

Ons euweldaad, wil ons vergeef, o Heer !

En maak U volk wat nou , verswak moet ly ,
deur U genade weer van die skuldstraf vry.'

(In die uitwerking van hierdie tema is veral gebruik gemaak van F.van Deursen : Psalmen 1)

PLEITGROND VIR DANIËL SE GEBED.

Daniël kon vergifnis vra vir die sondes van die volk in sy geheel omdat hy 'n pleitgrond vir sy gebed het.

Hy doen 'n beroep op die verbond wat die HERE met Sy volk gesluit het en in Sy trou ook sal hou. Die woorde van vs 4 laat sterk dink aan Deut 7:9 en 21 en Neh 1:5. Dit is opvallend dat Daniël in vs 2 en 4 spesifiek die Godsnaam HERE = Verbondsgod gebruik.

SKULDBELYDENIS vs 5-14 .

In vs 5 begin die skuldbelydenis : reguit , sonder om doekies om te draai of verskonings uit te dink. Hier sien ons nou werklik ware solidariteit : **ons** het gesondig , verkeerd gedoen , goddeloos gehandel , in opstand gekom en van U gebooie en verordeninge afgewyk. As ons die gewig van elke begrip bepaal is dit glashelder duidelik dat Israel wel op alle moontlike maniere gesondig het. Dit word **alles** bely - ware berou probeer nie om sondeskuld te verklein of goed te praat nie. Dat só diep geval kon word is verklaarbaar omdat bely word dat van God se gebooie afgewyk is. Wanneer die Woord losgelaat word of onder die stuifsand van die tydsgees wegraak dan word die hele lewe van sy fundamente geruk en is daar chaos op alle terreine van die lewe maar veral op die morele en sedelike gebied.

Die sondige lewenswyse is nog verder vererger deurdat nie geluister is na die

profete wat deur God gegee en in Sy Naam gesprek het nie. Hier kan dus geen sprake wees van sonde weens onkunde nie. Hier is juis verharde ongehoorsaamheid . 'n Sonde wat willens en wetens gedoen is. Sonder uitsondering is almal ook daaraan skuldig.

In die lig van al die sondes wat Daniël noem is dit soveel duideliker dat God alle reg het om Sy skuldige volk te straf. Vir die bidder en al sy volksgenote is daar alleen rede om hulle te skaam. Al die Israëliete , of hulle uit Juda of Jerusalem of die Tienstammeryk kom of waar hulle hulle ook al bevind - almal dra die skande in die oordeel wat God laat kom het.

Hierdie God van almal en alles (Here met een hoofletter) is ook die troue Verbondsgod (HERE met vier hoofletters) en by Hom is barmhartigheid en vergewing te vind - iets wat werklik wel nodig is in die lig van al die opstand en sonde van die volk.

Maar omdat nie geluister is nie, het die verbondsbloetes plek gemaak vir die verbonds-bedreiging : 'Daarom het U die vloek wat met 'n eed bekragtig is en wat opgeteken is in die wet van Moses die dienaar van God , oor ons laat kom . Dit is omdat ons teen U gesondig het.' vs 11, vgl Lev 26:14,39; Deut 28:15-68.

God hou Sy Woord. Wat Hy gesê het doen en vervul Hy vgl Neh 9:8. Daniël wys daarop dat God die dreigende oordeelswoorde gerig het tot '**ons**' en

ons leiers. Soos in vs 6 en 8 word weer op die leiers gewys want hulle verantwoordelikheid is soveel groter omdat die volk so dikwels soos skape die leiers volg. Hoe groot is dan ook vandag die verantwoordelikheid van die kerklike ampsdraers : die predikant , die ouderlinge en diakens Eseg 33. Wat 'n verskriklike onheil het God oor Jerusalem gebring , onvergelykbaar met iets wat nog gebeur het. Wat 'n rykdom aan Goddelike genade het Jerusalem ontvang maar wat 'n verantwoordelikheid het dit nie meegebring nie en weens die ongeloof ...wat 'n skuldias het toe opgehoop !

Die bejaarde profeet trek gedurig die lyne van die Goddelike oordele deur na die Woord van God . Hy redeneer nie net oor sake wat met die oog duidelik gesien kon word nie en om dan hoofskuddend en diepsugtend te gaan sit en kla en kerm oor al die ongeluk wat hom en sy volk getref het nie. Hy het 'n oop oog vir die nood van sy tyd omdat hy dit sien deur die bril van die geloof. Dit geld vir óns natuurlik ook. Ons moet die nood van vandag nooit as 'n afgesonderde toestand sien nie. Dit is alleen reg te sien en te weeg en te bepaal met die oop Bybel daarby. Daniël sê reeds dit wat later in die Nuwe Testament gesê word o.a. Hand 13:33 : 'daar is geskrywe'!

Die bedreigings wat voorgehou was het in alle felheid oor die volk gekom omdat die volk absoluut niks gedoen het om dit af te weer nie. 'tog het ons HERE ons

God nie die saak met U reggemaak deur ons van ons sonde te bekeer en in te sien dat U doen wat U sê nie.. 'vs13 Dit is dan ook van die redes vir Daniël se gebed - al sewentig jaar lank tuggig God Sy volk maar van bekering is nog geen sprake nie , daar word net gekerm, gepiep en gekla. Daniël kon hier soos sy geestelike vader sê: ' wat kla 'n mens in sy lewe ? Laat elkeen kla oor sy sondes' Klaagl 3:39 Maar ag, die volk het ook nie na Jeremia geluister toe hy die Woord van die HERE laat hoor het : 'as die nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring' Jer 18:7,8 Op daardie waarheid het die volk geen ag geslaan nie, hulle het nie die wysheid in God se Waarheid gesoek nie.

In sy skuldbelydenis lê Daniël besonder baie klem op die feit dat die Godsoordeel volkome regverdig was. Hierdeur wil die profeet vir Israel en óns bring tot volledige skulderkenning en sondebelydenis sonder enige verskonings.

BEKLEMTONING VAN PLEITGROND IN DIE BOETEGEBED 9:15-19.

Na die uitgebreide en deemoedige skuldbelydenis kom die profeet dan sover om sy gebedsverzoek voor God neer te lê. Dit is 'n gebed vir kerkherstel. Die profeet gryp dan terug na

God se groot weldade uit die verlede. Hy wys die troue Verbondsgod in sy gebed om verbondsvernuwing pertinent op God se groot historiese verlossingsdaad - die bevryding van Israel uit die slawehuis van Egipte. Deur daardie daad wat wêreldnuus was het God vir Homself Naam gemaak vgl ook Jes 63:12,14 ; Jer 32:20; Neh 9:10. Daniël pleit nou as voorbidder op grond van hierdie verlossingswerk wat God werklik gedoen het. Ons mag vandag óns ook beroep op God se groot dade van die verlede en dan spesifiek op die dood , opstanding en hemelvaart van Jesus die Christus en ook op ons roeping om die lig van die Evangelie uit te dra 1 Petr 2:9.

Daniël se gebed is eintlik 'n gedurige beroep op God se verbondstrou. Die bejaarde profeet bely elke keer weer dat daardie verbond deur die ontrou van Israel geskend was en dat God daarom met sy geregverdigde verbondswraak gekom het. Maar nou het die profeet hom verootmoedig onder God se straffende hand en beroep hy hom op die belofte van die HERE soos o.a. opgeteken in Lev 26:40-42. Daarin beloof die HERE tog dat Hy aan die getroue oorblyfsel sal dink as hulle ballinge is vgl ook 1 Kon 8:46-51 en Ps 74. Daniël was ook nie die enigste wat in hierdie bitter jare van ballingskap gelowig aan die HERE vasgehou en tot Hom gebid het nie. Esra en Nehemia en die digters van Psalm 74 , 79 en 106 het ook dringend gebid vir herstel van die Kerk.

Wat so opvallend is by hierdie voorbidders vir verbondshernuwing, is dat hulle almal in hulle gebede wys op die 'voorgeskiedenis' van die verbondsluiting van die HERE met Sy volk. Laat ons eers kortliks verduidelik wat dit is.

DIE VERBONDSLUITING VAN DIE HERE MET SY VOLK.

Die begrip 'verbond' is min of meer aan ons almal bekend as 'n Skriftuurlike en teologiese woord. Ons hoor dit met elke nagmaalsviering. Ons weet ook dat 'n verbond twee kante het want ons hoor dit elke keer as die Doopsformulier gelees word. Tog bly dit vir ons dikwels nog 'n vreemde begrip wat ons nie so maklik kan definieer nie. Dit is ook verstaanbaar omdat die begrip al 'n goeie 4000 jaar oud is. Die verbondspraktyk was van 2200 voor Christus tot 600 v.C. internasionale diplomatieke gebruik. Daar is onder andere altyd 'n verdrag of verbond gesluit tussen 'n oorwinnaar en sy vasal, sy onderworpe bondgenoot. Die dokument begin dan deur plegtig en breedvoerig uiteen te sit wie die heerser is wat opdrag gee vir die opstel van die verdrag-dokument. Daarna word in die 'voorgeskiedenis' duidelik en uitvoerig geskets watter geweldige gunste en weldade die heerser gedoen het en waardeur die vasal geweldige verpligtings het. Volstrekte trou kan van hom geëis word.

Deur die talle opgrawings is baie van hierdie verdragsdokumente gevind sodat ons weet van verdrae of verbonde tussen meer as 25 verskillende state. In 'n mate het die HERE Hom by hierdie bekende praktyk aangesluit om die verhouding tussen Hom en Sy uitverkore volk duidelik te maak en duidelik te laat wees. Die HERE het die raamwerk van die verbondsdokumente oorgeneem. In Josua 24 is dit duidelik te sien.

Vs 2 gee die aanhef van die verdrag met die voorgeskiedenis wat met die voorouers begin. Die weldade van die HERE van geslag tot geslag word opgesom. Let ook op die 'Ek'-styl waarin die Here Self as Groot Koning aan die woord is.

Vs 14 Die eis van trou

Vs 16 Plegtige be-aming deur die volk - die rede is die voorgeskiedenis!

Vs 19 Afkondiging van voorwaardelike seën en vloek.

Vs 21 Die volk aanvaar die voorwaardelike vloek vir verbondsbreuk.

Vs 22 Die volk is self getuies en bevestig dit.

Vs 25 Die ander bepalings word ook vasgelê en alles word op skrif gestel.

Wanneer nou 'n verbond deur 'n vasal verbreek is dan het die heerser of koning die volste reg om te straf. Nadat die opstandelinge op hulle plek gesit is kon die verbond blykbaar weer herstel word as die onderworpe regeerder 'n skuldbeken-

tenis opgestel het. As vaste onderdele van so'n bekentenis is daar :

1. 'n herdenking van die weldade van die HERE (voorgeskiedenis) Dan 9:15 - verlossing uit Egipte; die HERE het Hom 'n Naam maak.
2. 'n Belydenis van eie skuld en ontrou Dan 9:5-19
3. 'n Erkenning dat die HERE reg is in die straftoediening Dan 9:7,9,11-14
4. 'n Versoek om sondevergifenis vir Israel Dan 9:16-19
5. 'n Smeekbede om die straf weg te neem en die verbond te herstel. Dan 9:16-19

Vir verdere voorbeelde sien Neh 9:6-38 ; 2 Kron 14:8-15:15 ; Esra 9:1-10:39 ; Jer 3:6-25 en 14:1-15:9 ; Jes 63:7-64:12 ; Ps79 ; 90 en 106.

Elkeen wat vandag voorbede wil doen vir die nood van die christendom kan 'n voorbeeld neem aan die hand van hierdie gebed van Daniël en ons God en Vader herinner aan Sy verbond. 'n Verbond wat nou nie meer deur die bloed van diere bevestig is soos in Daniël se tyd nie maar deur die bloed van God se eie Seun. Vir 'n moedige , vrymoedige en gelowige gebed lees Ps 74 !

Daniël bid God nou dat Hy in ooreenstemming met al sy dade van geregtigheid as troue Verbondsgod nou nog 'n keer sy geregtigheid moet laat sien. Mag dit God tog behaag om Sy toorn van Sy stad en heilige berg af te wend. Die profeet sê niks oor die tempel

nie , want al wat daarvoor gesê kon word was dat dit 'n puinhoop was. Juis daarom was Jerusalem en die volk se toestand 'n rede vir venynige en onophoudelike spot deur die omwonende volke . Dit het alles gebeur as gevolg van eie sondes en die van die vaders vgl Lev 26:39 ; Jes 65:7 ; Jer 11:10 ; Ps 79:8 ; Neh 9:2 en die HERE het hierdie toe-stand geprofeteer vgl Jer 18:16, 19:8 hfst 25 e.v. ; Eseg 22:4 maar laat die spot en die smaad van Sy Naam tog vir die Verbondsgod genoeg rede wees om herstel te skenk. Weer beklemtoon Daniël die solidariteit in skuld van vandag se geslag met die geslagte van die verlede.

Keer op keer doen die profeet 'n beroep op God se genadige barmhartigheid en wys hy op die feit dat die volk absoluut geen erbarming verdien het nie want hulle sondes was groot. Die gebed draai dan ook nie om eie belang nie maar smee dat God weer 'n plek van aanbidding wil gee. Die lewende verhouding met God is baie belangriker as 'n sterk stad.

Ons leer uit hierdie Skrifgedeelte hoe stewig God se kinders op die Skrif moet staan en daarin tuis moet wees. Ons kan baie daaruit leer dat 'n man soos Daniël wat so naby God geleef het vs 23 en deur Hom as profeet begenadig was en selfs tien keer wyser en geleerder was as die geleerdste professor in 'n wêreldryk , só eenvoudig en verstaanbaar bid. As ons die gebed ontleed is dit amper 'n

Skriftuurlike mosaïek met 'n groot aantal tekste wat nie op 'n eentonige of dooierige manier aanmekaar geplak is nie, maar 'as vars skeppings van die Gees van inspirasie' (Leupold) saamgevoeg is. So lei die Heilige Gees die gelowige om bekende Skrifuitsprake in 'n pleitgebed te voeg. Meer nog, as die gelowige nie meer weet wat om te bid nie dan tree die Gees Self vir ons in met onuitspreeklike versugtinge Rom 8:26 'n Gebed soos Daniël s'n kan God nie koud laat nie, daar word dan gepleit op die verbond en die herstel van Sy Naam en stad en huis sodat die liederlike mond van die vyand gesnoer kan word. Daniël het, vir sover dit tóe moontlik was, gebed in Christus se Naam, gepleit op 'n grond buitekant homself. So'n gebed word altyd verhoor - maar dan natuurlik op God se manier.

GEBEDSVERHORING 9:20-23

Uit die manier waarop Daniël beskryf wat hy gedoen het, is dit duidelik dat sy gebed doelgerig en duidelik verstaanbaar was. Hy beskryf sy gebed ook as 'n belydenis van eie en volkssondes. Die belydenis is met 'n bepaalde doel voor die HERE gelê. Die hoofdoel was die herstel van die 'heilige berg van my God'. Hierdie ontroerende gebed was dus nie 'n 'skietgebedjie' nie maar 'n gebed vir die eer van God sonder enige sentimentele eie-ek uitdrukkings.

Daniël was nog nie eers klaar gebed nie of die engel Gabriël vgl 8:15 e.v. was al by hom. God het sy dienskneg gestuur om Daniël 'n heldere insig te gee. Dit is opvallend dat die ongelooflik wyse profeet weet dat hy geen kennis het as God hom nie leer nie.

Uit die gebed leer ons Daniël ken - uit die manier waarop Hy verhoor het, leer ons die Here beter ken. Hy wat gesê het in Jes 65:24 'voor hulle nog roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor'. Omdat God Daniël baie lief het ontvang hy die openbaring in vs 24 e.v. Nog meer as vir Daniël het God Sy eie Seun lief. Asons dan in Sy Naam bid, dan het die Vader ons ook baie lief en mag ons seker wees van die verhoring van ons gebede. In Joh 16:23-24 word dit vir ons beloof.

Gebedsverhoring beteken nie altyd (of gewoonlik) nie dat dit gebeur wat ons graag sou wou laat gebeur nie. Ons kan seker aanneem dat Daniël 'n baie spoedige herstel van die tempel sou wou hê. Net soos ons behoort te verlang na 'n baie spoedige herstel van die skoonheid van die skepping, net soos die HERE haastig is om te antwoord, is Hy haastig om Sy werk te voltooi. Ons moet egter tog maar probeer om te onthou dat God se tyd anders is as ons s'n.

DIE OPENBARING VAN DIE SEWENTIG SEWETALLE AS ANTWOORD OP DANIËL SE GEBED. 9:24-27

By die eerste lees van hierdie slotverse van hoofstuk 9 be-kruip die gevoel ons dat ons maar gou-gou moet oorgaan na die volgende hoofstuk toe. Wat vir die bejaarde profeet duidelik en seker was , is vir ons bra duister en oor die verklaring heers daar nog altyd onsekerheid. Ondanks al die verskil van mening oor die vertaling en verklaring van hierdie paar verse stem alwat verklaarder is saam dat dit inderdaad een van die allermoeilike gedeeltes uit die Ou Testamentiese Godsopenbaring is.

En nou moes dit natuurlik gebeur dat juis hierdie gedeelte nou deur allerlei mense aangegryp is om die toekoms van die Kerk, van die Jode en van Israel te bereken of uit te lê. Die tragiek is dan dat hierdie woorde so baie nadruk ontvang dat die res van die Skrif onderbelig raak. Maar sou dit dan nie maar beter wees om die openbaring wat God deur Gabriël gegee het maar liever nie te lees nie? Moet ons dit nie maar vir ons chiliastiese geloofsgenote gee om daarmee te werk en dit te gebruik vir hulle berekenings en skemas en legkaartpraktyke nie? Om nie eers te praat oor die hartverskeurende misbruik wat allerlei adventistiese sektes van hierdie deel van die Woord maak nie.

Omdat hierdie woorde deel is van die Woord van God moet ons in die krag en die afhanklikheid van die Heilige Gees daarmee besig wees. Ons kan tog nie na 'n oppervlakkige lees van die verse

besluit dat God so'n magtige engel soos Gabriël ge--stuur het om net geheimsinnige woorde te uiter waarvan ons g'n kop of stert kan uitmaak nie ?

Die reël vir die regte verstaan van die Heilige Skrif wat die geopenbaarde Woord van God is bly nog altyd dat elke vers indringend bestudeer moet word en dat Skrif altyd met Skrif vergelyk moet word. Die Skrif is sy eie verklaarder. Ons moet lees wat werklik in die tekswoorde staan en daarvoor oppas dat ons nie ons eie denkkonstruksies in die teks in forseer nie.

Van die verskillende verklarings waartussen 'n keuse gemaak moet word , lê vir die Bybelvaste gelowige die keuse tussen twee verklarings wat ons in kort kan omskryf as die Messiaanse- en die Eskatologiese verklaring.

Die **Messiaanse** verklaring sien in Gabriël se woorde die ge-skiedenis soos dit uitmond in die versoeningswerk van Christus en die Nuwe Testamentiese diens aan God. Die **Eskatologiese** verklaring trek die lyne baie verder deur . Hulle sien in die teks ook die optrede van die Antichris in die laaste dae. Iets van altwee kry ons by die aanhangers van die tussenperiode (Parenthesis) wat o.a. deur Ironside en Hal Lindsey verkondig word en , as Amerikaanse uitvoerproduk , populêr geword het. Die tradisionele Messiaanse verklaring sowel as die Eskatologiese verklaring word deur gelowiges verdedig op Skriftuurlike gronde. Al word in hierdie bespreking in

hoofsaak die Messiaanse verklaring gevolg, wil dit nie sê dat ons daarmee die Eskatologiese verklaring as on-Skriftuurlik en dus as kettters brandmerk nie. Ons behandel die Eskatologiese rigting eenvoudig nie omdat dit nie vir ons oortuigend is nie en in hierdie poging om die boek Daniël te verklaar eerder verwarrend as verklarend en verhelderend sal wees. Vir 'n duidelike eskatologiese uiteensetting wat in die krag van sy oortuiging gegee word vgl H.C. Leupold se uitstekende en deur my altyd geraadpleegde "Exposition of Daniël". Soos die ander werke van hierdie Lutherse teoloog is dit 'n baie verrykende werk.

Die keuse het op die Messiaanse verklaring geval omdat die openbaring deur Gabriël tog 'n antwoord was op die roerende gebed van die profeet. In daardie gebed het dit gegaan oor vergewing, oor wegneming van God se toorn en die herstel van stad en tempel, volk en erediens. Juis die Messiaanse verklaring volg hierdie gebed baie sterk na.

Om te probeer om die teksgedeelte ook in die regte historiese raamwerk te bly sien wil ons eers die een moontlike uitleg behandel waar die tydperk gesien word as vanaf die aankondiging van die herstel van Jerusalem tot die dood van Antiochus Epifanes in 163 v.C. Oor hierdie goddelose koning het ons reeds

in hfst 8 gelees en sal ons weer in die laaste hoofstukke lees.

By Dan 9:25 Die profeet Jeremia het in Jer 29:10 geprofeteer oor die herstel van Jerusalem, koning Kores is deur God uitverkies as gesalfde vgl Jes 45:1 en het die bevel tot heropbou gegee.

by vs 26 In die 1953 Bybelvertaling lees ons oor 'n Gesalfde met 'n hoofletter en dus word Jesus Christus bedoel - in die verklaring van die inhoud van die teks sluit ons later daarby aan. Daar is egter sterk argumente om hier te dink aan die tyd van Antiochus omdat al die ander profetiese hoofstukke van Daniël wel oor daardie tyd handel. Dan sou die hoofbedoeling van hierdie gedeelte lê in die profesie oor die optrede van dié Siriese diktator. Die gesalfde (met 'n klein letter - en nie 'regeerder soos in die NV nie) is dan die hoëpriester Onias III wat deur sy eie verraderlike broer Jason uit die amp verwyder is. Met 'n groot bedrag aan geld het Jason toe die hoëpriesteramp by Antiochus gekoop. Onias is 'n paar jaar later verraderlik vermoor soos alles in 2 Makkabeërs 4 uitvoerig beskryf word.

Hiermee het die hoëpriesterlike waardigheid 'n bloedige dood gesterf en het omkoperij en geweld daarvoor in die plek gekom. Selfs mans wat nie uit die geslag van Aäron was nie, het die amp beklee. Hier was dus 'n baie duidelike wending in die geskiedenis.

Deur die afval wat so skrypend duidelik te sien was in die ontering van die

hoëpriesterlike amp is God se oordeel opgeroep : stad en heiligdom sal verwoes word deur die volk van 'n ander koning. Onder volk word dan die Siriërs verstaan wat onder leiding van hulle koning Antiochus in 167 v.C. die tempeldiens verbied en 'n spoor van verwoesting in Jerusalem gelaat het. Opvallend is dat onmiddellik op die noem van hierdie heerser sy val , sy einde onder die vloed van God se oordeel ook al aangekondig word. Hoe verskriklik hy ook al tekere mag gaan -en die werklikheid was bloedstollend - hy bereik niks daardeur nie want sy einde is alreeds deur God bepaal vgl 11:45.

'tot die einde toe sal dit oorlog wees' - verskillende kere het Antiochus teen Egipte opgetrek, Jerusalem verower en gruwelik verdruk en nog 'n keer die Pragtige Land (Israel 11:45) ingeval om daarna 'n smadelike einde te vind in'n veldtog teen die Parte. Die Makkabeërskrywer spel uit dat hierdie moordenaar en godslasteraar wat ander mense onbeskryfbaar laat ly het, self onder die verskriklikste pyne 'n jammerlike dood gevind het êrens in 'n vreemde bergland 2 Makk 9:28.

Vs 27 'n Ander vertalingsmoontlikheid vir die begin van hierdie vers is dat Antiochus 'die verbond vir baie mense swaar maak' . Onder verbond word God se verbond met Israel verstaan soos volgens die Daniëlboek se styl vgl 11:28,30,32. In die lig van die tekste het Antiochus die verbond 'swaar' gemaak

vir elkeen wat teenstand gebied het teen die vergrieksing van die hele lewe .

Die goddelose heerser het die offers in die tempel verbied . Hierdie bloedige verdrukking is tydens die tweede helfte van die laaste sewetal. Die blatante ontheiliging van die heiligdom met die invoering van afgodery is 'n gruwel vir God en mens.

Hierdie siening van vs 24-27 is geskets aan die hand van T.Boersma 'De Bijbel is geen puzzelboek' p.159 e.v. wat dan sê dat volgens vs 24 die einde van Antiochus uitloop op die oprigting van die Koninkryk van die Messias . Dit is die 'profetiese perspektief' in die openbaring van God. Gabriël gee vir Daniël openbaring oor die toekomstige tyd wat sal uitloop op die afgryslieke kerkvervolger Antiochus Epifanes maar sy einde word reeds aangekondig. In die verlenging daarvan sien hy die nuwe Groot Begin van God reeds lê : die Koninkryk van die Messias.

Dit is die perspektief in die geskiedenis : die einde van die groot teëstander , die beeld van die Ou Testamentiese Antichris beteken die begin van die Koninkryk van die groot Vredevoers.

DIE SEWENTIG

SEWETALLE vs 24

Dit bly so'n pragtige kenmerk van die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling dat die oorspronklike so getrou moontlik in ons taal vertaal is. In baie ander vertalings

het die vertaler ook die rol van verklaarder opgeneem en praat hy van 'sewentig weke' pleks van 'sewentig sewetalle'. In die NV lees ons 'sewentig tydperke' wat in wese geen verskil aan die teks maak nie maar dit eerder duideliker maak sonder om oor te gaan na verklarings.

Gabriël spreek oor sewentig sewetalle as 'n bepaalde tyd, baie langer as die sewentig jaar waarvoor Jeremia gepraat het en wat die onderliggende rede vir die gebed was. Hierdie 70 jaar by Jeremia het ons by die behandeling van vs 1-3 sowel as 'n werklike getal én as 'n simboliese getal opgeneem en wel as 7 = God+wêreld = God mét ons = Immanuel x 10 : volheidsgetal.

Die sewentig sewetalle moet as simbolies gesien word wat 'n tydsduur omskryf en so nie noukeurig bepaalbaar is nie. 'Sewentig sewetalle of tydperke is vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel' - hiermee word gewys op 'n tydsduur wat van besondere betekenis is vir die volk Israel en die heilige stad Jerusalem. Hierdie tyd kom in volkome vervulling met die koms van die Messias. Wat beteken dit dan vir God se volk?

Die Messias kom om sy ampswerk te doen en Sy werk word in ses kort uitsprake saamgevat, drie daarvan is negatief en drie is positief.

Negatief :

1. om aan die goddeloosheid 'n einde te maak en weg te doen

2. om die maat van die sondes vol te maak

3. om die oortredings te versoen

Positief:

4. om 'n blywende, ewige geregtigheid tot stand te bring

5. om gesig en profeet te beseël

6. om wat hoogheilig is te salf.

DRIE NEGATIEWE UITSPRAKE.

Die drie negatiewe begrippe is aldie omskrywings van 'sonde'. Elkeen laat 'n aspek sien van die verskriklikheid van afval en opstand teen God.

1. Die eerste woord wat vertaal is met 'goddeloosheid' kom van 'n werkwoord wat beteken : in opstand kom teen die wettige gesag ; rebelleer. Opstand is dus 'n sterk vorm van sonde.

Israel het keer op keer in opstand gekom teen die HERE Here. Hulle wou self die baas wees en die HERE Here nie as wettige Koning erken of gehoorsaam nie. Hierdie ondankbare, opstandige ongehoorsaamheid is die diepste agtergrond waaruit alle sondige dade voortkom. Hoe het Daniël in sy ontroerende gebed daarmee geworstel : ons het goddeloos gehandel, in opstand gekom, nie geluister na die profete nie ... HERE vergeef ! God antwoord dan dat die goddeloosheid vol-eindig word, tot 'n einde kom. Maar meer as dit. Dit kom nie alleen onder beheer sodat dit nie verder kan blom en groei nie (Leupold)

maar die opstand word volkome weggedoen , toegemaak en weggewas. Maar dit kan geen mens doen nie. Christus is die Enigste wat dit kan doen. Hy sal die offer bring wat ook die sonde van opstand volkome sal wegneem. Met Sy bloed het Hy die brand van sonde en opstand volkome geblus.

2. Die tweede uitspraak is : om die maat van die sondes vol te maak . Die NV koppel dit aan die vorige uitspraak 'daar sal aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word'. Die woord wat vir 'sonde' gebruik word kom van 'n werkwoord met die betekenis van : nie bereik wat bereik moes word nie , die doel mis , misluk. Die nadruk val dus op die slegte gevolg van 'n menslike daad , of sterker , op die vreeslike gevolge daarvan. Wanneer God se volk nie na God wil luister nie , dan bereik die volk nie sy doel nie. Omdat dit presies is wat gebeur het , is Daniël 'n balling en het hy ook gebid. God se vloek het oor Israel gekom pleks van God se seën. Israel het 'n skande , 'n smaad vir die volke geword terwyl die volk juis 'n seën vir die volke moes wees. Hoe het Israel tog misluk ! Maar wat kom die Messias nou doen ? Hy kom om die maat van die sondes vol te maak , om die sondes weg te neem , om 'n end daaraan te maak. Die onheil wat ons deur ons sondes oor onself gebring het, het Hy op Hom geneem. Hy het ons weer op die pad na die doel geplaas.

3. Die derde woord wat vir sonde gebruik word staan in die uitdrukking : 'om die ongeregtigheid te versoen' in die NV ' daar sal versoening gedoen word vir die oortredinge'. Ongeregtigheid is afgelei van die werkwoord wat beteken : om van die regte pad af te wyk , verkeerd wees , krom wees. Dit kom dan daarop neer dat om te sondig die gevolg is van 'n vyandige houding teenoor God ; om doelbewus , willens en wetens die verkeerde te **wil** doen. Daniël het dit duidelik by sy volk gesien : die hele Israel het U wet oortree en afgewyk .. Nie per ongeluk nie maar moedswillig. Die ore is toegestop sodat die profete nie gehoor kon word nie.

Deur die ampsdiens van die Messias gaan die HERE hierdie sonde ook wegneem . Die oortredings, die ongeregtigheid sal volkome versoen word deur die offer wat Christus aan die kruis sal volbring vgl Hebr 2:17 en 9:26.

Dié drie aspekte van die sonde gee 'n afskrikwekkende tekening van ons toestand teenoor God maar al hierdie sonde van opstand en mislukking en afdwaling sou deur Jesus Christus weggeneem word.

DRIE POSITIEWE UITSPRAKE.

1. Om ewige geregtigheid tot stand te bring is die eerste positiewe gevolg van die wegneming van die sonde en die versoening van die oortredinge. God

bring die geregtigheid Ps 85:11-13; Jes 51:5-8 deur die Messias . Hierdie geregtigheid sal altyd bestaan en wys so ook na Jes 45:17, 60:21. Dit is die geregtigheid waardeur die gelowige in die regte verhouding teenoor God staan en wat alleen die gevolg kan wees van die geloof in Jesus Christus.

Daar steek baie in dat iemand sê dat Daniël hier die taal van Paulus spreek en dat hierdie geregtigheid die groot skat was waarna die Ou Testamentiese gelowiges verlang het.

Geregtigheid beteken ook dat ons weer op die regte pad gaan. Omdat ons deur Christus met God versoen is dien ons die HERE God weer met 'n onverdeelde hart en siel.

2.'n tyd "waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom' NV word as tweede seënryke resultaat gesien. Op die openbaring wat deur die Ou Testamentiese profete in gesigte ontvang is , plaas God die seël van waaragtigheid en betroubaarheid deur die vervulling daarvan.

So vervul God Sy Woord altyd maar hier lê die nadruk dáárop dat profesie en visioen nie langer plaasvind nie. Die tydperk van profesieë is beëindig. Spesifiek dié Ou Testamentiese profetiese openbarings wat heengewys het na die koms van die Groot Profeet Deut 18:15.

3. 'Om wat hoogheilig is te salf' of letterlik : ' om die heiligheid van die heilighede te

salf '. Die NV het hier : 'en die tempel heringewy sal word'- wel 'n verklaring maar verweg van 'n vertaling. Wat presies bedoel word is onduidelik en die NV probeer met 'n oplossing kom. Die oorspronklike uitdrukking word in die Ou Testament gebruik wanneer verwys word na die tabernakel , die offers , die altaar e.d. maar ook na die priester wat die diens verrig. In hierdie verband sou 'n verklaring dan kan wees dat bedoel word dat die nuwe diens van God in die plek kom van die skaduweeagtige Israelitiese erediens (Aalders).

Met Sy offer aan die kruis het Christus die skaduweeagtige offers vervul vgl vs 27. Daar is ook wel die beroep op tekste soos Sag 4 waar salwing 'n simbool van die Heilige Gees is (Young ; vgl 1 Sam 10:1 e.v.; Jes 61:1)

By die behandeling van hierdie sesde uitspraak maak Leupold hierdie belangrike opmerking : 'om te min van profesie te verwag beteken om ook maar min daaruit te kry.'

Al word in die ses uitsprake die persoon van die Messias nie by die Naam genoem nie, word Sy werk baie duidelik aangetoon.

In vs 24 word Daniël dus op sy gebed geantwoord dat daar 'n tydperk voorlê waarin volkome sondevergifnis te weeg gebring sal word en die eeue-oue profesie vervul en afgesluit word en 'n heeltemaal nuwe diens aan God kom.

Voorwaar 'n groter antwoord as wat Daniël ooit kon verwag ! Daar is vergewing en herstel van die heiligdom en die diens aan God, maar dit word vervul in die ampswerk van Christus !

DIE SEWENTIG SEWETALLE
OPGEDEEL IN DRIE TYDPERKE vs
25-27

Met die oproep dat Daniël alles goed moet verstaan word die tema van die vorige vers uitgebou. Dit onderstreep ook die belangrikheid van die uitleg wat die aartsengel gaan gee. Van die oomblik waarop Jeremia (Jer 29:10) net na die wegvoering in ballingskap , God se troosvolle openbaring ontvang het totdat die herstel vir Israel sou kom is sewe sewetalle of tydperke. Dit is dus die tyd van die belofte af tot die vervulling daarvan met die roeping van koning Kores. Daniël weet dus nou dat sy gebed insake Jerusalem verhoor is en dat herstel nie sal bly wag tot die koms van Christus nie. Maar hy sien ook dat dit juis ingespan word vir die koms van Christus, soos in vs 24 so duidelik ontvou is.

In 'n tydperk van 62 sewetalle sal Jerusalem herstel en opgebou word. Dit sal dus 'n redelike lang tydperk wees waarin die stad herbou sal word en so sal bly voortbestaan. In elk geval het die herbou ook jare geneem soos duidelik word uit die boek Nehemia. Die beskrywing van die stad wys daarop dat dit weer 'n stad van betekenis sou word.

Tog sou alles nou nie bepaald hemel op aarde word nie . Die tyd van herbou en herstel is 'n moeilike tyd. Watter moeilik-hede is die ballinge ook nie in die weg gelê deur die Samaritane - die valse kerk - en die owerheid nie lees maar Esra 4 en 5 asook Nehemia 2 , 4 en 6. Daarna was vervolging, onderdrukking en stryd Israel se deel.

Ook die getal 62 moet simbolies gesien word in sy verband met die karakteristieke beskrywing van 'moeilike tye' of 'tye van benoudheid'. Ons kan praat van die Ou Testamenties-apokaliptiese weë wat die geboorte van die Saligmaker voorafgegaan het (de Wolff). Dit word uitgedruk in die getal 62 wat gelees word as ses-twee of sestig-twee. Dan is 6 die getal van die mens (vgl ook 666 in Op 13:18) en 2 die getal van die bevestiging.

Twee-en-sestig karakteriseer die tyd dus as een van swaarkry en benoudheid omdat dit die tyd is van die mens in sy sonde-uitlewing . Israel het die vervulling daarvan aan die lyf ondervind : moeite en stryd met die tempel- en stadsbou en onder die latere proses van vergrieksing onder Antiochus en onder die Romeinse heerskappy. Na die ballingskap was Israel gedurig onder die mag en invloed van wêreldmagte en heidense kulture.

In die eerste periode van die sewe tydperke staan verwoesting sentraal tot op die koms van die gesalfde koning vs 25a

In die tweede periode van die 62 tydperke kom herstel en heropbou in die kalklig vs 25b

Daar bly nog een sewetal oor en daarvan lees ons in die derde deel van die uitleg en nou gaan dit weer oor verwoesting vs 26.

D.K. Wielenga som die inhoud van die 70 sewetalle in kort op as : verwoesting , herstel , verwoesting van stad en tempel. Tog laat hierdie verklaring nie die lig deur wat die Messias laat val dwarsdeur die duisternis van vernietiging nie.

In die verband met vs 24 sien ons die Gesalfde as ons Here Jesus Christus , die Messias. Hy word hier nie as 'Koning' geteken nie . Hy is gestroop van alle mag en heerlikheid maar word ons geteken as die lydende Kneg, die lydende Gesalfde. Hy sal uitgeroei word - vgl met dieselfde woord in Lev 7:20 waar dit wys op die gewelddadige voltrekking van die doodstraf. Die woordgebruik laat ons ook dink aan Jesaja se beskrywing van die Kneg wat afgesny is uit die land van die lewendes Jes 53:8. Dié gewelddadige dood is dan die kruisdood van ons Saligmaker.

Juis deur Christus se kruisdood kon gebeur waaroor vs 24 so heerlik spreek : wegdoen van ongeregtigheid, volkome wegneem van alle sondes, versoening van skuld. Die kruisdood het ook ewige geregtigheid gebring waarin alle profesieë vervul is en waarmee deur die christelike Kerk die nuwe diens van God begin.

In vs 26 lees ons in die NV ' sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word'. In die OV 'n letterlike vertaling : " sal 'n Gesalfde uitgeroei word maar sonder iets vir Hom". Dit gee nie werklik 'n verstaanbare sin nie , Aalders sê dan ook dat daar geen werklik bevredigende uitleg is nie. Die betekenis is blykbaar soos die NV sê dat daar geen skuld by Hom was nie - behalwe dat die NV dit nie op Christus laat slaan nie en ons uitdruklik wel doen.

Tydens die laaste sewetal sal eerstens die Messias gedood word en daarna sal die tempelstad vernietig word. Die volk van 'n regeerder wat sal kom is die Romeine onder Titus Vespasianus wat in die jaar 70 n.C. die stad en heiligdom in rook en vlamme laat opgaan het. Jerusalem vind sy einde in die oorstromende vloed van God se toorn waaroor Nahum 1:8 ook spreek. Dit is God se vreeslike oordeel oor Jerusalem weens die verwerping van die Messias. God het vas bepaal dat tot op die definitiewe ondergang van Jerusalem , die tyd gekenmerk word deur voortdurende oorloë en verwoesting.

In vs 27 word nou eers spesifiek die laaste sewetal genoem. Ons volg hier weer die OV 'en hy sal met baie 'n sterk verbond sluit' , die NV wyk heeltemal af van die Bybelse spraakgebruik van 'verbond' waar dit nou 'n 'vaste ooreenkoms' genoem word. Die grondbetekenis van die begrip wat vertaal word met 'n 'sterk verbond sluit' , is om in staat te

wees om iets te doen , om sterk of magtig te wees , om die oorhand te kry - die woord 'held' is daarvan afgelei. In Engels word dit o.a. vertaal met 'prevail'; in Nederlands met 'zich krach-tig betonen'. Daardie verbond wat sal wys dat hy baie sterk is , is die verbond wat die HERE met Israel gesluit het. Die krag van die verbond wat met 'baie' dus met alle Israeliete gesluit was, sal buitengewoon duidelik te sien wees in die laaste sewetal. Dit het dan ook gebeur want toe is die Here Jesus gekruisig en het die vrugte van Christus se soenoffer gekom. In die dood van die Messias sien ons die grootste krag van die verbond. In Sy vloed het Hy die verbond volledig werklikheid laat word.

Wanneer die helfte van die sewetal bereik is , hou die offers op. Al het die staak van die offers in die tempel nie onmiddellik plaasgevind met die verwoesting van die tempel nie, het daardie offers nie meer werklike waarde gehad nie. Christus het die waaragtige soenoffer vir alle sondes gebring met Sy kruisdood en daarmee die noodsaak van die Ou Testamentiese offers beëindig - die skeur van die tempelvoorhangsel wys ook daarop Matt 27:51 ; Mark 15:38 ; Luk 23:45 ; vgl Hebr 8:13 , 9;25. Die 'helfte' moet soos die ander getalle simbolies verstaan word.

Wat nou volg wys weer op die verwoesting van Jerusalem. Maar ook oor hierdie woorde van Gabriël heers 'n Babelse spraakverwarring. Die NV het dit

dat' hy sal op die eenhoek van die tempel 'n ding sit wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig ..' Dit is tog nie juis duideliker as die OV se 'en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees..' Verskillende uitleggers sien dit as die verwoestende Romeinse leërs wat só vinnig kom asof hulle vleuels het terwyl hulle in uiterste wreedheid allerlei gruwels pleeg. Sy koms sal tot die einde toe met verwoesting wees. Die ondergang van die mooiste stad in die Pragtige Land , die heilige tempelstad , sal volgens God se vasstaande besluit volkome wees.

Die rede vir die ontsettende Godsoordeel hoef nie ver gesoek te word nie. Dit is weens die verwerping van die Messias. Dáárdeur het die volk Israel opgehou om te staan in die bevoorregte posisie as uitverkore Godsvolk. Nou is daar geen verskil meer tussen Israel en enige ander volk in die wye wêreld nie. Alleen die gelowige deel van elke volk is die volk van God. Die Israel van vandag is in elk geval 'n sosialistiese, humanistiese (in eie oë wel maar beslis nie in die oë van die Palestyne nie) en grootliks selfs 'n ateïstiese staat !

Die verklaring van Rom 9-11 word dikwels gekoppel aan die vorige opmerkings, natuurlik val dit totaal buite die raamwerk van 'n hulp by die verklaring van die Daniëlboek. Tog gee ons net 'n paar aantekeninge daarby omdat dit so dikwels aan Daniël verbind word.

DIE TOEKOMS VAN ISRAEL EN ROMEINE 9 - 11 .

Selfs al lank voor die stigting van die staat Israel in 1948 het hierdie Bybelgedeelte die lesers se gemoedere beroer. Dit is ook glad nie net sektariërs wat op grond van Rom 11:26 'en so sal die hele Israel gered word' aanvaar en verkondig dat Israel nog kragdadig tot bekering sal kom nie. Veral word dan 'n beroep gedoen op Rom 11:29 waar Paulus skryf : 'as God eenmaal aan mense Sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie' - dit sien tog op die Jode wat volgens die vorige vers wat die evangelie betref , vyande van God is maar kragtens die uitverkiesing is hulle geliefdes om die aartsvaders se ontwil vs 28.

Tot sóver word dan aangehaal ... maar juis in die volgende verse is daar die opvallende kenmerk dat Paulus oor **sy eie tyd** skryf. in Rom 11:13 sê hy al : ' en nou praat ek met julle..'

In 11;30 , 31 lees ons : ' vroeër was julle heidene ,..., maar **noudat** die Jode ongehoorsaam geword het , het God Hom oor julle ontferm. Netso gaan dit ook met die Jode : omdat God Hom oor julle ontferm het , het hulle **nou** ongehoorsaam geword. Maar dit gebeur sodat hulle self ook **nou** ontferming kan vind.' So in die NV. In die OV is dit nog duideliker : ' want soos julle ook **vroeër** aan God ongehoorsaam was , maar **nou**

barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid , so het hulle ook **nou...**'

Die apostel praat dus oor die Jode in **sy** dae as die uitverkore verbondsvolk vgl Rom 9:4. God het Sy volk nie verstoot nie Rom 11:1,2 . Paulus bewys dit deur daarop te wys dat hyself tog 'n Jood is , 'n gelowige Israelietiese christen. Die heidene word gered maar ook sommige uit die Jode Rom 11:14. Hierdie redding van mense uit die verbondsvolk is niks minder nie as lewe uit die dood !

En nou is die 'hele Israel' al die bekeerde Jode wat in Jesus Christus glo. Alleen die gelowige res van Israel vorm die verbondsvolk en dit wel saam met gelowiges uit alle ander volke. Vir elke Jood geld dieselfde bevel van bekering en geloof as vir elke ander mens.

Petrus se woorde bly van krag; 'Waarlik ek begryp nou eers dat God geen onderskeid maak nie , maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is' Hand 10:34. Geen mens met Joodse bloed het 'n hardikte voorsprong op iemand anders by God nie . Die belofte van die Evangelie **dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo** , nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê, moet aan alle mense ... **sonder enige onderskeid** verkondig en voorgestel word met die **bevel** van bekering en geloof - so bely ons in die Dordtse Leerreëls II,5.

Hoe onpeilbaar groot was God se genade dat Hy die volk wat die Eniggebore Seun van God verstoot en vermoor het, tog bly opsoek met die Evangelieverkondiging deur die apostels en ander gelowiges. Die genadetyd bly oop vir Israel as Verbondsvolk totdat God se verbondswraak oor stad en tempel losbars. Dan word die verbondsvolk slegs 'n etniese volk wat as sodanig nie meer God se volk is nie.

OPSOMMEND.

Die antwoord op Daniël se gebed vir die herstel van Israel en die tempeldiens het seker sy stoutste verwagtings oortref. Hoeveel dieper maak die Gees die inhoud van ons gebede ! vgl Rom 8:26 e.v. God verhoor die profeet se gebed deur hom iets te laat sien van die Goddelike raadsplan met Israel. Daarin gaan dit nie net oor die onmiddellike toekoms nie maar word tot in die verre eeue God se 'geskiedenis werksplan' vir Israel voor die profeet se oë ontvou.

Om daardie deel van die Geskiedenisraadsplan te sien, moet ons na die hele plan kyk en nie net na die een aspek waarmee hierdie hoofstuk afsluit nie. Die laaste verse teken 'n verstommend donker einde wat onontkombaar is vir stad en tempel.

Maar verse 25-27 volg op vers 24 en is 'n onderdeel en uitwerking daarvan wat juis so'n heerlike belofte-karakter het. Stad en tempel sal volledig ondergaan.

Die seremoniële erediens word definitief beëindig - maar dit is nie die einde nie.

Jesus Christus kom en Sy koms staan juis in die brandpunt van Daniël 9. Deur die koms van Jesus Christus en Sy kruisdood, kom waaragtige vergewing van sonde en die nuwe geestelike diens van die HERE in die gemeente van Christus wat Hy met Sy bloed gekoop het. 'n Heerlike vervulling van die profesie.

Toe Daniël gebid het, was die bouvalle van stad en tempel 'n teken van skuld en ongeregtheid wat Israel opgestapel het. Die verlate bouvalle het geskreeu vir heropbou en die koms van die Gesalfde. Die bouvalle waaroor vs 27/28 handel skreeu ook die aanklag uit dat Israel moes boet weens sy hemelhoë skuld en ongeregtheid wat sy hoogtepunt (eintlik láágtepunt) gevind het in die verwerping van die Messias. Maar nou het die bebloede en verbrande bouvalle nie geskreeu vir herstel nie want die Gesalfde het gekom . Nou is daar ook geen belofte vir herstel van stad en tempel nie want altwee het immers hulle taak volbring.

Nou moet wêreldwyd die Blye Boodskap uitgedra word van volkome versoening van al ons sondes en die ewige regverdiging op grond van die werk van Jesus Christus.

Nou word wêreldwyd die Nuwe Testamentiese erediens gevind, die bediening van die versoening in die lewende verkondiging van die Woord.

Slagoffer en spysoffer is nie meer nodig nie want ons het altyd ons Voorbidder by die Vader - ons Here Jesus Christus.

Maar dit beteken ook dat God Sy beloftes alleen wil vervul vir hulle wat roep om genade met belydenis van sondeskuld.

Die gebed van Daniël is die gebed van die Kerk van Jesus Christus : Here vergeef !

Alle eeue deur mag dié Kerk wat sy kerksondes , nasionale sondes , volkssondes , geslagssondes , familiesondes en persoonlike sondes van eergister , gister en vandag bely absoluut seker weet dat die Allerhoogste die gebed verhoor. Daniël het al geweet en bely dat die HERE Here dit doen omdat Hy so genadig en barmhartig is , groot van goedertierenheid. In ons Heidelbergse Kategismus Sondag 45 e.v. bely ons dit en in Antwoord 117 bevestig ons die belydenis onder andere met 'n beroep op Dan 9:18.

DIE GEBED VAN DANIËL VIR VANDAG

A. Janse het die gebed van Daniël 9 toegepas op die Kerk in die donker jare van die 1930's - vandag is dit netso aktueel.

'En ek het my aangesig tot die Here my God gerig om met vas en in roukleed en as, my aan gebed en smaking te wy'.

Ons mag ook ootmoedig na die Here gaan , na die Koning van die Kerk - en ons mag Hom smee en in daardie gebed hard werk.

Saam met Daniël mag ons bid :

'Ag, Here , grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou'.

Ons het as Christendom gesondig deur af te wyk van U gebooie en regte , deur af te wyk van die diens by die bloed van versoening.

Deur ons eiewillige godsdiens te vereer en ons eie persoonlik gekleurde godsdienstige gevoel en ons eie godsdienstige idees en menings en tradisies.

As Christendom het ons nie geluister na U dienaars wat U Woord, die Woord van die versoening en die Woord van die vrugte van die Gees gespreek het nie. Wat as U knegte ook gespreek het van die vloek van die Verbond oor die verbonds-kindere wat daardie verbond losgelaat het vir die aanloklike begeertes van die wêreld (soos Esou) of vir hulle

eie godsdiens (soos Manasse en Kajafas) vs 6

'Aan U, o Here , kom die geregtigheid toe , maar aan ons , beskaming van die aangesig '.

Ja beskaming by 'n Christendom wat deur U uitmekaar geslaan is weens hulle sondes en wat U verwoes het deur die vyand sodat daar geen sprake van herbou is nie vs 7 , 8

'By die Here ons God is daar barmhartigheid en vergewing,'

Hy het gedoen soos Hy in Sy Woord gesê het , dat hy hulle wat Sy verbond verlaat , onder onheil sou laat sug.

Só hét die onheil oor die

Christendom gekom , maar ons het ons nie bekeer van ons ongeregthede nie maar ons eie godsdiens langs die Woord gehandhaaf ;

ons het nie ag gegee op U waarheid nie. vs 9 - 13

'Daarom het die HERE onheil oor ons gebring, want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen. Maar ons het nie na Sy stem geluister nie . vs 14

Nou dan , o HERE onse God , U wat U Kerk uit die slawehuis van die sonde met 'n sterke Hand uitgelei het , hulle deur die doop afgesonder het van die heidene , en wat U Naam oor die hele wêreld bekendgemaak het , ons het as Christendom goddeloos gehandel , ontsettend gesondig.

'O , HERE , laat tog volgens al U geregtigheid , U toorn en U grimmigheid afgewend word van U Kerk,

want weens ons sondes is U Kerk 'n voorwerp van smaad vir almal rondom ons en in besonder vir die afgodediens van humanisme, sosialisme en Mohammedanisme.

Hoor dan nou onse God , na die gebed van U kneg en na sy smeking.

Laat U aangesig skyn oor U heiligdom wat woes lê. Neig U oor , my God , en hoor open U oë en aanskou ons verwoesting en die volk waar U Naam oor uitgeroep is -

want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smeking voor U aangesig neer nie, maar op grond van U grote barmhartigheid.

Kyk o HERE na die verwarring van die geeste na die mag van die geestelike verwoesters

na die heuningkwasswaaiers , gebedsgenesers en vereerders van die menslike gees en van die 'geestelike lewe' wat so baie in hulle mag het.

o HERE , hoor !

HERE vergeef !

HERE merk op en doen iets daadwerkliks !

Skenk tog reformasie.

Gee terugkeer van die oorblyf- sel , daardie handjievool , sodat U Kerk gebou kan word

sodat hulle wat treur weens U Kerk bly mag word. Sodat U ook weer oor hulle bly kan wees en goed vir hulle kan wees.

Sodat U Woord vervul word :

'Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat , maar met groot ontferming sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik My aangesig vir jou verberg , maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou ...' Jes 54:7

Ag, HERE , stel dit nie langer uit nie , laat dit tog nie jare neem nie, want die toestand is verward en gevaarlik en U Naam word daardeur gelaster.

Ons weet dat U ons nie nodig het nie , maar doen dit terwille van U Naam , om Christus ontwil , in Wie al U beloftes van die verbond vasgefundeer lê en in wie ons 'AMEN' sê.

DIE LUGGEVEG OOR JUDA

DANIËL 10

Die laaste drie hoofstukke van die Daniëlboek gee God se openbaring oor die toekoms van die Kerk.

GOD SE PROFEET ROU 10:1-3

Koning Kores was nou al drie jaar lank koning van Babel en al twintig jaar op die Persiese troon. Uit hierdie gegewens kan met redelike sekerheid die afleiding gemaak word dat die openbaring aan Daniël in die jaar 536 v.C. gegee is. Oor die dag en maand is daar geen twyfel nie dit bring ons op ons almanak by 24 Maart 536 v. C.

Daniël word in vs 1 ook by sy Babiloniese naam genoem wat beklemtoon dat hy nie saam met die ballinge onder Serubbabel na Jerusalem teruggekeer het nie. Op grond van sy gebed in die vorige hoofstuk kan ons verwag dat hy gebrand het om te gaan maar weens sy belangrike werk moes die hoogbejaarde profeet bly. Nogtans het hy ondanks sy ouderdom van 80 jaar of ouer ,nog groot reise onderneem vs 4

In Babel is weereens op groot skaal feesgevier. Die nuwe jaar het op 1 Maart begin en vir veertien dae lank het die nuwejaarsfeeste die inwoners in 'n meeslepende ban gehad. Die afgod Mardoek is deur die heilige Isjtarpoort

uitgedra en bo-op die Tsikkurat of tempeltoring is offers gebring ter ere van die gode wat daar in hulle nuwejaarsvergadering die lot van die volgende jaar sou bepaal. Ondertussen het die Babiloniërs hulle berugte nagtelike losbandige eet- en drinkpartye gehou.

Daniël het egter op die vakansiedae wat ter ere van die koning van die gode uitgeroep is, geen vakansie gehou nie. Terwyl die hele stadsbevolking hulle te buitegegaan het aan voedsel en drank en van meer as duisend altare rook opgestyg het ter ere van Mardoek , was daar in Daniël se woonplek 'n totaal ander atmosfeer.

Die ou profeet het gerou , getreur en slegs die noodsaaklikste voedsel en drank gebruik. Uit sy woonplek het slegs die reukwerk van die ge-bed opgestyg na die een waaragtige God van hemel en aarde wat hede en toekoms in Sy hand hou en wie se raad vas bepaal is.

Hierdie hoofstuk gee self geen antwoord op die vraag waarom die profeet dan so lank en diep gerou het nie. Uit die boek Esra is dit egter duidelik dat dit met die teruggekeerde ballinge in Jerusalem nie

goed gegaan het nie. Daar het ongeveer twee-en-veertigduisend man - saam met vrouens en kinders so'n tweehonderdduisend mense - na Juda terugkeer. Hulle was arm. Baie Jode het in Babilonië agter gebly en het later oor die hele wêreld versprei. 'n Paar eeue later het die Jode volgens skatting sewe persent van die totale bevolking van die Romeinse Ryk uitgemaak. Maar van hierdie ruim viermiljoen mense het minder as die helfte in Palestina gewoon - die res was in die verstrooiing of diaspora - veral as handelaars.

Die mense wat dus as gevolg van die verlossing wat koning Kores gegee het, teruggegaan het na Juda om daar weer die diens van die HERE te herstel, was sekerlik die geestelike kern. Ons moet ook onthou dat in daardie tyd die seremoniële wette nog volledig van krag was en ook weer nagekom moes word noudat die HERE Sy land weer vir Israel teruggegee het met inbegrip van die geheiligde grond.

Maar ag, ook die klein geestelike kern van die volk van God bestaan uit mense wat in sonde ontvang en gebore is. Eers in die sewende maand is die altare van die HERE op die ou plek opgerig vir die Loofhuttefees en is die daaglikse offers weer gebring ondanks vrees vir die bevolking van die land vgl Esra 3. Die bevolking van die land het nog grootliks uit vroeëre Israeliete bestaan wat nie in die ballingskap weggevoer was nie maar ook nie in geestelike ballingskap gegaan

het nie. Hulle het verbaster met die heidene en hulle godsdiens ook laat verbaster. So het hulle ver van die ware diens aan God verwyderd geraak. Hulle was allesbehalwe bly dat nou dat hulle ou stam- of volksgenote teruggekom het nie. Toe die teruggekeerde ballinge in die tweede maand van die jaar ná die terugkeer eers begin het om die fundamente van die nuwe tempel te lê, het die hemelsbreë geestelike verwydering baie duidelik geword. Die halfheidense deel van die bevolking eis ook volledige erkenning; hulle wil 'n gelyke sê hê in die bestuur van die geestelike lewe. Elkeen wat met die tempelbou help ontvang godsdienstige en staatkundige regte. Omdat die mure van al die stede deur die besetters gesloop was en die tempel sterk en hoë mure kry, kon daardie tempel 'n gevaar word vir die verheidenste inwoners. As die leiers van die teruggekeerdes dan weier om die hulp van die godsdienstig-onreine inwoners te aanvaar, word die vyandskap so ernstig dat die tempelbou gestaak word. Ondertussen word deur omkoperij en verdagmakery geprobeer om koning Kores oor te haal om sy gunstige houding teenoor die oudballinge te laat vaar.

Die tempelbou het ongeveer nege maande voordat Daniël hierdie openbaring ontvang het, begin. Die ou staatsman en profeet vir wie die Babiloniese en Persiese regeringskringe oop was, het bepaald geweet van die

pogings om sy volk te stuit in hulle Godgegewe werk. Hy het seker ook geweet dat die geestelike krag van die berooide ballinge tot 'n absolute laagtepunt gedaal het weens die voortdurnde sielkundige sowel as werklike oorlogvoering deur die halfheidense bevolking. Die Jode was so moedeloos en ontmoedigd dat hulle die werk aan die tempelbou maar gelos het.

In die lig van hierdie omstandighede gryp Daniël toe die magtigste wapen aan - hierdie wapen wat selfs die kleinste in die Koninkryk van God kan opneem : die gebed. Daarby kom die verootmoediging , die vas en die rou.

Waar was tog Israel se geloofskrag , geloofsmoed en geloofsywer ? Wat sou daar van so'n volk in so'n vyandige omgewing teregkom ?

Hier sien ons wat die gebed van 'n regverdige kan uitrig. Hemel en hel word daardeur beweeg ! In die volgende verse word aan Daniël en ons geopenbaar dat 'n gees uit die hel die duiwelse werk in Juda en aan die hof van die koning ondersteun. Máár dat ook een van die magtigste engele uit die hemel gestuur word om Daniël te antwoord en die invloed van die helse mag te breek.

Tussen hierdie geweldige magte in God se skepping ontbrand 'n titaniëse stryd om die beheer van Juda.

In die naam Juda lê juis die geheim van wat hemel en aarde beweeg het. Want uit Juda moes die Christus gebore word.

In Juda moes die diens van die HERE herstel en 'n tempel gebou word wat heerliker sou wees as die vorige. Die tempel waar die Seun van God sou inkom en waarin Hy die woorde van waaragtige lewe sou verkondig.

Die Satan het die gebeurtenisse in Juda van lewensbelang geag want daar sou 'n nuwe geskiedenis begin waardeur die pad na Bethlehem oopgemaak sou word. Ook vandag is daar vir die hel niks interessanter nie as die lewe van en in die Kerk!

DIE VERSKYNING VAN DIE ENGEL

10 : 4 - 9

Die drie weke van Daniël se routyd is waarskynlik beëindig deurdat hy 'n spesiale opdrag ontvang het. Dit het ondertussen al somer geword en die koninklike hof is dan verplaas na die Persiese koninklike somerverblyf in Ekbatana wat , soos die kraai vlieg , omtrent 400km van Babel af was. Ons kan aanneem dat Daniël een of twee dae ná die besondere gebedstyd met 'n karavaangeselskap na Ekbatana vertrek het.

Wat die drie weke van gebed en vas betref is dit opvallend dat hier weer van sewetalle sprake is . Tog het hierdie drie sewetalle geen simboliese waarde nie want dit is nie deur God geëis of gegee nie - dit het uit die gemoed van 'n gelowige gekom.

Omdat die eerste maand ook die maand vir die viering van die Pasga was , nl. van 14 tot 21 Nisan of Maart , is dit seker nie vergesog om te dink dat hierdie feit Daniël tot sy routyd laat besluit het nie.

Juis met Paasfees word die heerlike verlossing van Israel deur God se sterk Hand gevier en herdenk. In die ellendige omstandighede van die teruggekeerde ballinge was die HERE se verlossing weer dringend nodig. In hierdie Paastyd bid die profeet dan dat die HERE weer aan die verbond sal dink en opnuut Sy guns wil laat sien.

Op die 24ste Maart is Daniël by die drif van die Tigris of Hiddékel vgl Gen 2:14, 'n 100 tot 120 km van Babel en nog 'n week se reis van Ekbatana af. Plotseling sien hy daar 'n magtige engel staan wat 'n priesterkleed dra vgl Eks 28:42 ; Lev 6:10 , 16:4 en 1 Sam 22:18 ; met 'n gordel wat versier was met die fynste goud vgl vir hierdie hemelse verskyning Eseg 44:17 ; Op 1:13. Die betekenis van Ufas is onseker maar is waarskynlik geen pleknaam nie , Ufas is ook vertaalbaar met 'suiwer goud'.Die liggaam van die engel was soos die edelsteen chrisoliet - moontlik turkoois maar oor wat dit presies is heers daar onsekerheid, in elk geval word 'n edelsteen van buitengewone skoonheid en kleur bedoel. Die gesig van die engel was soos die geflikker van weerlig , sy oë soos fakkels van vuur en sy voete soos

blinkgeskuurde koper - wat 'n aseemberowende heiligheid !

'n Oomblik later hoor Daniël sy stem wat geklink het soos die gedruis van 'n skare mense. In die oorspronklike Hebreeus word dit in so'n styl beskryf dat beklemtoon word dat ons menslike taal té beperk is om die heerlike en verblindende werklikheid van die verskyning van die engel presies te omskryf. Omdat nie gesê word wie die engel was nie , het verskillende geleerdes gesê dat dit Gabriël is , ander weer die Engel van die Here dus die Christus , die Seun van God voor Sy vleeswording vgl Eks 3:2 ;Rigt 2 en 6 ens. Die beskrywing laat ons sterk dink aan Eseg 9:2 e.v. en Op 1:13-15. Tog is daar te veel verskil. Ons dink eerder aan 'n gerub soos in Eseg 1 en 10. Dit kan tog ook nie verklaar word dat Migael vs 13 die Engel van die Here sou moes help nie.

Alleen Daniël het hierdie hemelse boodskapper gesien. Sy metgeselle het wel gemerk dat iets besonders gebeur het en het in bygelowige angs die hasepad gekies . God het die hele omgewing laat skoonvee om Daniël te isoleer sodat niks hom kon pla by die ontvangs van hierdie openbaring nie.

Geweldig was die uitwerking van hierdie groot visioen op Daniël. Sy liggaamskragte en gesonde velkleur het weggevloei. Dit was só erg dat die profeet dit nog 'n keer beklemtoon dat hy

kragteloos was. Die vorige kere het die gesigte wat hy ontvang het, hom reeds liggaamlik sterk aangegryp vgl 7:28 en 8:27 maar waar hy nou van aangesig tot aangesig staan teenoor iemand wat van God Self kom, is die uitwerking soveel sterker. In drome en gesigte word blykbaar iets van die verblindende lig wat van bo kom, gedemp. Regstreekse kontak met God is vir die mens nog baie moeiliker om te verduur. Hoe diep het die mens tog in en weens die sonde geval. Die mens wat **kind** van God is kan dit selfs liggaamlik nie eers verwerk om een van die **knegte** van God te ontmoet nie!

Tog het die profeet alles heeltemal bewustelik beleef. Dit verander egter toe die engel begin praat. Weer beklemtoon hierdie profeet wat geweet het wat in die wêreld aangaan en onvoorstelbaar baie invloed en mag besit het, die ontsagwekkende. Tweekeer na mekaar praat hy oor 'die geluid van sy woorde' OV. Dit was net te veel vir menslike vlees... hierdie gelowige grysaard vir wie God liefhet, het bewusteloos vooroor geval. Hoe uiters swak en nietig is die mens in die teenwoordigheid van die heerlijkheid van God wat tog slegs in 'n beperkte mate in die **dienskneg** van God tot uiting kom. Hierdeur gee die Heilige Gees ons iets te kenne van hoe onvoorstelbaar groot en wonderlik en mooi die heerlijkheid van God Self is. Die engel het Daniël toe met die hand aangeraak en daardeur herwin hy sy

bewussyn. Die profeet het net die hand gevoel en was blybaar nie eers bewus daarvan wie se hand dit was nie. Met 'n gesukkel kom hy bietjie orent. Terwyl hy met sy hande op die grond druk, kom hy op sy knieë maar ondertussen waggel hy nog heen en weer - stadig kom die bewussyn terug.

Wat 'n verslae en beklaenswaardige figuur moes die engel gesien het in hierdie vroom gelowige? Hoeveel te meer sou óns nie nog 'n baie swakker figuur geslaan het nie?

Ook hier sien ons weer die betroubaarheid van die Heilige Skrif - die skrywer steek nie die naakte waarheid weg nie. Hy doen homself nie voor as 'n held terwyl hy dit nie is nie.

DIE DOEL VAN DIE KOMS VAN DIE ENGEL 10:10 - 11:1

Eers na die hulp van die engel is Daniël in staat om die woorde van die engel te verstaan. Die engel noem die profeet op sy naam en sê dat God vir hom liefhet. Die profeet moet gaan staan en goed oplet op die woorde wat die engel as gehoorsame boodskapper van God af oordra. Bewend kom die profeet op sy voete. Die hemelse boodskapper stel hom gerus deur daarop te wys dat daar

geen rede vir vrees bestaan nie want hy is juis gestuur om Daniël te antwoord op die brandende vrae wat sy hart gekwel en beswaar het. Die grysaard het hom mos verootmoedig en gerou om insig te kry oor wat God se doel met Juda was.

Op die eerste dag van sy gebeds- en routyd is sy stem al in die hemel gehoor en het hierdie engel opdrag ontvang om die antwoord na die aarde te bring.

Wat beteken dit vir ons ? God hoor ons onmiddellik as ons Hom gelowig aanroep in ons gebede. Daar is niks van ons sugte en vrae en gejubel wat Hy nie sou hoor nie.

Máár die antwoord , die merkbare gebedsverhoring het vir een-en-twintig dae lank uitgebly. Vir drie volle weke lank is hierdie magtige engel verhinder om sy werk te doen want die 'vors van die koninkryk van die Perse' OV het met hom geveg. Dit is **nie** die **koning** van die Perse nie maar die **vors** van die **koninkryk** van die Perse. Ons moet hier dink aan 'n magtige engel -so die NV- maar dan 'n **bose engel** , 'n gees uit die hel. 'n Heidense koning kon onmoontlik 'n hemelse engel teëstaan terwyl 'n diep gelowige man soos Daniël alle krag verloor slegs by die **sien** van daardie engel van God.

Die geveg tussen die gees uit die hel en God se boodskapper was só geweldig dat hulp verleen moes word deur een van die vernaamste engelevorste, Migael, sodat God se engel kon oorwin.

Migael is aanvoerder van die hemelse strydkrigte vgl Judas:9 en Op 12:7.

Die slot van vs 13 is moeilik vertaalbaar. Die beste is om dit te vertaal met ' sodat ek die oorhand behou het by die konings van Persië'. Deurdadig Migael kom help het kon die engel die helse gees verhinder om die koning van Persië en sy opvolgers (konings) teen die Jode op te sweep.

Eers daarna kon die engel , wat soos alle skepsele net op een plek tegelyk kan wees , verder gaan. By die drif van die Tigris ontmoet hy Daniël wat dan juis op pad is na die hof van die koning in Ekabana waar die engel al die tyd geveg het.

Die engel sê nou wat die doel van sy koms is naamlik om hom in te lig oor wat in die toekoms met sy volk gaan gebeur. In die OV 'oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val' - einde van die dae slaan dan op die einde van die Ou Testamentiese geskiedenis en nie op die einde van die wêreld nie.

Verstom en vol eerbied het Daniël sy kop laat sak. Hier is dit nie 'n geval van liggaamlike swakheid en onvermoë nie maar eerder 'n bewuste gebaar van eerbied. Hoe geweldig is dit tog vir 'n mens om 'n hemelse gees te ontmoet! In hierdie geval moes Daniël juis diep onder die indruk van so'n hemelse strydengel kom want die toekoms wat hom geopenbaar word is verskriklik en die mag van die hemelse leërskare dan juis

so nodig. Die sien van die verblindende mag van die engel was 'n beklemtoning van sy woorde dat so'n sterk held deur God vir Israel gegee was.

Daniël se woorde skiet te kort om die figuur van die engel te beskryf. Tog besef hy dat dit 'n geskape wese is : 'iemand wat soos 'n mens gelyk het , het my lippe aangeraak'. Hierdie merkwaardige gebeurtenis laat ons dink aan Jes 6:7 en Jer 1:9. Na hierdie simboliese aanraking kry die profeet egter ook die krag om te praat. Dit was die eerste keer dat die profeet iets kon sê en hy verklaar dat die sien van die engel hom so ontstel het dat hy deur liggaamlike pyn en swakheid oorval is. Hy voel hom dan ook onwaardig en te gering om met die hemelse bode te praat. Weer versterk die engel hom deur aanraking en bemoedig hom met 'moenie bang wees nie , jy vir wie God liefhet !' Na die vredegroet wat nog twee keer deur bemoedigings gevolg word , was Daniël eindelijk so versterk dat hy gereed was om die openbaring te ontvang.

Dit bly opvallend dat die **kind** van God so dikwels deur die **dienskneg** van God versterk moet word om in staat te wees om te bly leef net alleen al by die **sien** van die hemelse boodskapper. Tog is in God se oë die kind baie belangriker as die kneg. Die kind kan na God se genadetroon gáán wat soveel heerliker is as om net 'n wag by die troon te wees.

Die kind mág met God praat oor alles wat in die wêreld van God gebeur ; mág al sy nood voor God neerlê en al sy begeertes aan Hom vertel en al sy blydskap uitbasuin. Dit is baie ryker as om te moet wag op God se bevel. Die lofsang van die dankbare verlostes is vir God mooier as die lofsang van die engelemenigtes. Die stamelende sang uit die diepte van ellende is vir God skoner as die lof uit die hoë hemel. Paulus wys later ook daarop dat die mens as gevolg van Christus se versoenende offer weer bókant die engele geplaas is . Die mens weet deur die genadegawe van die geloof dat God Sy verlossingsplan deur Jesus Christus uitgevoer het. Die engele brand van heilige nuuskierigheid om oor daardie groot werk van God meer te weet en nou is dit die taak van die Kerk - van u en my - om dit vir hulle te sê vgl Ef 3:9 e.v.

Die engel prikkel Daniël se gedagtes deur hom te vra of hy goed verstaan wat die doel van hierdie verskyning is. Dit gaan oor die toekoms van Israel. Die profeet -en ons ! - moet weet dat die stryd in die geesteswêreld voortgesit word. Die stryd wat die engel een-en-twintig dae lank gevoer het was nie 'n eenmalige gebeure nie vgl Ef 6:10 e.v. Die engel moes teruggaan na die Persiese hof om die oorwinning wat hy volgens vs 13 behaal het, te voltooi. Die steun aan Israel duur voort.

Amper twee eeue later sal die Persiese Ryk , wat die bolwerk van Satan was, inmekaar stort. Al kom en gaan die geslagte die stryd duur voort want daarná kom die 'vors van Griekeland' wat ook 'n bose engel is . Die ryk van Alexander kom dan op om die duiwelse stryd teen die ryk van God voort te sit. Maar hier sal ons egter moet dink aan die ryk van Antiochus Epifanes want hy het dieselfde hellenistiese (= Griekse) politiek gevoer deur met niks ontsiende geweld die godsdiens en kultuur te probeer ver-grieks. In die Griekse tyd het Satan se werke 'n enorme ontwikkeling van krag getoon. Satan het alles in die stryd gewerp om die koms van Jesus Christus -in -die-vlees te probeer voorkom.

Die stryd van hierdie engel sal so swaar wees dat hy dit sonder die hulp van die engelevors Migael nie sal kan klaarspeel nie. So het hierdie engel weer tydens die eerste jaar van koning Darius vir Migael versterk en beskut in sy fel sware stryd. In die begin van koning Darius se heerskappy was dit 'n gevaarlike tyd van bewindsverandering en die belangrike saak van toestemming om die tempel te herbou. In die toekoms sal die tye nie minder gevaarlik word nie.

Maar al was die worsteling van die geeste nog op die hoogste vlak van aktiwiteit , sal daardie engel aan Daniël bekend maak wat in die 'Boek van die Waarheid' geskrywe staan. Die pad van die geskiedenis staan vas en omdat die

geskiedenis bepaal word deur die optrede van skepsele , staan hulle optrede ook vas.

DIE BOEK VAN DIE WAARHEID.

Die boek van die waarheid waaruit die engel 'n deel aan Daniël bekend maak , is die boek van God se ewige raadsbesluit. Van ewigheid af het God 'n verlossings- en wêreldplan vgl Deut 32:34 ; Ps 139:16 ; Op 5:1. Wat ook al in die geskiedenis gebeur het , vandág gebeur en nog sál gebeur, het en sal nooit in die minste afwyk van God se besluit nie. Daarom kon die engel die toekoms bekend maak as iets wat onwankelbaar vasstaan.

Ons moet daarop let dat die verwerkliking van God se raad die stryd van die engele nie uitsluit nie. Dieselfde geld van **ons** werk. Daar is by die engele geen sprake van 'n vae en ledige berusting of fatalisme nie. Die engele kan alleen veg in en deur die krag van God. Ook ons **moet** in God se Naam veg. Dit is nie alleen só deur God bepaal nie , dit is ook deur Hom bevéél !

In hoofstuk 10 word die sluier effens gelig oor dit wat agter die skerms in die lugruim aangaan. Daar is engele wat die Kerk van God op aarde bewaak en daarvoor veg ! Uit baie Bybelgedeeltes weet ons dat daar 'n ontsaglike en felle worsteling aan die gang is . Van die oom-

blik af dat een van die magtigste engele afvallig geword het en baie geeste in sy val saamgesleep het, woed daar 'n hewige stryd in die hemelruim waarvan die uitwerking op aarde gevoel en gesien word. So lees ons van die hemelse leërs wat die pad na die Beloofde Land vir die nakomelinge van Abraham oop moes hou en deur Jakob by die grens van Kanaän gesien is Gen 32:1 e.v. ; Elisa het engelemagte rondom Dotan gesien 2 Kon 6 ; die herders in die velde van Bethlehem het hulle gesien en gehoor Luk 2;8 e.v. ; en in 'n gesig het Johannes die hemelse magte agter Christus gesien in die verste toekoms van hierdie bedeling o.a. Op 5. Jesus Self het gepraat van twaalf legioene wat bo Get-sémané reg gestaan het om in te gryp as dit God se wil sou wees Matt 26:53. Individuele engele het ook verskillende kere as strydengele opgetree. Ons sien hulle al onmiddellik na die sondeval met hulle vlamme swaarde wat die toegang tot die boom van die lewe versper Gen 3:24. Uit die Assiriese leer het 'n verderfengel derduisende afgemaai 2 Kon 19:35 en , om na die Nuwe Testament te gaan, 'n engel het Satan vasgebind sodat hy nie die massas van die heidendom teen die Kerk kon verlei solank die eindbedeling van die geskiedenis nog nie aangebreek het nie Op 20:1 e.v. Oor die engelevors Migael leer ons in Judas:9 dat hy in 'n felle woorderstryd met die duivel betrokke was oor die opwekking van Moses. In Op

12:7 word Migael ook genoem in verband met 'n oorlog in die hemel.

Agter die plofbare wêreldpolitiek moet ons ook die stryd van die hemelse en helse geeste sien. Wie sal kan bepaal wat hulle invloed in die raadsale van die wêreld is ? Watter beskermende invloed sou daar uitgaan vir die gelowiges wie se engele altyd voor die aangesig van die Vader staan ?

Ons weet eintlik so min van die engele en al hulle dienste. Tog weet ons genoeg om die ondeurgrondelike goedheid van ons Goddelike Vader te ken. Hy het die ontelbare geeste geskep om ook Sy kinders te dien en te beskerm. (Sien verder my werkie : '... en wat van die engele ?')

Solank as wat die duivel soos 'n brullende leeu rondgaan om prooi te soek in die Kerk van Christus , gaan die stryd voort 1 Petr 5:8. Hulle wat na 'n soete rus op aarde soek en bly droom van aardse paradystoestande , het nog niks verstaan van die realiteit dat die gelowige altyd in 'n oorlogs-toestand leef nie. Daar is 'n algehele mobilisasie van mense- en engelemagte aan die gang om die stryd van die Here te veg op letterlik alle fronte. Die oorlog is 'n volkome nugtere werklikheid.

Ons roeping in die stryd teen die bese geeste in die lug is om te bid vir die koms van die Koninkryk van God en om te veg teen alles wat in die openbare lewe sowel as in ons persoonlike lewe daardie

koms kan verhinder vgl Ef 6:10 e.v. . Die bladsye van die Bybel - en nie net die Ou Testament nie - waar daar oor stryd gehandel word is baie meer as dié wat nie daarmee in verband gebring kan word nie.

Die engel by Daniël weet dat daar nog 'n felle stryd wag vs 20,21 maar tog is hy só seker van die toekoms dat hy dit vir Daniël onthul. In die volgende hoofstukke sal ons sien dat 'n verskriklike toekoms vir Israel gewag het . Engele sal veg vir Israel maar nogtans sal dit 'n tyd wees wat rooi is van martelaarsbloed. Dit is iets wat die vraag by ons laat ontstaan: waarom het God nie meer engele na die slagveld in die hemelruim gestuur nie ? Daar is tog ontelbare engele wat met onbepaalde mag beklee is. God is as Almagtige magtig genoeg om die bose magte deur sy engele uit te wis !

Die Boek van die Waarheid, van die raadsbesluit van God, bevat die lydensweg van Israel. Netsoos die Kerk van die Nuwe Testament , moes die Kerk van die Ou Testament deur lyde geheilig word. Die volgeling is nooit meer as die Meester nie. Ja , die voet word wel op die kop van die slang geplaas maar nie sonder die venynige slangbyt in die hakskeen nie Gen 3:15.

Die strydengele het dan ook nie die opdrag ontvang om die volkome oorwinning te behaal nie . Dit is net en alleen die reg van Hom wat Here is van mense en engele. Die twee hemelse engele se werk was 'slegs' om deur hulle

invloed te sorg dat die lyde nie so ondraaglik erg sou word dat Israel totaal sou ondergaan deur die sataniese invloede nie.

Dat die lyde van Israel -liggaamlik en geestelik - wel amper ondraaglik geword het deur die wrewelende haat en dierlike wreedheid van 'n Haman, 'n Antiochus, deur kultuurverwording, onderlinge innerlike verskeurdheid en buitelandse oorheersing, weet ons uit die Skrifgegewens wel duidelik genoeg.

In hierdie somber en benouende tydvak ontbreek die vertroosting egter nie. Wanneer die nood op sy hoogste is sal die engelevors Migael intree. In vs 13 is hy beskryf as een van die vernaamste vorste - daar is dus blykbaar 'n rangorde onder die engele- en hy word aangedui as **julle** vors. Daar is dus 'n besondere band tussen Migael en Israel - ons sou hom moontlik Israel se 'bewaarengel' kan noem. In die tyd van Antiochus het hy uit die stryd gebly. Die voorloper van die Antichris het blykbaar 'n tydlank vrye teuels gekry om ongesteurd sy sataniese werk te doen.

Ons moet as Nuwe Testamentiese Kerk die lyne van Dan 10 e.v. deurtrek na die Jongste Dag wanneer die aartsengel met basuingeklank die koms sal aankondig van Hom wat meer as Migael is en wat kom in die dae van die seun van die verderf waarvan Antiochus die voorloper was.

Die groot oorwinning word gegee aan die Seun van God , die Leeu uit Juda. Weens die oorwinning tydens die luggeveg oor Juda deur Migael en die engel wat aan Daniël verskyn het by die drif in die Tigris , kon die Leeu van Juda in die vlees verskyn. Eendag sal alle stryd en lyde beëindig word. Paulus sê: 'God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter' Rom 16:20. Hierdie God wat vrede gee se vredesryk sal ewig bly voortbestaan.

'n Rukkie nog, en kyk dan weer-
die goddelose's daar nie meer!
Sagmoediges sal alles erf
en **vrede** sonder eind' verwerf.

Ps 37:6 berymd

DIE AARDSE GEVEG OOR JUDA

DANIËL 11 - 12 : 4

INLEIDING.

Nadat vir ons geopenbaar is dat die hemelse leërskaars ingryp om die duiwelse werk van satan se engele te beteuel, openbaar die engel aan Daniël- en ons- wat in die volgende eeue wêreld-geskiedenis sou word.

As ons daarop let dat die vorige hoofstuk in sy geheel gesien kan word as voorberei-dend vir hierdie hoofstuk , dan moet die boodskap van hoofstuk 11 en 12 wel van die uiterste belang wees. Nie dat dit dan sou beteken dat hierdie hoofstuk maklik verklaarbaar is nie, intendeel. Dit is 'n baie lang hoofstuk en telkens moet die leser pouseer en nadink oor die betekenis van die openba-ring. Met uitsondering van 'n paar aardrykskundige name word daar geen ander name genoem nie en word daar ook geen aanduiding gegee van die tyd waarvolgens ons maklik datums sou kan bepaal nie. Sonder grondige

kennis van die antieke wêreldgeskiedenis wat deur hierdie hoofstuk gedek word , en wat alleen deur na-slaanwerk in bv. 'n Bybel met

verklarende aantekeninge opgedoen kan word , is dit tog 'n vermoeiende taak om hierdie amper 50 verse tot 12:5 te lees. Dat dit nie 'toevallig' is nie volg uit 12:4 en selfs Daniël verstaan nie alles nie vs 8.

Die woorde van 12:4 dat 'die kennis sal vermeerder' OV het reeds in vervulling gegaan. Die openbaring van hfst 11 is selfs nie eers vir Daniël en sy tydgenote gegee om aan die hand daarvan die toekoms haarfyn uit te werk nie . Die doel hiervan is dat die kennis van God se werk en van Homself groter kon word wanneer die geopenbaarde feite reeds in vervulling gegaan het. In ons tyd is baie van hierdie geopenbaarde ge-skiedenis reeds vervul , maar daar bly nog etlikes oor wat vervul moet word tot aan die einde van die dae vgl hfst 12.

Ondanks wat geopenbaar is , bly daar wat die toekoms betref nog baie in die duister verborge. Dit sou vir ons tog nie goed wees om alles te weet nie , want hoe sou dit tog ons eie verantwoordelikheidstaak kan kortwiek of selfs oorgaan in 'n fatalistiese wankelende berusting of selfs in wanhoop. Die profete het nie geweet wanneer en hoe hulle profesieë oor die lyde van Christus vervul sou word nie . Maar 'aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself

bedoel was nie , maar vir julle' 1 Petr 1:12. In dieselfde lig moet ons dan die twee laaste hoofstukke van Daniël lees.

Ons kan vandag sien dat Daniël 11 vervul is in die stormagtige laaste eeue van die Ou Testamente tyd. Ons sal dit verder in die verklaring van hierdie hoofstuk sien maar ons sal dan ook sien dat dit nie die laaste en dus nie die enigste vervulling was nie. Die engel gee 'n openbaring van wat ook in die eindtyd sal gebeur vgl 12:4 e.v. Daniël se boodskap is nie 'n vergeelde stokou museumstuk nie. Dit is die lewende Woord van God wat met ons praat, ons troos en onderrig en waarsku om die tyd reg te lees en te leer ken.

Wat sy hooftrekke betref sal Daniël 11 nog 'n keer vervul word maar wel baie erger en verskrikliker as in die eerste eeue ná Daniël. Die profeet en sy tydgenote kon die nabye toekoms nie vooraf bereken nie en ons kan wat ons eie toekoms betref dit netsomin bereken. Al is daar in hierdie eeue van wetenskap en tegniek die wetenskap futurologie wat die toekoms probeer bepaal, kan die toekoms deur geen mens of wetenskap of rekenaarprogram uitgelê word nie.

Die gebrek aan name en tyds-aanduidings leer ons altyd weer dat God se manier van toekoms-openbaring alle toekomsberekenings deur ons verbied. Daar kan tog net van vervulling van die Skrif gespreek word wanneer agterna na die vervulde feite gekyk word. In 'n tyd waarin ons van alle kante hoor dat ons in

die eindtyd leef, is nugterheid nodig. Immers, die laaste dae of eindtyd hét reeds begin met die opvaring van ons Koning Jesus Christus na die hemel. Nog beter sal dit wees wanneer ons sê dat ons in 'n eindtyd leef want alleen ná die Wederkoms van Jesus Christus sal ons weet of dit **die** eindtyd was.

Reeds in die beginjare , die 3de eeue , van die Christelike Kerk is die profetiese karakter van die Daniëlboek aangeval deur bewerings dat die boek geskryf is ná die gebeure wat beskryf word. Dat die geskiedenisverloop egter net so gegaan het soos Daniël dit eeue eerder al op skrif gestel het , toon die ware profesie aan. Dit wil dan nou nie sê dat die gewone geskiedenisboeke presies met Daniël ooreenstem oor hierdie tydperk van die geskiedenis nie. Dit gebeur trouens nie eers in ons tyd wanneer twee skrywers oor presies dieselfde gebeurtenis skryf nie. Elke geskiedenis skrywer gee tog sy eie persoonlike insig wat altyd gekleur is deur sy agtergrond en uitgangspunt . Ons sien dit skreeuend-duidelik in die geskiedskrywing oor ons eie land en die verskillende volke daarin.

Die profesie gee nie net feitekennis nie maar stel juis dit wat sal gebeur in die regte lig en verhouding en betekenis. Die profesie vlek die diepste bedoelings oop. Alleen God kan kennis van die geskiedenis gee omdat alle harte voor Hom oop lê en Hy die allerdiepste gedagtes van die mens ken. Veral by die

behandeling van Daniël 11 moet ons hieraan dink. Die blote historiese feite gee nie alles nie. Verder leer ons ook hier om die geeste van ons tyd te beproef.

Soos so dikwels in hierdie Bybelboek met sy ryke betekenis word ons weer met nadruk gewys op die **doel** van die geskiedenis. Die geskiedenis is nie 'n grillerige mengsel van toevallighede en noodlottighede nie maar het 'n onstuitbare gang en onbuigbare vaste koers. Dit kan onmoontlik uit die koue of afgryslieke feite gesien word. Ons ken die geskiedenis alleen uit God se openbaring in Sy Woord en kan dit slegs na waarde skat as ons deur die 'bril van die Bybel' (Calvyn) na alles kyk. Deur Sy beheer van die geskiedenis bring God verlossing en die bou van Sy vredesryk. Daniël 11 gee ons 'n blik op die tyd van Daniël tot met die dood van Antiochus, die 'Ou Testamentiese Antichris'. Die kalklig van die openbaring val op hierdie verskriklike goddelose kneg van Satan soos ook al in die vorige hoofstukke aangedui is. Op hierdie hoofstuk volg egter hoofstuk 12 wat wys op die verlossingswerk van God. Wat 'n troos na al die verskrikking!

GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND **11:2-4**

Dit het baie lank geneem, selfs ruim 22 verse, voordat die engel 'n begin kon maak met die verkondiging van die open-

baring. Nou kom dit en die inhoud is niks minder nie as die suiwere waarheid vgl 10:21 In 'n neutedop word die geskiedenis van die Persiese Ryk gegee. Na die konings Cyrus, Cambyses en Darius Hystaspes het die grootste toekomstige koning van die Perse as vierde op die toneel verskyn. Nou nadat die profesie vervul is kan ons hom identifiseer as Xerxes. Hy was skatryk en het ook 'n massiewe groot leër opgebou oor 'n tydperk van vier jaar. Dit het bestaan uit manskappe wat vanoor die hele uitgestrekte ryk versamel is en meer as twee-en-'n-half miljoen getel! Hoe was dit moontlik om in daardie tyd so'n enorme massa mense te voed en te beheer en gesond te hou? Natuurlik noem Daniël niks daarvan nie netsomin as oor die resultaat van daardie massiewe aanslag teen die Griekse reus wat aan die ontwikkel was. Heel eenvoudig omdat daar niks oor te sê was nie want die titaniëse onderneming het geen resultaat opgelewer nie. Na die neerlaag by Salamis was dit verby met Persië se wêreldrol en het die oud-wêreldoorheersers skaars bly bestaan. Politiek was sy rol vir byna 2500 jaar van geen waarde hoegenaamd nie. Eers teen die middel van die 20ste eeu kom sy naam weer op die wêreldtoneel weens sy ryk oliebronne en die afgodiese skrikbewind van Moslem fanatici.

Die volgende bergtop wat in die profetiese vergesig opdoem is die dapper koning Alexander die Grote wat

die hele bekende wêreld van sy tyd aan sy voete gehad het en met sy mag kon maak en breek soos hy lus gevoel het. Maar op slegs 33 jarige ouderdom het God vir hom Sy mag laat sien deur hom te laat sterf. Nie een van sy twee kinders erf die wêreldryk nie - altwee word na verloop van tyd vermoor en na 'n stryd tussen die 12 generaals het 4 van hulle elkeen 'n deel gekry en daarmee was die mag en krag van die ryk verdeel.

Opvallend is dat die ryk van Antiochus Epifanes , die 'Ou Testamentiese Antichris , dus nie ontstaan het uit die Persiese of uit die Griekse wêreldryk nie.

Die antichris is dus geen afstammeling van die welvaart-staat (Persië) of van die magsstaat (Griekeland) nie! (De Wolff)

DIE KONINGS VAN DIE SUIDE EN VAN DIE NOORDE 11:5-20

In die vorige verse is heel in kort saamgevat wat in die tyd tot die verdeling van die Masedonies-Griekse Ryk sou gebeur, nou volg ietwat meer besonderhede oor kleinere ryke wat daaruit sou voortkom. Weer word geen gewone geskiedenis van Egipte en Sirië gegee nie maar dít wat belangrik is en wat ons 'n insig gee in die gebeure wat Daniël se volk sou raak.

Een van Alexander se bekwaamste generaals was Ptolemeüs wat in Egipte sy ryk gebou het. Hy is dan die koning

van die Suide. Hy stuur een van sy generaals , Seleucus Nikator, om Babel te verower wat in 312 v.C. dan ook val. Seleucus word nou self daar koning en stig die Seleu-cidiese Ryk wat Sirië genoem word met 'n grondgebied wat strek van Klein Asië tot die Indus in Indië. Sy mag word só groter as die mag van koning Ptolemeüs van Egipte, die koning van die Suide vs 5.

Met verloop van jare , so'n 61 jaar, probeer die opvolgers weer kragte saam te snoer en wel deur 'n politieke huwelik. Die Egiptiese koning gee sy dogter Berenice vir die Siriese koning as vrou. Maar die Siriese koning - die tweede opvolger van Seleucus- was al klaar getroud met Laodicea wat hy toe maar wegjaag. Die politieke huwelik het egter geen politieke dividende opgelewer nie en daarom het die Siriese koning Antiochus Theos (= god-delike) sy eerste vrou Laodicea weer teruggeneem. Sy was egter nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie en het haar man uit wraak vergiftig. Natuurlik het sy dit nie daarby gelaat nie maar Berenice en haar kind, die troonopvolger, saam met die hele Egiptiese hofhouding ook die dood ingejaag vs 6.

Ondertussen het Ptolemeüs II , 'n broer van die vermoorde Berenice , op die Egiptiese troon gekom en wraak gesweer. Met sy sterk leer het hy selfs die hoofstad Antiogië ingeneem en die moordenaars Laodicea vinnig die pad van alle vlees laat volg.

Die buit van die Egiptenare was iets geweldigs. Daar word gesê dat die reusagtige skat bestaan het uit 40 000 talente silwer - as dit 'n Babiloniese swaar talent was, was 1 talent 60,6 kg; 'n gewone talent was die helfte daarvan en 'n joods-hellenistiese talent was 43,66 kg - dus 'n geweldige skat. Boonop is nog 2500 afgodsbeelde en ander ryk versierde kultusvoorwerpe asook goud buitgemaak. Die feit dat die Egiptenare die gode kon buitmaak het 'n totale neerlaag van Sirië beteken want selfs die gode wat hulle moes beskerm het dan in hande van die vyand beland vgl 1 Sam 5:1 e.v.; Jes 46:1,2; Jer 48:7, 49:3. Ptolemeüs het deur hierdie inspuiting in die Egiptiese ekonomie die eretitel "Weldoener" verkry. Tog was Sirië polities nie permanent uitgeskakel nie. Koning Seleucus Callinicus wat die vermoorde koning Antiochus opgevolg het, wou op sy beurt weer wraak neem en het in 240 v.C. teen Egipte opgetrek maar moes met die kous oor die kop terugkeer met slegs 'n handjievol oorlewendes vs 7-9.

Sirië het egter nie tou opgegooi nie. Seleucus se veglustige seuns het hom kort na mekaar opgevolg en die tweede seun, Antiochus III die Grote het verskillende kere met groot leërs teen Egipte opgetrek. In Egipte was toe 'n verwyfde slaprug op die troon maar selfs hy het in die lente van 217 v.C. uiteindelik genoeg gehad van die lastige Siriërs. Die Egiptiese Ptolemeüs het 'n

reu-se leër op die been gebring en die beslissende slag het plaasgevind by Gasa, of Rafia wat nog meer suidelik in die Egiptiese grondgebied lê. Dit gee ons wel 'n goeie aanduiding van die suksesse wat die Siriërs al gehad het: hulle het al die gebiede wat aan Egipte onderwerp was verower en dit selfs in die lêplek van die leeu gewaag. In die geweldige veldslag wat gevolg het, het die sterker Siriërs met 72000 infanterie, 6000 kavalerie en 102 olifante die Egiptenare se 73000 voetsoldate en 73 olifante op hulle tuisgrond skynbaar verslaan. Die oormoedige Antiochus het sy soldate toegelaat om te begin plunder sonder om die Egiptiese magte eers definitief te verslaan. Weens sy oorgreepigheid moes hy toe self die onderspit delf met 'n verlies van 10 000 dooies onder die infanterie en 300 onder die kavalerie asook die verlies van 4000 krygsgevangenes. Ptolemeüs maak toe dieselfde fout as sy vyand en is tevrede met die oorwinning sonder om dit op te volg vs 10-12.

Twaalf jaar later sterf Ptolemeüs. Hy het wel 'n seun as troonopvolger nagelaat maar omdat dié slegs vier jaar oud was, is die Egiptiese Ryk deur 'n plaasvervangende regent geregeer. Sowel in Egipte as in die verowerde gebiede soos Palestina het opstande uitgebreek. Die profesie wat die engel vir Daniël gee noem spesifiek die opstand van die Jode maar dan deur 'mense wat geweld voorstaan'. Hierdie mense het in

reaksie op een of ander (valse ?) profesie in opstand gekom - ons ken nie daardie profesie of visioen en kan dit ook nie identifiseer nie. Wat egter wel duidelik is is die profesie wat Daniël opgeteken het, naamlik dat die opstandelinge sal omkom. Net soos die vorige het dit dan ook werklik gebeur. Die Egiptiese generaal Scopias het die opstande onderdruk.

Ondertussen het Antiochus sy bynaam 'die Grote' eer aangedoen deur van die onrus in Egipte en sy kolonies gebruik te probeer maak. Die Siriërs verslaan Scopias se leër in 198 v.C. en het vryspel in die Pragtige Land Palestina. Die inwoners van Jerusalem het die Siriërs as verlossers begroet en is beloon met kwytskelding van belasting vir drie jaar plus ander voorregte. Antiochus het selfs 'n groot bedrag vir die tempeldiens gegee en die tempelpersoneel van belastingbetaling vrygestel. Ondertussen wou hy nog altyd met Egipte afreken vs 13-16.

Om Egipte gevoelig te tref verower Antiochus Egipte se koloniale hawestede in Klein Asië, dit was juis in die vesting Sidon die ou Fenisiese hawe- en handelsstad waarin generaal Scopias die knie moes buig.

Dan kom daar plotseling 'n 180 grade koersverandering in sy politiek. Die ongehoorde gebeur : die Siriese koning probeer om met Egipte 'n ooreenkoms aan te gaan. Antiochus probeer witvoetjie by Egipte soek en dit nogal deur sy dogter Cleopatra as vrou vir Ptolemeüs V

te gee. Omdat die Egiptiese koning egter nog te jonk was moes daar vyf jaar gewag word met daardie huwelik. Die rede vir die politieke huwelik was om 'n invloed in die Egiptiese politiek te kry en om hulle aan sy kant te kry as hy teen Rome wou optree. Cleopatra was egter uit beter hout gesny as haar vader. Haar liefde het by haar man en nuwe vaderland gelê. 'n Groot rede vir Antiochus se pragmatiese (uiters moderne) politiek was sy botsing met die Romeine. Die Siriërs het begerig na Klein Asië en selfs na Griekeland gekyk. Maar Europa was die invloedssfeer van die Romeine en die risiko sou veels te groot wees om op twee fronte tegelyk te moet veg dus teen Rome én Egipte.

Nadat die stryd met Egipte opgeskort was kon Antiochus met 'n geruste hart selfs kusgebiede van Griekeland inval. Maar daar het hy in 191 v.C. sy rieme styfgeloop in 'n botsing met die Romeine en moes hy terugval na Klein Asië. Dit was egter vir die Romeine nog nie ver genoeg nie. Hulle wou hom ook uit Klein Asië sien verdwyn. Die beslissende slag het in 190 by Magnesia gewoed waar 50 000 van Antiochus se manne in die stofgebyt het. Die 'aanvoerder' of 'ander leier' van vs 18 is dan L.C. Scipio. Die uiters vernederende vredesvoorwaardes het bepaal dat Antiochus vir altyd van Klein Asië moes vergeet en boonop die koste moes betaal vir die verblyf en onderhoud van die Romeinse leër in Klein Asië totdat die vrede bekragtig was.

Verder moes hy alle oorlogskoste betaal. So is Antiochus se groot mond toegeklap en aan sy vermetelheid 'n einde gemaak en was hy die een wat met smaad en spot oordek na sy eie vestingstad moes teruggaan. Om die geweldige oorlogskuld aan die oorwinnaar te betaal het hy die ryk tempel van Bel in Elimais geplunder. Dit het hom duur te staan gekom want die verbitterde inwoners het hom laat doodslaan - 'n roemlose einde vir die 'Grote' vs 17-19. Antiochus se oudste seun Seleucus Filopater het hom opgevolg. Hy moes die geweldige oorlogskuld afbetaal wat vir 12 jaar lank ruim 42 000 kg silwer per jaar beloop het. Die belastinggaarder was Heliodorus wat Palestina leeggesuig het. Heliodorus was egter nie tevrede met al die geld nie maar wou self koning word en het Seleucus dus maar vergiftig sodat die koning nie eerbaar gesneuwel het nie maar met behulp van sy 'Ontvanger van Inkomste' aan 'n vroegtydige einde gekom het vs 20.

Opsommend sien ons dat nóg die koning van die Suide nóg die koning van die Noorde 'n wêrelddryk tot stand kon bring. Toe die berugte Antiochus Epifanes die mag in hande kry was sy ryk deur Rome diep verneder en verarm. So sien ons dat die 'antichris' nie uit 'n wêreldryk gekom het nie.

Hoofstuk 8 en hoofstuk 11 dek dieselfde tydvak maar elkeen uit 'n verskillende hoek. Ons kry geen volledige geskiedbe-

skriving nie maar sien, soos orals in die Skrif, dié geskiedskrywing van die Koninkryk van God wat op pad is.

Die twee pole waartussen die geskiedenis beweeg is die verlossing uit Babel en die optrede van Antiochus Epifanes.

DIE VERDRUKKING DEUR ANTIOCHUS EPIFANES EN DIE BEVRYDING VAN DANIËL SE VOLK 11:21-12:4

In hierdie gedeelte lees ons die beskrywing van Antiochus Epifanes, die Ou Testamentiese Antichris. Al die geskiedkundige gegewens draai om hom. Die volle lig word deur God op hom gewerp en ons sien dan:

- sy opkoms en magshonger;
- sy wrede stryd teen die volk van God;
- sy selfvergoddelykheid;
- sy laaste optrede en einde.

DIE OPKOMS EN MAGSHONGER VAN ANTIOCHUS EPIFANES VS 21-30a

Die Siriese koning Seleucus IV Filopator wat deur sy 'Ontvanger van Inkomste' of 'Minister van Finansies' vermoor en opgevolg is, het 'n seun met die naam van Demetrius agtergelaat. Volgens reg moes Demetrius sy vader opgevolg het maar hy was tydens die staatsgreep deur Heliodorus in Rome as 'n gyselaar van die Romeine. Hy was na Rome gestuur om sy oom Antiochus as gyselaar af te

los. Dié Antiochus was sowat tien jaar vantevore na die groot neerlaag by Magnesia deur sy vader Antiochus die Grote saam met 'n aantal ander vooraanstaande Siriërs as gyselaar aan die Romeine oorgelewer. Toe Antiochus op pad huis toe was, het hy gehoor dat sy broer Seleucus vermoor is en het toe met lis en vleierij die koning van Pergamus oorgehaal om hom teen Heliodorus te help. Hierdie plan was suksesvol en Antiochus het die bewind oorgeneem.

Dit was 'n volkome onverwagse ontwikkeling. Iemand wat deur sy langdurige gevangenskap nie vir die troon in aanmerking gekom het nie maar dit met slinkse streke bekom het word dan ook as 'n 'veragtelike man' beskryf.

In die volgende verse word geprofeteer hoe karakterloos sy optrede gaan wees. Eerder deur sluheid as deur krag vgl 8:24 kon hy die magsmiddelle wat teen hom aangewend is vernietig en ook elke keer 'n heerser waarmee hy 'n verbond gesluit het, op die voordeligste oomblik uit die weg ruim. So het hy met min manskappe van krag tot krag voortgegaan.

Ondertussen het Antiochus, soos dit onder die Oosterse despote gewoonte was, die vrugbaarste dele van die land leeggeplunder maar eers nadat hy met sy geslepenheid en gladde mond die mense daar aan die slaap gesus het - so was dit onverwags.

Hy het teen die gewoonte in nie net homself verryk nie maar ook met uitermatig verkwistende vrygewigheid die buit ook onder sy aanhangers verdeel en hulle so aan hom verplig. Militêr het hy aktief gebly en planne beraam teen die vestingstede vs 21-24.

Na die algemene beskrywing van hierdie duiwelse man se optrede word nou profeties gewys na meer konkrete dade.

Vir Antiochus as koning van Sirië was Egipte 'n baie aanloklike buit. Sy eie neef Ptolemeüs VI Filometor, seun van sy suster Cleopatra, was koning van Egipte en so'n 18 of 19 jaar oud. Die Egiptiese leër was baie sterker as Sirië s'n maar het weens verraad die neerlaag gely. Ptolemeüs het dan ook later in die hande van sy oom beland. Maar dan lees ons plotseling dat die twee konings gemoedelik rondom 'n tafel sit om blykbaar tot 'n ooreenkoms te kom. Die rede daarvoor vind ons in die geskiedenis.

Nadat Ptolemeüs deur sy raadgewers aanbeveel is om 'n rukkie in ballingskap te gaan om die gevolge van die neerlaag teen die Siriërs te laat oorwaai, het sy broer Ptolemeüs VII koning geword. Met al sy listigheid het Antiochus die jong bannelingkoning probeer wysmaak dat hy hom graag as koning weer op die troon sou wil sien - ook nie om dowe neut nie want dan sou Antiochus makliker self beheer oor Egipte met al sy skatte kon kry. Die twee konings het

saam aan dieselfde tafel gesit en soos die Skrif dit kernagtig uitdruk mekaar sit en belieg. Die sluheid en bedrog was moontlik in daardie familie wel tot 'n 'kuns' ontwikkel maar tot vandag toe gebeur dieselfde aan die konferensietafels van die wêreld. In 'n afvallige wêreld vier valse diplomatie hoogty. Om egter van valse diplomatie en politieke leuens te praat is nou nie 'politiek korrek' nie, dit is mos nie 'diplomatie' gestel nie. 'Diplomatiese taal' het dan ook in 'n wêreld waarin deursigtigheid en demokrasie gonswoorde is die plek ingeneem van gewone eenvoudige eerlikheid.

Die engel profeteer dat die twee konings se planne nie sal geluk nie want God is die Koning en dit was nog nie die tyd wat Hy vasgestel het nie. Die einde van die voortdurende oorloë was nog nie eers in sig nie soos vs 29 ons duidelik maak.

Met 'n baie groot buit het Antiochus teruggekeer na sy land. Toe hy egter in Palestina kom het hy gehoor dat daar ondertussen weer 'n keer 'n opstandjie in Jerusalem plaasgevind het. Daarom rig hy 'n afskuwelike bloedbad in Jerusalem aan en durf hy selfs die tempel te ontheilig deur daar in te gaan en om onder meer die altaar van goud, die goue kandelaar, die tafel van toonbrode en allerlei goue voorwerpe en kosbaarhede as buit saam te neem. En dit was nog maar net 'n voorsmakie van sy latere optrede teen die volk van God en hulle godsdiens. Na 'n paar dae het

hy verder gegaan op pad na Sirië waar hy moes hoor dat sy twee neefs hulle met mekaar versoen het en dat van sy bedrieglike 'sake-ete' niks meer verwag kan word nie.

Twee jaar na sy vorige oorwinning oor Egipte, begin Antiochus weer met 'n veldtog teen Egipte. Die Heilige Skrif sê dat dit op die deur God bestemde tyd was. God regeer! Al behaal Antiochus militêre suksesse en lê die pad na Alexandrië oop vir hom, kon hy nie die oorwinnings opvolg nie want die Romeine het in Masedonië hulle heerskappy gevestig en nou vanuit Griekeland 'n afvaardiging na Egipte gestuur met die eis van die Romeinse Senaat dat Antiochus onmiddellik die verowerde gebied aan Egipte moet teruggee en sy soldate terugtrek.

Natuurlik was Antiochus nie geneë om sommer so kop te gee nie en vra hy tyd om die saak te oordink.

Wat daar nou gebeur is 'n klassieke voorbeeld van Romeinse 'diplomatie' en mag. Die Romeinse gesant was Laenas, 'n nors en haastige man. Hy het met sy kiere in die sand 'n kring reg rondom Antiochus getrek en hom toegesnou: 'sê my wat ek die Senaat moet antwoord voordat u uit hierdie sirkel uitgaan!'. Na 'n oomblik van aarseling antwoord die Sireiese diktator dat hy die wens van die Senaat sal vervul. Die Romeinse mag wat hy tog goed genoeg in sy ballingskap in Rome leer ken het, het hom afgeskrik.

Woedend van magteloosheid moes hy maar teruggaan.

**DIE WREDE STRYD VAN ANTIOCHUS
EPIFANES TEEN DIE VOLK VAN GOD
vs. 30b - 35.**

Na die onverwagse en smadelike mislukking van sy Egiptiese veldtog het Antiochus alles in die stryd gewerp om die Joodse volk te dwing om die Griekse lewenswyse (verhelleniseer = vergrieks) aan te neem.

In 8:9-14 en 19 is dit al genoem en veral in 1 Makkabeërs 1 en 2 Makk 5:19 tot 6:31 word die skandelijke en bloeddorstige optrede van hierdie goddelose wreedaard en sy gespuis uitgespel.

As ons die gewone geskiedenisboeke lees dan verstaan ons dat Antiochus 'n politieke motief vir sy optrede gehad het. Wanneer al die onderdane dieselfde Griekse godsdienste en kultuur sou aanhang, was daar tenminste een eenheidsfaktor. Maar die Skrif gee ons 'n verdere blik in die hart van hierdie man en dan sien ons dat hy vervul was met 'n blinde haat en vyandskap teen die volk van God. Selfs twee keer word ons daarop gewys dat hy in sy vyandskap toegespits was op die heilige verbond vs 28 en 30. Juis die heilige verbond is tog die kern van die verhouding tussen God en Sy kinders. Die hele verbondsdienst wat in opdrag van God deur Moses

vasgelê was is deur Antiochus lamgelê en verbied.

Antiochus was nog skaars terug in Antiogië of hy skenk spesiale aandag aan die afvallige Jode wat so modern was dat hulle vir God reeds vervang het met die Griekse afgode en gewoontes. Dis nou net hierdie mense wat die koning nodig het om sy sin te kry. Met sy gladde mond en verfrissende meeslepende Griekse redeneerkuns enmet allerlei heerlike beloftes van ware kultuurprag het die koning die afvallige kerkmense genader vs 30 , 32.

Die koning het goed besef dat hy **uit die Kerk** mense moet kry wat hom kon help om **teen die Kerk** te veg. Dan is dit tog soveel makliker om die verbondsband tussen die HERE en die volk te verbreek ! Hoe geslepe en venynig probeer Satan om sy haat teen God uit te braak !

Ondertussen stuur die tiran 'n leër na Jerusalem. Die bevelvoerder Apollonius , was 'n ware navolger van sy meester. Nadat hy die bevolking met mooi woorde gerusgestel het, val hy op die Sabbat die inwoners van Jerusalem met sy 22000 man aan. Na die gebruiklike slagting van die mans en die gevangene van vrouens en kinders is vestingwerke en baie huise verwoes asook die mure wat die tempel omring het. Die heidense soldate het die tempel ook onheilig deur daar in te gaan. Antiochus het nog verder gegaan deur die tempel te verander in 'n 'heilighdom' vir die Griekse afgod Zeus

Olympios. In Desember 168 v.C. is op koninklike bevel die hele Joodse erediens verbied en afgeskaf. Op die altaar van die HERE - wat daarvan nog oorgebly het na die plundering - is 'n altaar vir Zeus gebou wat die 'ontsettende gruwel' OV of 'n gruwel vir God'NV is vs 31. Wat kon erger wees as die gruwel wat in die sentrum van die kerklike lewe opgerig is ? Watter metodes het Satan nie gebruik om die geboorte van die Messias te probeer stuit nie ?!

Hierdie uitspraak in Daniël oor die 'ontsettende'of'verwoestende gruwel' is deur Jesus Christus ook weer in herinnering geroep. Ons lees daarvan in Mat 24:15 en Mark 13:14. Die dissipels vra Hom : 'sê vir ons , wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van U koms en van die einde van hierdie wêreld wees?' Jesus antwoord dan o.a. ' wanneer julle ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die gruwelike ding wat verwoesting aanrig , in die heilige plek sien staan..' Ook hier beteken 'gruwel' iets wat so ontsettend en weersinwekkend is dat mens jou hart wil vasgryp en stamelend van ontsetting en opwellende naarheid dit wil uitkreun : dit kan en mag nie wees nie !

Tog gebeur dit. Gruwelik is dit as die heiligste deur moedswillige barbaarse vuilheid besoedel en onheilig word. Die gruwelike in die heilige plek - dit sou die teken wees dat die verwoesting van

Jerusalem naby was. Wat Daniël ses eeue voor Christus gesien het en wat in 168 v.C. gebeur het, sou weer gebeur so'n 70 jaar na die begin van ons jaartelling.

Dit is moeilik om te sê hoe dit presies gebeur het maar dit staan in verband met die koms van die Romeinse troepe in Jerusalem en waarskynlik die inbring van die afgodies vereerde veldtekens in die tempel. Dit sou die teken wees van die verwoesting van die tempel en Jerusalem maar ook van die voleinding van die wêreld, terwyl dit ook wys op die optrede van die antichris.

Omdat profete altyd die groot gebeurtenisse in die geskiedenis sien loop dit in Christus ook van die een saak na die ander. Paulus trek die lyne nog verder deur in 2 Tess 2:4 waar hy praat oor die verskyning van die ' wettelose mens wat vir die verderf bestem is . Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hul-le verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is. ' Hier is weer netso'n man soos Antiochus Epifanes. 'n Uit en uit humanistiese leiersfiguur wat die humanistiese eenheidsstrewes as afgodsdienste in die heilige plek en in die kerklike lewe bring. Vandag sien ons dit baie duidelik : die mag en suigkrag van 'n vervalste christendom. Die humanisme wat die ware Woord van God verdraai tot politieke prediking van 'n deur die mens ontwerpte Jesusfiguur wat 'n

rewolusionêr sou wees en die gevestigde maatskappy sou wou vernietig , hierdie 'Jesus' wat 'beskermheilige' van enige soort aktiviste gemaak word - van diereregte tot vegetariërregte tot gayregte en u kan die lys tot in die oneindige aanvul. Dan het ons ook nog die Wêreldraad van Kerke wat Jesus voor elke karretjie van-die-dag span en die antichristelike eenheidsideaal van één godsdiens . één kerk , één wêreld probeer afdwing. Dit is vandag die gruwel wat verwoesting bring, die ongenadig felle stryd van Satan teen die 'heilige verbond'.

Antiochus Epifanes sal die wat 'aan die verbond ontrou is , deur vleierey verlei tot afvalligheid'. Dit is dieselfde mense wat in vs 30 die heilige verbond versaak het. Hulle wil nie deel in die band van gemeenskap wat die HERE met Sy volk aangegaan het nie. Hulle wil vry wees om met die wêreld saam te werk én te speel én te sondig. Hulle tree goddeloos op en vertrap God se liefde. Daardeur word hulle heeltemal afvallig. Die woord 'afval' is in die Heilige Skrif 'n groot en swaarbelaaide woord. Afval staan in verband met die optrede van die wettelose mens , die Antichris vgl 2 Tess 2:3 'Laat niemand julle mislei nie. Die Dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste **afvalligheid** gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie'. Die figuur van die humanistiese

leier wat die ontroue kerklidmaat tot afval verlei , bly altyd die groot gevaar vir die Kerk. Hoe ontsettend is dit dat Satan God se volk so kan mislei dat verbondskinders so afvallig word dat hulle terugval in die heidendom ! In ons tyd verslaan die gees van rewolusie in die kleed van gemoedelike humanisme sy duisende. Hoe dikwels word ook ons nie opgewek om ontvanklik te wees vir 'nuwe' idees wat egter slegs nuutverpakte oeroue ketterye is , 'nuwe' gedagtes wat onder die stof van eeue uitgehaal is maar nog altyd nie in die lig van die Skrif kan bly staan nie.

Daarteenoor hoor ons ' maar die volk (die mense) wat hulle God ken , sal vasstaan en optree'. Die volk wat God ken in geloof en liefde en volkome op die HERE vertrou sal in die geloof volhard en werk! Hulle het gebou op God se verbondsbefoeltes en geweet dat die magtige Antiochus die spits sou afbyt teen die Oorwinnaar wat as Messias sou kom. Hulle het nie moedeloos in 'n hoekie met 'n boekie gaan sit nie. Nee , hulle het opgetree en dinge gedoen ! Hulle het die diens van die HERE bly verrig en heldedade deur die geloof gedoen. Hierdie 'verstandiges' het die valse profesie ontmasker en daardeur 'baie tot insig gebring'. Natuurlik was dit gevaarlik vir die lewe op aarde, van hulle is 'doodgemaak, verbrand, gevange geneem en geplunder'. Vir die ontsettende vervolging vgl 1 Makk 1 - 3 en 2 Makk 6 en 7.

Terwyl van die 'verstandiges' so vervolg word sien die engel profeties dat hulle ' 'n bietjie hulp ontvang'. Dit is die profesie van die optrede van die moedige ou priester Mattatias wat met sy vyf seuns in opstand gekom het en baie heidense altare vernietig , afvalliges doodgemaak en die gelowiges tot verset opgeroep het. Die leiding is toe geneem deur Judas wat weens sy dapperheid 'strydhamer' dit is Makkabeër genoem is vgl 1 Makk 2:15-26. Soos in enige oorlog was daar natuurlik ook mense wat net aangesluit het omdat dit vir hulle op daardie oomblik die voordeligste gelyk het. Sodra die vyand weer die oorhand sou kry sou hulle steun weer na die ander party oorgaan.

Die profesie sê ook wat die doel van God was met hierdie bloedstollende vervolgings. Daar sal nog ondanks die suksesse van die Makkabeërs sommige verstandiges of gelowiges val. Dit gebeur 'sodat die volk gelouter, gesuiwer en gereinig kan word'. Die verdrukking moet die kaf van die koring skei. Die marteldood van die getroues moet lamsakke en loues afskrik maar sal juis vir ander die nodige krag gee om getrou en standvastig te wees. God bring 'n skeiding in Sy volk. Maar al daardie ellende sal nie onbeperk bly voortduur nie, slegs tot op die deur God vasgestelde tyd. Tot dan sal die vromes geduldig moet wees en moet verdra. In hierdie oproep tot geduld lê ook die groot troos dat die fel gloed van vervolging nie

langer ervaar sal word nie as net die louteringstyd soos deur God bepaal. Ondertussen moes hulle destyds en óns vandag werk solank dit nog dag is. Voordat Christus op die Laaste Dag sal kom en die wetteloses sal doodmaak terwyl Hy elkeen wat God ken mét Hom sal laat oorwin.

ANTIOCHUS EPIFANES SE SELFVERGODDELIKING vs 36-39

Die Siriese koning se vervolging van die gelowige Jode word in die gewone geskiedskrywing maar net beskou as 'n politieke poging om deur die vergrieksing die eenheidsgedagte deur te voer. Maar God wat die hart ken openbaar dat Antiochus se diepste bedoelings juis sy selfvergoddeliking was.

Die koning het gedoen net wat hy wou vgl vir dieselfde uitdrukking 8:4,11:3 en 16. Die opvallende is egter dat hy :-homself verhef en hom groter hou as enige god. Selfs teen die ware God sal hy ongehoorde dinge sê'. Ook hierdie profesie is vervul. Antiochus het baie verder gegaan as vorige konings wat hulleself ook wel vergoddelik het maar niemand het dit tot so'n absurde en ongehoorde hoogte gevoer soos hierdie wettelose nie. Ons weet wel nie baie van sy vergoddeliking uit die geskiedenis nie maar daar is verskillende geldstukke gevind waarop hy homself laat afbeeld het met 'n stralekrans en met die bewoording :'' koning Antiochus , die

geopenbaarde god'. Later het hy homself laat afbeeld met gelaatstrekke soos wat die afgod Zeus afgebeeld is en hom ook as sodanig 'die oorwinnaar' laat noem. Al hierdie diens aan en vir Zeus was natuurlik net om self goddelike eer te ontvang. Dat hy ongehoorde dinge teen die Allerhoogste God uitgebraak het is duidelik genoeg uit vs 31-33. Hoe het hy God ongehoord beledig en bespot met sy verbod op alle dienste aan die HERE ! Sy brutaliteit sou nog groter word want hy sou voorspoedig wees. God laat dit met hom goed gaan tótdat Sy grimmigheid oor die louheid en lamsakkigheid van die Joodse volk uitgewoed is in die louteringsproses. Die verdrukking van God se volk moet volgens God se raad plaasvind. Maar ... ook die einde moet volgens God se raadsplan plaasvind en sal sekerlik kom.

Antiochus sal so ver gaan dat hy die inheemse Siriese afgode nie sal vereer nie. Selfs die vrouens se liefeling-god Tammoes vgl Eseg 8:14, sal hy nie eer nie. Al sy eer is toegespits op die Griekse god Zeus wat hy in Rome leer ken het as Jupiter Capitolinus - die god van die vestings. Hierdie afgod het hy met oordadige skatte van silwer en goud vereer. Omdat hy homself so met daardie afgod geïdentifiseer het, was die doel dus om self goddelike eer te kry. Al sy oorlogssuksesse het hy aan daardie god toegeskryf en die aanhangers van die afgod is ryklik beloon met poste in die

landsadministrasie en met grondbesit vgl 2 Makk 9:24.

Antiochus wat homself laat vereer het as die vleesgeworde Zeus, die god van die Romeinse tempelvesting, eis gehoorsaamheid van die Kerk wat alleen die God van die tempelvesting Sion mag aanbid en die Seun van God wat in die vlees sou kom. Tot vandag toe bly die keuse ; kies tussen die Lam en die Dier. Eer aan God óf aan die mens en sy afgodediens van humanisme of watter - isme dit ook al genoem is en sal word.

DIE LAASTE OPTREDE EN EINDE VAN ANTIOCHUS EPIFANES vs 40 - 45

Op God se tyd kom ook die einde van die wettelose mens wat homself as 'n god beskou het. God gee hierdie wreedaardige mens-god geen tyd van rus en genieting nie maar laat sy eie neef weer met sy Egiptiese leer teen hulle aartsvyand Sirië optrek. Die inisiatief lê by Egipte maar in 'n blitsoorlog behaal die uitstekende strateeg Antiochus voorlopig weer die oorhand. Die Skrif leer ons dat dit 'n volkskaalse oorlog was . Uit vers 41 lyk dit asof daar in die Palestynse lande onrus en opstand was - iets wat nou nie juis snaaks was in die lig van die godsdiensdwang en allerlei ongebreidelde wreedhede nie. Met sy massiewe leer het Antiochus oor land en see op Egipte afgestorm en 'n bloed-

spoor van geweld agtergelaat. Ook die Beloofde of Pragtige Land - vgl vs 16 en 8:9 wat so genoem is weens die tempel en tempeldiens- het onder hom deur-geloop. Dat Edom , Moab en die beste deel -dus die elitekern van Ammon se leër nie aangeval is nie , dui waarskynlik op Antiochus se geweldige haas om in Egipte te kom.

In Egipte maak hy weer tallose skatte buit met die hulp van die Libiërs en Ethiopiërs wat as hulptroepe vir Egipte geveg het maar blykbaar deur die slinkse Antiochus omgepraat is om liewers vir hóm te help.. In die gewone geskiedskrywing vind ons tot dusver net één aanduiding van hierdie veldtog van Antiochus teen Egipte. Daarom is dit nie so maklik om die profesie se vervulling stap vir stap te volg nie. Dit is egter ook nie nodig nie , in elk geval is die teks duidelik genoeg.

Terwyl die goddelose koning hom vergryp aan die Egiptiese skatte hoor hy van opstande in die Ooste en Noorde. Ons weet dat in daardie tyd in die Ooste die Parte in opstand gekom het en vanuit die Kaspiese Seegebied Iran binnegeval het. In die noorde het die Armeniërs die Siriese juk afgewerp. In blinde woede het die koning van Sirië die land van sy neefs met 'n enorme skat verlaat om daardie ander ongehoorsames van die aardbodem te verdelg. Die voordeel van die haas was dat die Joodse land vir 'n verandering nie weer met vuur en swaard geteister kon word nie. Die

profesie toon dat Antiochus vir die allerlaaste keer sy paleistente op Palestynse grond laat opslaan, êrens tussen die Middellandse See en die berg Sion. In die verlengde van hierdie profetiese vergesig lê die duidelike einde van die Ou Testamentiese antichris.

In die lig van die geskiedenisgegewens word aangeneem dat Antiochus tydens sy veldtog teen die Parte na 'n kort siekte noord van Susa gesterf het vgl 8:25. Die Skrif wys nadruklik daarop dat niemand hom sal kan help nie. Antiochus wat probeer het om álles te wees , álles te besit en álles te doen soos hy self lus was , kon nie vir God manipuleer vir lewensverlenging nie. Die mens wat soos God wil wees, bly altyd hulpeloos , hulpbehoewend. In die woorde 'geen helper' hoor ons ook die vonnis van die ewige ondergang. Die naam Epifanes - verskyning van God - is net en alleen bedoel vir Hom wat as Kneg van die HERE in die vlees gekom het en wat elkeen wat hom teen God verhef , sal verdelg met die asem uit Sy mond en deur die glans van Sy verskyning = epifanie ! vgl 2 Tess 2:8

DIE 'KLEIN HULP' WORD GEVOLG DEUR 'N GROOT HULP 12 ; 1-4

In teenstelling met die bietjie hulp van 11:34 wat van die Makkabeërs kom en slegs tydelike verligting in die nood kan bied, word in vs 1a geskryf van die groot

hulp wat God deur Migael sou gee. As beskermengel van Israel vgl 10:13,21 sou hy die volk help in die tyd van die grootste nood waarin hulle tot op daardie stadium nog ooit verkeer het. Die nood is nooit groter as die helper wat deur God Self gegee word nie. Met nadruk word twee keer gewys op 'daardie tyd' , dit is die tyd van die skrikbewind deur Antiochus en daarom neem ons die eerste vier verse van hfst 12 en bespreek dit onder hoofstuk 11.

Daniël se volk sal deur die hulp van Migael gered word maar nie elkeen wat by die volk behoort nie. In hoofstuk 11 is tog al by herhaling geprofeteer dat in die louteringsproses baie mense sal sterf. Alleen dié wat 'in die boek opgeskryf is' sal die tyd van oordeelsvoltrekking oorleef. Hierdie 'boek' is die raadsbesluit van God waarin Hy bepaal het wie daardie verskriklike tyd sal oorleef vgl Eks 32:32; Ps 69:29 ;Jes 4:3. In die lig van hierdie tekste moet ons dit nie beperk tot verlossing uit die hand van Antiochus nie maar dit gaan in die tweede plek ook oor iets van die belofte van die ewige lewe vgl ook Eseg 38 en 39. Ons sien iets dergliks in Matt 24 ; Mark 13 en Luk 21 waar ons Here Jesus Christus die nabye toekomstige verwoesting van Jerusalem aankondig en onmiddellik lyne deurtrek na die verre toekoms waarin die einde van die wêreld sal plaasvind.

Soos ons so dikwels in die profesie sien , sien die profeet die uitvoering van die

Raadsplan van God net soos wanneer ons snags na die sterre kyk en baie sien blink terwyl hulle tog op verskillende afstande van ons af is. Dieselfde gebeur wanneer ons na bergreekse kyk - hulle vorm met hulle kruine een geheel , al is die een baie kilometers nader as die ander.

Dat hierdie boek nie alleen die name van die uitverkorenes bevat nie is wel duidelik want na die val van Antiochus was daar in Israel ook nog ongelowiges wat dus wel bly leef het. Die 'boek' is dus nie dieselfde as die Boek van die Lam, die boek van die lewe waaroor ons in die Nuwe Testament lees nie vgl Fil 4:3; Op 3:5, 13:8, 17:8, 20:12 en 15, 21:27.

Deur die hulp van Migael sou baie gered word . Die Kerk van God sou bly bestaan selfs al het Satan in die terreur van Antiochus geweldig magtig gelyk. Satan kon die pad na Betlehem toe nie opbreek nie.

Selfs vir hulle wat deur die antichristelike mag die dood ingejaag is , is daar 'n troosvolle toekoms. Hulle wat slaap in die aarde wat uit stof bestaan sal weer ontwaak , weer wakker word en opstaan . (Vir 'n Skrifstudie rondom die dood vgl my 'Die dood ontbloot') Ook hier trek die profeet 'n lyn deur na die Jongste Dag waarop die Here Jesus Christus op die wolke kom vgl 1 Tess 4:13 e.v. ; 1 Kor 15. Al word hier nie uitdruklik van 'n algemene opstanding uit die dood gespreek nie is dit tog wel 'n verwysing daarna. Dit is die duidelikste Ou

Testamentiese teks oor die opstanding. Verder word van 'n **persoonlike** geloof in die opstanding gespreek in Ps 16:9-11, 17:15, 49:16, 73:24 en 26 en moontlik ook in Job 19:25-27, vgl verder Eseg 37:1-14; Hos 6:2; Jes 26:19 en in die Nuwe Testament veral Joh 5:28,29 oor die algemene opstanding.

Daniël hoor dat die skeidingsproses in die volk vgl 11:32 ook ná die dood nie opgehef word nie. Sommige sal ontwaak tot die ewige lewe, dit is dus die verstandiges. Sommige sal ontwaak tot groot smaadheid, in 'n toestand van die allerdiepste skande, vir ewig afgrylik - vgl Jes 66:24 waar hierdie uitdrukking gebruik word vir die lyke van die afvalliges waar die vromes hulle buitekant Jerusalem sien lê. Die afgrylike van hulle lot word sterk beklemtoon en daardie toestand is nie net vir 'n bepaalde tyd nie maar vir ewig.

In teenstelling met die ewige afgrylike lot van die afvalliges staan die ewige heerlijkheid van die verstandiges vgl 11:33, 35. Hulle wat die regte insig in God se geopenbaarde waarheid en Sy werk het. Allereers dus die getroues onder die vervolgte en verdrukke Jode maar ook almal wat so gehoorsaam is deur die eeue. Hulle sal in die ewige lewe skitter soos die glans van die uitspansel self vgl Gen 1:14,15 en 17. As beloning vir hulle getroue werk waardeur ook ander tot gehoorsaamheid gebring is, sal hulle vir altyd soos die sterre skitter. Ons Here Jesus Christus sê in Matt

13:43 : 'dan sal die gelowiges in die Koninkryk van hulle Vader skitter soos die son'. Daarop volg: 'wie ore het, moet luister'.

Daarmee het die engel hierdie openbaring beëindig. Daniël kry egter nog 'n persoonlike opdrag. Om die belangrikheid daarvan te benadruk word hy weer op sy naam genoem vgl 10:11. In die vertaling lees ons: 'hou die woorde geheim'. 'n Beter vertaling sou wees: 'Bewaar die woorde goed'. Netsoos in 8:26 moet die boek waarin die profeet die hele geopenbaarde waarheid opskryf, goed bewaar en verseël word. 'n Belangrike dokument word verseël sodat die goeie bewaring daarvan verseker word. Hierdie boek van God se openbaring mag nie wegraak nie want dit is bedoel vir die eindtyd waarin die profetiese woorde werklikheid sou word en die grimmigheid van God sy einde sou vind. Dat die bedoeling nie was om hierdie openbaring geheim te hou nie is ook duidelik uit die woorde: 'baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder' OV. Die NV het: 'baie mense sal oor die gebeurtenisse navraag doen om begrip daarvan te probeer kry'- dit is nie so'n gelukkige vertaling nie. Hierdie boek sal juis gelees word in die tyd van sataniese geweld en onderdrukking en daardeur sal die kennis van God en Sy dade groter word. Dan sal daaruit troos geput word. Só het hierdie openbaring ook vir ons en alle geslagte wat moontlik nog deur God geroep word, sy betekenis.

In hierdie hoofstuk is God se daede van gramskap én genade ook vir ons beskryf. Wanneer die tyd aangebreek het van die laaste vervulling van hierdie profesie, help dit ons om ons tyd reg te sien. Dit is ook bedoel om ons te troos en te bemoedig om standvastig in die geloof te volhard terwyl ons die uiteindelijke verlossing verwag.

Die benoudheid en die nood sal die Kerk skud soos nog nooit van te vore nie, veral wanneer dit klink en lyk deur o.a. televisie en al die kommunikasiemedia asof die duiwelse leeu en duiwelse geweld oppermagtig is en die mens van die wetteloosheid geopenbaar sal word. Dan sal die aartsengel - heelwaarskynlik Migael- weer optree, nou nie om Satan en sy geeste te bestry nie , maar om die verlossing uit te basuin. Die aartsengel sal dan in gehoorsaamheid aan God se bevel die koms aankondig van die Seun van God wat in al Sy heerlijkheid uit die hemel neer sal daal. Nie Migael nie , maar die Leeu uit die stam van Juda , die Here Jesus Christus is die Oorwinnaar wat die eeue-oue stryd in God se skepping sal beëindig.

Dan sal almal wat gesterf het opstaan. Dan sal elkeen wat geglo het die ewige lewe ontvang Joh 5:24-28.

Die vyande word verteer deur die asem uit Sy mond. Die gemeente van God word verlos - en dit alles net uit genade vgl Heid Kat Sond 22 oor die troos wat u

ontvang uit u belydenis oor die opstanding van die vlees en die ewige lewe.

GEWAARBORGDE OORWINNING

* Daniël 12 : 5 - 13 *

VOORSPEL OP DIE LAASTE OPENBARING 12: 5, 6

Voor die oë van die bejaarde profeet word die 'toneel' verander vir 'n nuwe deel van die openbaring wat ook die laaste bedryf is. Die Almagtige laat Sy getroue dienaar nou ook hoor wat die uitkoms van die laaste bedryf van die wêreldgeskiedenisstoneel is.

Plotseling sien Daniël twee ander engele. Een staan by hom op die wal van die Tigris, die ander op die oorkantste wal. Die engel in die priesterkleed het opgesweef tot bo die rivier sodat hierdie boodskapper tussen die twee ander engele was.

Opvallend is die woord wat in die oorspronklike taal vir 'rivier' gebruik word. Gewoonlik word die Nyl daarmee beskryf. Dit is seker nie vergesog nie as dit gesien word as 'n herinnering aan die slawerny van Israel in Egipte nie. Daar het die Nyl die heidense gode en hulle dienaars se haat teen Israel en sy God versimboliseer. God het Homself toe as Almagtige bewys oor alles wat Egipte en sy Nyl verteenwoordig het. Nou laat God Sy verteenwoordigers bo die rivier staan wat simbolies Nyl genoem word om te bevestig dat Hy al die onstuimige wêreldmagte beheers en regstaan om Sy volk weer te red (vgl Leupold en Young).

Een van die engele wat op die rivierwal staan vra toe vir die middelste engel wanneer alles wat aan Daniël geopenbaar is, vervul sal word. God laat hom hier vra na die einde van die verskriklike tyd onder Antiochus Epifanes. 'n Vraag wat vir Daniël ook geweldig besig gehou het vgl 8:13.

DIE BREKER WORD GEBREEK 12:7

Die engel in die priesterkleed antwoord op 'n besondere manier: hy sweer en dit nogal terwyl hy **altwee** hande ophef - gewoonlik is net een hand opgesteek vgl Gen 14:22; Deut 32:40. Met hierdie gebaar is dus die ontwyfelbare versekering gegee dat die antwoord die absolute waarheid bevat. Die twee ander engele was stille getuies wat die waarheid bevestig het - in die mond van twee of drie getuies staan hierdie profetiese woord wat in opdrag van God gegee word, volkome vas.

Hierdie eed van God was nodig vir Daniël én ons. Eeue later het Jesus Christus die siener op Patmos ook met 'n eed getroos Op 22:6. Juis die troos vind ons ook in die antwoord wat Daniël en ook óns ontvang. Hoe nodig was troos tog nie in daardie tyd so swanger van vervolgingsonheil! Hoe tergend is tog die geheim van die ':' hoe lank...?' Geen

mens ken presies die lengte en maat van die lyde nie. Troos is nodig wanneer stamelend-smekend gevra word: 'hoe lank?'

Die eed word gesweer by 'Hom wat ewig lewe' vgl Deut 32:40. Alleen Hy wat ewig leef en dus bókant die grense van tyd en tydelikheid verhewe is, kan die beperkte tyd van lyde bepaal en meedeel.

Die inhoud van die eed lyk egter nie veel op 'n antwoord nie: ' 'n tyd , tye en 'n halwe tyd en as die Breker aan die mag van die heilige volk 'n einde maak , sal al hierdie dinge vervul word' (vgl vertaling Aalders).

Die troos lê daarin dat God 'n voorafvasgestelde tyd vir die Breker gee maar geen oomblik langer nie. Hierdie 'Breker' of 'Sloper' is die verskriklike vervolger van die volk van God. Onder die volk van God moet ons dan in die eerste plek die gelówige deel van die Joodse volk sien maar , in die lig van vs 2 en 3 wat die lyne tot in die verre toekoms van die aardse mensheid deurtrek, sien ons daarin ook 'n troos vir die Christelike Kerk in die Nuwe Bedeling. Petrus noem die Kerk die heilige volk 1 Petr 2:9. Wat die vervolging onder Antiochus vir die Joodse volk was , sal die groot verdrukking vir die Kerk wees wanneer die antichris oppermagtig lyk te wees. As die nood op sy hoogste is , is God se verlossing die naaste.

In hoofstuk 7:25 het ons reeds die tydsaanduiding van 'n tyd, tye en 'n halwe tyd' gelees. Daar is dus

verskillende termyne maar die laaste periode word plotseling deur God beëindig. Die einde van die periodes kom dus eers wanneer die totale tyd volgens God se bedoeling verloop het. Hierdie oomblik breek eers aan wanneer die Breker die mag van die heilige volk gebreek het. Die werklike betekenis van die 'tyd, tye en 'n halwe tyd' is te sien in die verbreking van die mag van die heilige volk. Kenmerkend van hierdie tyd is die ontsettende verdrukking en verbryseling. Dit is nie die volk self wat gebreek word nie maar sy mág. Die hele godsdienstige lewe van die volk word verlam. Daar is geen krag meer om die tempeldiens en alle persoonlike godsdienstige gebruike uit te leef nie. Antiochus het dan ook nie alleen die tempeldiens lamgelê nie maar hy het o.a. ook op die besnydenis die doodstraf opgelê.

Geen jaartal word genoem nie en netsomin 'n asemblerowende spektakelagtige skouspel waardeur die 'hoe lank' bereken kan word nie. Dit het gegeld van die tyd van Antiochus maar geld ook van die tyd van die Antichris. Die totaal tyd van daardie duiwelse Breker sal volgemaak word en die krag van God se volk verbreek word ; die diens van God in die openbare lewe sal ophou. Selfs die private lewe met bv. die opvoeding van die kinders van die gelowiges , die Sondagviering, opleiding en gelowige voorligting deur publikasies en derglike sal deur die Breker beheers en vervorm word. In Op 13:7 word dit ons

geprofeteer dat die Dier teen die gelowiges oorlog sal maak en hulle sal oorwin. Maar daar is ook weer troos dat sy heerskappy slegs 'n periode van 42 maande sal beslaan : slegs ses maal sewe maande. Die Dier bereik nooit die volheid van God se sewe maal sewe maande nie ! God tel en tel en dan ... tel Hy Sy teëstander uit !

Wanneer kom dus die einde ? Totdat God se raad volgemaak is. Wanneer dit is weet alleen die Vader vgl Matt 24:36; Hand 1:7. As ons Saligmaker dan sê dat daardie tyd ingekort word terwille van die uitverkorenes Mark 13:20 dan is dit geen verandering van God se raadsplan nie maar dui dit op die 'halwe tyd' wat deur God plotseling beëindig, afgebreek word soos dit deur Hom bepaal is en aan ons geopenbaar is.

Dwarsdeur die eeue het baie brekers al opgestaan en die bladsye van die geskiedenis rooi gekleur met die warm bloed van die gelowiges. Maar al hierdie brekers vind hulle einde in die laaste Breker. Hy is onstuitbaar op pad om met dreunende mokerhoue die diens van God en Christus te verpletter. Maar hierdie vleesgeworde duiwel, hierdie 'onmenslike mens' sal nie uit die pad uit kan gaan van 'n ontmoeting met die vleesgeworde God en die volmaakte Mens Jesus Christus nie. Ons Koning Christus sal die valse Antichris(tus) verpletter. Die Breker sal self finaal gebreek word. Hy wat met ontstellende wrede

mag 'n einde maak aan die mag van die volk van God se mag , vind 'n baie ontstellender einde en dit is 'n einde wat ewig sal wees.

Ons vind hierdie boodskap van Daniël 12 al in Gen 3 waar God die stryd voorsê het tussen die vrouesaad en die slangesaad. Al word die vrouesaad geteister deur venynige fel pikke van die slang , sal die vrouesaad oorwin en die kop van die slang vermorsel. God gaan dwarsdeur die storms van Sy louterende oordeel met Sy Israel verder op die oorwinningspad na Betlehem toe. Hy is op pad na die vervulling van Sy belofte in die vleeswording van die Woord en die redding van die wêreld.

Dit wat vandag gebeur is nie daarmee in stryd nie. Want dat die stryd nie verby is nie , is tog aan ons geopenbaar in Dan 12 en Op 12 met sy aanduiding van ' 'n tyd , tye en 'n halwe tyd'. (In die NV word by Op 12:14 ook slegs vertaal met 'die hele vasgestelde tyd' en eers in die woordelys kom die letterlike vertaling met die opmerking daarby dat dit 'gewoonlik as drie en 'n half jaar verstaan word'. Uiteraard het ons groot beswaar teen so'n rekensom-verklaring al wys die verklaarder wel daarop dat dit nie in letterlike sin vertolk moet word nie.)

In ons tyd sien ons al baie duidelik dat die Breker die mag van die heilige volk kortwiek en besig is om te vernietig. Die heilige volk het 'n geweldige geesteskrag besit in die tyd van Paulus se

sendingsreise. Soos suurdeeg het die evangelie die lewe van die hele destydse wêreld deurtrek. Vergelyk ook hiermee die geweldige krag wat die 'heilige volk' besiel het in die tyd van die Reformasie. Hoe heerlik was die sendingywer van die Europese lande.

Hoe is dit vandag met ons gesteld ? Hoe baie draai nie die rug op die ware geloof en ruil dit in vir idees wat die naam van Skrifkritiek dra.

Satan sweep die volke op vgl Ps 2. Terwyl die christendom agteruitgaan deur allerlei vermenging en omhelsing van heidendom begin die ou heidendom met 'n wêreldwye kragtige nuwe oplewing. Die Oosterse 'godsdiens' kry al hoe meer aanhang en die Islam brei skrikwekkend sterk uit. Nie alleen in 'n dekadente Westerse wêreld en in die midde Ooste nie maar ook in ons land gaan die heidendom in al sy vorme vooruit. Om 'politiek korrek' te wees word selfs in die sakewêreld animistiese toordery ingespan om byvoorbeeld 'n vertrek of raadsaal te 'reinig' van beseeste geeste deur die een of ander sangoma... Of dit nou 'Afrika renaissance' of wat ook al genoem word, dit bly die gebruik van afgodery. Ontstellend is die al hoe groter wordende groep van Afrikaanssprekendes wat Mohammedanisme, Oosterse mistiek en Satanisme aanhang.

In die lig van die Skrif weet ons dat al hierdie dinge moet gebeur. Dit is alles deel van die raad van God vir verlossing

van Sy volk. Deur storms van oordeel heen lei die Here Sy volk na die volkome verlossing;

Gods regterhand is hoog verhewe
sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe,
maar hef sy volk uit lyde en smaad ...
Ps 118:8 berymd

Ons laaste vraag is : 'hoe lank nog ?'
Christus se laaste antwoord is : 'Ek kom gou !'
Nie die vleesgeworde Breker nie,
maar die vleesgeworde
Christus oorwin.
Nie die Dier nie maar
die Lam oorwin.

**'n GELUKWENS AS ANTWOORD OP
DIE VRAAG VIR 'N
HERKENNINGSTEKEN AS
AANDUIDING VAN DIE EINDE
vs. 8 - 12**

Selfs uit Daniël se onkunde put ons nog troos. Ons wil tog so graag alles wat God ons in Sy Woord openbaar verstaan en kom dan dikwels met allerlei kunsgrepe om 'n duister Skrifgedeelte op die een of ander manier in 'n verklaringskema in te forseer. Die geliefde man van God, die allerwysste man in die hele hoogsontwikkelde wêreldryk van daardie tyd, die begenadigde Daniël, het egter ook nie alle openbaring wat God Self so direk vir hom gegee het, verstaan nie. Hy

sê dit heeltmal eerlik vir God en ons. En dan gaan hy nie 'n antwoord afdwing deur allerlei breingimnastiek nie , maar dan laat hy dit rustig aan God oor. Dit leer ons ook dat ons presies dieselfde moet doen. Mens hoor dikwels dat die Kerk in die verlede op letterlik alles 'n antwoord gehad het - 'n bewering wat ek met 'n hele sak vol sout neem - maar vandag eerliker sou wees en nie meer op alles 'n antwoord het nie... Goed dit mag wees dat daar meer beskeidenheid in die kerklike kringe gekom het maar nou word deur so baie 'teoloë' na die ander uiterste gegaan en alles op los skroewe gesit asof daar in die Heilige Skrif geen onveranderlike bevels en opdragte en leerstellings gegee word nie.

Daniël het goed gehoor wat God deur Sy direkte boodskapper gesê het maar dit eenvoudig nie verstaan nie. Daarom vra hy 'n verdere verklaring oor die laaste gebeurtenis , die tekens wat die allerlaaste stadium van die wêreldgeskiedenis sal vergesel. Hy wil graag 'n barometer hê wat die tyd van die einde duidelik sal aantoon.

Hierdie wens wat ál die eeue deur die mense bly interesseer word nie vervul nie. In opdrag van God sê die engel soveel soos : ' moenie verder vra nie - die woorde bly verseël en word geheim gehou tot die einde toe'.

Hierdie woorde bly nog altyd volledig van krag.

Ons mag nie daaraan torring nie.

Die profeet -en ons- hoef ook nie alles te verstaan nie vgl 1 Petr 1:10-12.

Dit is heel eenvoudig ongehoorsaamheid teen God om allerlei uitsprake uit die Heilige Skrif - en dan veral profetiese uitsprake - bymekaar te skraap en om dan in die lig van die moderne geskiedenis , sommer datums te konstrueer oor die presiese tydperk van die Wederkoms van Christus. Eers in die eindtyd wanneer die profesie in vervulling gegaan het kan die gelowige die feite in die Skriflig herken en daardeur die Skrif verstaan. Dan sal hierdie profesieë brandend aktueel wees vir die Kerk wat amper vertrap word onder die felle antichristelike geweld. Soos al in vs 4 staan , sal baie hierdie boek van die waarheid ondersoek en sal hulle kennis vermeerder word. Baie sal dan troos vind in God se Woord want hulle sien dan in alles God se wonderlike werk.

Maar nie almal wat kerkmense is sal die profesie van Daniël in die eindtyd verstaan nie. Alleen die gelowiges wat die Woord vashou en juis daarom swaar vervolgd word in die eindtyd , sal aan die hand van die Daniëlboek kan sê dat alles lankal geprofeteer is. Deur vervolgings word die gelowiges gereinig, gesuiwer en gelouter.

Teenoor die **gelowige** kerkmense staan die **ongelowiges** wat óók kerkmense is. Maar hulle is betower deur die antichristelike tydsgees. Hulle het 'n fanatieke ywer om die grensmuur tussen kerk en wêreld te sloop. Hulle laat net 'n

gekweel van minneliedere hoor : die algehele verdraagsaamheid . Tenminste vir sover dit in hulle kraam pas want verdraagsaamheid word net gehoor teenoor die wat met hulle saamstem - en deur behoudende gelowiges o.a. liberaliste genoem word . Indien iemand dit egter waag om anders te dink en handel word met die etikette van 'fundamentalisme' en derglike rondgestrooi en die felste onverdraagsaamheid openbaar.

Hierdie goddelose kerkmense se oë sal egter bot-toe wees vir die werklike toestand in kerk en wêreld. Hulle harte is koud en toegesluit vir God , nou maak God hulle oë toe.

Daniël ontvang dus nie eintlik 'n antwoord op sy vraag nie. Hy word weer gewys op die opdrag wat hy in vs 4 ontvang het, nl. om die boek te verseël tot die eindtyd toe. Hierdie profesie is juis van belang vir die nageslagte wat eers in die toekoms sou kom. Iets wat o.a. in 1 Petr 1:10-12 uitkom waar gewys word op die belangrike betekenis van profesie vir daardie gelowiges wat eeue later as die betrokke profeet leef.

Hierteenoor staan die opdrag wat Johannes op Patmos ontvang het : 'moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie want die eindtyd is naby' Op 22:10. Ons kan vandag in die lig van die ontseelde , die oopgemaakte Woord, ons tyd verstaan en na waarde skat. Ons kan sien dat die profesie se vervulling besig is om te gebeur, dat ook

die woorde wat Daniël gehoor het in vervulling gaan.

Dit wil nie sê dat die openbaring vir elkeen uit die feite onomstootlik bewysbaar word nie. Geen wavraag feite kan iemand tot bekering en geloof bring nie. Alleen hulle wat die Woord gelowig bestudeer sal verstaan deur loutering heen... In die laaste instansie gaan dit oor die houding van die mens teenoor die geopenbaarde geskrewe en gepredikte Woord van God ! Die mens moet 'n definitiewe keuse doen voor of teen die Woord van die lewende Christus , voor of teen die Gekruisigde wat die Opgestane Koning is. Hoe noodsaaklik is die voortdurende gebed vir verligting deur die Heilige Gees sodat ons met die Skrif langs die koerant en TV die werk van God in ons dae mag sien. Hoe heerlik is dit , hoe vol uitdaging om te mag sien dat die Here ons God so geweldig werk in hierdie tyd waarin óns mag leef en werk.

Vir die laaste keer ontmoet ons in hierdie boek , wat so dikwels getalle noem, nog twee getalle. Vanaf die tyd wat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word sal daar twaalfhonderd en negentig dae verloop.

Ons het al eerder gesien dat die ontheiliging van die tempel drie keer profesie van verwoesting is. Eers onder Antiochus. Daarna spreek Christus daarvoor met die oog op die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine. Dit is ook 'n lyn wat deurgetrek moet word na

die laaste eindtyd wanneer die verbod op diens aan God en die invoering van die gruwelikste antichristendom in die kerk , teken sal wees van die verwoestende vervolging wat oor die christene sal kom.

Hoelank is nou twaalfhonderd en negentig dae ? Niemand weet nie. Ons kan dit hoogstens simbolies verklaar. Duisend is hier dan weer aanduiding van die volkome tyd. Tweehonderd en negentig wil sê dat die driehonderd nie volgemaak word nie en dat die kort tyd dus afgebreek word. Dus : dit sal 'n volkome of volle tyd neem maar kort - en hierdie kort tyd sal plotseling beëindig word.

Die engel verkondig dus dat die benouendste en bangste tyd - wanneer Antiochus en later die Antichris die toppunt van hulle mag bereik het en die volk van God bloedig vervolg - sy volle tydsduur sal bereik, maar tog sal die tyd kort wees en deur God plotseling beëindig word.

Dan volg 'n Godsalige seënspreuk vir almal wat geduldig volhardend bly tot dertienhonderd vyf en dertig dae verby is. Wat in daardie bang donker dae God bly dien en verwag.

Die betekenis van hierdie getal is ook onbekend. De Wolff gee die volgende simboliese verklaring : die dertienhonderd wys op 'n volkome tyd wat kort is , kort want hier is slegs sprake van dae en nie van weke, maande of jare

nie. Die karakterisering van die tyd lê in die getal vyf en dertig. Dit is die helfte van sewentig wat tien maal sewe is. Tien is in die Skrif die getal van wat genoeg is. Dit wys daarop dat die maat vol is. Jakob sê bv. vir Laban dat hy sy loon tien maal verander het. Met ons gebruikelike oordrywing sou ons sê dat dit wel duisendmaal verander is.

Sewe is die getal van drie plus vier , God met ons , die getal van die Immanuel , van die sabbatsvrede , van die gemeenskap met God. Sewentig spreek dus van die volle gemeenskap met God wat in sy diepste wese die ewige Sabbat is . Maar nou word net die helfte van sewentig genoem wat daarop wys dat dit nie voltooi is nie. Maar ons is op pad! Daar is 'n verlangende wag op en uitsien na die vervulling van wat nou reeds in sy begin gesien word. Van hierdie verwagting geld ook dat dit 'n kwessie van dae is . 'n Benouende angsvolle tyd wat volgemaak word. Tog is dit 'n kort tyd en dit sal selfs plotseling tot 'n einde gebring word.

Elkeen wat glo sien daarin al 'n bietjie lig. Die vertroostende Evangelielig sien ons heerlik in die gelukwensing wat volg : ons is op pad na die voltooide sabbatsvrede in die Koninkryk van God.

Salig hy wat in die lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy Toeverlaat;
en ook in die swartste nag

op die HERE alleen bly wag.

Ps 146 : 3 berymd

Ja, elkeen wat so die HERE verwag en bly volhard in die verwagting sal die dertienhonderd en vyf en dertig dae bereik. Omdat hulle glo in die Lewende Hoop 1 Petr 1:3 hét hulle die begin van die ewige vreugde reeds in hulle hart (Heid Kat vr en antw 58).

In die kort tyd van amper bomenslike beproewing word hulle heerlik getroos met die sekerheid van die nabye ewige en onuitspreeklike heerlike lewe in die volmaakte gemeenskap met God. Wat in profetiese taal vir ons in bedekte terme verkondig word, is vir ons in die Nuwe Testament openlik verkondig :! in al hierdie dinge - die verskriklike lyding - is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het !' Rom 8:37

DIE DOODSKLOKGELUI WORD
OORDONDER DEUR DIE
BASUINGESKAL OP DIE
OPSTANDIGSDAG 12 : 3

Die ou profeet ontvang 'n laaste persoonlike woord. Hy moet sy werk doen en die pad volg wat God vir hom bestem het. Daarna mag hy rus in sy graf. Die doodsklok word dus gelui met die oog op die profeet se aardse lewe. Maar daar is 'n heerlike vervolg.. jy sal weer opstaan !

Wat Paulus eeue later sou skryf is al aan Daniël beloof. 'Wanneer die bevel gegee

word en die stem van die aartsengel en die basuin van God weerklink - 'n klank wat alle doodsklokke laat verstom - sal die Here Self uit die hemel neerdaal. Allereers sal die wat in Christus gesterf het , uit die dood opstaan...' 1 Tess 4:16. Daniël sal opstaan tot sy bestemming of lotsdeel vgl Jos 15:1; Ps 16:5; Jer 13: 25 in die beter vaderland Hebr 11:16, die hemelse Kanaän. God is die Allerhoogste Koning wat nou al die erfdeel in die nuwe Kanaän vir Sy kinders beloof. Hy verdeel dit onder die erfgename van Sy Koninkryk.

Ons is niks slegter af as Daniël nie. Inteendeel - vir ons is baie meer geopenbaar as vir die profeet - ons het die sekerheid dat Jesus Christus gekom hét en Sy versoeningswerk volbring het. In die geopende Woord laat Hy elkeen van ons die belofte van die ewige lewe hoor. Hy laat dit ons ook nog sien en voel by die gebruik van die heilige sakramente van Doop en Nagmaal en verseël daarin Sy belofte aan ons.

Hy maak daardie sekerheid ook ons eie deur die kragtige werking van die Heilige Gees wat Hy vir ons gegee het. Soos Daniël moet ook óns daardie belofte aanvaar deur die geloof, want vir elke sterflike mens geld die Skrifuitspraak :! hy wat deur die geloof geregtigheid verkry het sál léwé !' Rom 1:17.

Op die laaste vraag van Daniël gee God deur Sy engel 'n antwoord wat ons nie met sekerheid kan verklaar nie...

Ook in die verklaring van ander dele van die Daniëlboek bly daar onsekerhede rondom 'n duidelike verklaring....

Op verskillende vrae kan heeltemal ander verklarings gegee word... Ons het dit gewoonlik nie eers aangeraak nie. Ten opsigte van profesie bly hierdie probleem van onsekerheid vir die gelowige voortbestaan tot die Dag van die Wederkoms toe.

Maar hierdie onsekerheid raak slegs enkele sake wat niks aan ons saligheid sal aan- of afdoen nie. Daar is baie sterker, onwankelbaar vaste sekerhede.

Onwankelbaar seker is die feit dat ons nie van 'n engel 'n belofte oor ons saligheid het nie, maar van ons Koning Jesus Christus Self!

Hy het Sy belofte aan elkeen persoonlik gegee. Dit is **be-teken** en **ver-seël** in die doop.

Die heerlike belofte dat ons **uit-eind**-elik (dit is aan die einde van die dae) in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word (Doopsformulier).

Ondertussen werk Christus se Heilige Gees in die harte van die gelowiges sodat hulle ware gemeenskap met Hom kan hê en aan al Sy rykdom : die ewige lewe, geregtigheid en heerlijkheid, deel kan hê. Hy sal ons sterflike liggame aan Sy verheerlikte liggaam gelyk maak en

ons tot in ewigheid by Hom neem (Nagmaalsformulier).

Een van die veelkleurige aspekte van die Nagmaal is dat dit padkos is vir ons wat op pad is na die erfdeel toe. Om ons krag te gee om te bly volhard en om as erfgename te bly leef en werk.

Welgeluksalig is hy wat bly verwag.. want die oorwinnig is gewaarborg!

Almagtige God!

U gee ons geen ander doel nie as om ons hele lewe met volharding te veg.

U onderwerp ons aan baie plaë totdat ons die doel van ons tydelike lewe bereik.

Ek bid U, wil gee dat ons nooit moeg word nie.

Mag ons altyd bewapen en strydvaardig wees en met watter aanvegting U ons ook al beproef, nooit kragteloos word nie.

Mag ons altyd vol moed en met alle krag reik na die salige rus wat vir ons in die hemel bewaar word deur ons Here Jesus Christus.

Amen.

(Vrye vertaling van Calvyn se gebed ná die behandeling van die boek Daniël).

TEKSREGISTER. **Genesis**

| | |
|------------------|-----------|
| 1 | 70 |
| 1:14 e.v. | 177 |
| :28 | 46 |
| 2:14 | 46, 148 |
| 3 | 42, 183 |
| 3:15 | 155 |
| :24 | 154 |
| 4:15 | 47 |
| 6:9 | 114 |
| 7:3 | 112 |
| 10:10 | 29 |
| 11:1 | 11 |
| 12:17 | 113 |
| 14:22 | 180 |
| 15:5 | 92 |
| 15:16 | 56 |
| 17:9 | 112 |
| 17:23 | 117 |

19:12 112,114
 20:2 113
 22:17 92
 31:42 24
 32:1 154
 41:16 26
 49:1 26

Eksodus

3:2 73, 148
 3:15 24
 4:26 112
 13:8 112
 13:21 75
 15:18 45, 75
 19:9 75
 19:18 73
 20:4 113
 28:42 148
 29:38 93
 32:32 176

Levitikus

6:10 148
 7:20 135
 16:4 148
 26:14 120
 26:18 47
 26:39 116,122,129

Numeri

19:9 109
 20:14 111
 28:1 93

Deuteronomium

4:24 73
 6:12 112
 7;8 119 7:21 119
 9:3 73
 18:15 73, 132 28:15 120
 32:34 153
 32:40 180
 33:2 73
 33:17 72

Josua

2:12 112, 114
 4:21 112
 6:25 112
 7 114
 7:6 109
 15:1 189
 24 123

Rigters

1:25 114
 2 148
 6 148

1 Samuel

2:1 72
 2:10 72
 5:1 162
 10:1 133
 10:5,10 41
 19:1 112

20:15,17 112

22:18 148

2 Samuel

3:29 113

3:31 109

4:4 112

9:7 112

12:16 108

13:19 109

16:5 112

22:21 116

24 113

1 Konings

3:9, 10 24

4:29 29

8:10 75

8:46 64, 122

13:34 113

14:10,13 113

15:29 113

17:19 64

22:19 73

22:22 113

2 Konings

1:2 64

3:2 113

3:15 41

6 154

6:30 109

8:26 113

9 113

10:11 113

11;1 113

19:35 154

23:36 10

1 Kronieke

13:3 116

21:16 109

29:11,12 29

2 Kronieke

14:8 e.v. 123

26:6-9 116

34:2 e.v. 115,116 36:5 e.v. 10,115

36:23 67

Esra

2:7 87

3 145

4 134

4:6 106

4:7 21

4:17 45

5 106,134

6 106

6:5 11

9 109

9:1 e.v. 123

Nehemia

1 109,116

1:1 86

1:5 119

| | | | |
|---------------|---------|------------|-----------------------|
| 1:9 | 116 | 17:15 | 177 |
| 2 | 134 | 18:3 | 72 |
| 4 | 134 | 18:9 | 73 |
| 6 | 134 | 18:10,12 | 75 |
| 7:12 | 87 | 22:19 | 43 |
| 9 | 109,116 | 25:14 | 23 |
| 9:1 | 109 | 31:16 | 24 |
| 9:2 | 124 | 33:9 | 74 |
| 9:6 e.v. | 123 | 34:10 | 76 |
| 9:8 | 10, 121 | 36:10 | 24 |
| 12:22 | 106 | 37:6 berym | 156 |
| | | 37:35 | 45 |
| Ester | | 44:6 e.v. | 111 |
| | | 49:16 | 176 |
| 1 | 86 | 50:3 | 73 |
| 1:1 | 106 | 52:10 | 45 |
| 2 en 3 | 86 | 55:18 | 64 |
| | 8 en 9 | 65:4 | 111 |
| | 86 | 67:5 | 25 |
| Job | | 69:29 | 74,176 73:24,26 177 |
| | | 74 | 122,123 75:4 berym 42 |
| 2:8 | 109 | 75:6,7 | 24 |
| 12:13, 18, 22 | 24 | 79 | 110,122,123 |
| 16:22 | 24 | 79:8 | 124 |
| 19:25 e.v. | 177 | 79:12 | 47 |
| 26:6 | 24 | 82 | 73 |
| 28:12 | 25 | 85:11 e.v. | 132 |
| | | 89:7 | 73 |
| Psalms | | 90:8 | 123 |
| | | 90:15 | 45 |
| 1:3 | 45 | 95:3 | 45 |
| 2 | 184 | 96:4 | 45 |
| 2:1 berym | 29 | 97:2 e.v. | 75 |
| 2:8 | 75 | 97:3 | 73 |
| 12:3 | 71 | 99 | 76 |
| 16:3 | 76 | 103:1,2 | 24 |
| 16:5 | 189 | 104:3 | 75 |
| 16:9 e.v. | 177 | | |

105:6 111
 106 116,118,122,123
 110:2 75
 113:1,2 24
 115 20
 118:8 184 132 116
 139:12 24
 139:16 74,153 145:13 45
 146:3 berym 188
 149:9 74

Spreuke

6:31 47
 16:18 49
 24:16 47
 28:15 71

Jesaja

1:4 e.v. 111
 2:11 50
 4:3 74,176
 6:7 151
 7 114
 10:5 98
 10:25 98
 11 33
 19:1 75
 22:6 87
 26:19 177 26:20 98
 27:1 70
 27:12,13 70
 44:25 20
 45 67,71 45:1 128
 45:7 24
 45:17 132

46:1,2 162
 51:5 e.v. 132
 51:9 70
 54 111
 60:21 132
 61:1 133
 63:7 e.v. 123
 63:12,14 121
 64:24 125
 65:6 74
 65:7 124
 66:24 177

Jeremia

1:9 151
 2:2 116
 3:6 e.v. 123
 3:25 116
 4:8 109
 4:13 75
 6:26 109 11:10 124
 11:16,17 46
 13:25 184
 14:1 e.v. 123
 16:10 e.v. 116
 17:1 74
 17:8 46
 18:7,8 121
 18:8 48
 19:8 124
 25 124
 25:11,14 107
 25:25 87
 26:5 111
 26:14 113
 29:10 107,127,133 31:18 111

| | |
|------------|-----|
| 32:18 | 116 |
| 32:20 | 121 |
| 33:22 | 92 |
| 36 | 17 |
| 38:17 | 102 |
| 44:1 | 116 |
| 44:18 | 20 |
| 46:7 | 70 |
| 48:7 | 162 |
| 48:37 | 109 |
| 49:3 | 162 |
| 49:34 e.v. | 87 |

Klaagliedere

| | |
|------|-----|
| 1 | 111 |
| 1:10 | 109 |
| 3:39 | 121 |
| 3:42 | 116 |
| 4:13 | 116 |
| 5:7 | 116 |

Esegiël

| | |
|----------|----------|
| 1 | 148 |
| 1:4,13 | 73 |
| 1:26,27 | 73 |
| 3:12 | 86 |
| 8:3 | 86 |
| 8:14 | 173 |
| 9:2 | 148 |
| 10 | 148 |
| 10:4 | 75 |
| 11:1 | 86 |
| 14:14,20 | 64 16 |
| 71 | 111 17:3 |
| 18:20 | 114 |

| | |
|-----------|-----|
| 18:23 | 48 |
| 20 | 116 |
| 22:4 | 124 |
| 29:3 | 70 |
| 32:24 | 87 |
| 33 | 120 |
| 34:17 | 87 |
| 37:1 e.v. | 177 |
| 38 en 39 | 176 |
| 39:18 | 87 |
| 40 | 96 |
| 40:2 | 86 |
| 44:17 | 148 |

Hosea

| | |
|------|-----|
| 6:2 | 177 |
| 13:8 | 71 |

Joël

| | |
|------|-----|
| 1:14 | 108 |
| 2:12 | 108 |
| 3:14 | 73 |

Amos

| | |
|------|-----|
| 3:1 | 112 |
| 5:19 | 71 |

Obadja

| | |
|-----|----|
| :12 | 72 |
|-----|----|

Jona

3:5 108

Nahum

1:8 135

Habakuk

1:8 71

Sagaria

2:6 70

4 133

6:5 70

Maleagi

3:16 74

Matteus

5:44 48

13:43 92,177

16:27,28 75

18:21 47

19:28 75

21:43 56

21:44 35

23:12 50

24 82,176

24:15 169

24:30 75

24:36 182

25:31 75

26:53 154

26:64 75

27:35 43

27:51 136

28:18 51,75

Markus

13 176

13:14 169

13:20 182

13:26 75

15:38 136

Lukas

1:19 e.v. 96

2:8 154

10:20 74

17:24 75

19:8 112

21 176

22:41 64

23:45 136

Johannes

1 105 5:24 e.v. 178

5:28,29 177

8:33 111

8:49 24

16:23,24 125

Handelinge

1:7 98,182 1:13 64

2:9 87

5:1 e.v. 113

7:22 16

9:4 115
 10:9 64
 10:34,35 138
 13:33 120
 16:30 112
 17:26 24

Romeine

1:17 190
 1:18 e.v. 84
 2:5 115
 5:12 114
 8:26 124,138
 8:37 189
 9 - 11 137 e.v.
 12:1 94
 12:5 115
 16:20 156

1 Korintiärs

6:15 115
 9:24 101
 10:17 115
 10:20 39
 11:30 113
 12:12 e.v. 115
 15 177
 15:12 e.v. 115

2 Korintiärs

11:25 94

Galasiärs

4:4 10
 5:19 e.v. 84

Efesiärs

1:12 75
 1:23 115
 3:9 152
 3:10 96
 4:12 115
 6:10 101,152,155

Filippense

2:5 e.v. 51
 4:3 176

Kolossense

1:18 115
 1:24 115

1 Tessalonisense

4:13 177
 4:16 189

2 Tessalonisense

2 82,83 2:3,4 171
 2:8 175

1 Timoteus

2:1,2 65
 4:8 101

6:16 24

2 Timoteus

2:3 101

4:7 101

Hebreërs

2:17 132

4:13 24

8:13 136

9:25 136

9:26 132

11:16 189

11:33 66

12:29 73

Jakobus

1:5 22

1 Petrus

1:4 29

1:10 185,186

1:12 158

2:9 121,181

5:5 50

5:8 154

2 Petrus

3:8 118

1 Johannes

1:5 24,25 2:18 105

Judas

:9 150,154

Openbaring

1:5 84

1:12 80

1:13 148

3:5 176

4:5 73

5 153

5:12 51

8 48

12:7 150,154

12:14 80,183

13 39,43,45,82

13:1 70

13:5 72

13:7 80,182

13:8 134,176

13:14 41

13:15 41

14:13 8,29

17:3 86

17:5 45

17:8 176

17:15 70

18 56

20:1 154

20:4 80

20:12 74,176

20:15 176

| | |
|-------|-------|
| 21 | 61 |
| 21:1 | 70 |
| 21:3 | 33 |
| 21:27 | 176 |
| 22 | 61 |
| 22:5 | 80,84 |
| 22:6 | 181 |
| 22:10 | 186 |